

C. AGTER DORINGDRAAD

GESKIEDENIS VAN DIE KAMPE EN TRONKE VAN DIE TWEEDE WÊRELDOORLOG

IN die laaste week van Augustus 1939 het die Unie se Eerste Minister, genl. Hertzog, die Unie-Parlement vir 'n noodsitting laat vergader. Die hoofdoel was om noodmaatreëls te oorweeg vir geval oorlog tussen Duitsland en Brittanje sou uitbreek. Dit was 'n ongelukkige stap. Die Parlement was nog nie in sitting nie of die berig kom dat Duitsland in die vroeë oggend van Vrydag, 1 September 1939, Pole met gewapende magte binnegeval het en dat Brittanje en Frankryk waarskynlik hul belofte aan Pole sou nakom en oorlog teen Duitsland verklaar.

As die Parlement nie in sitting was nie, sou die Hertzog-regering sy neutraliteit in die stryd kon verklaar het lank voordat die Parlement sou kon vergader; maar aangesien die Parlement wel in sitting was, moes die beslissing aan die Volksraad oorgelaat word.

Op Sondag, 3 September, om twaalfuur (middag) het Brittanje oorlog teen Duitsland verklaar, en die volgende dag, 4 September, het 'n aantal Hertzog-volgelingen in die Volksraad oorgeloop na genl. Smuts se kant en saam met hom teen genl. Hertzog en die groep wat vroeër die Nasionale Party was gestem ten gunste van 'n oorlogsverklaring. Die oorlogsverklarders het 'n meerderheid van 13 gehad, die Hertzog-regering het bedank, die Goewerneur-Generaal (sir Patrick Duncan) het geweier om op advies van genl. Hertzog 'n algemene verkiesing uit te skrywe en genl. Smuts gevra om 'n nuwe kabinet saam te stel. Die Parlement is die volgende dag uiteen sonder om 'n enkele noodmaatreël aan te neem. Genl. Smuts het Eerste Minister geword; die volgende dag, Woensdag, 6 September 1939, het hy oorlog teen Duitsland verklaar, en op Saterdag, 9 September, het sowat 80,000 mense by Monumentkoppie by Pretoria vergader om protes aan te teken teen die oorlogsverklaring waarvoor die Parlement van geen kieser opdrag gehad het nie. Die Parlement is in 1938 verkies op die versekering van die Eerste Minister, genl. Hertzog, dat die Unie in geval van oorlog neutraal sou bly.

In die maande wat op hierdie veelbewoë week gevolg het, het dit duidelik geword dat die oorlog in die Unie net so hewig

sou woed as daarbuite. Eintlik was dit in die eerste agt maande veel hewiger binnenslands as buitenslands.

Die Smuts-regering was bewus van die gevaar van 'n burgeroorlog, maar instede van, soos in September 1914, die weerstandsbeweging toe te laat om sy kop met gewapende geweld uit te steek, het genl. Smuts dadelik twee baie effektiewe maatreëls ter hand geneem om die weerstand teen sy bewind en beleid magteloos te maak: al die burgers moes hul gewere afgee aan die Staat, en enige burger wat die minste simpatie met Duitsland betoon, sou geïnterneer word. Daardeur skakel hy nie alleen gewelddadige verset uit nie maar ondermyn hy ook die moreel van die meerderheid wat teen hom en sy beleid gekant is.

Dit was die aanvanklike plan. Later het daar drastiese veranderings beide in die weerstand en in die aard van die Regering se onderdrukkingsmaatreëls gekom.

Om die interneringskampe in die lewe te roep het hy op 14 September 1939, sonder enige parlementêre sanksie, die sogenoemde Landsnoodtoestandregulasies afgekondig. Artikel 15 bepaal dat enige persoon vir onbepaalde tyd en sonder enige verhoor hoegenaamd geïnterneer kan word, en Artikel 21 bepaal dat geen hof in die Unie hom mag inmeng met so 'n internering nie. Voordat daardie maand uit was, was twee Afrikaners al geïnterneer: Danie du Toit, van Benoni, wat 'n leier van die Swarthembeweging, dit wil sê anti-kommunisties, was, en dr. Trümpelmann, van Pietermaritzburg, 'n swaer van Eric Holm (wat toe reeds geruime tyd Duitse propaganda vanaf Zeesen in Afrikaans uitgesaai het).

Albei het by die Hooggeregshof in Pretoria aansoek gedoen om hul vrylating, maar die Hof het dit geweier op grond daarvan dat daar 'n noodtoestand in die land bestaan en die Regering in so 'n geval die bevoegdheid het om noodmaatreëls uit te vaardig en toe te pas. Hulle sou kon appelleer na die Appèlhof, maar dit was duidelik dat lank voordat die Appèlhof iets aan die saak sou kon doen, die Parlement al 'n wet sou gepasseer het wat die noodregulasies wettig maak. Dit het ook so gebeur. Voor die einde van Januarie 1940 was daar 'n wet op die Wetboek wat retrospektief die reeds geldig-verklaarde noodregulasie van 14 September 1939 opnuut geldig verklaar het.

Die heel eerste interneringskamp, waarin Du Toit en Trümpelmann, saam met honderde Duitsers uit die Unie, Suidwes en Duitse skepe in Suid-Afrikaanse waters, hulle bevind het, was Leeukop, 'n natuurletronk wat bestaan uit groot betongebooue, tussen Pretoria en Johannesburg. Op daardie tydstip was daar nog nie 'n leër wat soldate vir bewaking kon vrystel nie, en die bewakers van Leeukop se geïnterneerdes was tronkbewarers (baie van wie later self geïnterneer is!). Die bewaking was ondoeltreffend, en baie ontsnappings het voorgekom, en

aan die begin van 1940 is 'n hele aantal Afrikaners wat geïnterneer was, weer losgelaat, sodat toe die Duitsers en Afrikaners in Desember 1940 van mekaar geskei is, slegs sowat 69 Afrikaners na Ganspan oorgeplaas is.

Die posisie aan die einde van 1940 was toe soos volg: By Baviaanspoort was 'n duisendtal Duitsers en mense van Duitse afkoms geïnterneer; op Andalusia ('n plekkie sowat twintig myl noordwes van Warrenton langs die spoorlyn na Suid-Rhodesië) was nog 'n groot Duitse kamp met 'n 700 siele; en op Ganspan ('n soort nedersetting sowat sewe myl nader aan Warrenton as Andalusia) was daar drie kampe langs mekaar: Kamp 1 was die onderdak van die sewentigtal Afrikaners; Kamp 2, langsaan, het sowat agttien onbekende nie-Afrikaners gehuisves; en Kamp 3, aan die anderkant van Kamp 2, sowat neëntig „staatloses,” dit wil sê buitelanders wat in sommige gevalle hier gebore is, in sommige gevalle genaturaliseer is en andere omtrent wie se burgerlike status daar twyfel bestaan het. Dit spreek vanself dat hulle meestal mense van Duitse afkoms was.

Vroeg in 1941 het die leër die bewaking van Ganspan oorgeneem en is die tronkbewaarders huis toe gestuur. Die dissipline het verskerp, en met die terugslae van die Geallieerdes in die winter van 1940 het die haat tussen die owerheid en die geïnterneerdes sterk opgelaai, wat byna elke dag 'n „insident” veroorsaak het. Die ontsnapping van nege geïnterneerdes op 11 September 1941 en die verdere ontsnapping van nog twee op 11 November 1941 het die owerheid laat besluit dat Ganspan nie 'n geskikte interneringskamp is nie. Toe is daar besluit om al die inwoners van al drie die Ganspan-kampe na die Suid-Vrystaat te verskuiwe. Die keuse van daardie oord het so gekom:

By die ineenstorting van Frankryk in Augustus 1941 het Italië oorlog verklaar teen die Geallieerdes en daarmee 'n groot klomp mense in die Unie vyande van die Smuts-bewind gemaak. Die polisie het dadelik byna 1,000 Suid-Afrikaners van Italiaanse herkoms gearresteer met die oog op internering. Sir Ernest Oppenheimer, die mynmagnaat, het toe die natuurlike kampong by sy diamantmyn op Koffiefontein en ditto by Jagersfontein aan die Regering vir die huisvesting van geïnterneerdes afgestaan. By die verskuiwing van Ganspan-kamp op 8 Desember 1941 was die Italiaanse kamp toe reeds by die myn op Koffiefontein gevestig, en 'n nuwe stuk veld is langsaan omhein en van sinkhuise voorsien vir die huisvesting van die Afrikaners van Ganspan. Die onbekendes en staatloses is na die kampong van Jagersfontein verskuiwe en eers in 1943 ook na Koffiefontein verplaas. Die Afrikaners het toe nog nie 'n honderd getel nie.

Maar minder as drie maande later was die getal iets meer as sewe honderd.

Die verandering het in Januarie 1942 plaasgevind. Die Regering het tot sy ontsetting ontdek dat die hele staatsdiens, die Spoorweë, 'n gedeelte van die leër, die tronkbewoorders, die Spoorwegpolisie, die Suid-Afrikaanse Polisie, die speurdiens en selfs die spesiale politieke speurdiens sogenaamde Stormjaers onder hulle het; dat laasgenoemde 'n geheime organisasie van half-militêre aard is; dat hulle met kragtiger wapens as gewere bewapen is en dat hulle blykbaar van voorneme is om die Regering met gewapende geweld omver te gooi. Dié ontdekking is in die tydperk 4 — 20 Januarie 1942 gedoen. Om die kroon op die onsteltelike te sit het die Regering 'n gerug gehoor dat die opstand op 24 of 25 Januarie sou plaasvind! Die Kabinet was paniekbevange en het almal laat arresteer wat die minste verband met die Stormjaers kon gehad het. Hulle het in honderdtalle by Koffiefontein per trein en per bus aangekom. Van ondersoek was daar toe weinig of geen sprake en van verhoor natuurlik te gener tyd nie.

Toe die stof weer gaan lê, was Koffiefontein se Afrikanerkamp tot oorloopen toe vol. Politieke speurders wie se loyaliteit of vrees bo alle twyfel verheue was, het daarna dae in Koffiefontein deurgebring om die klomp te sif, en in die siftingsproses het sowat drie honderd teruggegaan huis toe maar dié keer nie weer na sleutelposisies nie. Die aantal Afrikaners in die kamp het van daardie tyd af altyd tussen vier en vyf honderd gebly. Eers toe die Geallieerde oorwinning vry vasgestaan het, het dit begin daal onderkant vier honderd. Dit was aan die einde van 1943. In 1945 is die laaste Afrikaner, J. H. Rokebrand, wat pas ses jaar uit Holland na hierdie land geëmigreer het, op vrye voet gestel en was die geskiedenis van internering afgelope vir sover dit die Afrikaners betref.

Dis nie bekend hoeveel Afrikaners altesame gedurende die oorlogstydperk in die interneringskampe was nie, want hulle het gekom en gegaan, en die finale syfers is nie verkrygbaar nie, maar 'n konserwatiewe skatting sou 'n groottotaal van twee duisend wees; party van hulle was 'n week daar, sommige vier jaar. Onder hulle was krygsgevangenes van die Tweede Vryheidsoorlog, rebelle van 1914 en 'n tronksitter van die 1922-staking.

Die vernaamste ampsdraers van Regeringskant met wie die Afrikaner-geïnterneerdes te doen gehad het, was:

Kol. sir Theodore Truter, hoofbeheerbeampte;

H. G. Lawrence, geruime tyd die verantwoordelike Minister;

kapt. Cunningham, onderkommandant op Koffiefontein, en

kol. J. H. J. van Rensburg, kampkommandant.

In 1942, tydens die massa-internerings, is ook 'n groot aantal beweerde Stormjaers in die tronk gesit. Die Fort in Johannesburg het hulle geruime tyd gehuisves terwyl hulle — altesame 52 stuks — van hoogverraad aangekla en uiteindelik



Leeukop Interneringskamp en omgewing



Leeukop geïnterneerdes bring stille hulde aan die nagedagtenis van dr. N. J. van der Merwe by sy oorlyde.



Eerste groep Boere wat geïnterneer is — Leeukop



Leeukop-Interneringskamp van naby

verhoor is. Sowat 'n jaar later is hulle onskuldig bevind en geïnterneer.

Dit was deurgaans die beleid van die Regering: As iemand weens gebrek aan getuienis van 'n wetsoortreding nie aangekla kan word nie, is hy geïnterneer; as hy daarenteen aangekla en onskuldig bevind is, is hy meestal by vrylating ook geïnterneer.

Behalwe die 52 man het ruim 'n verdere 100 met die tronk en geregshowe kennis gemaak op aanklagte wat gewissel het van die onwettige besit van vuurwapens tot sabotasie (waarop die doodstraf van toepassing gemaak is). Die skuldigbevindings was buitengewoon min, maar sommige het swaar strawwe gekry. By die bewindsaanvaarding van die Herenigde Nasionale Party en Afrikanerparty in Mei 1948 is 'n begin gemaak met die vrylating van die politieke gevangenes. Robey Leibbrandt was die laaste Afrikaner wat, in Augustus 1948, op vrye voet gestel is. Daarmee het ook die geskiedenis van die politieke veroordeeldes ten einde geloop.

J. F. Marais.

REDES VIR INTERNERING EN APPELLE

DIT was opvallend hoe dikwels geïnterneerdes in die Boerekamp die vraag gestel het of die Regering dan die reg het om sy eie burgers sonder 'n verhoor vir 'n onbepaalde tyd in 'n interneringskamp of tronk te laat aanhou en hulle sodoende van hulle kosbaarste reg, die reg van vryheid, te beroof. Ook wou baie weet of hulle nie deur die habeas corpus-wet hulle vryheid kon bewerkstellig nie. As mens in aanmerking neem dat in geskiedenisklasse op skool baie klem daarop gelê word dat in vergange eeue die konings en hulle handlangers baie willekeurig gehandel het en sonder 'n verhoor voor 'n geregshof mense in die tronk laat stop het of hulle koppe laat afkap het, maar dat later deur die habeas corpus-wette en ook tydens die Franse Rewolusie hieraan 'n einde gekom het, is sulke vrae begryplik. Die vrae toon duidelik dat daar groot onkunde heers oor die bevoegdheid van die owerheid om gedurende oorlogstye 'n persoon vir die veiligheid van die staat te laat arresteer en aanhou sonder 'n verhoor voor 'n geregshof. Om hierdie rede en ook om sekere argumente in hierdie artikel te staaf, is dit ongelukkig nodig om kortliks die regsposisie te skets.

Een van die erfregte van die mens is sy persoonlike vryheid — 'n vryheid wat hom onder normale omstandighede nie ontnem kan word nie, tensy hy 'n regsreël van die land verbreek het, sy skuld voor 'n geregshof afdoende bewys is en hy 'n behoorlike geleentheid gehad het om hom te verdedig. Hier in Suid-Afrika, soos in alle beskaafde lande, word die verhouding tussen mense onderling en tussen die individu en

die staat deur die reg gereël, en die reg is soewerein. Met ander woorde, die uitvoerende gesag bestaande uit die kabinet en ander amptenare van die staat, kan hom nie maklik inlaat met die individu se vryheid nie, want almal is onderhorig aan die reg, en hierdie reg is soewerein. Die staat moet sorg vir die vrede, rus en goeie orde. Dit word gedoen deur die strafregter, die polisie en die balju. Teen die staat word die individu egter ook beskerm deurdat die staat alleen kan doen wat van regsweë aan hom toegelaat is; en daar is veral een reg wat die staat moet eerbiedig, en dit is die individu se vryheid. Soos reeds gemeld, was dit nie altyd so nie. In Engeland is byvoorbeeld twee habeas corpus-wette gepasseer om die koninklike willekeur aan bande te lê en die vryheid van die individu te verseker. Die laaste habeas corpus-wet is in 1816 aangeneem en het bepaal dat 'n persoon wat nie weens die een of ander misdaad aangehou word nie maar wel om politieke redes, by die hof om die herstel van sy vryheid aansoek kan doen en dat die hof dan gebonde was om aan sy versoek te voldoen. Tydens die Tweede Wêreldoorlog is hierdie tweede habeas corpus-wet tydelik opgehef, omdat die Britse regering met die oog op die verwagte Duitse inval, sekere persone wat van nasionaal-sosialistiese simpatie verdink was — onder andere sir Oswald Mosley en kaptein Ramsay, lid van die Britse Laerhuis — in versekerde bewaring wou neem en dit ook gedoen het. In Suid-Afrika is daar geen habeas corpus-wette wat opgehef word nie; en die vraag of die Regering hier in tye van oorlog sekere persone sonder 'n verhoor in 'n tronk of interneringskamp kan laat aanhou, word dus hier uit 'n ander standpunt benader. Hoewel elke persoon sy vryheid as 'n reg kan beskou, moet hy sy vryheid so gebruik dat hy nie 'n ander daardeur benadeel nie. Benadeel hy wel 'n ander persoon daardeur, kan die ander persoon homself en sy goedere beskerm deur „noodweer.” As iemand onregmatiglik aangerand word, kan hy gebruik maak van noodweer; en as die omstandighede dit regverdig, kan hy selfs so ver gaan om sy aanvaller in selfverdediging te dood. Net soos die individu in tye van nood handeling kan verrig, wat formeel onregmatig is en nie gestraf sal word nie, so kan die staat dit doen as hy in tye van nood dit sy taak ag om vir die welsyn van die geheel te sorg. Waar ons by die individu praat van „noodweer,” praat ons by die staat van „noodmaatreël” of „oorlogsmaatreël” of „krygswet.” Die afkondiging van krygswet is slegs 'n afkondiging van die feit dat die owerheid meen dat daar 'n noodtoestand bestaan. Die enigste orgaan wat kan beslis of daar 'n noodtoestand bestaan, is die geregshof. Sodra die geregshof bevind dat daar wel 'n noodtoestand bestaan en dat die owerheid iemand in bewaring hou om die noodtoestand af te weer, het die howe geen mag om daardie persoon vry te stel nie. Onmiddellik na die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog en wel op 14 September 1939 het veldm. Smuts op las

van die Goewerneur-generaal-in-rade Landsnoodtoestand-regulasies (Proklamasie Nr. 201 van 1939) laat afkondig, en gerieflikheidshalwe sal hierdie regulasies in hierdie artikel „noodregulasies” genoem word. In die aanhef van hierdie regulasies, waardeur die Smuts-regering sonder goedkeuring van die Parlement hom buitengewone en arbitrêre magte toegeëien het, word gemeld dat as gevolg van die oorlog waarby die Unie betrokke is, 'n noodtoestand ontstaan het wat die welsyn van die inwoners ernstig bedreig en wat die veiligheid van die staat in gevaar sou kon bring, en dat nademaal die gewone landswette onvoldoende is om die regering in staat te stel om sy plig na te kom om die inwoners te beskerm en vir die veiligheid van die staat te sorg, die regulasies in die ganse Unie en die Mandaatgebied van Suidwes-Afrika in werking gestel word as buitengewone maatreëls wat noodsaaklik is om die Regering in staat te stel om sy voormelde plig na te kom. Die regulasie waarkragtens persone gearresteer en aangehou is, is Regulasie 15, wat as volg lees:

„Arres en aanhouding van gevaarlike persone”

- 15(1) Die Minister van Verdediging of die Minister van Binnelandse Sake of die Hoofbestuursbeampte of 'n bestuursbeampte of 'n offisier in die staatsmag kan iemand wie se aanhouding na die oordeel van een of ander van voormelde ministers of van die Hoofbestuursbeampte of van die betrokke bestuursbeampte of offisier in die staatsbelang of in die belang van daardie persoon self wenslik is, laat arresteer of self arresteer, met of sonder lasbrief of ander arrestasiebevel.
- (2) Die persoon wat iemand kragtens subregulasie (1) gearresteer het, moet die gearresteerde so spoedig doenlik na 'n kragtens subregulasie (3) aangewese aanhoudingsplek bring.
- (3) Die Minister van Binnelandse Sake of Hoofbestuursbeampte kan enige plek aanwys as 'n plek waar persone wat kragtens subregulasie (1) gearresteer is, aangehou moet word, en kan iemand wat aldus gearresteer is op so 'n plek laat aanhou gedurende die tydperk wat die Minister van Binnelandse Sake of Hoofbestuursbeampte mag bepaal, en kan hom te enigertyd vrylaat, hetsy onvoorwaardelik, hetsy op een of ander voorwaarde wat die Minister van Binnelandse Sake of die Hoofbestuursbeampte wenslik ag.

Soos verduidelik is hierdie noodregulasies nie ten tye van die afkondiging daarvan deur die Parlement van die Unie bekragtig nie of kragtens 'n wet van daardie Parlement uitgevaardig nie. Die vraag ontstaan dus tot watter mate 'n arrestasie en aanhouding kragtens Regulasie 15 regsgeldig was.

Twee welbekende geïnterneerdes in die Boerekamp, dr. Trümpelmann en Danie du Toit, was van die eerste Unieburgers wat geïnterneer is, en hulle het aansoek by die Transvaalse Afdeling van die Hooggeregshof gedoen om 'n bevel vir hulle vrylating. Die destydse Minister van Justisie en Minister van Verdediging was die Respondente in hierdie saak, en hulle het aangevoer dat die aanhouding van Trümpelmann en Du Toit weens die noodtoestand wat as gevolg van die oorlog ontstaan het, 'n militêre noodsaaklikheid en in belang van die veiligheid van die staat was. Die Hof het bevind dat deur voorlegging van 'n kopie van die Staatskoerant waarin die proklamasie van die oorlogsverklaring verskyn, die noodtoestand voldoende deur die owerheid bewys is en dat die Hof onder sulke omstandighede gedurende so 'n noodtoestand geen regsbevoegdheid het om geïnterneerdes Du Toit en Trümpelmann vry te stel nie. Dit kom dus daarop neer dat sodra daar nood is, die handelwyse van die owerheid nie beregbaar is vir sover dit die bestryding van die noodtoestand betref nie.

Nieteenstaande die feit dat die beslissing van die Hof in die sake van kamerade Trümpelmann en Du Toit vir die Regering gunstig was, het die Smuts-regering sy posisie verder beveilig deur die Wet op Oorlogsmaatreëls 1940 (Wet Nr. 13 van 1940) deur die Unie-Parlement in April 1940 aangeneem te kry, en hierdie Wet het onder meer die noodregulasies met terugwerkende krag bekragtig en het verder bepaal dat geen proses, hetsy siviël of strafregtelik, in 'n geregshof ingestel mag word teen die Goewerneur-generaal of teen enige persoon insluitende lede van die Kabinet en enige ander amptenaar in diens van die Regering weens 'n handeling deur hom te goeder trou aangeraai, beveel of verrig met die bedoeling om vir die verdediging van die Unie voorsiening te maak, die openbare orde te handhaaf en die doeltreffende voortsetting van die oorlog te verseker. Na die aanname van hierdie Wet op Oorlogsmaatreëls deur die Unie-Parlement kon veldm. Smuts en sy handlangers hulle politieke teenstanders sonder verhoor in tronke en interneringskampe laat stop sonder om gevaar te loop dat die houe hulle op enige wyse daarmee kan inlaat. Dat sulke arbitrêre magte geleenthede skep vir die grofste ongeregtigheid, sal lesers maklik kan begryp.

Onder al hierdie omstandighede was dit glad nie nodig vir die Smuts-regering om aan geïnterneerdes 'n reg van appèl teen die internering te verleen nie. Die vraag ontstaan derhalwe waarom daardie sogenaamde „reg van appèl” aan geïnterneerde Unieburgers toegestaan is. Genl. O. L. Nel beweer in sy boek **Agter die Doringdrade in Koffiefontein**, dat hierdie reg 'n oëverblindery was om die publiek tevrede te stel dat daar kastig regverdigheid bestaan. By 'n behoorlike ontleding van die prosedure wat vir sulke appèlle deur die owerheid gevolg is, kan mens tot geen ander gevolgtrekking kom nie as dat genl. Nel se bewering korrek is. Mens appèlleer tog gewoonlik teen

die beslissing van 'n hof nadat jy 'n geleentheid gehad het om jou saak of verdediging behoorlik met behulp van getuies en regsgeleerdes voor te dra en nadat mens eers vooraf deur pleitskrifte en dagvaardings voldoende op hoogte gestel is waaroor die saak eintlik gaan en wat die geskilpunte is. Veronderstel dat „X” voor 'n gewone strafhof aangekla word dat hy in stryd met die noodregulasies aan dril oefeninge deelgeneem het. In so 'n geval moet die dagvaarding of klagstaat meld waar en wanneer „X” die beweerde misdryf gepleeg het. Voldoen die klagstaat nie aan hierdie vereiste nie, sal die hof „X” ontslaan op grond van die blote feit dat die klagstaat so gebrekkig is dat „X” glad nie kan vasstel wat die juiste aard van die klagte teen hom is nie en hy gevolglik nie sy verdediging kan voorberei nie. Is die klagstaat in orde, dan kry „X” elke moontlike geleentheid om hom te verdedig, en die strafregtelike prosedure verseker dat aan hom 'n billike verhoor gegun word. Die persone wat beweer dat hy die misdaad gepleeg het, moet persoonlik in die hof verskyn, hulle verklaring onder eed aflê en hulle aan kruisverhoor deur die aangeklaagde of sy regsvertegenwoordiger onderwerp. Die magistraat of regter wat „X” verhoor, mag nie teen hom bevooroordeel wees nie. Is hy dit, dan moet hy hom van die saak onttrek, en die verhoor moet deur 'n onbevooroordeelde magistraat of regter waargeneem word. Dit is oorbodig om sodanige hofprosedure te skets, want in breë trekke is dit te algemeen bekend, maar dit is miskien nodig om klem op hierdie aspekte te lê om vas te stel waarteen mens normaalweg appelleer. As „X” dan deur 'n strafhof skuldig bevind word, het hy die reg om daarteen na 'n hoër hof te appelleer. Insteede daarvan dat „X” nou op die gewone wyse voor 'n strafhof aangekla word, besluit die een of ander van die Ministers of amptenare genoem in subregulasie (1) van Regulasie 15 van die Noodregulasie dat „X” in die staatsbelang gearresteer en geïnterneer moet word, en volgens hierdie besluit word hy dan geïnterneer vir solank as wat die Minister of Hoofbestuursbeampte mag bepaal.

Die verskil tussen die prosedure in verband met internering en die prosedure en reëls wat vir 'n strafhof geld, is so radikaal verskillend dat daar op geen enkele punt ooreenstemming bestaan nie. In 'n strafhof moet die regter of magistraat onbevooroordeel wees. Kan dieselfde van die Minister of Hoofbestuursbeampte gesê word? Want in verband met internering speel hulle regter. Die antwoord is beslis: Nee. Die Minister en ander amptenare het die mag om te besluit oor internering. Dit is hulle plig om persone wat na hulle oordeel 'n gevaar vir die staat is, aan te hou. Hulle is die persone wat besluit om te interneer, en moet dan self weer besluit of 'n appèl teen daardie internering, wat hulle self gelas het, kan slaag — iets wat nie strook met die beginsels van natuurlike geregtigheid nie, want by 'n gewone appèl word altyd die finale

beslissing aan iemand anders oorgelaat en nie aan die amptenaar wat reeds ongunstig beslis het nie. Die Regering het wel 'n advokaat aangestel wat as appèlkommissaris opgetree het en aanbevelings gedoen het nadat hy die appèlle en ander stukke nagegaan het. Hy het nie oor die appèl beslis nie, en die Minister en Hoofbestuursbeampte kon sy aanbevelings verontagsaam.

Die prosedure wat die Smuts-regering gevolg het in verband met appèlle teen die internering van Unieburgers, was om skriftelike redes vir die internering van die geïnterneerde aan hom te verstrek en dit dan aan die geïnterneerde oor te laat om daarteen te appelleer so goed hy kan. Mens sou verwag dat, terwyl die reg van appèl toegestaan is, die owerheid geen tyd sou verspil om die skriftelike redes binne 'n paar weke na arrestasie te verstrek nie. Met die verstrekking van redes het die owerheid in die meeste gevalle baie maande, selfs solank as ses maande gesloer. Offisiere van die polisiemag, wat arrestasies vir internering uitgevoer het, was in baie gevalle gretig om die gevangene daarmee te troos dat hy 'n kans sal kry om te appelleer. Sommige politieke gevangenes het dan ook 'n taamlike mate van hoop op hulle spoedige loslating gekoester tot hulle aankoms in die interneringskamp, waar ou ingesetenes hulle vertel het dat hulle lank sal moet wag vir hulle redes en dat die appèl in ieder geval niks sal help nie. Die redes vir internering was in die oorgrote meerderheid van gevalle so vaag gestel dat dit prakties onmoontlik was om daarteen iets oortuigends aan te voer. 'n Tipiese voorbeeld van sulke skriftelike redes vir internering is die volgende:

Redes vir internering van X (hierna „die geïnterneerde” genoem)

1. Die owerheid beskik oor informasie dat die geïnterneerde 'n lid is van 'n organisasie bekend as die Stormjaers, 'n afdeling van die Ossewabrandwag, wat op militêre lees geskoei is en hom ten doel gestel het om die oorlogspoging van die Regering sover moontlik te strem en ter geleëner tyd met geweld aan bewind van sake te kom.
2. Verder word beweer dat die geïnterneerde aan dril oefeninge deelgeneem het waar die Stormjaers in stryd met die Noodtoestandregulasies gedril het.
3. Dat die geïnterneerde om gemelde redes beskou was as 'n gevaar vir die staat en dit raadsaam geag was om hom landveiligheidshalwe te interneer.

Sulke skriftelike redes word deur die kantoor van die Hoofbestuursbeampte opgestel, en 'n afskrif daarvan word aan die geïnterneerde verstrek sodat hy dan daarteen kan appelleer. Lesers sal dadelik opmerk dat die hierbo aangehaalde redes vir die doeleindes van 'n Suid-Afrikaanse strafhof heeltemal te vaag en ontoereikend is. Klagte Nr. 2 noem byvoorbeeld glad nie die

plek en datum van die beweerde oortreding nie. Hoe kan 'n geïnterneerde hom nou effektief teen sulke bewerings verdedig? Veronderstel dat hy wel 'n Stormjaer was en dat hy wel in stryd met die noodregulasies gedril het, wat staan hom dan te doen. Ofskoon hy skuldig is, mag die Regering oor totaal valse informasie beskik en 'n erkenning van die aantygings kan hom dus in die grootste moeilikheid beland. Ontken hy hulle, soos die meeste geïnterneerdes gedoen het, dan is die antwoord beslis nie die papier werd waarop dit geskryf is nie. As hy klagte Nr. 1 in die onderhawige geval erken, mag dit net die erkenning wees waarna die owerheid soek om hom aan te kla van hoogverraad, en dan mag hy sy lewe aan 'n galg beëindig instelle van dit as gas van die staat in die interneringskamp voort te sit. In die kamp het die geloof posgevat dat as 'n geïnterneerde 'n verklaring aan die owerheid maak waarin hy die ondergrondse aktiwiteite of name van lede van sy eie organisasie openbaar en sodoende die owerheid op die spoor van ander staatsgevaarlike persone of organisasies bring, hy gou losgelaat sou word. 'n Persoon wat hierdie weg volg, appelleer nie meer nie maar pleeg verraad teenoor sy ideale en kamerade met die doel om daardeur sy vryheid te herwin. Daar het dus vir geïnterneerdes wat beskuldig is dat hulle lede van die Stormjaers en dergelike organisasies was, niks anders oorgebly as om die beskuldigings te ontken nie. Die ontkenning het gewoonlik die vorm van 'n brief aan die Hoofbestuursbeampte aangeneem, en lesers sal hulle goed kan voorstel dat so 'n ontkenning geen indruk op die „Appëlkommissaris" kan maak as hy daardie ontkenning vergelyk met die beëdigde verklarings wat teen die appellant gemaak is nie. Dit word beweer dat die verklarings wat teen sommige geïnterneerdes gemaak is, soms so talryk was dat die lêers twee tot drie duim dik was, en elke geïnterneerde het 'n aparte lêer gehad.

'n Beroep is deur die Redaksie op oud-geïnterneerdes gedoen om aan die skrywer van hierdie hoofstuk afskrifte te stuur van hulle redes vir internering asook afskrifte van hulle appëlle en ander korrespondensie wat daarop betrekking het, maar net 'n paar persone het aan hierdie versoek gevolg gegee, met die gevolg dat die skrywer ongelukkig op sy swak geheue moet staatmaak.

Persone is om baie verskillende redes geïnterneer. Interessant is die gevalle van persone wat voor die oorlog na bewering sterk nasionaal-sosialistiese neigings geopenbaar en te kenne gegee het dat hulle Adolf Hitler en sy dade bewonder maar sedert die uitbreek van die oorlog onaktief gebly het en inderdaad nouliks 'n kans gekry het om iets teen die Regering se oorlogspoging te sê of te doen. Ten minste een man is onder sulke omstandighede geïnterneer, en in sy redes word gemeld dat hy onder die omstandighede beskou is as 'n „potensiële gevaar vir die staat." Hierdie man se appël ten effekte dat

die gewraakte dade voor die oorlog plaasgevind het en dat die dade toe geen misdade was nie en dat hy ook sedert die uitbreek van die oorlog niks gedoen het wat op 'n oortreding van die noodregulasies neergekom het nie, het hom niks gehelp nie. Hy moes meer as drie jaar in die kamp vertoef.

'n Ander kameraad is geïnterneer omdat hy uiters pro-Duits en anti-Joods was en teen die Regering se oorlogspoging gekant was en op 'n sekere geleentheid sou uitgeroep het „Heil Hitler en Heil Tojo!” In sy appèl het hy aangevoer dat hy op 'n sekere geleentheid sy motorkar na 'n motorhawe geneem het waarvan 'n Jood die eienaar was. Later het hy ontdek dat by die betrokke motorhawe sy goeie buitebande vervang is met swakker buitebande. By hierdie ontdekking het hy so woedend geword dat hy die Jood 'n opstopper gegee het en uitgeroep het „Heil Hitler en Heil Tojo!” om die Jood ekstra seer te maak. Hierdie kameraad moes vir hierdie daad wat onder groot provokasie gepleeg is byna twee jaar in die kamp sit.

Een persoon is glo in die kamp aangehou in sy eie belang. Hy was 'n jong man en baie stil van geaardheid. Die noodregulasies gee die owerheid die mag om 'n persoon in sy eie belang aan te hou, maar dit is tog uiters onregverdig. As die staat deur 'n aanhouding beveilig word, is so 'n aanhouding in tye van nood volgens ons regstelsel geregverdig, maar hoekom moet 'n man vir sy eie veiligheid van sy vryheid beroof word. As die noodregulasies nie deur die Parlement bekragtig was nie, sou die howe heel waarskynlik hierdie kameraad vrygestel het indien hy hom na die hof sou gewend het.

In die meeste gevalle van persone wat gedurende 1941 en daarna geïnterneer is, kom hulle redes vir internering merendeels daarop neer dat hulle noodregulasies oortree het deur byvoorbeeld vlugteling van die gereg te herberg, ondermynende verklarings te maak, onwettig in besit te wees van springstowwe, telefoondrade te knip, ens. Ofskoon hulle vir hierdie dade voor die howe aangekla en gestraf kon word, het die regering verkies om die meeste van hierdie booswigte te interneer. Daar is vermoedelik twee redes waarom die regering lievers tot internering oorgegaan het. Die ondervinding het geleer dat baie mense nie bereid was om beëdigde verklarings tevore deur hulle gemaak in 'n hof te herhaal nie. Dit het dikwels in sake gebeur, soos byvoorbeeld in die hoogverraadsaak teen prof. Labuschagne en andere. Die ander rede is ongetwyfeld die feit dat die regering sy eie waarheidsridders asook persone wat verraad gepleeg het teen hulle eie kamerade, wou beskerm. Dit was opvallend dat redes vir internering nooit die name van persone geopenbaar het wat die verklarings en aantygings teen die geïnterneerdes gemaak het nie. Hierdie informasie sou vir die sukses van die sogenaamde appèl van die uiterste belang gewees het. As dit 'n nasionale oorlog was in die sin dat almal vir die vryheid van die land moes veg teen 'n wrede aanvaller,

ONS EIS VRYHEID

INTERNERINGSKAMP GANSPAN



GANSPAN

VAN GANSPAN NA KOFFIEFONTEIN



(a) Aantree



(b) Oppak



(c) Vertrek

sou dit tog geen saak gemaak het om persone wat hulle vaderland verraaï, voor die howe te daag en die wêreld te laat weet wie die persone is wat teen die verraaier getuig nie. Die oorlog was egter onnasionaal in die ergste sin van daardie woord, en gevolglik was baie getuies van die staat ôf so skaam ôf so bang dat die staat hulle name moes verswyg en hulle moes beskerm.

Talle persone is deur die howe onskuldig bevind maar desnieteenstaande onmiddellik weer geïnterneer. Van een persoon word vertel dat hy skuldig bevind is, sy boete betaal het en later geïnterneer is. In die redes vir sy internering is hom meegedeel dat die klagte teen hom dieselfde is as die waarvoor hy reeds skuldig bevind en gestraf is. Volgens die mening van die owerheid het hy 'n landsgevaar gebly, maar watter sin het 'n appèl teen die internering onder sulke omstandighede?

Soos reeds gemeld, het die meeste appèlle bestaan uit 'n brief aan die Hoofbestuursbeampste waarin die aantygings kortliks ontken word. Sommige het egter van die geleentheid gebruik gemaak om die spot met die Regering te dryf. Een persoon wou nie appelleer nie; en na hy deur die owerheid gevra is om sy appèl in te dien, het hy onder andere aan Lawrence, die betrokke Minister, geskryf dat hy (die Minister) niks anders is as 'n handlanger van Jode en plutokrate nie en dat hy hom laat dink aan die spreekwoordelike muis wat baas speel as die kat in Egipte is. Die muis was natuurlik Lawrence en die kat was veldm. Rommel, wat toe net Egipte binnegeval het. 'n Ander geïnterneerde het instede van 'n appèl 'n brief aan die Hoofbestuursbeampste gerig waarin hy daarop gewys het dat die interneringsbeleid presies dieselfde beleid is wat voor die Franse Rewolusie in Frankryk toegepas is, toe die koning en sy handlangers hulle teenstanders in die Bastille laat toesluit het.

'n Appèl moes in vyfvoud ingedien word, want daar is vyf lêers vir elke geïnterneerde aangehou, en elke lêer moes sy afskrif kry. Een lêer was natuurlik by die Hoofbestuursbeampste en die ander by die betrokke Minister. Vermoedelik was een lêer by die Politieke Speurafdeling en 'n ander weer by die polisiekantoor wat oorspronklik die saak van die betrokke geïnterneerde met die oog op sy internering ondersoek het. Die vyfde lêer was waarskynlik in die kantoor van die kommandant van die interneringskamp. Volgens 'n geïnterneerde speurdersant is appèlle deurgestuur na die polisieestasie wat oorspronklik die saak van die betrokke geïnterneerde ondersoek het en die informasie ingewin het en die verklarings afgeneem het wat tot sy internering gelei het. Dieselfde polisiekantoor moes dan die saak weer ondersoek om vas te stel of enige bewerings in die appèl genoem, op waarheid gegrond was. Hulle bevindings word dan aan die Hoofbestuursbeampste gestuur, en

alle stukke word dan aan die appèlkommissaris voorgelê vir sy aanbevelings.

Die skrywer hiervan is nie bewus van enige appèl wat ooit geslaag het nie. Dit word beweer dat die destydse Minister van Justisie in die Parlement erken het dat geen appèl geslaag het nie. Feitlik alle Unieburgers is voor die beëindiging van die vyandelikhede en hoofsaaklik na dit duidelik geword het dat Duitsland en sy bondgenote besig was om die oorlog te verloor, losgelaat, maar sulke loslatings was gewoonlik voorwaardelik in die sin dat dit die vorm van plaasarrs of 'n ander vorm van beheer aangeneem het, en in die meeste gevalle het die owerheid dit beklemtoon dat die loslating geskied as 'n „genadebewys van Regeringskant.”

Hierdie reg van appèl het seker aan menige geïnterneerde 'n troos verskaf. Dit is menslik om na strooihalmpjes te gryp as jy vir 'n onbepaalde tyd aangehou word en jou vryheid graag wil herwin. Die oorgrote meerderheid van geïnterneerdes het dan ook geappelleer; en as die appèl nie slaag nie, het die meeste van hulle verdere skriftelike versoeke om loslating aan die owerheid gerig. Vriende en belangstellendes buite die kamp het ook vertoë tot die Regering gerig. Sonder hierdie reg om te appelleer en vertoë tot die owerheid te rig met die oog op loslating, sou die lewe in die kamp baie ondraagliker gewees het.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die Regering volgens ons regsbeginsels die reg het om in tye van nood as 'n noodmaatreël iemand aan te hou om die staat en die gemeenskap te beveilig. Dit spreek vanself dat by die uitoefening van so 'n reg en terwyl gevoelens hoog loop, persone wat nie 'n gevaar of potensiële gevaar vir die staat is nie, in die tronke en interneringskampe kan beland. Die prosedure wat egter in verband met appèlle teen internering gevolg is, het die beginsels van natuurlike geregtigheid op flagrante wyse verontagsaam. Die hele gedoente in verband met appèlle teen internering was dus niks anders as 'n klug nie. Geallieerde propaganda het Hitler se konsentrasiekampbeleid verdoem, en volgens dieselfde propaganda is die oorlog dan ook onder andere gevoer om 'n einde aan sulke konsentrasiekampe te maak en die regte van die individu in die totalitêre lande te herstel. In Duitsland was daar tog ook 'n noodtoestand, en daar het selfs voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog noodtoestande geheers. Die sogenaamde reg van appèl wat die Smuts-bewind aan sy geïnterneerde burgers verleen het, is dus waarskynlik net verleen om by die publiek die indruk te skep dat daar so iets as 'n billike verhoor is om die demokratiese wêreld te oortuig dat daar in Suid-Afrika nie so iets soos fascistiese kampe bestaan nie.

Erich Kaiser.

VAN ARRESTASIE TOT LOSLATING

TERWYL ek op Maandagmôre, 8 Junie 1942, nog rustig gelê en slaap het, is daar hard aan my kamerdeur geklop. Twee speurders — beide was aan my goed bekend — het my kamer binnegetree en my in kennis gestel dat dit vir hulle 'n onaangename taak is om my te arresteer vir internering. Alhoewel ek toe alreeds 'n geruime tyd gelede deur die magistraat te Pretoria gewaarsku is, was die arrestasie in die vroeë oggendure tog 'n baie onwelkome verrassing.

Terwyl ek besig was om in te pak, het hulle my kamer deursoek. In die haastigheid het ek gou 'n paar reëls aan my leerlinge geskryf en dit skool toe gestuur. Dit was ook nie lank nie of 'n groot vierkleur het seëvierend aan die hoogste paal op die skoolgronde gewapper. Selfs 'n paar skoolseuns kon nie na so 'n „skandelijke” daad 'n ernstige dreigement van die Groblersdalse magistraat ontsnap nie!

Om tienuur het ons by die polisiestasie te Pretoria aangekom. Hier is ek glad nie ondervra nie. Nadat besonderhede afgeneem is, is ek versoek om my lyfband, das, mes en beursie te oorhandig. Hiervandaan is ek na die selle aangejaag. Ek moes my broek nog loop en vashou, want dit wou kort-kort afval.

Toe die seldeur met 'n geruk oopgaan, kon ek byna in die aarde wegsink, want ek is van kleinsaf geleer dat alleenlik skelms en slegte mense tronk toe gaan. Ek het 'n nuwe wêreld van kille, hoë mure en muwwe reuk binnegetree. O, die ratelende geweld waarmee die seldeur toegesmyt word, was vir my afgryslik. Die meubels van my koue, halfdonker sel was twee opgerolde komberse en 'n vuil emmer. Aan die mure was die name van generaal De Wet en ander Boeregeneraals uitgekrap. Dit het my weer nuwe moed laat skep, en het ek uitgeroep: „Die stryd wat ons Vaders begin het, sal waarlik woed tot ons sterf of gewin het.” Hierna het ek uitroep vanaf ander selle gehoor. Daar was dus nog meer Boere naby my.

Die etes is bedien in blikborde wat eens op 'n tyd erd aangehad het, en die afoorkoppie was so vol barste dat die swart koffie orals omtrent net so vinnig uitloop as wat dit bo ingegooi word.

Na die aandete kon ek niks anders doen as om maar op die twee smerige komberse te probeer slaap nie. Ek het nie lank gelê nie of die deur word met 'n onnodige lawaai oopgeruk en twee gehawende, papdrunk leeglopers word by my in die sel ingestamp. Ek het geweier om saam met die twee dronkes in een sel te bly en het die sel verlaat. Gelukkig het die polisieman genoeg menslikheid besit en my na 'n ander sel, wat presies net soos die vorige gemeubileer was, oorgeplaas.

Omstreeks halfagt die volgende môre is die deur oopgesluit en die twee persone wat my na die kamp sou begelei, het voor die

deur gestaan. Wat was my verbasing groot toe ek een van die twee begeleiers as 'n ou bekende herken. Al wat ek kon sê, was:

„Kêrel, is jy tog nie ook een van die wat my na die interneringskamp moet begelei nie? Skaam jy jou nie!”

„Wat sal ek anders doen; ek moet tog ook 'n lewe maak,” was al verskoning wat hy gehad het.

Voor die tronkdeur het die vangwa gewag. Nadat ek op hulle versoek beloof het dat ek nie sou probeer ontsnap nie, het hulle besluit om my nie te boei nie. Die groot vernedering is my darem gespaar gebly.

Toe die trein in volle vaart was, kon ek myself skaars bedwing om 'n poging tot ontsnapping aan te wend, maar ek het, afgesien van my belofte om nie te ontsnap nie, ook daaraan gedink dat Lawrence in die parlement gesê het dat geïnterneerdes veertien dae na hulle aankoms in die kamp voorsien word van die redes van hulle internering, waarop hulle dan kan appèlleer, en indien die appèl slaag, losgelaat sal word. Ek was oortuig dat ek onskuldig was.

Toe ons gaan slaap het, kon ek nie help om op te merk dat my begeleiers elkeen sy pistool skelmpies onder sy kopkus-sing plaas nie. Dit het my woedend gemaak, en ek het toe besluit om hulle vir die eerste ruk geen rus te gun nie. Ek het van die boonste slaapbank afgespring, by die deur uitgestap en rustig in die gang by die venster uitgeleun. Ons was toe by die Vaalrivier. Die maan het sag en rustig op die blink, geriffelde golfies gespeel. Ek was nou nie meer op Transvaalse bodem nie. Toe kon ek die betekenis van ons bekende ou liedjie, „Sarie Marais” beter besef, en voor ek my kom kry, sing ek uit volle bors: „O bring my terug na die ou Transvaal.”

Omstreeks vyfuur die volgende middag het ons op Koffiefontein aangekom. Van die stasie is ek weer in 'n vangwa na die kantore van die kampowerheid vervoer. Ek moes seker 'n baie ondermynende persoon gewees het, want toe die vangwa by die kantore oopgesluit word, is ek deur drie soldate, gewapen met .303-gewere en bajonette, na een van die kantore begelei, waar hulle o.a. wou weet of ek Engels kan praat. Hiervandaan is ek na 'n ander vertrek, waar my bagasie met die grootste noukeurigheid deursoek is. Selfs tandepastabuisies is pagedruk om seker te maak dat daar geen bomme in versteek is nie. Eindelik moes ekself ook deursoek word, en vir hierdie doel moes ek my ontklee. Dit was vir my 'n vreeslike vernedering om daar poedelnaak te staan voor my minderes en persone wat ek as my volksvyande beskou het.

Hierna is hulle met my na die stoor, want ek moes kampklere, beddegoed, eetgereedskap, skoene en sokkies kry. Onderaan die sokkies het die Union Jack gepryk — gelukkig onder die voet, sodat die Jack lekker vertrap kon word — iets wat ook baie gou gebeur het. Alles is op 'n stootwaentjie gelaai, en nou reguit kamp toe.

Toe ek om die draai by die eerste groot bewaakte hek kom, kon ek die Boere in die kamp sien; en toe hulle my sien, het 'n hele klomp by die tweede hek saamgedrom. „Welkom, ou kameraad,” is aan my uitgeskree, „welkom in ons Koffiefonteinse Republiek. Ons is bly jy het gekom, maar waarom het jy so lank weggebly?” Almal was baie gretig om nuus van die buitewêreld te hoor, en gou-gou moes ek eers al die nuus vertel en honderde vrae beantwoord.

Byna drie maande nadat ek in die kamp gekom het, het ek eers my redes vir internering ontvang. Dit was nie minder as twee bladsye vol skinderstories (in die ware sin van die woord) van kakieridders en ander jaloerse, vervolgsugtige regeringsaanhangers nie.

Aanvanklik het ek nie lus gevoel om te appèlleer nie, want ons het geweet dat die sogenaamde appèlraad of appèlhof uit dows en blindes bestaan, en, te meer, wie kan nou appèlleer teen drogredes soos o.a. die volgende: „Geïnterneerde het nie daarin geslaag om die konsentrasiekampe in 'n gunstige lig voor te stel nie,” en „Geïnterneerde het in sy klasse die gees van rebellie veredel en Danie Theron en genl. De Wet as helde bestempel.” Na nog ongeveer drie maande het ek besluit om te appèlleer. Na byna 'n jaar is aan my meegedeel dat die regering „op hierdie stadium nie sy weg oopsien om geïnterneerde los te laat nie.” My appèl het misluk, en dit was die geval met dié van elke geïnterneerde. Die redes en appèl was inderdaad die grootste klug wat seker nog bestaan het. Sover ons weet is niemand ooit op sy appèl losgelaat nie.

Na twee jaar het ek 'n twee uur lange besoek van my ouers ontvang, en hulle het vyf-en-twintig myl ten noorde van Rustenburg gewoon. Die voëlvlug-afstand na Koffiefontein was minder as vierhonderd myl, en gevolglik was hulle geregtig op 'n besoek van slegs twee uur. Ek kon my oë byna nie glo toe ek sien hoe verskriklik my ouers, broertjie en sustertjie in die twee jaar verander het nie. Ek kon myself toe inleef in die plek van die vaders wat geïnterneer is toe die babas pas gebore of selfs nog baie klein was. In die meeste gevalle het die kinders verskrik weggehardloop of die vader as oom aangespreek tydens besoek of as die vader die dag tuiskom. Die internering het vervreemding tussen vader en kind gebring.

Baie vroeg die oggend op 15 Julie 1944 terwyl ons besig was om liggaamsoefeninge te doen, het 'n kakie my kom meedeel dat ek gereed moet maak, want ek word losgelaat. Nuus het altyd amper vinniger as 'n weerligstraal deur die kamp versprei, en gou-gou was 'n paar kamerade daar met boodskappe wat ek aan hulle familie moes stuur, of stukkie houtwerk wat ek moes uitsmokkel.

Alles was nou in rep en roer, want ek moes nog hier en daar goedjies soos silwerborsspeldjies en dele van my dagboek wat nie alreeds vantevore weggesteek of reeds uitgesmokkel

was nie, veilig wegsteek. 'n Kissie met 'n vals boom was gou gereed en die twee borsspelde moes maar in my mond bly. Ek het gevoel of ek nog maklik sou kon praat met 'n vrag goed in my kieste. Ek het toe nog soveel kamerade gegroet as wat die tyd toegelaat het, en daar trek ek saam met dr. Kirby en Kloppers, wat ook die oggend vrygelaat is, by die hek uit.

By die kantore is ons weer deeglik ondersoek. Ek het my asem opgehou, maar gelukkig is die goedjies wat ek weggesteek het, onopgemerk deurgelaat.

Ek het toe nog nie geweet op watter voorwaardes my vrylating sou geskied nie. Aan my is toe meegedeel dat ek genade van die owerheid ontvang het en 'n onbepaalde tyd op plaasarres vrygelaat word. Die onbepaalde tyd het nog 'n jaar geduur, en gedurende die tyd moes ek my elke drie weke by die polisie aanmeld en verlof van die magistraat kry alvorens ek die plaas verlaat.

Toe ons op die Koffiefonteinse stasie afgelaai word, het ek in 'n droomwêreld geleef. Ek kon my byna verkyk aan die vroumense. Alles, die hele wêreld was so mooi. Ek wou my verwonder aan al die lekkernye in die kafees. Dit was wonderlik om weer lekker te eet, en lekker wit koffie te drink.

Die aangenaamheid van die tuiskoms het nog voorgelê. Ek was half senuweeagtig by die blote gedagte daaraan.

Die blydschap by die weerontmoeting was onbeskryflik groot. Familiebande was meer as twee jaar lank verskeur, en in hierdie tyd het almal en alles verander. Die aanpassing was moeilik, maar na 'n tyd kon ek alles begryp en weer stadigaan koersvat.

Maar my vriende in die kampe en tronke kon en het ek nie vergeet nie.

J. H. Robbertse.

DIE OWERHEID EN DIE GEÏNTERNEERDES

Algemeen.

GEDURENDE die Tweede Wêreldoorlog, waarin die Unie ook betrokke was teen die wil van 'n groot gedeelte van die burgers van die land, het die destydse regering besluit om nie alleen Duitse onderdane en Duitssprekendes agter die drade in te hok nie maar ook sy eie onderdane wat sy verkeerde stap nie wou goedkeur nie.

Aan die hoof van die kampe het die regering 'n persoon afkomstig uit Australië aangestel wat seer sekerlik nie simpatiek teenoor die Boere was nie. Sy hoofkantoor was in Pretoria gevestig.

Aan die hoof van elke kamp was daar 'n Kampkommandant met sy nodige administratiewe personeel, asook die nodige

oorlogs-ondiensbare grysaard-soldate om mense wat reeds agter drade ingekerker was, in toom te hou. Daar was aan die hoof van die kamp in Koffiefontein 'n sekere majoor wat later deur die regering tot kolonel bevorder is.

Dit was die kampowerheid.

Owerheid en kampleiding.

Die geïnterneerdes het uit hul eie geledere persone hul vertroude geskenk om die interne kampaangeleenthede te reël, onderlinge verhoudinge te bepaal en hierdie verhoudinge te handhaaf.

Dit was die Kampleiding.

Die Kampleiding het die belange van die kamp as geheel behartig, na binne sowel as na buite. So het dit dan gebeur dat die kampleiding teenoor die kampowerheid gestaan het. Die kampleier het in die reël die kampkommandant besoek en sy kamp se saak gaan stel. Om homself te dek, nie alleen teen verdraaiings van die kampowerheid nie maar ook teen kwaadwilliges in die kamp self, het hy gewoonlik 'n ander lid van die kampleiding saamgeneem wanneer hy met die owerheid oor kampaangeleenthede gaan beraadslaag het.

Regulasies en wagte.

Daar was veelvuldige regulasies wat deur die kampowerheid opgestel is. Hulle was grotendeels daarop gemunt om die ontsnapping van ingesetenes uit die kamp te verhoed. Niemand mag nader as tien voet van die omheining gekom het nie. Iemand wat dit sou waag sonder toestemming, het homself as 'n skyf vir 'n wag blootgestel. Saans om kwart oor tien moes alle ligte dood wees. So was daar talle en talle regulasies.

Om al hierdie regulasies te handhaaf was daar die wagte wat gedurig om die kamp gestaan het met gelaaide gewere. Elkeen het 'n sekere afstand gekry om te bewaak. In die kamp self was daar ook altyd wagte, twee tegelyk — ongewapend — om toe te sien dat regulasies wat betrekking het op die interne aangeleenthede van die kamp, uitgevoer word. Die wagte was afkomstig uit eenhede wat gedurig gewissel het. Die meeste was reeds bejaarde persone.

Met die uitbreek van die oorlog was die regulasies baie los en onduidelik. Soos goed te verstaan is, is hulle heel dikwels oortree en het nuwes gevolg, sodat hulle altyd strenger geword het. Die oortreding van die regulasies het ook baie botsings met die wagte meegebring.

Rantsoene en toelaes.

Wanneer die vasgestelde rantsoene uitgedeel word, is dit deur ons eie eetkamerpersoneel van die kamp vir almal in ontvangs geneem en gesamentlik voorberei in die kampkombuis. Beweer word dat die rantsoene (bv. in meel en in suiker) een of ander vorm van bromide bevat het en dat dit op die

geïnterneerdes 'n neerdrukkende invloed gehad het en gebrek aan belangstelling sou veroorsaak het.*

Elke persoon in die kamp het 'n geldelike toelaag van 1/- per dag ontvang. Dit is teen die einde van die maand in kampgeld uitbetaal. Dit is van saamgeperste papier vervaardig, met die waarde daarvan op die een kant en die woorde: „Geldig alleen in Unie-interneringskampe” op die ander kant. Alle gewone geld was verbode in die kamp en is afgeneem sodra mens daar aanland. Hierdie kampgeld was uitwisselbaar by loslating. Privaatgeld ter waarde van £2 p.m. is ook toegelaat aan enige persoon wat dit buite beskikbaar gehad het, dog dit is ook in kampgeld uitbetaal. Gewone geld kon nie toegelaat word nie, aangesien wagte daarmee omkoop kon word.

Huisvesting.

Alle geïnterneerdes het in hutte gewoon waarvan elkeen 16 persone kon huisvees. Die hutte was op 'n betonvloer van hout en sink gebou en het agt vensters en twee deure gehad. Hierdie hutte was oondwarm in die somer en yskoud in die winter. Die konstruksie daarvan is deur die kampowerheid se eie bouers doen en het veel te wense oorgelaat. Wanneer die wind waai, het die stof van die plafon afgesif op alles in die kamer. Aan die koppenent van die beddens het die geïnterneerdes karton vasgenaël, anders het daar 'n geniepsige trek deur gespeel, wat in die winter baie ernstige verkoues veroorsaak het.

Klere en beddegoed.

Wanneer 'n persoon in die kamp opgeneem is, is hy voorsien van twee van die volgende: Broeke, hemde, pare kouse, vel-skoene, stelle onderklere. Aan elkeen is ook 'n jas en hoed uitgereik.




Aan elkeen is ook 'n bed met 'n matras daarop gegee. Die beddegoed het bestaan uit twee lakens, twee komberse en 'n kussing. 'n Beperkte hoeveelheid privaat klere is ook toegelaat. Die res is deur die kampowerheid in bewaring geneem. Sekere dae van die maand was vasgestel waarop ou verslete kampklere uitgeruil kon word. Sekere beperkinge is egter opgelê: Skoene moes byvoorbeeld drie maande gedra word voordat hulle uitgeruil kon word. Tafelgereedskap het bestaan uit 'n lepel, mes, vurk, beker en bord.

Parades.


Twee keer daaglik is alle geïnterneerdes getel. Die tellery het plaasgevind op parades waar die geïnterneerdes tien by tien moes aantree in blokke van honderd. Gedurende hierdie tellery moes groot stilte bewaar word — anders kon die wagte

* Nietenstaande baie geïnterneerdes geglo het dat bromied by die rantsoene gevoeg is, word dit deur ander betwyfel. Bewyse daarvan is — sover ons bekend — nie gegee nie.—*Die Redaksie.*

KOFFIEFONTEIN-INTERNERINGSKAMP



STOF EN REËN IN DIE INTERNERINGSKAMP
VAN KOFFIEFONTEIN



dalk deurmekaar raak. Hierdie parades was verpligtend. Indien persone dit nie kon bywoon nie, het sekere wagte hulle hutte besoek om vas te stel of hulle wel daar was. Gedurende parades is die pos ook uitgedeel en alle aankondigings van belang deur die kampeier gedoen. Die parades het om nege-uur soggens en om vieruur smiddags plaasgevind.

Rhadjas.

Om vas te stel of inwoners van die kamp nie onwettige besittinge, soos byvoorbeeld 'n tang, aanhou nie, het die owerheid die kamp van tyd tot tyd deur soldate laat deursnuffel. Alle geïnterneerdes moes na hul betrokke hutte gaan en daar bly. Alle beskikbare soldate het dan die kamp stelselmatig deursnuffel. Hulle het alle dinge van rakke en beddens verwyder, oopgemaak en deurgekyk. Dit is dan gewoonlik op hulle eie manier weer teruggepak. Alles wat volgens hulle nie in die kamp tui shoort nie, is sonder enige formaliteit of kwitansie geneem.

Hierdie rhadjas het soms kort opmekaar gevolg met slegs twee dae tussenin. Hulle is ook as 'n strafmaatreël toegepas.

Rhadjas was van die vernederendste dinge wat die geïnterneerdes aangedoen is. Die manier waarop hulle uitgevoer is, het 'n groot mate van afkeer gewek. Tog moet in alle billikheid gesê word dat daar wel opgevoede soldate was, wat met teësin hierdie plig vervul het, maar die owerheid het skynbaar groot behae geskep in hierdie vernedering.

Hospitaaldienste.

Aangrensend aan die Boerekamp was o.a. ook die Italiaanse kamp. Hierdie kamp het 'n hospitaaltjie gehad waarin Italiane self alle verpleging gedoen het. Indien enige van die geïnterneerdes so siek geword het dat hy hospitaaldienste nodig gehad het, is hy in die hospitaal opgeneem. Hier is hy baie welwillend deur die Italiane ontvang en na die beste van hulle vermoë versorg. Soos te verstaan is, was dit maar 'n primitiewe hospitaal. Indien enigeen se siekte van so 'n aard was dat dit as ernstig beskou is, is hy na die hospitaal in Pretoria gestuur onder bewaring van wagte en daar in 'n vleuel van die hospitaal ook onder bewaring aangehou.

Pos-sensuur.

Die geïnterneerdes moes geheel en al, as dit moontlik was, van die buitewêreld afgeskei word. Om dié rede het alle korrespondensie onder strenge sensuur gestaan. Dit het gegeld vir uitgaande sowel as inkomende briewe.

Briewe wat deur geïnterneerdes geskrywe is, moes alle kampaangeleenthede verswyg. Niemand mag gemeld het dat die kos sleg is of dat 'n rhadja gehou is nie. Al hierdie dinge moes niemand buite weet nie. Baie persone het vooraf gereelde kodes gehad en kon wel enkele sinne laat deurglip. Anders is 'n

mededeling gedoen op 'n wyse wat vir die sensor in Bloemfontein, wat alle briewe gesensor het, onverstaanbaar was. As iemand dus van die slegte kos wou melding maak, het hy verwys na die kos wat net so aangenaam en lekker is as wat hy en sy vrou iewers geëet het. Op die plek wat hy dan noem, het hulle baie swak kos gekry. So kon sy mense buite wel te wete kom wat in die kamp aangaan. So 'n mededeling is dan deur die sensor deurgelaat. Indien 'n brief te veel oor die kamp-aangeleenthede bevat het, is hy teruggestuur. So 'n persoon het dan sy briefbeurt verbeur. Slegs twee briewe van twee bladsye op gewone papier is weekliks toegelaat.

Alle korrespondensie met die owerheid moes in drievoud geskryf word, ander sakebriewe in sewevoud. Dit was derhalwe 'n groot omslagtigheid om so'n brief geskrywe te kry.

Besoeke.

Een besoek van 'n halfuur elke maand is toegelaat. Verder is, as 'n spesiale vergunning, 'n familiebesoek elke drie maande toegestaan.

Die halfuur lange besoek was maar 'n treurige ontmoeting; weerskante draad en tussen die geïnterneerde en sy besoeker dubbele doringdrade, waartussen die wag die volle duur van die besoek gestaan het.

Met die familiebesoek het dit bietjie beter gegaan. Meer as een persoon kon kom besoek aflê mits hulle familie was en vooraf al die formaliteite deurgegaan het. Kiekies moes die aansoek vergesel waarin toestemming gevra word vir so 'n besoek. Die besoekers kon dan sonder 'n wag drie uur lank in 'n kamer met 'n geïnterneerde gesels. So 'n besoek het gewoonlik die besef dat mens geïnterneer is, weer helder voor die gees gebring.

C. L. de Jager.

ONS EIE REGERING

MENSE wat nog nooit in 'n interneringskamp was nie, mag onder die indruk verkeer dat geïnterneerdes net so streng ingekerker word as prisoniers in 'n gevangenis. Gelukkig is dit nie die geval nie, en geïnterneerdes word toegelaat om vry te beweeg en omgang met mekaar te hê binne die perke van die kampterrein, insoverre dit nie met heersende kampregulasies bots nie. Ons is byvoorbeeld nie toegelaat om militêre dril oefeninge te onderneem, politieke toesprake te voer, howe vir die verhoor van onderlinge klagtes in die lewe te roep, strawwe uit te deel of kamptydskrifte uit te gee voordat dit deur die outoriteite gekeur is nie. En juis omdat daar 'n sekere mate van vryheid toegelaat is, het die kampowerhede verwag dat ons nie net sekere dienste vrywillig moet verrig nie, maar ook dat geïnterneerdes onderlinge dissipline sal handhaaf.

Gevolgtlik moes daar 'n leier gekies word wat die nodige gesag sal uitoefen en wat ook die geïnterneerdes by die kampoutoriteite verteenwoordig.

Aan die begin van die oorlog toe die geïnterneerde Unieburgers by Leeukop en by Ganspan nog min in getal was, het die leier, of kampverteenvoerder, wat met 'n meerderheidstem gekies word, betreklik min pligte gehad om te vervul, maar toe die geïnterneerdes na Koffiefontein verskuif is en hulle getalle geleidelik gestyg het totdat daar oor die 400 agter doringdraad was, het die verskeie dienste en organisasies in die kamp aansienlik uitgebrei, en die kampleier moes byna die hele dag deur sy aandag aan kampaangeleenthede skenk.

Dit is nie my doel om ons lesers te verveel met 'n volledige beskrywing van die uitbreiding van kamporganisasies met die verloop van tyd nie, soos byvoorbeeld die skool wat met een onderwyser begin het en in 'n groot kollege geëindig het; maar ek wil melding daarvan maak dat na aanleiding van 'n gebeurtenis in die kamp wat elders beskryf word die eenmanregeringstelsel verander is na 'n verantwoordelike regering bestaande uit drie manne van wie een as hoof van die geïnterneerdes opgetree het.

Aan die hoof van ons kamp staan die Bevelvoerende Offisier, en hy benoem twee mede-offisiere wat hom behulpzaam sal wees met die regering van die kamp. Hierdie twee offisiere was bekend as die Administrasiehoof en die Dienswaghoof onderskeidelik, en die drie saam vorm die Kampleiding. Direk onder die Kampleiding staan die Huisvaders, gekies deur hul huisgenote en gekeur deur die Kampleiding. Die Huisvaders het gesag gevoer binne hulle huise oor huishoudelike sake, en bowendien was hulle pligte ook om toe te sien dat die bevel van die Kampleiding betreffende huishoudelike sake uitgevoer word.

Soos in die buitewêreld alle gemeenskappe op organisasies rus, byvoorbeeld kerklike liggeme, handelsake, die gereg, ens., het die gemeenskap van geïnterneerdes ook hul organisasies gehad, beperk natuurlik tot kampaangeleenthede. Die kamporganisasies het bestaan uit die Kombuis, die Skool, die Kampwinkeltjie, die Biblioteek, die Sportaangeleenthede, Administratiewe sake, Privaat onderneminkies, die Kerkraad en die Dienswag. Elkeen van hierdie organisasies het geressorteer onder 'n lid van die Kampleiding soos onderling gereël, en daardie lid van die Kampleiding moes sorg dat alles in sy afdeling ordelik geskied.

Die Administrasie-afdeling het te doen gehad met al die kantoorwerk van die kamp, en lede van sy personeel het ook kontak gehad met die kampowerhede. Die Administrasiehoof was ook gewoonlik die kamp se verteenwoordiger by die outoriteite, en sy personeel moes verantwoordelik wees vir die volgende pligte: opnames van huisvaders en hul huismense; opnames van persone wat klere wil uitruil; opnames van

huisbenodigdhede soos besems, borsels, ens.; opnames van persone wat hul privaat geld in die kampkantore wil trek; die rangskikking van tafels en banke vir konserte en kerkdienste in die eetsaal; die veilige bewaring van kampdokumente. En dan het 'n lid van die personeel ook 'n voorraad noodhulpmiddels aangehou. Na 'n lang gesukkel het die kampoutoriteite eindelik 'n kantoortjie tot ons beskikking gestel wat die hoofkwartier van die Administrasie- en Dienswag was.

Die huisvader het gesorg vir organisasie van en orde in sy hut; hy moes die Administrasie die gevraagde informasie verskaf; hy moes toesien dat die hutbewoners die hut en die gronde om die hut skoon en netjies hou, hul eetgerei was, ens.

Die Dienswag was een van die belangrikste organisasies in die kamp en het meestal bestaan uit oud-polisie-geïnterneerdes en was in twee verdeel: die Dienswag en die Onderzoekafdeling. Eersgenoemde was verantwoordelik vir die handhawing van ons eie orde en dissipline (NIE van die kampowerhede se regulasies nie) en laasgenoemde, wat uit drie oud-speurders bestaan het, vir die ondersoek van onderlinge klagtes. Sodra 'n klagte ingebring word, moet die Onderzoekafdeling dit ondersoek, die nodige verklarings neem en dit dan voor die Dienswaghoof plaas. Indien die aanklaer dit dan verlang, benoem die Dienswaghoof 'n Hof bestaande uit 'n President en twee lede, en die aangeklaagde word alle fasiliteite toegestaan om homself teen die klagtes te verdedig. Aangesien dit moeilik was, indien nie onmoontlik nie, om strafmaatreëls toe te pas, het die Hof gepoog om 'n versoening tussen klaer en aangeklaagde te bewerkstellig en in die meeste gevalle ook daarin geslaag. Party lesers sal miskien verbaas wees om te verneem dat dit nodig was om 'n eie „polisie” in die kamp op die been te bring, terwyl van ons ander lesers, wat mensekennis opgedoen het, dit glad nie as abnormaal sal beskou nie. In enige gemeenskap waar daar mense van alle soorte en ouderdomme is, is dit natuurlik dat sommige stil en bedaard sal wees terwyl andere uitspattend en lewendig is en uiting wil gee aan oortollige energie wat binne die perke van 'n doringdraadterrein ophoop. Dit is ook natuurlik dat die onnatuurlike inkerkering van 'n mens wat vryheid gewoond is, onheilspellende drifte sal ontwikkel wat die onderlinge harmonie van die kampelewe bedreig. 'n Eie polisie, of Dienswag, soos ons dit genoem het, was noodsaaklik om te sorg dat die onderlinge harmonie nie verstoort word nie. Ons lesers mag ook verbaas wees om te hoor dat daar wel gevalle van onderlinge twis was onder manne wat geen boewe was nie maar wat vir 'n ideaal agter doringdraad aangehou is. Die rede is baie eenvoudig, en dwarsdeur die beskaafde wêreld is dit bekend dat as manne jare lank ingekerker word, 'n sielkundige toestand ontwikkel wat hulle krielwrig en kortgebonde maak. Die Boerekamp van Koffiefontein was geen uitsondering op die reël nie, en as hy 'n uitsondering op

die een of ander manier was, dan was dit dat daar so bloedweinig gevalle van twis was en dat sulke gevalle klaarblyklik en duidelik slegs van 'n tydelike aard was omdat die geestestoestand van die betrokke man uit die normale geruk was.

In die Kombuis was die Hoofkok in bevel, en sy personeel het bestaan uit onderkoks, kombuiswerkers en groenteskillers. Die rantsoene wat ons ontvang het, was meestal nie van 'n goeie kwaliteit nie, en graag wil ek die grootste lof aan ons koks toeswaai, wat altyd hul uiterste gedoen het om 'n smaaklike ete van slegte rantsoene te berei. Saam met die kombuispersoneel was daar ook die Stoker, wat moes sorg dat daar dag en nag vuur in die warmwaterketel vir ons koffiewater en vir ons waskamers was.

Van al die manne in die kamp wat diens gelewer het, was dit alleenlik die kombuispersoneel en die stoker wat betaling gekry het. Die uitsondering is om twee redes gemaak: eerstens het die owerheid ons 'n maandelikse kombuistoelae gegee, en tweedens het ons gevoel dat aangesien dit harde en onaangename werk is, ons die toelae van die owerheid sal aanvul met geld uit die winste van die kampwinkeltjie en aldus die manne billik vergoed vir hul dienste. Dit het ook geblyk dat daar verskeie manne in die kamp was wat graag geld wou verdien, en gevolglik het die helfte van die kombuispersoneel elke maand uitgetree om nuwe applikante 'n kans te gee om iets te verdien. Alleenlik die Hoofkok het minstens drie maande aangebly, en aangesien daar nie 'n menigte bekwame koks in die kamp was nie, het dit gebeur dat 'n Hoofkok soms tot 'n jaar aangebly het.

Die Kampowerhede het die geïnterneerdes die voorreg gegee om 'n winkeltjie aan te hou en aldus die manne van rookgoed, toiletware, eetgoed en ander benodigdhede te voorsien. Die saak is begin in Leeukop, en elke geïnterneerde wat dit kon bekostig, het 'n f1-aandeel in die winkeltjie gekoop. Met hierdie kapitaal is 'n voorraad goed aangeskaf en teen 'n klein wins verkoop. Die owerhede het ons nie toegelaat om self ons bestellings by winkels te plaas nie, en ons moes 'n lys van ons benodigdhede by die Kampkommandant indien, wat die bestellings dan by die Koffiefonteinse winkels geplaas het. Ook moes ons die kampowerhede vir die goed betaal en nie regstreeks aan die winkels nie, met die gevolg dat ons byna sonder uitsondering hoër pryse aan die kampowerhede moes betaal as wat ons sou doen as ons direk van die winkels bestel het. Met die winste van die winkeltjie is die kombuispersoneel en stoker besoldig, ekstra kos, soos droë erte, makaroni, ens. is gekoop, en 'n reserwefonds opgebou. Die winkeltjie is behartig deur 'n Bestuurder en twee assistente, en dit was ook die taak van die winkelbestuurder om te sorg dat vrugte en ander kos wat vriende vir die hele kamp gestuur het, regverdig onder die huise verdeel word. Daar was ook tye wanneer daar 'n skaarste aan byvoorbeeld vuurhoutjies, skuurpapier, ens. was; en wanneer

dit gebeur het, het die Kampleiding bevel gegee dat die winkel sodanige artikels regverdig onder die kopers moet rantsoeneer, sodat elkeen bevredig word insoverre voorrade dit toelaat. En as die winkeltjie vir ons materiële belange gesorg het, was dit ook 'n onverwagte seën vir twee van ons kamerade — Taljaard en Willers — wat deur middel van die winkelaangeleentheid 'n geslaagde ontsnapping gewaag het. Dit word in 'n ander deel van die boek beskryf.

Die geestelike leiding van die kamp was in die hande van 'n Kampkerkraad bestaande uit lede wat buitekant die kamp in kerkrade gedien het, en onder die voorsitterskap van een van die geïnterneerde predikante, en nadat hulle losgelaat is, onder die voorsitter van die senior kerkraadslid. Die Kerkraad het gereël dat eredienste op Sondagoggende gehou word, Sondag-aande gesamentlike godsdienste en Woensdagaande 'n biduur. In 1942 het die Kerkraad 'n belydenisklas gereël, en omtrent 16 manne is deur ds. Botha, die leraar van Koffiefontein, voorgestel.

Die Biblioteek was in 'n kamertjie langs die skoolsaal gevestig, en die Bibliotekaris moes sorg vir die klassifikasie, bewaring en uitlening van die boeke. Daar was 'n aantal tegniese en geskiedkundige boeke, wat uitsluitlik vir naslaandoeleindes tot beskikking van dosente in die skool gestel is. Elke geïnterneerde is toegelaat om twee boeke gelyktydig te leen, maar later toe die loslatings toeneem en die aantal geïnterneerdes verminder het, is die aantal boeke wat uitgeleen kon word, verhoog tot vyf.

Daar was verskeie vakmanne in die kamp, soos haarkappers, leerwerkers, kleremakers, ens., en dit was natuurlik dat hierdie manne hulle kennis gebruik het om 'n verdienste te maak. Met hulle is 'n ooreenkoms getref dat die vergoeding wat hulle verg, binne redelike perke en in ooreenstemming met die inkomste van geïnterneerdes sal wees.

Die Kampowerhede het 'n kamer in die kamp afgestaan waar geïnterneerdes hul houtwerk kon verrig; toe die aantal geïnterneerdes nog klein was, het toestande in die werkswinkel geen sorg veroorsaak nie, maar toe die interneringsbeleid van die Smutsregering verstewig is en die getalle aansienlik vermeerder het, was die kamertjie van hoek tot kant vol houtwerkers, en indien die Kampleiding nie dadelik ingegryp het nie, sou daar chaos gewees het. Die werkswinkel was onder bevel van 'n voorman, en elke persoon wat 'n werksbankie gehad het, moes dit by die voorman kom registreer, wat dan aan hom 'n plek in die werkswinkel toeken. Eienaars van werksbanke moes ook om die beurt die kamer uitvee en die plek netjies hou. Die outoriteite het verbied dat ons enige werksbanke verwyder wanneer ons losgelaat word, en die Kampleiding het in ooreenstemming daarmee bevel gegee dat elke eienaar van 'n werksbank 'n „testament" moet maak waarin hy skriftelik sy bank aan 'n agterblywende bemaak. Hierdie dokument bly dan in besit van die voorman.

Daar is seker min oud-geïnterneerdes wat nie met die skrywer sal saamstem nie dat die Sport en die Skool die twee besonder belangrike organisasies in die kamp was. Altwee was in 'n mate tydverdryf: die een was opleiding en verryking van kennis, terwyl die ander oefening en ontspanning was. Aan die begin was dit 'n eenmanskooltjie op Ganspan, waar J. M. Ackermann net Duits gedoseer het, maar later het meer en meer opgeleide manne die kamp ingekom, en geleidelik het sowel leerlinge as dosente toegeneem. Toe hoogleraars, onderwysers en meer tegnisi die kamp inkom, het die Kampleiding besluit om die skool 'n verhoogde status te gee, en dit is dus uitgebrei tot 'n Kollege met 'n Rektor aan die hoof en 'n Registrateur om sekretariële werk te doen. Eksamens is aan die einde van die jaar afgelê, en 'n Sertifikaat is aan die geslaagde kandidaat uitgereik.

Die Sport in die kamp was onder toesig van 'n Sporthoof, en onder hom het die verskeie komitees, elk met sy eie voorsitter, gedien. Die Sport in die kamp was ingedeel in verskeie afdelings, soos byvoorbeeld die Sokker, die Bofbal, die Handbal, die Atletiese, die Jukskei, ens., en elke afdeling het sy programme opgestel onder toesig van die Sporthoof, wat aan die Kampleiding verantwoordelik was.

Die beskrywing soos hierbo gegee is die Kampregering wat vir elke geïnterneerde gegeld het, maar behalwe die Kampregering was daar nog 'n regering, in 'n mate geheim wat beperk was tot O.B.-lede en lede van die Stormjaerbeweging. Ek noem dit omdat hierdie lede die meerderheid van die geïnterneerdes gevorm het. Toe daar meer en meer lede van hierdie bewegings geïnterneer is, is deur die hoër offisiere besluit om 'n kamp-kommando te vorm, om twee redes: eerstens om in samewerking met en deur inskakeling by die Kampleiding 'n O.B.-dissipline te handhaaf en tweedens om 'n georganiseerde eenheid op die been te bring wat 'n aktiewe eenheid kan wees in die geval van 'n noodsituasie wat kon ontstaan as die Spilmoondhede die oorlog sou wen. Later was daar tot 13 generaals van die O.B. gelyktydig in die kamp tesame met 'n menigte hoofkommandante, kommandante en veldkornette. Die generaals het as 'n Beheerraad opgetree, en die onderoffisiere en manskappe is in eenhede georganiseer, elk onder 'n hoofkommandant. Dit is ook so bewerk dat 'n hoofkommandant die lede van sy eenheid in sy huis of in sy betreklike nabyheid moet hê. In 1943 het 'n groot klomp Stormjaers die kamp ingekom, en omdat hulle graag apart onder hul eie offisiere wou staan, is dit toegestaan dat hulle 'n aparte eenheid vorm, wat in noue verband met die O.B.-kommando gestaan het. Maar die aktiwiteite van die O.B.- en S.J.-manne was soos 'n barometer, wat gestyg of gedaal het namate die getalle wat geïnterneer of losgelaat is. Toe die offisiere en manne losgelaat word, het die getalle geleidelik verminder, en eenhede was naderhand net 'n geraamte, totdat hulle heeltemal verdwyn het. Dit was dus

vanselfsprekend dat die kampkommando meer en meer opgebokkel het, totdat daar later nie meer 'n aktiewe organisasie was nie.

Ten slotte wil die skrywer graag die grootste lof aan al die offisiere en lede van die O.B.- en S.J.-bewegings toeswaai, wat op seer weinige uitsonderings na altyd getrou gebly het aan die ideale van die Ossewabrandwag, wat vrywillig die dissipline gehandhaaf en 'n lewensrigting ingeslaan het wat voorbeeldig en prysenswaardig was. Partymaal was die versoeking om af te wyk van die voorgestelde lewensweg tog baie groot, maar so dikwels het die man hom meteens reggeruk en in sy verbeelding uitgeroep: „Ek moet onthou: Ek is 'n Brandwag van die O.B!’”

Maar ook verdien die Kampleiding, ons eie Regering in al sy geledinge, lof vir die wyse waarop hy hom van sy moeilike en verantwoordelike taak gekwyt het.

O. L. Nel.

DIE DIENSWAG

IN die eerste interneringskamp te Leeukop, waar die aantal geïnterneerdes maar gering was, is die kampleiding waargeneem deur een man, nl. die Kampleier. Die verantwoordelikheid vir die goeie orde en alle ander aangeleenthede van die kamp het op hom gerus. Die manne in elke huis of hut het hul eie huisvader gekies, wat op sy beurt weer moes sorg dra vir die dissipline, goeie verhouding en die huishoudelike sake in sy huis. Die huisvader was op sy beurt verantwoordelik aan die Kampleier.

Met die verskuiwing na Ganspan het hierdie stelsel in swang gebly en kon die Kampleier die sake behartig. Uiteindelik het die verskuiwing van die kamp na Koffiefontein, vroeër 'n kafferkampong, plaasgevind, waar die internering van Afrikaners teen versnelde tempo geskied het, sodat daar teen die einde van 1942 vir 'n tyd selfs tussen 500 en 600 man in die kamp was op 'n stukkie grond omtrent drie morge groot.

Die kampleiding in Koffiefontein kan in drie tydperke verdeel word: (1) Tot November 1942 het die Kampleier, soos reeds vermeld, die sake alleen behartig; (2) die groot aantal geïnterneerdes sowel as sekere veranderde interne omstandighede het egter die instelling van 'n meer omvattende dissiplinêre stelsel wenslik gemaak. Die verantwoordelike manne in die kamp het gevoel dat so 'n dissiplinêre orde ingestel moes word. As gevolg hiervan is die Dienswag in die lewe geroep. Aan die hoof het gestaan die Dienswaghoof, wat die organisasie en samestelling moes behartig. Die Dienswaghoof het in rang onder die bevel van die Kampleier gestaan; (3) vroeg in 1943 het as gevolg van verdere omstandighede in die kamp en van die uitdruklike begeerte van die O.B.-lede wat die oorgrote

meerderheid van die geïnterneerdes uitgemaak het, die gevoel ontstaan dat die O.B.-leiding in die kamp in die kampleiding ingeskakel moes word. Die kampleiding het nou bestaan uit 'n Bevelvoerende Offisier (die hoogste O.B.-offisier in die kamp) en twee ander wat deur hom benoem is, wat die poste van Administrasiehoof en Dienswaghoof beklee het. Die Dienswag-instelling is behou en het tot die einde verantwoordelik gebly vir die dissipline in die kamp. Ook die instelling van die huisvader, gekies deur die bewoners van elke huis, het voortbestaan. Die huisvader moes sorg vir die netheid en goeie orde van en nakoming van pligte deur die manne in sy huis. Die huisvaders is nou ook onder die gesag van die Dienswaghoof geplaas. Alle moeilikhede moes na die Dienswaghoof verwys word, en die saak is deur die huisvader en Dienswaghoof saam opgelos.

Om die omstandighede in die kamp te verstaan, moet vermeld word dat die destydse Regering gereeld twee soldatewagte binne die kamp aan diens gehad het, afgesien van die gewapende wagte buite die drade. Origens was daar geen toesig oor die geïnterneerdes binne die kamp nie, mits alles stil verloop en die algemene reëls nagekom word.

Daar was twee redes waarom die verantwoordelike manne in die kamp gevoel het dat dissiplinêre maatreëls getref moes word: eerstens, omdat die twee soldatewagte verskeie kere met gegronde sowel as ongegronde klagtes na die kampowerheid aangedraf het, wat dan weer terugslae in die kamp gehad het; tweedens, met die baie manne in die kamp, met hul uiteenlopende en soms botsende beskouings teenoor die kampleiding, het die instelling van die dissiplinêre maatreëls noodsaaklik geword. Daar is ook gevoel dat so 'n eie wetgewende orde sou lei tot 'n groter verantwoordelikeheidsgevoel en samewerking onder die geïnterneerdes. As gevolg hiervan is die Dienswag in die lewe geroep. Aan die hoof het die Dienswaghoof gestaan en skrywer hiervan was die eerste wat die pos beklee het. Sy taak was om die dienswag saam te stel en te organiseer. Vrywilligers is gevra, en die kampgenote het spontaan aangesluit. Die Dienswag self het bestaan uit 90 offisiere en manskappe. Hulle moes ses weke lank diens doen. Elke keer was daar twee manne op diens in die kamp. Die daaglikse dienstyd het gestrek vanaf 7 vm. tot 10 nm. Behoorlike kampreëls is opgestel, en die Dienswag moes sorg dat hulle nagekom word. 'n Klein kantoortjie aan die skoolsaal is tot die beskikking van die Dienswag gestel. Alle klagtes in die kamp, van watter aard ookal, moes aan die offisier van die dag by die Dienswagkantoor ingedien word. Indien hy die saak nie kon oplos nie, moes dit aan die Dienswaghoof voorgelê word. Indien die Dienswaghoof dit as 'n ernstige aanklag beskou wat hy self nie kon oplos nie, is verklarings van alle getuies in die saak ontvang, en 'n behoorlik saamgestelde hof is deur die Dienswaghoof benoem.

In die kamp was daar etlike regsgeleerdes, en die hof is uit hulle benoem, met die Bevelvoerende Offisier van die kamp as voorsitter.

Vir die klaer sowel as vir die aangeklaagde is 'n regsgeleerde aangestel om hulle sake te behartig. Dit was slegs 'n paar keer nodig om so 'n hof saam te stel. Die geïnterneerdes was gewoonlik so inskiklik dat die Dienswaghoof meestal daarin geslaag het om die probleme op te los.

Na die O.B.-leiding in die kampleiding ingeskakel was, het die oud-polisie-geïnterneerdes ingewillig om die werk van die Dienswag oor te neem. Alle Dienswagwerksaamhede is nou geskoei op 'n egte polisiestelsel met sy deeglike boekhouding en organisasie.

'n Onderafdeling van die Dienswag het bestaan uit die ondersoekafdeling, wat saamgestel is uit 'n groepie oud-speurders. Hulle pligte het, in opdrag van die Dienswaghoof, die ondersoek van alle klagtes ingesluit.

Die kampleiding het nie die reg besit om enige strafmaatreëls op mede-geïnterneerdes toe te pas nie. Dit was van owerheidsweë ten strengste verbied, en ons het self gevoel dat om aan ons kampgenote wat agter die drade ingekerker sit, te moet straf toedien, iets is wat indruis teen alle menslikheidsgevoel. Die enigste strafmaatreël wat ons toegepas het op diegene wat verseg het om hulle aan ons dissiplinêre reëls te onderwerp, was om sulke manne in een huis af te sonder en geen omgang met hulle te hê nie. Dit is veelseggend dat dit vir skrywer net in een geval nodig was om 'n geïnterneerde in hierdie huis te dwing weens aanhoudende en moedswillige ongehoorsaamheid.

Onthou moet word dat hierdie manne wat geïnterneer is, geen misdadigers was nie maar in die kampe gestop is as gevolg van die uitlewing van hulle vryheidsdrang en ideale; nogtans is hulle in sekere opsigte deur die owerhede swakker behandel as gewone misdadigers.

Deur op die verantwoordelikeheidsgevoel en ander edeler gevoelens van ons kamerade 'n beroep te doen en deur hulle met takt en simpatie te behandel, was die kampleiding in staat om 'n hoë graad van dissipline te handhaaf. Selfs in tye van die grootste opgewondenheid was hulle gehoorsaam aan die bevele van die kampleiding.

Verder moet onthou word dat ons hier te doen gehad het met manne wat jare agter tralies en doringdraad gesit het sonder enige verhoor. Sommige van hulle het materieel alles verloor wat hulle besit het, en was verwyder van alles wat vir hulle dierbaar was. Hulle besef van waardes was nie dieselfde as van dié wat in vryheid verkeer het nie. Hulle perspektief en oordeel moes uit die aard van die saak soms skeef en verdraaid geraak het. Die drang na vryheid en beweging het met die loop van tyd sterker geword. Hulle haat teenoor die vyand wat hulle daar ingekerker het, het onvermyde-

lik tot onverantwoordelikhede moes lei. Nieteenstaande hierdie drange het die manne hulle onderwerp aan wat ook nog kwellende dissiplinêre maatreëls vir hulle moes gewees het.

Die feit dat hierdie manne hulle so gewillig aan dissipline onderwerp het, moet toegeskryf word aan die hoë mate van selfdissipline wat kenmerkend was van die Afrikaner in die interneringskamp. Hierdie houding van sy mede-geïnterneerdes het die Dienswaghoof met trots en bewondering vervul.

M. J. Toerien.

SELFVERSORGING

SELFVERSORGING het van Leeukop tot Koffiefontein baie vir die geïnterneerdes beteken. Die voedselvoorrade wat aan die kamp verskaf is, was nie gebalanseerd nie, en as daar nie beter voedsel deur die Kampkantien en van buite voorsien is nie, sou baie geïnterneerdes verswak en sieklik uit die kampe gekom het. Ons bees- en skaapvleisrantsoene is gekenmerk deur taaiheid, maerheid en smaakloosheid. Ek glo dat baie mynkampongs beter vleis ontvang het. Groente was skaars, en die wat ons gekry het, was verlep en die aartappels was dikwels sleg van die vrotpootjie. Beweer word dat 'n sekere hoeveelheid bromied aan almal verskaf is om die inisiatief so 'n bietjie te demp, en dat dit alles meegebring het dat almal se tande en bene geneig was om bros te word.* Die geïnterneerdes het vroeg al geweier om kos te eet wat deur gehuurde soldate voorberei is, en het dus met die karige toelae van die Staat plus eie bydraes hul eie kok, onderkok en kombuisbeampes aangestel, asook 'n sekere aantal helpers — almal natuurlik geïnterneerdes — wat die groente moes skoonmaak en die aartappels skil. Laasgenoemdes se grootste werk was aartappels skil, want met ander soorte groentes is maar spaarsaam gewerk deur die Staat, en ons hoofvoedsel was derdegraadse beesvleis, aartappels wat dikwels vrotpootjie gehad het, en stampmielies.

Die toelae van die Staat het alleen die kok en assistentkok besoldig; die ander helpers moes deur die kamplede self vergoed word.

Alreeds in die vroeë dae van die ontstaan van die interneringskamp is aan die geïnterneerdes 'n eie kampwinkel of kampkantien toegestaan.

Die bestuurder van die kampkantien kon lyste opmaak van eetgoed, sekere soorte klerasie, sigarette en ander benodighede asook lekkers en later vars vleis. Die lys is dan aan die Kampkommandant oorhandig, en die goedere word buite gekoop en

* Soos reeds elders opgemerk bestaan daar -- sover ons weet -- vir hierdie bewering geen bewys nie.--*Die Redaksie.*

ingebring. Die Kampowerheid het die goedere nie teen groot-handelpryse of selfs afslag gekoop nie maar teen gewone pryse by verskillende kleinhandelwinkels. Die Kampkantien het dan die prys van die goedere gemerk teen 'n koers van een pennie ekstra op elke sjieling wat die artikel gekos het. Uit die wins so verkry, is die ekstra kombuispersoneel en die aartappelskillers vergoed en ander koste bv. i.v.m. sport in die kamp gedek. Verskeie donasies is deur die Kampkantien gedoen aan persone wat op parool moes gaan weens siekte tuis en nie die nodige fondse gehad het nie.

Die oorspronklike beginkapitaal van die Kantien is bymekaar gemaak deurdat alle Kamplede aandeel geneem het. Dit was uiters gering, en tog is die kapitaal so opgebou dat dit in 1944 oor die £500 was met 'n omset van ongeveer dieselfde per maand en 'n wins van tussen £30 — £40 per maand.

In 1944 het die Kantien elke Vrydag vir elke lid in die Kamp 'n rantsoen van 1 lb. skaapvleis bestel om sodoende die geïnterneerdes se rantsoene te verbeter. Ook kon hulle self dan deur die Kantien vleis bestel. Dit was heerlike dae daardie as die lekker vars skaapribbetjies of boudsnysels inkom en die boere dit kon sit en braai. Baie min het ook daardie aand by die Kampeetsaal hul verskyning gemaak.

Die Kampkantien was veral ook verantwoordelik vir alle kombuisbenodigdhede soos vet, kruie, speserye en dies meer wat aan die kombuis gratis verskaf is. Sekere eetgoedere soos vleis, biltong ens. kon nie deur familieleden van buite regstreeks gestuur word aan geïnterneerdes nie, maar dis aan die Bestuurder van die Kampkantien gestuur, wat dit dan as die persoon dit kom opeis, aan hom besorg. So het baie kamerade 'n lekker vet hoender, braaiboud of iets anders vir sy verjaardag of Kersfees ontvang.

Groot hoeveelhede lemoene en druiwe en ander vrugte is jaarliks aan die Kantien gestuur deur verskeie Organisasies en persone van buite en veral deur die O.B. en dan aan die kamerade uitgedeel. Daar was tye dat baie net van vrugte of kantienvoedsel gelewe het en baie min van Ouma se kos, soos ons die voedsel van die Staat genoem het, genuttig het.

Die Kampkantien was seker een van die lekkerste sake om te bestuur. Daar is baie min krediet gegee, en die wat gegee is, is soos klokslag betaal.

Die Kantien was gewoonlik oop na ons in die môre 9-uur deur die soldate getel is, tot 10-uur en dan weer smiddae van 4 — 6. Dan moes die bestuurder en sy assistent ook net lelik agter die toonbank rondspring om almal van hulle benodigdhede te voorsien. Onder hierdie items was sigarette, lekkers en skuurpapier wat vir houtwerk gebruik is, die grootste in aanvraag.

Hierdie Kantien was ook verantwoordelik vir een van die gewaagdeste en geslaagdeste ontsnappings wat in die Kamp uitgevoer is, soos dit in 'n ander artikel beskryf word.

Ek glo dat die Kampkantien met sy wonderlike gees van saamhorigheid en die wyse waarop dit van tyd tot tyd deur die verskeie bestuurders waargeneem is, baie daartoe bygedra het dat so baie geïnterneerdes vandag hul eie ondernemings het wat met soveel sukses bestuur word.

J. van Z. Alberts.

KORT OORSIG VAN DIE GESONDHEIDSTOESTAND IN DIE INTERNERINGSKAMPE VAN GANSPAN EN KOFFIEFONTEIN, 1941 — 1944

DIE geïnterneerdes het geen vertroue hoegenaamd in die mediese beamptes gehad nie omdat hulle beskou was as amptenare van hulle vyand en omdat die mediese beamptes in elk geval in 'n ander verhouding tot hul pasiënte gestaan het as wat 'n gewone mediese dokter in sy praktyk teenoor sy pasiënte staan. Verder was die mediese beamptes ook nie altyd dadelik beskikbaar nie. In sulke tye moes die kampowerheid tog maar die diagnose van die geïnterneerde dokters aanvaar (gevalle van akute blindedermonsteking of beenbreuke, ens.) Maar in sulke gevalle het dit soms ure en ure gekos om by die kamphek te staan en smee en dreig dat 'n beamppte ontbied moet word om die pasiënte te ondersoek en te besluit of hy werklik verwyder moes word of nie. Ek het dit altyd as 'n groot vernedering beskou dat ek die werk sonder enige seggenskap hoegenaamd moes verrig.

Ook op tandheelkundige gebied het die geïnterneerdes geen vertroue hoegenaamd in die amptelike tandartse gehad nie. Die noodsaaklike element van simpatie in die verstandhouding tussen medikus of tandarts en pasiënt het uit die aard van die saak hier ontbreek en stopsels wat na 'n dag weer uitgeval het, kakebene wat versweer het nadat 'n tand getrek is en kunstande wat swak was en nie gepas het nie, is almal deur ons toegeskryf aan die tipe behandeling wat ons in die algemeen van die owerheid kon verwag.

Daar het egter weke verbygegaan waarin ons sonder tandarts was. In sulke tye is ons toegelaat om self die tande van die kamerade te trek. Die Kampkommandant stuur dan 'n paar wagte met die tange en spuitgoed in, en een van ons geïnterneerde dokters trek. Dr. Kirby was alombekend vanweë sy baie bekwame tandtrekkery. By sulke geleenthede het ons dan altyd om meer buisies verdowingsmiddels gevra en het die oorskot dan gehou om dit vir klein operasies (oopsteek van swere, ens.) te gebruik. Omdat ons geen instrumente gehad het nie, het die vindingryke kamerade fyn messe uit draad gemaak, wat van uitstekende staal en baie doeltreffend was.

Die algemene afkeer van en wantroue in die militêre mediese beamptes was so groot, dat byvoorbeeld by inentings wat ons moes kry, alle kamerade na dr. Kirby en my oorgestap het vir inenting, sodat die mediese beampte sonder werk gebly en kwaad weggestap het. Hierdie inentings is gedoen nadat daar by die kampwagte gevalle van maagkoors en vlektyfus voorgekom het.

Een geval van pokkies het ons in die kamp gehad, naamlik dr. Kirby. Ons weet natuurlik nie of hierdie geval ooit amptelik gerapporteer is nie, hoewel die hele kamp afgesluit is. Op my vraag wat nou met ons sal gebeur as daar nog meer gevalle van pokkies sou voorkom, was die antwoord: „Ag, dan moet julle maar almal vrek; dit sal ook niks maak nie!” Dit is 'n skreiende aanklag teen die kampowerhede dat hulle die geval van pokkies so behandel het; die mediese beamptes het die minimum noodsaaklike aandag aan die geval gewy en vir die res moes ons hom maar self behandel en verpleeg.

Ek wil net hier nog melding maak van die opofferende gees van die kamerade wat dr. Kirby in die swaar en aansteeklike siekte trou versorg, hom gewas, die slopenners weggedra en kos gemaak het; en dit alles sonder enige ophef. Algemeen was dit 'n kenmerk in die Afrikanerkampe: as daar een siek was, het al die kamerade saamgekom om hom te versorg en te help tot hy weer herstel het.

'n Opvallende kenmerk was die afwesigheid van geslagsiektes. In al die jare het ek onder al die duisende kamerade (wat geïnterneer en later los gelaat is) net een geval van geslagsiekte gevind, en ook hierdie geval was 'n ongelukkige toevallige infeksie en het gou herstel, sonder dat ons na die kampowerheid moes gaan. Ek het in verskeie van die ander kampe gesien watter hoë persentasie geslagsiektes daar was, en dit spreek boekdele vir die morele agtergrond van die tipe Afrikaner wat in die kampe opgesluit was om so skoon gevind te word.

Ook op 'n ander gebied het ons nooit moeilikheid gehad nie, nl. homoseksualisme. 'n Mens het amper nooit vuil taal gehoor nie en ook maar min vuil grappe. Daar was so te sê geen „strip-tease” en „pinup-girls” se prente op die mure van die hutte nie, en weer is die spreekwoord bewaarheid: „Mens sana in corpore sano.”

Tot 'n begrip van ons probleme het seker ook bygedra die lesings aan die Universiteit Koffiefontein, waar die geïnterneerde dokters probeer het om die oorsaak en behandeling van siektes te verduidelik, en dit het moontlik gehelp dat die kamerade hul eie kwale met meer insig kon beskou. Dit was opmerklik hoe siek mense met maagkwale, hoë bloeddruk, ens., ens., in die kampe gekom het en deur insig, geduld en oefeninge van hulle kwale ontslae geraak het. Ander mense weer het in die kampe siek geword en sal hul hele lewe met hierdie siektes te doen hê.

Ek noem byvoorbeeld een geval van skeiding van die retina van die binne-oog, waar die kampowerbode beslis die man se oog kon gered het, as hy betyds die regte behandeling ontvang het. In ander gevalle is rumatiek en jig opgeloopt, en hierdie mense sal vir die res van hul lewe daaraan ly. Ons het probeer om vir sulke pasiënte voetmatte te verkry, maar by elke rhadja is dié weer verwyder deur die soldate.

Ten slotte wil ek net noem: daar was omtrent 2,000 gevalle van siektes wat gedurende die internering deur die geïnterneerde dokters behandel is. Met dankbaarheid kan ons meld dat geen geval noodlottig was nie en dat alle Boere weer huis toe kon gaan.

Nog een faktor moet genoem word wat sterk bygedra het tot die goeie gesondheid van die geïnterneerdes: dit was die reëlmatige besendings vrugte uit die Kaap*. Hierdie vrugte het so baie vitamienes verskaf waaraan ons anders gebrek sou gely het. 'n Verdere faktor was die duisende pakkies wat vriendelike mense vir ons gestuur het, mense wat ons glad nie geken en wat uit pure liefdadigheid en nasionale gevoel iets vir die geïnterneerdes gedoen het. Hulle kan van ons opregte dankbaarheid verseker wees. Hierdie gees van liefde en hulpvaardigheid wat van buite deur die drade gestroom het, het wel ook daartoe bygedra dat geeneen van die kamerade selfmoord gepleeg het nie. Daar was in die ander kampe tog heel party treurige gevalle van selfmoord. Miskien lê dit ook nie in die natuurlike geaardheid van die Boer om deur selfmoord te pleeg sekere moeilikhede te probeer ontwyk nie. Miskien is dit die ou ingewortelde, taaie oorwinnaarsgees wat die kenmerk van die Afrikaner was en nog is.

B. M. Kranz, M.D.

* Baie familieleden en vriende het vrugte aan individuele geïnterneerdes gestuur; maar ook is deur verskillende groepe mense vrugte aan die hele kamp gestuur. Hierdie geskenke kan nie oorskat word nie, omdat dit so veel vir die gesondheidstoestand van die geïnterneerdes beteken het. Dit is vir my onmoontlik om selfs al die skenkers te noem en te bedank, wat vrugte gereeld en in groot hoeveelhede aan die kamp as geheel gestuur het. Miskien mag ek een uitsondering maak en die groepie mense bedank wat ek wil aandui deur die name van mnr. Wynand Louw, Paarl, en sy broer te noem. Maar hierdie bedanking geld meteen vir alle senders van vrugte.—B. M. K.

DIE GODSDIENSTIGE LEWE EN ORGANISASIE VAN GEÏNTERNEERDES

WANNEER ons in die volgende paragrawe oor geïnterneerdes handel, dan word daarmee slegs daardie spesifieke groep manne bedoel wat tydens die pas afgelope Wêreldoorlog gedurende 'n korter of langer tydperk in 'n interneringskamp vir Unieburgers in ons sonnige vaderland aangehou is. En as hierdie geïnterneerdes om nog verdere verduideliking genader sou word, sal hulle sonder omhaal van woorde slegs die naam noem waarby die kamp meer algemeen bekend was en wat hulle byna sonder uitsondering deurgaans gebruik het: Boerekamp.

Vooraf moet ook daarop gewys word dat ek gaan vertel van my persoonlike indrukke en herinneringe van die godsdienstige lewe en organisasie soos ek dit self in die Boerekamp vanaf 10 Oktober 1941 tot 14 Desember 1942 ondervind het, en dat ek die voorafgaande en latere tydperke slegs insluit insoverre ek betroubare getuienis van mede-geïnterneerdes in herinnering kan roep.

Op Krugerdag 1941 het die soet-bitter eer my te beurt geval om as die enigste predikant van die Ned. Geref. Kerk wat ooit geïnterneer is, na die Ganspanse Interneringskamp vervoer te word. Heel aan die begin van die oorlog was egter ook 'n sendeling van genoemde kerk, eerw. M. S. F. Grobler, 'n kort tydjie geïnterneer, en in hierdie tydperk het hy na die beste van sy vermoë geestelike hulp aan sy kamerade verleen. Na sy vrylating het daar 'n gewaardeerde godsdienstige opbouing van mekaar deur die manne onderling plaasgevind, en toe ek op die reeds genoemde datum my verskyning maak, het die kamp darem ook die genot van 'n seldsame erediensbesoek deur ds. J. A. van Blerk van Warrenton gesmaak, wat deur die owerheid toegelaat was om nou en dan sy beproefde volksgenote aan die binnekant van die doringdraadversperrings op gevoelvolle wyse te bemoedig. Dit is natuurlik nie nodig om by te voeg dat sulke besoeke onder streng bewaking geskied het nie. Origens is die godsdiensoefeninge Sondag deur geïnterneerdes self waargeneem, terwyl die jonge Danie du Toit die sang by sulke geleenthede met sy akkordeon begelei het.

Afgesien van hierdie lofwaardige pogings tot geestelike bearbeiding van die kampbewoners het daar nogtans die verlange na iets meer by hulle bestaan. Die gedagte is dikwels onder mekaar uitgespreek dat dit eintlik nie ongelukkig sou tref as daar darem 'n predikant ook geïnterneer kon word nie. Dat hierdie bewering niks minder of meer as die waarheid bevat nie, kon ek baie duidelik aflei van die spontane manier waarop ek met onverbloemde vreugdebetuigings verwelkom en begroet is toe die draadhekke agter my toegedruk word en die Boere my met opgewonde hartlikheid toestorm. Onvergeetlik klink hul uitroepe nog in my hart en ore na: „Hartlik welkom, Dominee!



[Geschilder deur B. M. Kranz (kopiereg voorbehou)

Godsdienstsoefening (Leeskop)

INTERNERINGSKAMP

Ned. Geref. Gemeente

KOFFIEFONTEIN

O.V.S.

Wees getrou tot die Dood.

Ter Herinnering

Die Plechtige Voorstelling tot Lid van die Gemeente

op

24 Mei

1942

Aan *William Edward Kippel Kirby* (gebore 30 Aug 1875)

dringende A.D. Vr. 16:

"Alleen in die HERE is

volle geregtigheid en sterkte."

Met seënwenne van u Leraar en Vriend

L. Pothe (K.O.M.)

Aandenkingskaart van voorstelling van 'n belydende lidmaat
van die Koffiefonteinse Boerekerk

Ons is dankbaar dat hier nou 'n predikant is. Ons waardeer dit dat u die beroep na Alberton bedank en Ganspan aangeneem het; u is baie nodig . . . hier!"

Dat 'n predikant in die kamp inderdaad baie nodig was, kan alleen mense begryp wat hul enigsins kan inlewe in die wisselende omstandighede waaronder die verskillende slagoffers skielik van hulle dierbares weggeskeur en in 'n verlate oord saamgehoek is, dikwels met die intense beleving van smaad en vernedering. Die nood van my kamerade het my dus in die gulde geleentheid gestel om dadelik my deeltjie as geestelike so goed moontlik by te dra. En met dankbaarheid kan ek getuig dat hulle onverwyld en steeds van my dienste gebruik gemaak en bewys het dat hulle dit hartgrondig op prys gestel het. Hoewel ons in alles daar almal beskou het as staande op gelyke voet, omdat algar sonder uitsondering met 'n onbegeerlike nommer vereer was, het die manne my tog altyd laat voel dat hulle die leraarsamp eerbiedig, terwyl hulle op 'n pragtige wyse getrag het om self saam te werk in die godsdienstige organisasie van die kamplewe. In 'n kort tydjie kon die herder gelukkig al die huisies van Ganspan besoek en sy skape leer ken. Godsdienstige sake van allerlei aard is dan gewoonlik bespreek en saam met die huisbewoners is huisgodsdienis gehou.

Eredienste is Sondae soggens en saans net soos in die gemeentes buite waargeneem. Watter onvergeetlike dienste vir predikant en gemeente! Wagte wat bespied en afluister wat daar alles gedoen en gesê word. Kampgenote wat met geboë hoofde op hulle selfgemaakte stoeltjies ernstig en meestal met weemoedige gesigsuitdrukking sit en luister na die verkondiging van die Ewige Woord. Af en toe 'n trae sug en dan weer hartlike samesang. Daarna maar weer na jou vervelige woonplek om te gaan dink en verlang of doelloos rond te dwaal. Maar onder dit alles die diepliggende besef dat sonder die Almagtige en die godsdiensteranker die lewe hier in droewige stof sou verwaai het . . . Meer as een geïnterneerde sou kon getuig dat hy nog nêrens ooit so eensaam en verlate gevoel het as in die Ganspanse interneringskamp nie, wat op die gemoed die indruk gelaat het dat die omliggende dorre vlaktes onmeetbare afstande tussen hom en die polsende beskawingslewe daarbuite oopgespan het en dat nog net die weg na God se hemel daarbo nie afgesluit is nie.

* * *

Toe breek 6 Desember 1941 aan, die dag waarop ons op onvergeetlike wyse na Koffiefontein se kamp feitlik aangekarwei is. Sonder om besonderhede te vermeld kan ek slegs sê dat 'n sug van dankbaarheid met ons uiteindelijke aankoms daar die hart ontsnap het. Met 'n skeptiese blik en aanmerking neem ons intrek in die bliktempels, terwyl by almal die vraag kriel: waarom moes ons so skielik hierheen vertrek het? 'n Antwoord was heel spoedig daarna vir almal duidelik, dat naamlik onder

andere 'n groter kamp nodig was om vrye inwoning op staats-koste te verskaf aan ons en die meer as driehonderd Boere wat kort daarna in een enkele week geïnterneer is — speurders, polisiebeamptes en tronkbewaarders wat deur die staat as gevaarlik onveilig vir die oorlogspoging buitekant die draadkamp bestempel is.

Nou het die gemeente vinnig uitgebrei! Geen geïnterneerde sal die pyn in die binneste vergeet waarmee hy moes aanskou het hoe 'n paar honderd nuwelinge op 'n keer die kamp binne gemarsjeer gekom het nie. En al het die gemeente se ledetal op hierdie wyse ook aangegroei, het niemand eintlik gevoel asof hy die Gesangvers: „Gedenk, Heer, aan ons nuwe lede,” op daardie oomblik met blydschap kon aanhef nie. Van toe af het ek my roeping in die kamp en die doel van die alwyse Vader met my internering duideliker besef as ooit tevore. Dadelik is die manne bymekaar geroep om onderkant 'n hoë grondwal die troosryke en sielsverkwikkende woorde van Romeine 8 vanaf vers 28 as die eerste boodskap uit die Boek van God in die kamp aan hulle te verneem — 'n Skrifgedeelte wat daarna in byna al daardie Boere se Bybels as betekenisvolle herinnering duidelik aangemerkt is:

„En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is . . . As God vir ons is, wie kan teen ons wees? . . . Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God? . . . Wie is dit wat veroordeel? . . . Wie sal ons skei van die liefde van Christus? . . . Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het!”

Hierop het 'n kort redevoering en smeekgebed gevolg dat hierdie makers as sierade van geloofsdurf moedig en voorbeeldig die las van hulle gevangenskap sal dra en daardeur die louterende Hand van die Hemelvader stewiger sal vasgryp.

* * *

Hierdie onvergeetlike gebeurtenis was die begin van 'n nuwe tydperk in ons eenselwige dagsbestaan, ook wat die godsdienstige organisasie van die kamplewe betref.

Van nou af word daar, behalwe die twee credienste op die Rusdag, ook Woensdagaande 'n algemene godsdiensoefening in die sink-eetsaal gehou. Oom Stephen Eyssen lewer voortaan onskatbare waardevolle dienste as besielende en gevierde orrelis. Die instrument wat hy bespeel, is egter nie 'n imponerende elektriese pyporrel nie maar 'n sogenaamde klavier, sat van gryse jare en skor-hees van stem. In sy hoedanigheid as koster kon niemand seker waardiger diens verrig het as neef Chris Klopper nie, wat op 'n beesagtige groot ou ysterpot wat daar verdwaald gelê het, net so goed as enige volbloed kerkkoster met 'n stuk yster 'n opwekkende klokgeskal op 'n volmaakte kom-sondaars-tempo uitgemoker het. Spoedig was daar ook 'n soort kateder aanmekaar getimmer om as kansel te dien, nogal

uit hout wat deur 'n paar pligsgetroue lede van die gemeente onder die bekwame aanvoering van 'n roepingsbewuste diaken so hier en daar van die bliktempels se binnewerk vir dié goeie doel onopsigtelik weggebreek is.

Die predikant was natuurlik vir huisbesoek ook verantwoordelik, en hoe uiters gul is hy nie in die verskillende hutte ontvang nie! Gewoonlik het dit saans plaasgevind, wanneer die kêrels in 'n gesellige luim was en openhartig hulle geestelike moeilikhede en probleme bespreek het. Ongeveer 'n halfuur voordat die ligte afgeskakel word, bring iemand dan eers die Bybel nader vir die huisgodsdien, waarna elkeen met sy eie gedagtes probeer om so gou moontlik die werklikheid te vergeet op droomland se dwaalweë van vredege onbewustheid.

Huisgodsdien is, op die hoogste uitsonderings na, in al die hutte waargeneem, en dit is van die huisvader verwag om toe te sien dat hierdie geseënde tradisie van ons volk in sy hut in ere gehou word. Dit sal steeds een van my aangenaamste herinneringe bly hoedat gedurende die tyd van stilte, wat deur die destydse kampleier, dr. Trümpelmann, vir huisgodsdien in die kamp gelas is, verskeie Psalm- of Gesangverse tegelykertyd van verskillende kante uit die monde van gespieerde en songebrende vaders en seuns van my volk opgeklank het. En as jy sou staan en luister na die voorganger se gebed, dan is maar meestal ontwaar 'n eg-persoonlike smeking om vryheid en geregtigheid vir die enkeling en die nasie, 'n bede om volkseenheid, 'n versugting na omhoog dat God 'n verdieping in die geestelike lewe mag skenk, en die roerende gebed om die genadige bystand vir vrou en kind en ander dierbares aan wie verlangend gedink word en wat soms in lewensnood en -behoefte sonder die broodwinner verkeer het.

Uiters interessant was dit om in die kamp lede van die Ned. Geref. Kerk, die Geref. Kerk, die Ned. Herv. Kerk en die Lutherse Kerk saam te organiseer as lede van „Die Boerekerk.” Onder hierdie naam het ons ons kerklik gelukkig saamgesnoer en 'n loflike eenheid en samewerking gevind. Die geïnterneerde wat buitekant die kamp in een van die genoemde Kerke as Kerkraadslid gedien het, moes in „Die Boerekerk” sonder keuse dieselfde amp vervul, hoewel die so ontstane Kerkraad weens die unieke aard van die kamplewe en die betreklik hoogstaande dissipline maar selde nodig gehad het om te vergader. Enkele ouderlinge moes die predikant bystaan met die aanneming van katkisante, en die diakens het steeds toegesien dat die saal vir die eredienste in orde gebring is.

* * *

Hoewel die kamp op kerklike gebied dus vrywel goed georganiseer was, het ons egter in die loop van die jaar 1942 die gebrek aan daadwerklike en regstreekse belangstelling van die Kerk daarbuite al hoe meer begin voel. Weliswaar het ons van vriende en belangstellende liggame Gesangboekies en

godsdienstige lektuur ontvang, maar maande het verloop sedert die vorige besoek van 'n predikant van buite af. Ons het gevoel asof ons geen verband hoegenaamd met die Kerk as geheel gehad het nie, want die geïnterneerde predikant is tog nie deur die Kerk gestuur nie dog deur die staat kamp toe gedwing. Aan die ander kant was ons terdeë daarvan bewus dat die Kerk ons nie vergeet het nie maar in die goeie vertroue verkeer het dat die geïnterneerde leraar sy roeping teenoor die lidmate in die kamp as vanselfsprekende kerklike verteenwoordiger vervul. Nogtans het ek dit saam met ons eie verantwoordelike kampbestuur raadsaam geag om die interneringsowerheid met 'n baie dringende skrywe te nader om onverwyld tot die aanstelling van 'n kapelaan vir die Boerekamp oor te gaan, terwyl die saak ewe ernstig onder die aandag van die Kerk gebring is.

Eers nadat ek persoonlik geweier het om die aanbod van so 'n regeringskapelaanskap te aanvaar, omdat ek as geïnterneerde geen gerieflike amptenaar wou en kon wees van 'n owerheid wat my sonder verhoor my vryheid ontnem het nie, en eers nadat ek selfs my vrywillige liefdediens in oorleg met my kampgenote moes ingekort het as 'n soort stakingsprotes, het die saak geslaag. Ds. D. Botha van Koffiefontein het kort daarna onder die gebruiklike bewaking sy eerste besoek aan ons afgelê. Van toe af het hy sover moontlik elke Sondag 'n erediens in die kamp kom hou en met die tyd en verlof tot sy beskikking af en toe huisbesoeke probeer aflê. Die vertroulike aard van die gewone huisbesoek het hier egter ontbreek, omdat die eerwaardige en geliefde leraar deur die teenwoordigheid van wagte geen waarlik vrye omgang met die broeders kon beoefen nie. Die res van die erediens en ander pastorale verpligtings het nog steeds my aangename verantwoordelikheid gebly, waarin daar egter toe ook gewaardeerde ondersteuning gekom het deur die internering van ds. D. C. S. van der Merwe van die Geref. Kerk, met wie ek sedertdien my pligte gedeel het. Ons samewerking was uiters aangenaam en broederlik en sy arbeid ongetwyfeld geseënd, alhoewel sy interneringstyd, uit daardie oogpunt altans beskou, betreurenswaardig kort was.

Die besoeke van ds. Botha het vir ons veel beteken, veral omdat daar nou ook gereeld Nagmaal gevier kon word. Hoe onvergeetlik bly die herinnering aan daardie byna sombere Nagmaalsvierings nie in 'n mens se siel nalewe nie! 'n Paar bedlakens oor kamptafels gesprei; die brood, wyn en nodigste deel van die servies deur die kapelaan van buite af ingebring en daarop gereed gemaak; verlangende en dorstige harte; beskeie biggelende trane; bedienende diakens sonder ampsgewaad, en dan die plegtige uitdeling en gebruik van brood en wyn met gedagtes so ver en hoog en gemengd . . .

Gewyde oomblikke.

Dit was my besondere eer om by een van hierdie vierings van die heilige sakrament 'n groot aantal jong manne as

belydende lidmate voor te stel en aan elkeen 'n pragtige in die kamp vervaardigde aandenkingskaart te oorhandig. Een van hulle was die alombeminde Ier, dr. Kirby, wat toe nog oor gevaarlik min kennis van Afrikaans beskik het maar die brandende begeerte gekoester het om tog net lidmaat van die Boerekerk te mag wees. Die name van hierdie manne is in die lidmateregister van die Koffiefonteinse Ned. Geref. Gemeente ingeskrywe, waarvandaan hulle attestate later oorgeplaas kon word na die Kerk en gemeente wat hulle sou verkies.

Die gemeente in die kamp was enig van sy soort ook in baie ander opsigte. Weens die absolute en dikwels betreurde afwesigheid van Boerenooiens kon daar natuurlik geen liefdes-verhoudings ontstaan het nie en het dit in elk geval een droë plek op aarde geword waar die stemme van die vrou, moeder en kind van ons volk nie verneem is nie. Die gemeente het nooit die voorreg gesmaak om na die heerlike waarhede van die huweliks- en doopsformuliere te luister nie. Daar was ook, Goddank, geen kerkhof in die kamp nie, want niemand sou buitendien begeer het om nog daar begrawe te word nie. Wanneer iemand ernstig siek geword het, is hy uit die kamp verwyder en slegs biddende gedagtes het hom vergesel.

* * *

Daar is sekere indrukke van die godsdienstige lewe in die kamp wat 'n mens seker nooit sal verlaat nie.

Persoonlik het ek daar genadiglik ervaar hoedat God, die Barmhartige, die voete van die gelowige in die diep waters van beproewing laat wandel op die rots van die suiwere wete dat Hy soewerein is en sy kind deur die stikdonkerste nag steeds sal heenlei na blinkende daeraadsglorie. Dit was ook die ontvinding van baie ander kampgenote. Tewens kan ek met hulde aan die Ewige Redder dankbaar terugdink aan die getuienisse van geharde en selfs verharde manne wat daar tot geloofsverdieping of geestelike verligting en vertedering gekom het. Die geleentheid tot vermeerdering van godsdienstige kennis is deur vele gretig aangegryp, en die baie intieme gesprekke oor Skrifwaarhede en -probleme, gepaard met persoonlike raadgewinge, het geloofsverryking en sielsverinniging meegebring. Die stryd van die geloofsmens was daar uniek en het louterend gewerk op persone van karakterverskeidenheid. Vrae het hulleself in die binneste vermenigvuldig, en die predikant moes die Woord van die volmaakte Waarheid fyn en reg sny om lig te bring oor onderwerpe soos oorlog en vrede, vergelding en vergiffenis, haat en liefde en nog baie meer.

Dat daar ook enkele ateïste en agnostici was, sal niemand seker verbaas nie. Daardie manne weet egter self dat hulle die allergrootste minderheid en uitsondering gevorm het. Die blye reddingsboodskap het op sommige ook nie 'n blywende uitwerking gehad nie, terwyl Gallio se geesgenote, wat hulle

niks van hierdie dinge aangetrek het nie, bepaald ook teenwoordig was. Dat die geïnterneerdes volmaakte mense sonder swakhede was, sal slegs 'n dwaas beweer. Kamplewe is nie paradyslewe nie.

Bowendien moet onthou word dat die abnormale tydsomstandighede en gemoedsbeklemmende omgewing die geloofstryd in die kamp in sommige opsigte selfs moeiliker en meer gekompliseerd gemaak het as wat die geval anders sou gewees het. Dit het my byvoorbeeld nie verbaas dat iemand my heftig kom aanval het omdat ek vir die wagte, wat by 'n erediens teenwoordig was, in hulle teenwoordigheid om genade van Bo gebid het nie, terwyl 'n preek oor die skone Klaagliedere 5 veel makliker in die gemoed weerklank gevind het. Dit het sommige vriende uiters moeilik geval om helderheid te verkry oor die presiese betekenis van die woorde: „My kom die wraak toe” en „julle moet vir julle vyande bid.” 'n Intense gevoel van veronregting en vernedering het dikwels 'n hete gemoedstryd laat ontbrand, wat jou soms uitlatings laat ontval het waaragter die Christelike gewete later in 'n nugter-kalmer oomblik 'n vraagteken geplaas het.

En tog, as al hierdie buitengewone omstandighede in aanmerking geneem word, bly dit vir my 'n wonder dat die kamplewe deur so 'n betreklike hoë peil van sedelike en godsdienstige stabiliteit gekenmerk was. Die persentasie vir erediensbywoning was daar byvoorbeeld verbasend veel groter as die gemiddelde in die gemeentes buitekant. En as ek dink aan die felle aanvegtinge wat soms op die geïnterneerde aangestorm het, en die byna fanatieke wyse waarop die oorgrote meerderheid gestrewe het om desondanks getrou te bly aan die adel van 'n suiwer-Christelike kerklike en volkstradisie, dan leef die hoop in my weer op dat ek in hulle maar net die verteenwoordigers aanskou het van die fleur en krag wat daar nog in my klein volkie se siel verborge lê.

My gedagtes dwaal terug na die tientalle medestryders vir wie ek in hulle Bybels 'n geestelike aandenkingswoord moes skrywe en die vreugdevolle getuienisse van blywende seëninge van die Here wat daar ontvang is. Soms in die eensaamheid bekruipt die eienaardige heimwee my siel om hom nog eenmaal te mag verlustig in die sielsverheffende gemeenskaplike sang van die manne in die eredienste. Dan dink ek weer aan die gelate berusting waarmee 'n persoon die doodstyding van 'n geliefde familiebetrekking of vriend ontvang, van wie hy nie die ooglede vir die laaste rus mag toegedruk en geen sterwens-afskiedswoord mag verneem het nie.

In die gees wandel ek nog saam met hulle op die strydpad en juig ek nog saam oor hulle oorwinning. Voor my gees herleef duidelik die beeld van medestryders wat gedurende stiltetyd saans so dikwels op 'n ry by hulle beddens daar gekniel gestaan het met hier en daar die Bybel nog geopen onder

gevoude hande — verhewe simboliek van mensesiele wat daarna hunker om ewe so bewarend en reinigend toegevoeg te word onder die deurboorde reddingshande van die Man van Smarte . . .

En dan dank ek GOD, die HERE, wat ook in die Boerekamp Hom aan mense nie onbetuig gelaat het nie, dat, ondanks sondes en gebreke wat bely moes word, sy volk nogtans daar deur sy aanbiddelike en vrymagtige genade so dikwels die jubelwoorde van die smart-ervare Paulus tot sy eie geloofsroem gemaak het: „In alles word ons verdruk, maar ons is nie terneergedruk nie; ons is verlee, maar nie radeloos nie; vervolgd, maar nie verlate nie; neergewerp, maar nie vernietig nie!”

Aan ons Koning, die Allerhoogste, alleen die eer en hulde!

J. J. Fick.

DIE CALVINISTIESE STUDIEBOND

DIE stigtingsvergadering van die Calvinistiese Kring vir Bybelstudie in die Boerekamp, Koffiefontein, is onder ere-presidentskap van prof. dr. H. G. Stoker in die interneringskampskooltjie op Sondag, 25 April 1943, met 35 ondertekenaars van die konstitusie, gehou. Doel was die bestudering van Gods Woord en bespreking van Bybelonderwerpe op weeklikse byeenkomste wat gereeld vir die doel gehou is op Sondagmiddae, gewoonlik om 3-uur namiddag. Hierdie onderwerpe is elke Sondag deur die bestuur gekies en aangekondig. Die bestuur was aanvanklik saamgestel uit 'n Erepresident, President, Vise-President, Sekretaris, Bibliotekaris en een addisionele lid, maar aan die einde van 1943 met loslating uit die kamp van baie van die lede besluit die Kring om voortaan met 'n President, Vise-President en Sekretaris klaar te kom. Met 'n aldus saamgestelde bestuur het die Kring sy 1944-werksaamhede begin op Sondag, 20 Februarie 1944 en so bly voortbestaan totdat die kamp bestaan ten einde geloop het.

Die Kring het as grondslag vir sy werksaamhede die Heilige Skrif alleen aanvaar en as biblioteek vir sy onderwerpe die Drie Formuliere van Enigheid, en die volgende uitgawes as hulpmiddels bygebring: *Kosbare Goud*, *Koers in die Krisis*, die tydskrif *Koers* en ander werke met Calvinistiese oriëntering. Die Kring het bestaan onder beskerming van die Kampkerkraad.

Daar was hoofsaaklik twee doelstellings waaraan die Kring moes beantwoord en waaruit sy ontstaan voortgevloei het, naamlik: (1) Die aanwerwing en verspreiding van meer kennis aangaande Gods Woord en die Calvinistiese beginsels, en (2) die nuttige en aangename vulling van ledige tyd. Mettertyd het die Kring aan 'n derde behoefte voldoen, naamlik die bestryding van Skrifvreemde gedagterigtings binne in die kamp en die

positiewe benadering van 'n Christelike Wetenskapsleer, waaroor met lesings in die tweede jaar van sy bestaan 'n begin gemaak is.

Hier volg 'n klein gedeelte van die talryke lesings wat gegee en deur die Kring bespreek is, met die name van die persone wat die onderwerpe ingelei het. Lewendige bespreking, wat van diepgaande belangstelling getuig, het dikwels gevolg.

„Die Lewe van Calvyn” (E. Norval), „Ons Belydenisskrifte” (J. C. Smit), „Die Modernisme” (J. F. van As), „Die Christelike Huisgesin” (Stolz), „Die Ewolusieteorie in Perspektief” en „Verhouding tussen Kerk en Staat” (dr. H. G. Stoker), „Die Metodisme” (adv. B. J. Vorster), „Die Gebed” (M. P. van Rooy), „Fatalisme” (J. W. J. Joubert), „Die Genadeverbond” en „Christelike Opvoeding” (M. J. P. le Roux), „Christus in die Ou Testament” (J. H. van der Westhuizen), „Die Millenialisme” en „Onverhoorde Gebede” (S. W. Greeff), „Die Skepping” (P. J. L. Kruger), „'n Christelike Dierkunde” (dr. G. Eloff), „'n Christelike Staatskunde” (J. A. L. Taljaard), „'n Christelike Ekonomie” (J. van Z. Alberts), „God se Straf” (G. M. J. du Preez).

Dit spreek vanself dat hier volstaan moet word met bogaande onderwerp-weergawe om die strekking van die Kring se werk in die kamp aan te dui. Om selfs ook maar net die onderwerpe in hooftrekke te behandel, sou op sigself 'n boekdeel beslaan. Skrywer wil hier sy eie waardering betuig vir die diepe en breë vergesigte wat daar vir hom persoonlik oopgegaan het uit die arbeid van die Calvinistiese Studiekring.

Die kamp het later feitlik leeggeloop, veral toe die einde van 1944 nader en baie persone losgelaat is. Ons bestuur het so dikwels 'n gedaantewisseling ondergaan dat daar later besluit is dat enige oorblywende lid of lede van die bestuur by die cersvolgende vergadering helpers kon benoem om so die bestuur aan te vul.

Die werk van die Kring was nie sonder weerstand van buite nie. Daar was sommige persone ('n baie klein persentasie van die kampmaats) wat teenoor die Calvinistiese beginsels antipatiek gestaan het. Onder andere is daar in enkele lesings in die kamp te velde getrek teen die waarhede van die Skrif en soms beledigende menings uitgespreek. Die Kring het gereageer en 'n brief aan ons eie kampleiding binne in die kamp gerig waarin hy op sekere ateïstiese verkondiginge gewys en sy aandag gevestig is op die feit dat hy as owerheid ook 'n roeping het. Die kern van die mosie van die Kring het as volg gelui: „Hierdie vergadering van die Calvinistiese Studiekring neem met leedwese kennis van die ateïstiese propaganda wat in die kamp gemaak word en van die volksvreemde rigting wat in lesings verkondig word as sou dit die beleid van die kamp wees. Die vergadering beklemtoon dat hierdie kamp 'n boerekamp is wat staan onder die leierskapbeginsel en die leuse het: „My God, my Volk, my Land Suid-Afrika” en

beklemtoon as enigste voorkoming van die gewraakte propaganda in die toekoms die uitlewing van Artikel 36 van ons Algemene Geloofsbelofenis."

'n Brief met uiteensetting van die feite, die woorde in lesings gebesig ensovoorts, is aan die kampleiding gerig op 26 Junie 1944, en 'n uiteensetting van die Kring se standpunt is daarin weergegee.

Die kampleiding het op 14 Julie geantwoord en sy waarderling vir die Kring se vertoë uitgespreek en onderneem om „geen reg toe te ken, of fasiliteite te verleen aan enige kampgenoot om in die openbaar gegewens te verkondig wat teenstrydig is met die Christelike beginsels van die Ossewabrandwag nie."

Die Kring het onder ander opgetree teen die oophou van die werkswinkel op Saterdagoggende tydens godsdienstuur, wat dikwels deur die luide werkswinkelbedrywighede, hoewel onopsetlik, gesteur is, en gewys op die navolgenswaardige tradisie van godsdiensteerbied wat in ons volksverlede lê.

Intussen het die Kring, wat op hierdie stadium uit net sowat nege lede bestaan het en dikwels net sewe kampgenote op sy vergaderings getel het, al sy kragte ingespan en 'n beroep op sy lede gedoen om artikels te skryf in die kampblad, *Die Draadkouer*, wat in die kamp uitgegee is en sodoende ons gedagterigting ook in te dra onder ons kampgenote en dieper belangstelling vir die dinge wat tog nog diep in die harte van ons Afrikanerseuns versluier is, te wek. Die volgende kennisgewing is met die oog hierop geplaas in *Die Draadkouer* op 26 Februarie 1944:

„Die Calvinistiese Studiekring."

Bostaande studiekekring het weer sy werksaamhede hervat. Die bestuur wil hiermee die doelstelling van hierdie Kring weer onder die aandag van belangstellendes bring. Waar die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing te alle tye en onder alle omstandighede kenbaar die kragbron ook van ons volk was, en omdat ons glo dat daardie beginsel ook vir die toekoms vir ons die enigste gesonde weg sal aanwys, daarom wil ons studie maak van daardie beginsels soos dit die verskillende lewensbeginsels raak.

Ongelukkig moet die Kring nou die bekwame leiding van dr. Stoker en genl. Vorster ontbeer. Met die uitstekende boeke in die biblioteek as leidraad kan ons egter nog weeklikse eersterangse lesings reël.

Vir Sondag, 27 Februarie 1944 is daar voorsiening gemaak vir 'n inleidende lesing oor 'n Christelike Wetenskapsleer. As u dink aan die s.g. wetenskaplike feite, soos byv. die van 'n reeds uitgediende evolusieleer, wat al die

jare vanuit liberalistiese bron aan ons opgedis word, dan sal u verstaan hoe nodig ons oriëntering ook op wetenskaplike gebied het.

Laat ons met ons geestelike en godsdienste probleme onderling hulp soek. Ons swakste pogings kan nie anders as goeie vrugte afwerp nie. Verdere inligting kan verkry word by ondergetekende.

Namens die bestuur.

S. W. Greeff,

Sekretaris.

KOFFIEFONTEIN.

23/2/1944.

Dit dan was ons Calvinistiese Studiekring in die Koffiefonteinse Interneringskamp, so het hy ontstaan, bestaan, gestry en sy taak behartig. In alle beskeidenheid het hy gestreef na die verbreiding van die beginsel van die soewereiniteit van God bo almal en alles, en die benadering van elke lewensvorm „In U Lig.” In die harte van meer as een geknel in die tydelike nood van gevangenskap, het die Calvinistiese Studiekring in die gedagtes waarvan hy in swakheid die draer was, die weerklank van Vryheid in Christus weer laat opgaan.

Servas W. J. Greeff.

ONTSTAAN VAN DIE KAMPBIBLIOTEEK TE KOFFIEFONTEIN

AS daar een manier is om 'n mens geestelik te pynig is dit om 'n paar honderd mans in 'n klein draadkampie op 'n hoop te ja en dan geen leesstof of werkgereedskap toe te laat nie.

So was dit ook in die begin in Koffiefontein. Doelloos het ons rond en rond om die stukkie onbeboude kampgrond binne die draad gedwaal en die as en steenkoolklinkers tot stof getrap. Maar gou het die handvaardiges begin, en dit was nie te lank nie of elke stukkie metaal is sorgvuldig opgetel en weldra in een of ander soort werktuig omgeskep; maar wat leesstof betref, was die oplossing nie so maklik nie.

Baie min leesstof is saam met ons na die nuwe kamp toegelaat, met die gevolg dat die beskikbare leesstof met verloop van tyd letterlik flenters gelees is en aan almal bekend was. Dit was een van die redes waarom daar so 'n gees van onrus en spanning in die kamp ontstaan het.

Hierdie toestand het op sy beurt weer bygedra tot die ontstaan van ons kampskool, en toe ons eers toestemming vir 'n skool het, was die volgende stap natuurlik om vir studieboeke en leesstof te agiteer.

Na baie gesukkel het die kampowerheid ondergetekende as die skoolhoof toegelaat om sekere goedgekeurde nuwe boeke van die Sentrale Nuusagentskap aan te koop. Toe die eerste boeke dus ho verwagting ons in die kamp bereik, het die kampleiding besluit dat die skoolhoof nie self vir die boeke sal betaal nie, maar dat 'n bedrag gereeld vanuit die kampkantien vir die aankoop van boeke beskikbaar gestel sal word.

Koue kasterolie vloei vinnig in vergelyking met die toevloei van daardie boeke, en daar moes na alternatiewe bronne omgesien word. Mens moes egter met die kakies baie versigtig te werk gaan, sodat hulle eers aan die idee gewoond kon word. Die skoolhoof sluit toe by die Staatsbiblioteek aan, en die straaltjies boeke groei stadig aan.

Die kampowerheid, die possersant en die sensors was teen hierdie tyd al redelik mak vir die gedagte om korrespondensie oor boeke en die boeke self te hanteer, en toe word 'n waagskoot afgevuur.

Op 2 Januarie 1942 skryf Danie du Toit en die skoolhoof aan R. Müller te Kaapstad en vra om 'n paar stukkies onskadelike bladmusiek. Gewoonlik duur dit weke om op 'n brief antwoord te ontvang, maar ons het skynbaar vordering gemaak, want reeds op 12 Januarie skryf vriend Müller dat hy ons 'n paar stukke musiek stuur en lyste van gedrukte musiek.

Die tyd was nou ryp om na groter dinge te mik en die skoolhoof rig 'n spesiale versoek aan prof. dr. G. Dekker te Potchefstroom, dr. Greyling, die Sondagskoolsekreteraris te Bloemfontein en aan die Sekretaris van die Rdb. en F.A.K. te Johannesburg.

Daar moes ons asem ophou, want nou het ons mos gevaarlike terrein betree; maar wat was die vreugde groot toe ons onder datum 30 Januarie 'n poskaartjie van prof. Dekker ontvang waarin hy steun belowe. Die briefkaartjie word op 10 Februarie opgevolg deur 'n brief waarin hy om besonderhede vra, en ons kon vir die eerste keer met 'n mate van sekerheid aan die buitewêreld besonderhede oor ons skool stuur en indirek inligting uitlaat oor ons strewe en lewe in die kamp.

Daar doen 'n gerug die ronde dat dr. T. Schumann van die weerkundige kantoor indien nie op pad na ons toe nie ten minste in onguns verkeer. Hierdie keer was ons te laat, want onder datum 28 Maart 1942 skryf dr. Schumann dat sy hele personeel saam met hom reeds hoog en droog in die woestyn uitgeskop sit en ons nie onmiddellik van leesstof oor weerkunde kan voorsien nie, maar belowe om so gou moontlik aan die werk te spring.

Intussen word met die organisasiewerk voortgegaan, maar al wat kom, is boeke. Iemand sê die Rooikruis sal help, en die dosent in Duits moes self huiswerk doen en deur die Rooikruis 'n brief rig aan die Evangelisches Hilfswerk für Internierte und Kriegsgefangene, waarin om Duitse, Italiaanse, Spaanse, Portugese en Sweedse lektuur en taalhandboeke gevra word.

Ons het vermoed dat hierdie versoek die Rooikruis nooit bereik het nie, want ons het nooit weer daarvan gehoor nie.

Ten spyte van al die skrywery het selfs die boeke van die C.N.A. en Van Schaik nie meer gereeld gekom nie en het kameraad W. A. Kretschmar, ons kantienbestuurder, op 20 April druk by die Direkteur van Interneringskampe gekla.

Niks het gebeur nie, en ons begin maar weer van vooraf, en die slag gaan die oproep na prof. dr. H. M. van der Westhuisen van die Universiteit Pretoria en aan die geïnterneerdes se goeie regs vriende, mnre. Jan van Wyk de Vries en Fritz Steyn. As gevolg skryf mnr. J. H. Coetzee, Algemene Sekretaris van die F.A.K., op 29 April en vra nadere inligting, en ons harte klop vinniger.

Op 4 Mei skryf dr. Dekker dat die F.A.K. druk besig is om permitte te kry, en in ons verbeelding is die Kampbiblioteek al klaar daar. Naakte feit is egter dat die skool en sy studente maar op 'n slakkegang sonder handboeke moes aansukkel. Toe fluister 'n O.B.-kêrel: „Wat van genl. Hennie Neethling se dogter; kan sy nie miskien vir ons help om eksamenvraestelle in die hande te kry nie?”

So gesê, so gedaan, en wonder bo wonder op 30 Junie skryf mej. S. Neethling dat sy „met goedkeuring hiermee 'n aantal afskrifte van Afrikaanse Snelskrif-eksamenvraestelle aan u stuur.” Sommer 'n riem onder die hart; en alleen hulle wat destyds in die snelskrifklas geworstel het, kan beseft van welke onskatbare waarde daardie vraestelle vir ons was en hoe dit ons moraal gesterk het.

Meteens kon ons merk dat die ywer en inspanning van ons vriende daarbuite vrugte begin afwerp, want op 29 Junie skryf ons goeie vriend Hennie Roux uit Bloemfontein: „Van die Minister van Binnelandse Sake het ons reeds goedkeuring ontvang vir die aanstuur van sekere boeke. Daar is ook opdrag aan die Huisgenoot en Kerkbode gegee om weekliks 10 elk van die tydskrifte aan u te stuur. Verdere besonderhede in verband met die aanstuur van die boeke ontvang u eersdaags.”

Wat was die vreugde groot deur die hele kamp toe ons weer, in baie gevalle na jare, krag en besieling uit die Huisgenoot en die Kerkbode, en later ook uit die Brandwag, kon put. Op aankoms is hulle dan ook aan dr. Graf, die Kampbibliotekaris, oorhandig, wat met sy vrywillige helpers druk besig was om al wat boek is in die kamp, te repareer en saam te vat in 'n leesbiblioteek en die uitreiking en terugbesorging so te organiseer dat saam met boeke in die verwysings- of naslaanbiblioteek van die skool die maksimum voordeel daaruit gehaal kon word.

Stadig gaan die tyd verby, en onder datum 17 Julie skryf vriend Hennie Roux: „word vandag aan u o/s. die Kampkommandant, die eerste versending boeke gestuur. Die Komitee wil die hoop uitspreek dat die boeke vir u tot diens sal wees.”

Druk word die saak bespreek, en daagliks word navraag gedoen waarom die boeke dan nie kom nie. Intussen het die publiek daarbuite ongevraagd begin help, en onverwags kom daar 'n eersteklas Duitse woordeboek en 'n paar fotografiese tydskrifte aan van vriend Torrie Swanton van Pretoria.

Toe gaan dit sommer baie goed, want enkele weke later stuur die F.A.K. op versoek van dr. Dekker 'n hele aantal Franse en Duitse leesboeke. Die Franse en Duitse studente moes net toustaan, en orals langs die warm sinkmure kon mens hoor hoe hardop deur die ingewikkeldhede van 'n vreemde tongval geworstel word.

Groot vordering is gemaak veral toe 'n verdere twintigtal Duitse leesboeke onverwags van mnr. Heinie Ackermann van Kaapstad opdaag. Einde Julie stuur die F.A.K. se Boerevolk-Noodhulpfonds deur die Transvaler-Boekhandel 'n hele reeks geskiedenisboeke, en generaal Toerien se geskiedenisklas kry sommer weer nuwe lewe.

Ons kon amper dink dat ons vriende daarbuite die land op horings het, want op 10 Augustus skryf mnr. P. Coetzee, die Staatsbibliotekaris, dat hulle ons vier boeke op 'n keer sal leen mits die Kampowerheid verantwoordelikheid vir die geleende werke sou aanvaar. Dit wou die Kampowerheid nie doen nie, en ons kon voorlopig nie van die aanbod gebruik maak nie. Later het die Staatsbiblioteek toegestem om die vier boeke te stuur as die interne Kampleiding verantwoordelikheid sou aanvaar. Dit is dan ook dadelik gedoen.

Dat ons vriende daarbuite ons nie vergeet het nie, is treffend bewys toe daar eendag 'n beskeie pakkie aankom en ons weer 'n paar uiters noodsaaklike woordeboeke ryker word. Eers weke later het ons verneem dat Elsabie Nel, die kranige dogter, wat destyds liewers tronk toe wou gaan as om teen my getuienis af te lê, hulle vir ons besorg het.

Op 16 Augustus skryf professor dr. H. M. van der Westhuisen dat hulle Pretoria en die Rand fynkam om vir ons kunsklas handboeke te soek, en dit was ook nie lank nie of die ontluikende kunstenaars kry nuwe besieling toe een boek na die ander deur die pos aankom.

Die verwysingsbiblioteek begin vorm aanneem, maar die rakke is nog maar leeg omdat die boeke feitlik van hand tot hand gaan.

Net toe Danie du Toit omtrent wou moed opgee om met die hand musiekmanuskrippapier te trek, kom daar op 27 Augustus etlike musiekboeke, musiekhandboeke en musiekmanuskrippapier van vriend R. Müller van Kaapstad, en mens kon merk hoe die musiekonderrig oplewe.

Op 28 Augustus skryf vriend Hennie Roux dat hy namens die Komitee aan ons 179 tweedehandse en 264 nuwe Afrikaanse boeke gestuur het, maar vereers het ons nog niks hiervan

ontvang nie. Toe is daar vir jou geagiteer dat dit so klap, maar die sensor bly sit op die boeke.

Op 25 Oktober skryf vriend Hennie dat die Volksblad-Boekhandel nog 430 boeke gestuur het. Weereens word daar in vyfvoud aan die owerheid geskryf, en einde ten laaste het die Kampowerheid seker ook vir die spulletjie moeg geword, want op 3 November skryf Eric Rosenthal (hoe tipies) as „Censor, Publications' Section,” ewe pateties dat 'n groot kas boeke wat in Junie afgestuur is, daar by hulle is, maar: „It was opened with some difficulty, as this Department does not deal with large packing-cases, and it took one of the members of my staff one whole day to sort out the books . . .”

Einde Januarie 1944 kom die boeke eindelijk aan en word onder twee hoofde behandel:

- (a) Sekeres is in die naslaanbiblioteek opgeneem, en
- (b) die meeste is in die leesbiblioteek opgeneem.

Al die beloofde boeke waarvan ons geweet het, was wel nog nie daar nie, maar die kamp kon nou lees, en bo alles kon die skool baie doeltreffender funksioneer.

Die onderneming was nou te groot, en die biblioteek moes gereorganiseer word. Dit is van belang om te let op hoe deeglik die saak gereël was, en hoe goed die boeke versorg was, blyk uit onderstaande afskrif van 'n opdrag deur dr. H. G. Stoker, die Rektor van ons Kampskool, uitgereik:

Interneringskamp Nr. 1,
KOFFIEFONTEIN,
19 Augustus 1943.

Die Administratiewe Hoof van Kamp I.

Geagte Genl. Vorster.

Soos ons ooreengekom het, sal die skoolbiblioteek in die Kampbiblioteek oorgeplaas word onder toesig van die Kampbibliotekaris.

Dit sal met die volgende verstandhouding geskied:

(1) Boeke wat die Skoolregistrateur, Kameraad Ackermann, van ander biblioteke op sy naam en verantwoordelikheid geleen het, sal nie oorgeplaas word nie, maar onder die persoonlike toesig van Kameraad Ackermann bly.

(2) Die Skoolregistrateur sal ook in die toekoms die nodige boeke vir die skool bestel, die koste waarvan deur die skooladministratiewe fonds gedek sal word.

(3) Die skoolboeke sal in die biblioteek op 'n aparte rak geplaas word en agter slot gesit word.

(4) Gedurende tye wat die kampbiblioteek oop is, sal die skoolbiblioteek gesluit wees, asook gedurende ander tye behalwe die in punt 7 genoem.

(5) Alleen skoordosente mag boeke wat hulle nodig het en vir solank as hulle dit nodig het uit die skoolbiblioteek na hulle huise toe uitneem.

(6) Studente mag met outorisasie van 'n dosent die skoolbiblioteek vir referensiedoeleindes raadpleeg. Vir hierdie doeleindes sal die nodige tafels en banke in die biblioteek geplaas moet word.

(7) Die bibliotekaris sal vir die doeleindes van punt 5 en 6, 1½ uur per dag in die biblioteek op diens wees.

(8) Die Dienswag sal in elke geval waar 'n kampgenoot uit die kamp losgelaat word, die bibliotekaris in kennis stel om te verseker dat geleende boeke terugbesorg word.

Hoogagtend,

Die uwe,

(get.) *H. G. Stoker.*

Die mededeling hierbo is 'n relaas opgebou uit gegewens in skrywer se besit en toon die voortdurende gesloer en moeilikhede om voldoende lektuur vir beide ontspanning en skoolbehoefte te verkry. Blykbaar het die Kampowerheid ingesien dat boeke nie as gevaarlike wapens beskou hoef te word nie, en die verbod op ontvangs van boeke is sodanig afgewater dat dit vir individuele kamerade ook moontlik geword het om nou en dan 'n boek van buite as geskenk te ontvang.

Op kamerade wat met vrylating die kamp verlaat het, is 'n beroep gedoen om soveel moontlik van hul boeke aan die Kampbiblioteek na te laat. Hierdeur is die biblioteek dan ook wesenlik versterk.

Graag wil ek van hierdie geleentheid gebruik maak om al die baie goedgesinde persone, ook afgesien van die paar reeds hier genoem, namens al ons ou kamp- en tronkvoëls baie hartlik te bedank vir hul bydraes, sy dit in die vorm van tyd, geld of boeke.

J. Ackermann.

DIE GESKIEDENIS VAN DIE SKOOL IN DIE KAMP

OM aan 'n artikel van hierdie aard reg te laat geskied is dit nodig dat die skrywer toegang tot sekere offisiële stukke mag geniet, want dit kan kwalik verwag word dat dag en datum na soveel jare nog fris in die geheue teruggeroep kan word.

Sulke stukke bestaan moontlik nog, want gedurende die ontstaan en ontwikkeling van die skool in die Boerekampe moes daar aanhoudend aansoeke (in vyfvoud) opgestel word, en mens kan amper nie glo dat al hierdie versoekskrifte deur die destydse regering vernietig is nie.

Hierdie kort beskrywing kan dus hoogstens net 'n onvolledige weergawe wees van enkele indrukke van vooraanstaande persoonlikhede en so hier en daar 'n paar feite wat met die verloop van jare deur navorsing uit die vergetelheid teruggeruk is.

Toe skrywer op 3 Desember 1939 te Leeukop geïnterneer is en van toe af as nommer 152 bekend gestaan het, het hy seker nooit kon droom dat hy ooit 'n skool en leerplanne sou moes organiseer nie. Daardie dae het hy meer belang gestel in sy wassery, waar hy saam met Klaus Schaefer gewas en gestryk het en so teen die einde van die week soggens in sy 12 by 15

voet tuin besig was met blomme, tamaties en bone, om dan middae knope aan te werk en sokkies te stop.

Tydens hierdie kouse stop-periode het oom Robbie Gerhardt, daardie geharde ou kultuurvader, wat 20 jaar lank onderwyser was, en wat daar uit Wepener se wêreld geïnterneer is, so stadigaan met die idee van 'n skool begin.

Daar is seker niks so sielododend en demoraliserend as om saam met 'n paar honderd mans agter doringdraad ingekerker te sit en niks te doen te hê nie. Dit is gelukkig nie in die aard van die Boer om ledig te wees nie, en een van die eerste reaksies is dan ook terwille van die behoud van jou gesonde geestes-toestand beide hand en brein aan die werk te sit. Oom Robbie het dan ook gou met sy kursus oor kultuursake begin, nie alleen om sy eie volksgenote besig te hou nie maar ook om die Duitse kampgenote 'n eerlike beeld van die Boer se kultuur te bied.

Voortvloeiend hieruit het dr. Johann Trümpelmann sy voorlesings in Afrikaans gegee, wat later in 'n behoorlike leerplan vir die studie van Afrikaans ontwikkel het. So ook het gekom pastoor Regel van Pinetown met sy onderrig in Zoeloe en dr. Krüger met Sotho. Ander tale wat daardie tyd vermaak en harde werk geverg het, was Spaans, Portugees en selfs Russies, maar die dosente se name is nie meer verkrygbaar nie.


Onder leiding van die skool was daar debatte, toneelopvoerings, sangopvoerings, sangonderrig, voorlesings en kultuur-opvoerings.

Mei 1940 het gekom, en Italië is in die oorlog, en ons kamp het skielik nog 'n paar honderd mense bygekry.

Die verloop van die rustige studielewe was nou iets van die verlede. Daar was so baie mense in die gewese kaffertronk dat daar nêrens plek was om behoorlik skool te hou nie. Eers later kon die skool weer effens opleef, maar toe was skrywer so twee spronge voor die speurders daar al oor die Lebomboberge. Hierdie ontsnapping uit die kamp het gebeur toe die aandag van die wagte besig gehou is deur 'n opeluglesing oor Suid-Afrikaanse geskiedenis.

Kommervolle dae het gevolg op daardie dag in Augustus 1940 beide binne sowel as buite die kamp, en toe die Boere weer hul oë uitvryf, was hulle op pad na 'n nuwe kamp te Ganspan, waar skrywer na sy uitlewering deur die Portugese Regering weer in Junie 1941 by sy ou makkers aangesluit het.


Sake het egter baie anders daar uitgesien. Fasiliteite vir studie het totaal ontbreek, maar dit het nie lank geduur nie of daar word in Huis Een met 'n skool begin, wat deur die kampwagte ontdek en verbied word. Die drang om kennis op te doen en veral die wens om Duits te kan praat was egter sterker as die vrees vir strafmaatreëls deur die owerheid, en Huis Een kom weer in gebruik. Brandwagte word by deur en venster geplaas, en met 'n Duitse Bybel as handboek begin oom Ackie se Duitse klas weer naas die Snelskrif- en Boekhouklas. Omruil-omruil



Klas in Dieselmotore



'n Dosent



Links: Die gevolg van
die handtekening?

Onder: Kamerade! —
Nou skryf!



het die studie gegaan, en as die wagte te nuuskierig word en te naby staan, was almal druk besig om skaak te speel.

Onder sulke onmoontlike omstandighede het die skool weer begin, en dit is verbasend dat etlike kamerade werklik genoeg Duits geleer het om die taal te kon praat.

Omdat die Owerheid die skool se werk nie wou erken nie en geen handboeke die kamp wou inlaat nie, het skrywer noodgedwonge begin met die samestelling van 'n besonder onortodokse Duitse grammatika, wat na twee jaar en talle verwerkings die standaard Duitse handboek in die kamp geword het.

Ganspan het die Boere darem te veel geleenthede gebied om die Owerheid se lewe te versuur, en op 'n goeie dag was dit weer oppak en trek die onbekende in, en een oggend vroeg kon 'n gebore Vrystater die sandhoopmyn by Koffiefontein herken.

Boer se kind was darem nou vir jou in geen goeie luim nie, en gevoelens het dag na dag hoog geloop. Dit was egter duidelik dat die Owerheid nie sou skroom om oproerige geeste met wapengeweld te onderdruk nie, en toe die spanning besonder hoog geloop het, moes skrywer een dag onder gewapende geleide na die Kampkommandant gaan vanweë een of ander denkbeeldige oortreding. Dit was dan ook die geleentheid om 'n paar elementêre menslikhede onder die Kampkommandant se aandag te bring en daarop aan te dring dat indien daar toegelaat sou word om met 'n skool te begin, baie oproerige geeste gekalmeer en menige verveelde brein en ledige hand nuttig besig gehou kon word tot voordeel nie alleen van die geïnterneerdes nie maar ook van die Owerheid.

Die gevolg was dat toe die Direkteur van Internering enige dae later die kamp besoek, Nr. 1211/K (my nuwe nommer) weereens na buite geneem is en hierdie keer in hoogste versnelling by die groot Kokkadore die oortuigingswerk kon voortsit.

Teen daardie tyd het die spanning in die Boerekamp baie naby breekpunt gestaan, en dit was duidelik dat die Smuts-regering gevrees het dat hulle die stigma van 'n bloedbad in die gesig staar. Die Direkteur was dus ryp om enigiets te probeer om die gemoedere te kalmeer en het toe ingewillig om 'n skool toe te laat onder die volgende voorwaardes:

(a) Nr. 1211/K, J. M. Ackermann, moet persoonlik instaan dat daar nooit enige ondermynende gebruik van die skool gemaak sou word nie, in gebreke waarvan hy permanent vir alleenopsluiting na die „Ramkamp" sou verhuis en die skool belet sou word. (Hierdie onderneming is gegee, en dit staan tot die hoogste krediet van die geïnterneerdes aangeteken dat die belofte onder die grootste verleiding al die tyd nagekom is en die vertroue van die Owerheid mettertyd gewen is.)

(b) Daar moet drie semesters per jaar wees en elke semester se leerplan moet aan die Owerheid voorgelê en goedgekeur word.

(c) Na afloop van 'n semester moet 'n geskrewe rapport oor die afgelope periode deur die Skoolhoof voorgelê word.

Om dit alles te kon nakom, is daar van skrywer se kant benadruk dat sekere minimum geriewe toegestaan moes word en is daar dan ook toegelaat dat 'n saal in die kamp vir skooldoel-eindes gebruik en dat 'n hobbelerugskryfbord aangekoop kon word.

Die kampskool het hierna ook met rasse skrede vooruit gegaan maar nie juis sonder teenslae nie.

Voor sy internering was die Skoolhoof opgelei as instrukteur in die Staande Mag aan die Militêre Kollege te Voortrekkerhoogte, en gevolglik het hy op die klomp mans in die kampskool 'n strenge dissipline en erg onortodokse metodes toegepas. Die wysheid hiervan het egter gou geblyk, want dit het nie lank geduur nie of die skool groei en die studente gehoorsaam die voorskrifte in 'n goeie gees.

Uit enkele kladnotas wat uit daardie tyd stam en wat by loslating nie deur die Kakies gekonfiskeer is nie, is dit moontlik om vandag enkele voorbeelde en statistieke aan te haal.

Teen daardie tyd is toestemming vir twee in plaas van drie semesters per jaar verkry, en elke student moes die volgende onderneming onderteken om in 'n klas opgeneem te word:

Ek die ondergetekende doen hiermee aansoek om 'n vyf maande-kursus in te mag loop in die kampskool Koffiefontein.

Om 'n sertifikaat vir aanwesigheid te verwerf onderneem ek om:

- (a) Vir 'n minimum van 85% periodes aanwesig te wees.
- (b) Notas en notaboekke na die goedgekeurde en tevredestelling van die Dosent te hou.
- (c) Die nodige toetse en/of eksamen na die vereistes van die betrokke Dosent af te lê.

Hierdie onderneming moes sonder uitsondering deur dokter, dominee, mynwerker, boer en klerk gegee word en het aanleiding gebied tot dr. Kranz se bekende spotprent.

Interessant is dit om terug te sien op daardie dae en om te merk welke soort werk in die skool aangepak is. Gelukkig bestaan daar nog afskrifte van twee van die aansoeke wat om goedkeuring van leerplanne gedoen is, en dit word hieronder weergegee.

* * *

Interneringskamp Nr. 1,

KOFFIEFONTEIN,

8 Januarie 1943.

Die Kampkommandant,

Kamp Nr. 1,

KOFFIEFONTEIN.

Waarde Heer,

Ek het die eer hiermee 'n aansoek aan u te rig vir deursending aan die Direkteur van Interneringskampe, onder u goedgunstige aanbeveling, vir die Direkteur se toestemming, dat die hieronder vermelde leerplan vir ons Kampskool, ten opsigte van die semester 1 Februarie -- 30 Junie 1943, toegelaat mag word.

Vak	Dosent
Afrikaanse Snelskrif	J. Ackermann
Engelse Snelskrif	J. Ackermann
Afrikaans — Taal en Lettere	F. Gilfillan, J. F. Marais, H. Hofmeyr, A. Cornelissen
Engels — Taal en Lettere	J. Ackermann
Frans — Taal	J. F. Marais
Duits — Taal	J. Ackermann
Sesotoe — Taal	E. Norval
Zoele — Taal	P. F. Meyer
Italiaans — Taal	J. Ackermann, W. T. Dedekind

Geskiedenis — (a) Europese Geskiedenis

(i) Die Renaissance

(ii) Die Franse Rewolusie

(b) Suid-Afrikaanse:

(i) 1652—1707. Volksplanting, ontstaan van nuwe volk.

(ii) 1795—1848. Besetting van die Kaap; tydperk van die groot Trek tot en met anneksasie van die O.V.S.

(iii) 1870—1899. (Indien die tyd daarvoor is). Stigting van die Republieke O.V.S. en Transvaal. Anneksasie van Transvaal. Die S.A.R. en sy ekonomiese ontwikkeling — b.v. spoorweë — goud — naturelle.

M. J. Toerien, J. F. Marais, F. Gilfillan.

Landbou:

Waar, hoe en waarom koop 'n boer 'n plaas? Wat moet hy van die volgende weet:

(a) Grondchemie, bemesting en rotasie Dr. J. Vogel |

(b) Geologie en grondsoorte J. McDonald |

(c) Waterverskaffing en die bou van damme en besproeiingswerke S. O. Ecklund |

(d) Plantkunde Dr. H. Schweikerdt |

Wysbegeerte

Prof. Dr. H. Stoker

Wese, plek en bestemming van die mens. Die mens in sy verhouding tot God, Natuur, Kultuur en Medemens. Persoonlikheid; die mens as redelike en sedelike wese, roepingsvulling van mens tot mens. Sedelikheid, die soek na geluk en vervulling van plig.

Genetika

Dr. G. Eloff

Erflikheid by plant, dier en mens. Waarskynlikheidsleer. Kruisings en Kruisingsreëls; Toegepaste geneties.

Boekhou: Elementêre boekhou

H. B. Lloyd

Byteelt

E. A. Schnetler

Die lewensgeskiedenis van bye en hoe hulle heuning maak.

Privaatreg:

(1) Die geskiedenis van die Romeinse Reg 500 V.C.—432 N.C.

(2) Ontwikkeling van Romeins-Hollandse Reg tot 1652.

(3) Stelsel van howe en regspleging in Suid-Afrika.

(4) Personereg — persoon, doop, huwelik, dood.

(5) Erfreg.

(6) Sakereg b.v. Serwitute, huur, ens.

(7) Handelsreg b.v. Wissels, kontrakte, koop en verkoop, ens.

(8) Verbintenisreg.

(9) Onregmatige daade (Delicts) teen eiendom en persoon

J. F. Marais, E. Kaiser, C. Zondagh, B. J. Vorster

Eerstehulp	Dr. Kranz
Tekeninge	Dr. Kranz
Musiekteorie	D. du Toit
Sosiologie	Prof. Dr. Stoker

Die menslike samelewing, massas, tradisies, ens.

Met die verwysing na hierdie leerplan heg ek hieraan vir u goedkeuring 'n lys van essensiële leerboeke. Graag sou ek dat die Direkteur die lys goedkeur en dat die bestelling namens die Kampkaptein by Van Schaik of die Sentrale Nuusagentskap direk mag geplaas word. Dit sal onnodige vertraging en administratiewe werk spaar.

Die leerplan is so omvattend moontlik opgetrek dat alle klasse en tipes in die kamp een of ander interessante vak sal hê waarmee hulle besig gehou kan word.

Met u ondersteuning en goedgeunstige samewerking sal die skool hierdie semester driemaal soveel ure in nuttige gebruik bring — soveel minder tyd vir kommer en kwaaddoen.

Die uwe,

(Geteken) *J. Ackermann*, Skoolhoof.

In hierdie verband kan nie nagelaat word om 'n spesiale versoek aan te haal nie:

KOFFIEFONTEIN,

2. 1. 43.

Die Kampkommandant,

KOFFIEFONTEIN.

Majoor,

i/s: SKOOL LEERPLAN

Ek het die eer hiermee aansoek te doen, dat, benewens die vakke tot hiertoe toegelaat, 'n kursus in Polisie-dienste in die leerplan van die skool toegelaat mag word.

Die kursus sal, soos al die ander, onder behoorlike toesig geskied.

Die uwe,

(Geteken) *J. Ackermann*.

Op die oog is hierdie versoek wel nie van groot belang nie, maar interessant is die volgende antwoord daarop wat ons vermoedelik van 'n senior offisier deur sy adjutant ontvang het; die voorletters van die ondertekening vervang ons deur „X.”

„Adj. Ackermann mist apply to the Director for premission in 3 coppies plase.

X.”

Met die oog op die taal en spelling kan mens aflei dat die skrywer nie Engelssprekend is nie, en mens kan aanneem dat dit nie juis nodig was dat alle offisiere Engels hoof te kon skryf nie; maar waarom dan so skaam vir sy eie moedertaal dat hy sy opdragte in gebroke Engels gee om nie eens van die kinderagtige ongeletterde skrif te praat nie. Maar dit is dinge soos hierdie wat tipies van daardie tydperk van vervolging en verkleining van ons volkseie is.

No. 1211.

Interneringskamp Nr. 1,

J. Ackermann.

KOFFIEFONTEIN.

1. Die Kampkommandant,

Kamp Nr. 1,

KOFFIEFONTEIN.

Waarde Heer,

Ek het die eer hiermee verdere aansoek aan u te rig vir deursending aan die Direkteur van Interneringskampe, onder u goedgunstige aanbeveling, vir die Direkteur se toestemming, dat die hieronder vermelde leerplan vir ons Kampskool, ten opsigte van die semester 26 Julie — 18 Desember 1943, toegelaat mag word.

Vak		Dosente	Aantal Inskrywings
Bestaande	Kursusse		
Afrikaans, en		F. Gilfillan, J. F. Marais	18
Gevorderde Afrikaans		H. Hofmeyr	42
Duits		J. Ackermann	46
Gevorderde Duits		J. Ackermann en Dr. J. Trümpelmann	39
Gevorderde Sweeds		S. O. Ecklund	8
Frans, en		J. F. Marais	12
Gevorderde Frans		Dr. B. M. Kranz	11
Zoeloe		P. F. Meyer	21
Latyn		J. F. Marais	9
Afrikaanse Snelkrif		J. Ackermann en A. P. Mynhardt	10
Gevorderde Snelkrif		J. Ackermann	5
Eerstehulp		Dr. K. Kirby	19
Geskiedenis		M. Toerien, F. Gilfillan	
		J. Marais en J. Gerber	22
Veesiektes		Dr. Graf	34
Genetiek		Dr. Eloff	18
Dierkunde		Dr. Eloff	12
Landbou		Dr. Graf, Fisiologie	
		Dr. Vogel, Grondchemie	
		Dr. Schweikerdt, Botaniek	
		J. McDonald, Geologie	41
		E. Schnetler, Byteelt	
		S. Ecklund, Weerkunde	
		Lingnau, Hidrologie	
Diesel & Motors		H. Wulff en F. Engelbrecht	32
Musiek		D. du Toit	61
Wysbegeerte		Dr. H. G. Stoker	49
Sielkunde		Dr. H. G. Stoker	64
Regte		Adv. J. F. Marais, Adv. B. J. Vorster,	
		E. Kaiser	24
Boekhou		H. Lloyd	26
Gevorderde Geologie		J. McDonald	17
Meetkunde		J. Gerber	15
Polisie		H. v. d. Bergh en W. Kruger	32
Nuwe Kursusse:			
Kuns		Dr. B. M. Kranz: Tekenwerk en	
		Europese skilders en hul werk	63
		T. A. Schwehnuss: Die spotprent en	
		sy invloed op die kultuur en die	
		kuns	
		J. Ackermann: Die ontstaan en ont-	
		wikkeling van die fotografie. Sy	
		invloed op die kuns en die nywer-	
		heid. Wat moet mens van vorm,	
		komposisie, ens. weet om 'n kamera	
		goed te gebruik.	

Inleiding tot Ekonomie	Dr. J. C. Neethling: Kort inleiding tot die algemene ekonomie. Die moderne ekonomiese stelsel en sy beherende wette	37
Wiskunde	Dr. J. Vogel: Gevorderde Wiskunde	13
Chemie	J. J. Gerber: Algemene teoretiese behandeling van chemie.	

Die vakke **Italiaans** en **Engelse Letterkunde** val weg as gevolg van die gebrek aan handboeke.

Namate die skool uitbrei, ontstaan die vraag na nuwe kursusse. Dit is gebiedend noodsaaklik dat die leerplan vakke van meer algemene belang insluit, b.v. **Landbou**, **Kuns** en **Letterkunde**. Hieraan heg ek dus weer 'n bestelling namens die Kampkantien, vir essensiële boeke wat dringend nodig is, en sal bly wees as dit so gou moontlik geplaas kan word.

Ek verwys u na die Skoolrapport vir die afgelope semester, en voel oortuig dat u die skool verder sal steun in die hoogs essensiële werk wat dit alhier verrig.

Die samewerking van u en die Direkteur se kantore gedurende die afgelope semester word hoog op prys gestel.

By voorbaat dankie,

Die uwe,

(Geteken) *J. Ackermann.*

Nr. 1211.

J. Ackermann

Interneringskamp Nr. 1.

KOFFIEFONTEIN

2. Direkteur van Interneringskampe i/s: Skoolsake

Waarde Heer,

Met verwysing na my brief aangaande die leerplan van die semester 26 Julie — 18 Desember 1943, het ek die eer u te meld dat die vak **Dierkunde** en **Vergelykende Anatomie** dit in die verlede besonder moeilik gehad het deurdat dit vir die studente onmoontlik is sulke werk te verstaan sonder enige demonstrasiemateriaal.

My is meegedeel deur die dosent, dat, op oorwegings van **Higiëne** sulke demonstrasie- en ontleedmateriaal geweier was. Ek kan u egter verseker dat die klein hoeveelheid materiaal wat vir die klas nodig is, heel maklik en sonder opgaring in een van die groot vuuroonde in die kamp voorhande, higiënies verbrand kan word. Dit sal in elk geval makliker besorg word as b.v. die afval vleis en bene vanuit die kombuis.

Inagnemende die omstandighede, vra ek u dus, om toe te laat dat ek 'n minimum van ontleed- en demonstrasiemateriaal onder behoorlike voorsorgmaatreëls van een of ander universiteit verkry. Alhier sal die nodige gesondheids- en higiëne voorskrifte stiptelik nagekom word.

By voorbaat dankende,

Die uwe,

(Geteken) *J. Ackermann,*

REGISTRATEUR.

* * *

Ten spyte van teenkanting, onderbreking, oponthoud en verwarring het die skool tog gevorder, en dit sal baie meer verg as waarvoor ons in hierdie artikel plek het, om in besonderhede van die kursusse en hul dosente te gaan.

Dit het ons geluk om 'n afskrif van die rapport van die semester Februarie — Junie 1943 te vind.

Gedeelte daarvan word hier weergegee, en vir die oplettende leser is dit 'n sprekende aanduiding van die toewyding, deursettingsvermoë en geduld.

* * *

Interneringskamp Nr. 1,
KOFFIEFONTEIN.

30 Junie 1943.

Die Kampleiding,
Kamp Nommer 1,
KOFFIEFONTEIN.

Direkteur van Interneringskampe (ter inligting)
Rapport van Skoolwerkzaamhede:
(Semester Februarie — Junie 1943.)

Gedurende die afgelope semester wat op 2 Februarie begin en op 30 Junie gesluit het, is 28 vakke gedoseer. 'n Poging is aangewend om 'n gebalanseerde leerplan op te stel, maar hierin is nie na wense geslaag nie aangesien die nodige leerkragte en veral verwysingsboeke nie verkrygbaar was nie.

Aangesien die doel van die skoolonderrig is om die geïnterneerdes se tyd nuttig te bestee, is alles moontlik probeer om die klasse so populêr en interessant moontlik te maak. Hierin is egter maar tot 'n baie beperkte mate geslaag aangesien daar geen fasiliteite bestaan vir praktiese of demonstrasie werk nie. Dit spreek boekdele vir die ywer en deursettingsvermoë van so 'n groot aantal studente wat enduit volgehou het met vakke wat uit die aard van die heersende omstandighede vir hulle uiters eentonig en teoreties van aard was in die totale afwesigheid van monsters, apparaat- of demonstrasiemateriaal.

Die hoë aantal inskrywings (858, sien Aanhangsel A, kolom 1—2) getuig daarvan dat die skool 'n dringende behoefte aanvul. Na die eerste 14 dae is studente toegelaat om hul vakke in hersiening te neem en net met dié aan te gaan waarin hulle gevind het dat hulle werklik belangstel. Dit het ten gevolg gehad dat die afvalligheid baie minder was as voorheen. Wat in hierdie opsig ook baie gehelp het was die feit dat 'n Bywoningsertifikaat nou uitgereik word aan die studente wat vir ten minste by 75% van die lesings teenwoordig was. Dit het die ouer studente wat moeilikheid ondervind met toets en eksamen skryf ook aangemoedig om tot die einde te volhard. (Sien aanhangsel C.)

Aan die anderkant weer is 'n minimum van 85% teenwoordigheid geëis in die gevalle waar eksamens afgelê word, en die algemene standaard van die werk is daardeur verhoog. Die standaard van resultate verkry is ook verhoog deurdat sertifikate van verdienste verder net toegeken word waar al die toetse gedurende die semester ook afgelê is. Die standaard deur dosente gestel was in die meeste gevalle hoër as die van Matrikulasie, met die gevolg dat die gemiddelde aantal punte behaal baie tevredestellend is. (Sien kolom 5, Aanhangsel A.)

Hier dien aangehaal te word dat verskillende dosente as gevolg van die algehele gebrek aan verwysingsboeke geen eksamens kon stel nie.

Statistieke in verband met die vakke is soos in Aanhangsel A aangetoon.

Aanmerkings oor die individuele kursusse is as volg:

Sweeds:

Dosent: S. O. Ecklund.

Hierdie kursus was 'n gevorderde kursus wat baie nuttige werk kon verrig aangesien 'n paar leesboeke verkry is. Spesiale aandag is dan ook gewy aan lees en vertaalwerk.

Italiaans:

Dosent: W. Dedekind.

Hierdie kursus het dit besonder moeilik gehad ten gevolge van die gebrek aan behoorlike handboeke en leesboeke. As 'n goeie woordeboek en grammatika nie dringend verkry word nie sal werk in hierdie opsig heelwaarskynlik gestaak word.

Gevorderde Frans:

Dosent: Dr. B. M. Kranz.

Soos by die ander gevorderde taalkursusse was hier ook hoofsaaklik aandag gewy aan lees- en vertaalwerk. Die werk word daardeur bemoelik dat geen behoorlike doeltreffende leesstof voor hande is nie.

Aangesien hierdie klas volgende semester betreklik groter sal wees wat die aantal leerlinge betref, sal die gebrek aan handboeke ook al hoe groter word, en dit sal die praktiese beoefening van die taal grotendeels uitskakel.

Die vyf man wat die kursus begin het, het enduit bygeby en met entoesiasme hul werk aangepak. (Sien kolomme 6 en 10 van Aanhangsel A.)

Gevorderde Duits:

Dosent: Dr. J. Trümpelmann.

Negentien voorlesings van een uur elk is gegee oor Duitse Kultuurgeskiedenis met die doel om die gebruik van die taal aan te moedig. Die lesings was populêr wetenskaplik van aard en is goed bygewoon.

Aangesien daar egter nou 'n honderd en meer man is wat Duits hier geleer het en iets meer van die literatuur en grammatika van Duits wil weet, sal in die vervolg ekstra werkkragte in hierdie vak moet ingespan word. Hier geld veral ook die gebrek aan leesstof en handboeke.

Duits:

Dosent: J. Ackermann.

Vir hierdie kursus is 'n doeltreffende grammatika in die kamp opgestel en 'n paar leesboekies vir kinders is intussen ontvang. Die standaard van praktiese werk was dus ook besonder goed en genoegsaam tyd kon aan die lees, vertaal en skryf van Duits bestee word, en die grammatika kon deegliker en vollediger as vir Matrikulasie-vereistes afgehandel word.

Deurdadig notas volledig dikteer moet word gaan hier, soos by al die ander kursusse, baie tyd en papier verlore, en 'n

oplossing vir hierdie netelige vraagstuk sal ten alle koste gevind moet word.

Die mondelingse deel van die eindeksamen was veral bemoeïgend en die metode vir die berekening van die punte in die eindeksamen om sowel hierdie as die geskrewe deel (sien Aanhangsel D) in aanmerking te neem, is soos in Aanhangsel E getoon. As 'n beknopte en saaklike metode om Afrikaanssprekendes Duits te leer, het die kursus afdoende sy waarde bewys.

Zoeloe:**Dosent: P. F. A. Meyer.**

Die plus-minus 25 man wat hierdie kursus begin het, bewys hoe noodsaaklik dit geag word om meer van ons Bantoetale te weet. Die grammatika is deurgewerk volgens die metode en soos aangegee in die boek van Stuart.

Die resultate wat behaal is was bevredigend.

Frans:**Dosent: J. F. Marais, B.A., LL.B.**

Dit was die eerste behoorlike kursus in Frans in die Kamp en moet dus hoofsaaklik as 'n proefneming beskou word. Dit was 'n geslaagde kursus in soverre die studente 'n redelike grondslag in die taal verkry het. Gebrek aan boeke is 'n groot stremming.

Latyn:**Dosent: J. F. Marais, B.A., LL.B.**

Hierdie kursus was as 'n privaat kursus gereël vir die paar entoesiaste wat hul Latyn wou verbeter. Die aard van die werk was bloot grammatikaal, en het heelwat meer as die normale studiewerk tuis geveerg.

Afrikaans:**Dosent: F. Gilfillan, OZ.**

In 84 periodes van halfuur elk is gepoog om 'n liefde vir die eie taal te kweek. Daar is getrag om Afrikaners te leer dat hulle eie taal mooi en „plooibaar,” maar baie moeilik is om suiwer aan te leer weens talle moeilikhede en vreemde invloede. Die klasse is goed bygewoon deur die ingeskryfde studente en 'n aangename toon het geheers. Dit is egter te betreur dat so baie Boere skynbaar nie veel lus het om hul eie taal met sy skoonhede beter te leer ken nie.

Engelse Letterkunde:

Hierdie kursus kon nie gehou word nie aangesien geen enkele handleiding of verwysingsboek of gekoop of geskenk gekry kon word nie.

Gevorderde Snelskrif:**Dosent: J. Ackermann.**

As gevolg van vrylatings en siekte kon vier van die sewe leerlinge wat met hierdie kursus begin het dit nie voltooi nie. Van die drie wat enduit volgehou het, het een daarin geslaag om die toets vir 100 woorde per minuut met sukses af te lê. Die standaard is met opset hoog gestel sodat die behaling van hierdie onderskeiding in die Kamp 'n prestasie is, en dit moet bly. Finale vraestel is vervat in Aanhangsel F.

Afrikaanse Snelskrif:**Dosent: J. Ackermann en
A. P. Mynhardt.**

Van die 13 leerlinge wat oorspronklik begin het, het net 6 die finale toetse geskryf en hiervan het 5 in die teorie geslaag en 'n spoed van 65 woorde per minuut afgelê. Deurdat hierdie kursus gereelde en langdurige oefening verg, het dit veral gelyk as gevolg van onvermydelike storings soos soektogte, spesiale parades en inspeksies. Die standaard van die eksamens is soos die vir die Staatsdiens verlang en dieselfde vereistes is nagekom.

Melding moet hier gemaak word van die kranige werk verrig deur die een dosent, Kameraad A. P. Mynhardt, wat self eers in die kamp snelskrif geleer het.

Die poging om selfstandigheidsgevoel en eie inisiatief aan te wakker, deur leerlinge wat hier geleer het, self 'n geleentheid te gee om hul kennis toe te pas, het uitstekend geslaag.

Musiek:**Dosent: D. du Toit.**

Die strewe in hierdie kursus was om musiek en veral die klassieke musiek verstaanbaar te maak. Daarom is begin met die uiteensetting van die teorie en grondbeginsels van musiek soos voorgeskryf vir die Junior teorie-eksamen.

Die lewensgeskiedenis en werke van verskeie komponiste is behandel met opheldering deur middel van grammofoonplate.

Die bywoning en ywer van die studente was verbasend goed. Sewe studente van die 23 wat eksamen afgelê het, het dan ook vol punte behaal, en 'n ekstra 14 behaal Honneurs (bo 80%) terwyl die orige twee 74% en 77% respektiewelik behaal het.

Hierdie kursus was dus 'n volslae sukses en vul 'n groot leemte. Ongelukkig kan 'n goedkoop grammofoon kwalik goeie musiek voortbring en sal dit alom ten voordele wees as 'n verbetering hierin teweeggebring kan word.

Polisie:**Dosent: H. J. van den Bergh en W. H. Kruger.**

Die Polisiekursus het op 4 Januarie begin met 57 studente waarvan 32 die kursus voltooi het.

Onderrig is gegee in Polisie-administrasie, Strafprosesreg, Kriminele ondersoek en Strafrege. Advokaat B. J. Vorster, B.A., LL.B., het opgetree as eksaminator vir die Regsgedeelte.

Die opkoms en algemene gees was bevredigend, en 'n strenge dissiplinering het deel van die kursus gevorm.

As gevolg van onvermydelike storings kon al die werk nie voltooi word nie en sal die kursus volgende semester afgerond word.

Toekenning van punte vir die finale eksamen is soos uiteengesit in Aanhangsel G.

Eerstehulp:**Dosent: Dr. K. Kirby, P. J. van Biljon,
L. J. Marais.**

Hierdie kursus was 'n proefneming en dit het eers op 2 Junie begin met 39 leerlinge.

As gevolg van die ondervinding opgedoen is dit moontlik om 'n doeltreffender kursus van hierdie aard vir volgende semester te reël.

Geskiedenis: Dosente: F. Gilfillan, O2, M. Toerien, B.A., J. F. Marais, B.A., LL.B.

As gevolg van die algehele tekort aan handboeke is daar baie moeilikhede met die voortsetting van die kursus ondervind. Daar is gestreef om droë feite interessant voor te stel en 'n belangstelling te wek vir die eie Volksgeskiedenis, en 'n outentieke verslag te gee van ons mense se handel en wandel.

Genetiek: Dosent: Dr. G. Eloff, M.A., D.Sc.

Die werk in hierdie kursus verrig, is as volg: Beginsels van selleleer; geslag en voortplanting; variasieleer en beginsels van biometrie; die betekenis van die binomium $(a + b)^n$ vir die vak, ewolusieleer; aanpassing; Mendelisme en oorerwingsreëls en verskynsels by plante en diere sowel as oorerwing by die mens.

Die gebrek aan demonstrasie-materiaal het 'n baie stremmende uitwerking gehad, en veroorsaak dat net die weinige entoesiaste die kursus loop i.p.v. die menigte wat wel die geval sou wees as die kursus deur middel van demonstrasies en die nodige handboeke meer kon uitgebrei word en meer populêr wetenskaplik van aard kon wees.

Dierkunde: Dosent: Dr. G. Eloff, M.A., D.Sc.

In die algemeen geld dieselfde aanmerkings vir Dierkunde en Vergelykende Anatomie as vir Genetiek hierbo. Die volgende is behandel: Beginsels van geslag en voortplanting; algemene oorsig van die diereryk met behandeling van die algemene kenmerke van die Hemichordata, Pisces, Amphibia, Reptilia, Aves en Mammalia. Besondere behandeling van die soogdier (rot en mens as tipes) t.o.v. bloedaarstelsel; ekskretoriese stelsel (nier, lewer, longe, vel en opperhuid); spysverteringstelsel; Invertebrata; Protozoa; Porifera; Coelenterata; Trematoda; Cestoda; Insecta; Annelida, ens.

Spesiale aandag is gewy aan die malaria-parasiet; lintwurms, Bilharzia, lewerbot, ens.

Veesiektes: Dosent: Dr. H. Graf, B.Sc., D.V.Sc.

Die kursus in Veesiektes is in twee dele behandel. Die eerste deel in die afgelope semester, en dit het bestaan uit:

Inleiding en bespreking van die wese van die bakterieë, virusse en protosoa. Die volgende siektes is deeglik behandel: Miltsiekte, Sponssiekte, Gas-Nekrose; Tetanus; Bloedpens; Kalwer-paratifus; Aansteeklike Misgeboorte; Lamsiekte; Stywesiekte; Hartwater; Drie-Dae-Siekte; Perdesiekte; Bloutong; Fosfor en ander mineraal-tekorte en hul uitwerking op die dier; Suid-Afrikaanse weivelde en die voer van minerale.

As in ag geneem word dat hierdie kursus baie intensief was en sonder hulp van demonstrasiemateriaal gegee moes word,

is dit bemoedigend om te sien hoe baie studente die kursus enduit gevolg het. In die eksamen is 'n hoë standaard gestel en die resultate behaal is bevredigend.

Die vraestel wat vir die eindeksamen gestel is, is soos in Aanhangsel H getoon.

Landbou: Dosent: J. H. McDonald, M.Sc., S. O. Ecklund,
A. E. Schnetler.

Die landbou-kursus was bloot populêr wetenskaplik van aard, en geen eindeksamen is gestel nie behalwe in die geval van deel C. Die werk was in drie dele behandel:

Deel A: Hier is beoog om die studente 'n kennis van die mineraalinhoud van ons gesteentes te gee; die grondsoorte wat onder normale omstandighede deur 'n rotstipe gevorm word, en die mineraalsoute wat in so 'n grondsoort kan kortkom. Verder is behandel die vorming van resente oppervlaktegesteentes soos oppervlakte-kalksteen en ouklip (lateriet) asook die moontlikhede vir die boer vir water, veral waar geboor moet word en in welke gesteentes.

In die doel is in soverre geslaag as wat fasiliteite dit in die kamp toelaat. Die gesteentesoorte is hier beperk, asook die ruimte van beweging om praktiese illustrasies te gee. Handboeke was heeltemal onverkrygbaar.

Deel B: In dié gedeelte is moderne weerkunde en ingenieurswese vir boere behandel, met inbegrip van die aanleg van 'n plaas-geboukompleks, die oprig van geboue, pompe, wateraanleg en kragbronne, en die maak van die nodige energieberekenings. Die gebrek aan apparaat en demonstrasiemateriaal is 'n groot nadeel.

Deel C: Hierdie deel het oor byteelt gehandel. Die resultate behaal was goed en sover die teoretiese kennis strek was die standaard hoog. Teen die einde van die kursus het 'n demonstrasiekorf aangekom wat die studente gehelp het om 'n beter begrip te vorm van wat in die teorie behandel is.

Oor die algemeen sal die landboulesings baie meer populêr wees as die werk nie so intensief teoreties van aard was nie. Enkele monsters, profielkaarte, enige elementêre apparaat en 'n sandtafel-model sal van oneindig veel waarde wees by die behandeling van vakke wat betrekking het op die landbouwetenskap.

Boekhou: Dosent: H. Lloyd, I.M.T.A. (S.A.)

Hierdie kursus was aanvullend van aard by die landboukursus. Soos in die vorige semester het die werk die volledige benodighede van die boer en kleinbesigheidsman gedek. Die werk behandel was tot, en met inbegrip van die Balansstaat, Aansuiwerings, Reserwes, en Wissels.

Die persentasie punte wat behaal is het getoon dat die werk wel deeglik gedoen en begryp is. Vraestel is soos in Aanhangsel J getoon.

Dieselmotore:**Dosent: C. F. A. Engelbrecht.**

Hierdie kursus het laat begin en was in die vorm van 'n proefneming. Daar is probeer om 'n algemene inleiding te gee tot die prinsiepe en funksie van Dieselmotore. Gebrek aan handboeke het die werk beperk en benadeel. Die belangstelling was goed, dog enige modelle sal plaaslik aanmekaar getimmer moet word om die teorie te verduidelik.

Sosiologie:**Dosent: Professor Dr. H. G. Stoker,
M.A., D. Phil.**

Hierdie vak is in twee dele behandel. In die eerste deel is die grondslae en grondbeginsels van die sosiologie behandel terwyl in die tweede deel meer empiriese analyses van die menslike samelewing gegee is.

Omdat die tyd vir die vak baie beperk was is veral aandag gegee aan die verhouding waarin die verskillende samelewingskringe tot die staat staan.

'n Vergelyking van die punte in die toetse behaal het getoon dat hoër punte vir die empiriese as vir die prinsipiële gedeelte behaal is.

Die bywoning en betreklike hoë punte behaal, is baie bevredigend, en die kursus het aan 'n aktuele behoefte in die kamp voldoen.

Wysbegeerte:**Dosent: Professor Dr. H. G. Stoker,
M.A., D.Phil.**

As syllabus is hier geneem 'n deel van die 1ste jaar B.A. Wysbegeerte en 'n deel van U.O.D. Wysbegeerte soos voorgeskryf deur die Universiteit van Suid-Afrika en in besonder deur die P.U.K. vir C.H.O.

Die sentrale probleem was: „Die Status van die mens in die Kosmos (wêreld).” Aktuele belangstelling is gewek en bywoning was deurgaans goed. Die eksamens het gewys dat verskillende studente 'n gewaardeerde selfstandigheid van oordeel openbaar, enkele selfs 'n mate van oorspronklike siening, terwyl die meerderheid 'n goeie beheersing van metode openbaar het.

**Gevorderde Wysbegeerte: Dosent: Professor Dr. H. G. Stoker,
M.A., D.Phil.**

Hier is meer losse probleme behandel, gekies volgens die belangstelling van die klas, met besondere nadruk op diskussie en kritiek.

Sulke besprekings het nie net belangstelling in die wysgerige probleme getoon nie maar ook 'n hoë mate van selfstandige denke. In hierdie kursus is die probleme meer tegnies gestel en selfs behandeling van betreklik moeilike vraagstukke is met vrug gevolg.

Van beide wysbegeerte-kursusse kan gesê word dat die belangstelling asook die vrugbare arbeid van die studente hierin toegeskryf moet word aan die feit dat die behandelde probleme

met verskynsels te doen het waarmee elke mens in sy daaglikse ervaring kontak het, en dus nie van huis uit vreemd vir die student was nie.

Geologie:

Dosent: J. H. McDonald, M.Sc.

Hierdie kursus was hoofsaaklik privaat van aard ten behoeve van 'n halfdosyn leerlinge wat 'n deegliker kennis van die grondbeginsels van Geologie en verwante vakke wou opdoen. Hier is dadelik op groot struikelblokke afgekom, want soos in die Geologie van die Landbou, ontbreek die handboeke, monsters, seksies en profielkaarte. Deur die ywerige hulp van enkele studente is heelwat kristalmodelle vervaardig en is bekend geraak met die meer algemene vorms. Die geesdrif van die studente was deurgaans hoog en die standaard van die werk baie bevredigend.

Medies:

Dosent: Dr. B. M. Kranz.

Dr. Kranz se lesings was populêr wetenskaplik van aard. Die doel was om die studente 'n algemene oorsig te gee oor die medisyne en om enkele van die bekendste siektes breedvoeriger te behandel.

Aandag is veral gewy aan diëet, siekekamer higiëne, kindersiektes en algemeen bekende hulpmiddels.

Verder is sielsiektes in die algemeen behandel met spesiale nadruk op die tipes van psigose wat veral in die kamp voorkom. Die klasse is besonder goed bygewoon en aan 'n groot vereiste in die kamp is voldoen.

Tekening:

Dosent: Dr. B. M. Kranz.

Hierdie klas was een van die geesdriftigstes en werk van 'n hoë gehalte is deur die studente gelewer. Die prinsiepe van tekenwerk en perspektief is behandel en die meeste aandag is aan praktiese werk gewy. Die resultate behaal, is so goed dat 'n uitbreiding van hierdie kursus volgende semester aanvaar kan word, met goeie voordeel vir 'n goeie aantal in die Kamp.

Privaat Reg:

Dosent: Adv. B. J. Vorster, B.A., LL.B., Adv. J. F. Marais, B.A., LL.B., E. Kaiser, B.A.

Die volgende is behandel:

- (a) Personereg en Erfreg.
- (b) Onregmatige dade.
- (c) Verbintenisreg.

Die opkoms en belangstelling in die werk was goed. Hoofsaaklik is beoog om die studente bekend te maak met die onderliggende prinsiepe en toepassing van die Reg sover dit in die handel en wandel voorkom.

Afskrif van vraestel soos in Aanhangsel K.

Liggaamsoefeninge en Gimnastiek, hoewel nie as vakke van die skoolleerplan beskou nie, is tog onder die skooladministrasie en -toesig gevoer. Pogings word aangewend om deur middel

van sistematiese opleiding en liggaamsontwikkeling die gesondheid van die kampgenote op 'n hoë peil te hou. Die oefeninge wat gehou word lê veral nadruk op ritmiese beweging, en die aanhelp van ontlasting. Spierophouende oefeninge is uitgesluit vanweë die ontoereikende voeding. Doelbewus word egter daarna gestreef om kampgenote 'n mate van beweging by te bring om die beperkte en gebonde lewenswyse alhier te neutraliseer. Die werk word egter bemoeilik daardeur dat geen apparaat of fasiliteit deur die owerheid in die verlede aan die kamp beskikbaar gestel is om die gesondheidspeil te verhoog en hoog te hou nie.

Algemeen:

1. Soos Aanhangel B toon is daar nog heelwat entoesiaste wat meer as een kursus bywoon en met goeie gevolg aflê. Die syfer 238 vir eksamenskrywers (sien kolom 4 Aanhangel A) verteenwoordig dan in werklikheid maar 121 individue (sien Aanhangel B) uit die 528 wat tot die einde volgehou het. (Sien kolom 3 Aanhangel A.) Hierby moet gereken word die 84 wat Bywoningssertifikate verdien het (sien Aanhangel C) met die gevolg dat 'n klein persentasie van die oorspronklike inskrywers tot die einde aangebly het om meer as afleiding uit die werk te skep. 82 Individue het Sertifikate van verdienste verdien en 84 Bywoningssertifikate.

2. Dit is dus volkome duidelik dat waar klasregisters toon dat 858 die klasse begin, en ons vind na vyf maande dat 528 nog die klasse bywoon, die skool 'n verbasende aantal geïnterneerdes met nuttige werk besig hou. Die feit dat slegs 121 individue eksamens afgelê het, doen nie afbreuk aan die waarde van die skool nie aangesien dit die beleid is om soveel moontlik die Kampgenote liggaamlik en geestelik nuttig besig te hou.

Op 'n konserwatiewe berekening is plus-minus 528 kandidate vir die verskeie kursusse vir nie minder as 98,530 uur sodoende besig gehou. Die syfer kan aansienlik uitgebrei word as al die geïnterneerdes na die skool aangetrek kan word in plaas van net die entoesiaste. Met beter fasiliteite en 'n minimum van demonstrasiemateriaal en die nodige handboeke kan nog baie meer gedoen word. Veral moet gepoog word om die bejaardes wat nie meer lus voel vir leer nie, aan te lok deur populêre wetenskaplike voorlesings deur middel van behoorlike apparaat en materiaal te verskaf (bv. Kuns, Musiek, ens.).

3. Op grond van die ondervinding gedurende die afgelope semester opgedoen word die volgende aanbevelings gedoen:

A. Intern.

1. Dat 'n inskrywingsfooi van 3/- per persoon per semester gehef word om die aankoop van boeke, apparaat ens. te dek.

2. Dat van die vergunning van die Direkteur gebruik gemaak word om 'n ekstra swartbord te bestel.

3. Dat genoegsaam hout verkry word om 'n sandtafel te bou.

B. Ten opsigte van die Owerheid:

1. Dat lees en skryf materiaal en veral skoolboeke gouer en in groter hoeveelhede toegelaat word.

2. Dat, aangesien skryfbehoeftes en materiaal al skaarser word vergunning gegee word om lesings op wasvelle te tik en op die Kampkommandant se Roneo-apparaat af te rol. Vir die wasvelle en papier kan dan die gewone tariewe betaal word. Dit sal enorm baie papier bespaar aangesien na die eerste stel lesings dit nie meer nodig sal wees om alles oor en oor te skryf nie. Een of meer aangewese verantwoordelike persone kan dan eenmaal per week die afrolwerk onder toesig verrig. Vir die owerheid sal so 'n reëling 'n perfekte metode van kontrole oor die werk in die skool daarbied.

3. Dat die lys van toelaatbare boeke en/of tydskrifte so uitgebrei word dat Nederlands, Italiaans, Frans, Sweedse, Portugese en Zoeloe-werke toegelaat mag word.

4. Dat tenminste genoegsame tafels verskaf word. Smal bokkies-tafels is doeltreffend.

5. Dat voldoende ruimte vir die skool doeleindes dringend beskikbaar gestel word. As 'n hut opgerig word kan dit saans as Gimnasium gebruik word en bedags as skool. Die eetsaal is nou so vol dat dit geen plek vir liggaamsoefeninge bied nie.

6. Dat 'n paar matte en enkele stukke liggaamsontwikkelings apparaat deur die owerheid verskaf word om te help om die gesondheid hoog te hou.

7. Dat toestemming verleen word vir die aanskaf van 'n epidiaskoop (met verseëlde lensmontering indien nodig) sodat die werk van die skool meer interessant en vir 'n groter aantal boeiend gemaak kan word.

8. Dat die verkryging van monsters en demonstrasiemateriaal ten opsigte van geologie, biologie, anatomie en kuns vergemaklik word.

9. Dat toestemming verleen word vir die aanskaffing van 'n verseëlde elektriese grammofoon. Die afwesigheid in menige gevalle oor 'n tydperk van jare, van enige sielekos soos bv. behoorlike musiek, het 'n uiters nadelige invloed op veral die geïnterneerdes wat onder normale omstandighede 'n lewenstandaard gevoer het, waar sulke kultuurgoedere tot hul beskikking was. So 'n apparaat is dringend nodig vir die volle sukses van die musiekklas.

Vir die handhawing van 'n goeie gees en die orde in die kamp het die skool beslis sy waarde. Daarom is dit ook vir die Owerheid van belang om die nodige tegemoetkoming aan die skool te verleen, beide wat betref 'n geringe finansiële bydrae sowel as algemene koöperasie.


Melding moet gemaak word van 'n verandering in die skoolbestuur. In die toekoms sal die skool 'n verhoogde status geniet. Professor Dr. H. G. Stoker sal optree as Rektor en op die volgende punte verantwoordelikheid aanvaar:

(a) Alle skoolsertifikate onderteken in die plek van die Kampverteenvoordiger.

(b) Alle skoolsertifikate uitreik en by skool stafvergaderings as voorsitter optree.

(c) Verantwoordelik wees vir die beleid van die skool in samewerking met die Kampverteenvoordiger.

(d) Saam met die Registrateur nuwe kursusse te reël en die skoolleerplan op te stel.



SERTIFIKAAT

Hiermee word gecertificeerd

dat 10 Nieuw

in kanoes in Roos

met een race gelyc deursloep het

kanalen van de Nieuw-Amstel Sportvereniging

J. Schreier en H. G. Schreier

aan de Nieuw-Amstel Sportvereniging

10 x 1000 m

AMSTERDAM, 10 SEPTEMBER 1903



Sertifikaat.

[MIDDELBARE]

Hiermee word gecertificeerd

dat Jan H. Meisinger

die Middebare Kruis van de Nieuw-Amstel Sportvereniging

Redderdige met uitsluitende gelyc deursloep het

Kanalen van de Nieuw-Amstel Sportvereniging

met 1000 m

10 x 1000 m


10 x 1000 m

10 x 1000 m

10 x 1000 m

10 x 1000 m

10 x 1000 m



Opgevoerd in de Nieuw-Amstel Sportvereniging

Alles Sportvereniging

September 1903

Gegeven aan: J. H. Meisinger

Als tweede prijs in de 100 km wedstrijd

kanalen van de Nieuw-Amstel Sportvereniging

met 1000 m

10 x 1000 m

10 x 1000 m

10 x 1000 m


10 x 1000 m

10 x 1000 m

Sertifikaat



Die lot van die platanna



Ghandi met sy diamante

Die Skoolhoof sal nog optree in sy originele pligte onder die benaming van Registrateur. Hy sal al die dienste soos in die verlede waarneem behalwe dat hy met Professor Dr. Stoker sal reël aangaande skoolsake in plaas van met Dr. Trümpelmann.

Ek wens veral dr. Trümpelmann te bedank vir sy samewerking gedurende die afgelope semester. Teenoor die dosente wil ek graag my dank en waardering uitspreek vir hul werk en ondersteuning waarsonder die skool nie so 'n sukses sou kon wees nie.

Hier dien ook melding gemaak te word van die konsiderasie bewys deur die Direkteur en sy kantoor teenoor die skoolwerk-saamhede.

(Geteken) *J. Ackermann,*
Skoolhoof.

KOFFIEFONTEIN.

30.6.1943.

(Geteken) *R. J. Vorster.*
Kampverteenvoordiger.

* * *

En so het die Kampschool gegroei en sy goeie invloed laat geld.

Menige student het in later jare na skrywer gekom en met waardering gepraat van die voordele wat daardie kursusse in die Kampschool hom in die tydperk van heraanpassing besorg het.

Daar moet egter nie uit die oog verloor word nie dat bekwaammaking nie die hoofdoel van die skool was nie maar wel die nuttige besteding van ledige ure. Ten opsigte van bekwaammaking en die opdoen van nuttige kennis het die skool wel sy waarde getoon, maar dit was in verband met die nuttige besteding van vrye tyd dat die skool sy grootste invloed laat geld het. Baie tyd is bestee aan lees, maar as mens nie meer lus voel om te lees nie, sit jy maklik die boek opsy.

Met die skoolwerk was dit anders gesteld. Hier was kompetisie, pligs- en eergevoel op die spel, en geduld gepaard met deursettingsvermoë het hier gegeld. Die gevolg was dat duisende ure aan studiewerk bestee is sodat daar selde vir die studerendes enige tyd oorgebly het om kwajongstreke uit te haal of om hulle aan moedeloosheid en kommer oor te gee. Die skool was dan ook die vernaamste alleenstaande faktor om moed, geduld, deursettingsvermoë, ewewigtigheid en 'n gesonde benadering van alledaagse probleme te verseker selfs onder die moeilikste omstandighede en ten spyte van uittarting en verdrukking.

Hierdie vername werk kon slegs geskied omdat die dosente so onbaatsugtig hul tyd en energie vrywillig opgeoffer het, en nooit sal hulle genoegsaam bedank kan word vir die hulp en leiding wat hulle gegee het nie.

J. M. Ackermann.

AANHANGSEL A. KURSUSSE, INSKRYWINGS EN WERKSURE

	1.	2.	3.	4.	5.	6.	7.	8.	9.	10.
VAK	Aantal wat Kursus begin het	Aantal wat by Kursus bygekom het	Aantal wat Kursus beëindig het	Aantal wat eksamen afgelê het	Gemiddelde punte behaal.	Aantal lesings van 1 uur elk	Aantal werksure as lesings bygewoon	Aantal studie-ure teen 2 uur per periode per vak	Aantal studie-ure teen 1 uur per periode per vak	Totaal verkoorde wat vak in beslag geneem het
Afrikaans	30	7	23	18	64.3%	84	2352		2352	4704
Duits	31	4	25	17	71.6%	107	2659	5318	10636	15954
Gev. Duits	47	—	32	—	—	19	540		540	1080
Frans	14	—	13	13	72.0%	62	800	1600		2400
Gev. Frans	5	—	5	—	—	105	525	1050		1575
Italiaans	8	3	6	—	—	59	405	810		1215
Gev. Sweeds	4	—	3	—	—	31	125	250		375
Zoeloe	19	6	16	10	70.0%	62	958	1916		2874
Latyn	8	—	8	—	—	18	144	288		432
Snelskrif	7	—	3	1	100 w.p.m.	95	285	570		855
Snelskrif B	13	—	6	6	65 w.p.m.	105	1004	2008		3012
Musiek	21	6	25	23	89.0%	33	616	1232		1848
Polisie	57	1	32	19	70.8%	160	13420		13420	26840
Eerstehulp	39	—	11	—	—	12	173		173	356
Geskiedenis	20	1	6	6	73.3%	63	756		378*	1134
Genetiek	28	—	15	8	68.5%	37	628		628	1256
Veesiektes	35	10	30	19	67.0%	54	1479		1479	2958
Dierkunde	22	—	13	6	71.3%	34	466		466	932
Landbou	12	2	11	—	—	42	470		470	940
Boekhou	32	5	15	14	70.8%	20	477	1431†		1908
Diesel	36	—	11	—	—	17	259		259	518
Byeteelt	17	2	12	10	72.1%	21	269		269	538
Sosiologie	57	4	46	21	61.2%	18	827		827	1654
Wysbegeerte	72	8	57	23	62.2%	30	1722		1722	3444
Gev. Wysb.	30	3	29	—	—	19	546		546	1092
Privaatreg	43	2	26	24	67.7%	62	2418		2418	4836
Geologie	6	—	6	—	—	63	378	756		1134
Medies	45	12	30	—	—	19	1797		1797	3594
Tekeninge	24	—	13	—	—	19	360		360	720
Liggs.-oef.	—	—	—	—	—	—	8352			8352
	782	76	528	238						98530

* Teen ½ uur per periode.

† Teen 3 uur per periode.

AANHANGSEL B.

SERTIFIKATE VAN VERDIENSTE *

NAAM	Afrikaans	Duits	Frans	Snelskrif A	Snelskrif B	Musiek	Polisie	Genetika	Dierkunde	Veestekto	Byteelt	Sosiologie	Wysbegeerto	Privaatreg	Boekhou	Geskiedenis
Badenhorst, C.		x				x										
Becker, C. B.												x	x			x
Behrens, A. W.										x						
Betz, J.	x														x	
Beyers, J.														x		
Beyers, L. C.						x		x	x							
Bonthuys, E. J.							x									
Botha, B. M.	x	x										x	x		x	
Botha, H. S.							x									
Bouwer, A.S.											x				x	
Cochrane, H. G.										x						
Cremer, C. W.							x									
Crots, F. B.			x													
Cornelissen, A. H.														x		
Cronje, C. A.										x						
De Beer, J. P.			x			x							x	x		
De Waal, J. S.							x							x		
Dedekind, W. J. W.											x					
Dreyer, L. C.						x										
Du Plessis, J. W.										x						
Du Preez, G. M. J.	x															
Erasmus, D.										x						
Espach, J. W.															x	
Espach, C. H.							x									
Fourie, J. L.						x						x	x	x		
Genis, J. J.											x					
Gerber, J. J.			x													
Gerber, P.		x														
Graf, H.			x													
Greyling, J. J.							x									
Gouws, J.		x														
Greyling, M. D.		x								x						
Grobler, D. C.	x					x				x						
Hanekom, C. J.														x		
Hinsbeek, H. J.												x	x			
Hornschuh, L.		x														
Jacobs, N. B.							x			x		x				
Joubert, J. W. J.						x										
Joubert, F. J. R.	x				x											
Jurgens, F. X.			x									x	x			
Kruger, K.								x	x			x	x			
Kruger, T. J.										x						
Kruger, P. J.	x	x														
Kloppers, T. J.							x									
Labuschagne, C.							x							x		

AANHANGSEL B. (vervolg)

[illegible]

AANHANGSEL B. (vervolg)

NAAM	Afrikaans	Duits	Frans	Snelskrif A	Snelskrif B	Musiek	Polisie	Genetika	Dierkunde	Veeskiete	Byteelt	Sosiologie	Wysregeerte	Privaatreg	Boekhou	Geskiedenis
Scheepers, J. G.												x	x			
Stricker, J. J.			x									x	x	x		
Stolz, J.								x	x			x	x	x		
Sluyter, H.		x														
Taljaard, D. P.						x						x	x			
Taljaard, J. A.												x	x			
Treurnich, D. C.							x									
Van As, J. F.												x	x			
Van Colfer, M.	x															
Van Rensburg, E.		x														
Van Rooyen, S.		x														
Van Rooyen, P. J.						x								x		
Vosloo, J. N.		x														x
Vorster, B. J.		x														
Viljoen, H.		x														
Venter, H. F.							x									
Van Vuuren, G.								x	x			x	x			
V. d. Merwe, T. F. D.							x									
V. d. Merwe, J. F. L.	x													x		
V. d. Westhuysen, J. H.	x													x	x	
V. d. Merwe, J. D. M.					x	x										
Van der Merwe, I.																x
Van Biljon, P. J.														x		
Van Dalen, W. J.	x					x					x					
Van Heerden, J. P. R.						x					x					
Van Rensburg, C. J. J.											x					
Van der Walt, B.											x					x
Van Vollenhoven, K.						x										
Wagner, F. J.				x										x		
Winterbach, D.						x										
Zondag, C.											x					

* In die oorspronklike dokument word i.p.v. „x” die behaalde punte in persentasies gegee.

BETEKENIS VAN SKOOL OF UNIVERSITEIT VIR GEÏNTERNEERDES

(Soos deur 'n Student ervaar)

AS mens op 'n Sondagmiddag so deur die hutte in die kamp wandel en vir 'n oomblikkie vertoef by die een bed na die ander, en as jy kyk na die peinsende kamerade wat so stil op hul kampbeddens lê, met hul gedagtes bo en ver anderkant die doringdraad, dan kry jy 'n heeltemal ander indruk van ons kamplewe, as wanneer jy dit op weeksdag betrag. Sondagmiddag was dit stil, baie stil in die kamp van Koffiefontein. Dan het die bedrywighede van die rustelose week tot 'n stilstand gekom, 'n stilstand wat vir baie te stil was en daardeur te spannend was en erg hinderlik geword het.

Gedurende daardie stille ure op Sondagmiddag gaan jy in jou verbeelding en verlange terug na eie werkkring — terug na die sfeer van eie belangstelling waar eggenote of kinders, familie of vriende wag . . . weg na die aangename oomblik wanneer in die môre jy weer ontwaak in eie nessie, vry kan wees, vry om te handel soos jy verkies, vry om jou eie te wees. Weg van doringdraad en kampklokke, pantserwaens en vreemde dissipline . . . Ja, al bly die liggaam deur doringdraad toegekamp, tog ken die gees net vryheid, vryheid om oor die berge en heuwels te vlieg na die doelwit van verlange. Maar altyd deur kom die gees maar weer terug. Die werklikheid bly hard. En nes die liggaam gevoed moet word, soek ook die gees na spyse, voel dit honger daar in die vreemde onnatuurlike omgewing. Die gees wil besig wees met ideale en ideële dinge, dit wil versadig word met heerlike dinge waaroor mens kan peins en nogmaals peins, en met drome waarin ideale verwesenlik en die huidige spanninge oorwin word. Dit wil die magtige kloof tussen die onnatuurlike bestaan hier om jou heen en die werklikheid daar veraf probeer oorbrug. Dit sweef in eteriese vlugte na die werklikheid waar jou geliefdes en vriende en jou taak op jou wag en na die droombeelde van die toekoms, maar dit vind in hierdie sweeftogte geen rus nie.

Maar gedurende die weeksdag bied die kamp geleentheid om besig te wees, besig met hout- en metaalwerk, met sport en spele, waaronder veral ook skaakspel en besonderlik met bywoning van lesings aan ons universiteit en met studie.

Die studiemoontlikhede is veelsydig; die belangstelling is gevarieerd; kursusse in 'n groot aantal studierigtings word gebied, iets vir elkeen, teoretiese en praktiese kursusse, tegniese en ideologiese; daar is klasse in ou en moderne tale (behalwe in Engels), in filosofie, sosiologie en sielkunde, in diverse natuurwetenskappe, in wet en polisie-wese, in ingenieurswetenskappe, in veesiektes en in byteelt, ja, in nog baie ander studierigtings. Almal is welkom, klasse word gretig deur

deskundiges gegee. Daar word nie gevra na akademiese kwalifikasies, skoolprestasies of sertifikate nie. Almal is welkom, of jy drie maande skoolopleiding gehad het of as dokter of dokter aan 'n universiteit afgestudeer is. Die studente is dokters, 'n professor, advokate, onderwysers, spoorwegwerkers, mynwerkers, poswerkers, polisie, speurders, tuiniers, boere, sakelui, predikante, ingenieurs, amptenare, magistratre en verteenwoordigers van nog baie ander beroepe. Die voertaal is Afrikaans. Almal verstaan dit. Die drag is 'n onverskillige saak, kampdrag of gewone klere, net soos jy verkies.

Ek kan hoofsaaklik spreek uit eie ervaringe, maar **meer-male** het ek **my** ervaringe in die kamp met die van ander vergelyk en gevind dat ook my kampmaats, my kamerade, ook soos ek die betekenis van die onderrig in die kamp hoog geskat het. Ek herinner my hoe dikwels wanneer ons al langs die draad om en om in die kamp gestap het, ons geherkou het aan die nuwe kennis van die dag, die nuwe dinge wat ons verryk het. Dit het altyd vir my voorgekom of die mens te omvattend, te ruim was om daar agter die doringdraad ingehok te word, want in die klasse was dit amper of ons nie meer in die kamp was nie maar deelgeneem het waaraan die mensdom deelneem.

In die roetinelewe van Koffiefontein was daar verskillende kategorieë van persone. Almal het nie gestudeer nie, almal het nie klas geloop nie. Sommige was van die oggend tot die laat middagure besig, druk besig met die vervaardiging van allerlei soorte hout- en ander voorwerpe. Draaibanke het gedreun, en bytels, skerp bytels, sny diep groewe in die verskillende houtsoorte. Ander het voltyds gewerk in die kantien, **bakkerye**, in die kombuis, in die tuine, ensovoorts. Maar een **betreklike** groot groep veral het klasse bygewoon, toetse en eksamens geskrywe . . . en van hierdie groep moet ek in hierdie artikel die mondstuk wees.

Die betekenis van die skool of universiteit in die kamp moet nooit eensydig daarin gesien word dat dit nou juis altyd 'n aangename tydverdryf was, omdat mens in die kamp niks anders gehad het om te doen en dus uit pure oorverveeldheid dan maar gaan klas loop het nie. Nee, baie van die klasse was alles behalwe tydverdryf en aangename ontspanning. Dit het voorbereiding en huiswerk vereis en soms ure in beslag geneem om alles gereed te hê vir die volgende dag.

Gewis moet die betekenis nie net daarin gesien word dat deur die bywoning van die klasse die tyd sneller verby gevlieg het nie, en die kampmaats geleentheid gegee is om iets te verrig nie. Vir my lê die betekenis veral daarin dat in die onnatuurlike lewe, waar die vryheid aan bande gelê is, die gees werksaam is. In die kamp het mens nuwe waardes ontdek. Dinge waaraan jy voorheen nooit aandag gegee het nie, het hulle hier aan jou opgedring; en dinge waaraan jy voorheen

veel tyd bestee het, het skielik baie nietig gelyk. Dis eienaardig hoeveel persone gespreek het van 'n hervorming van die lewe as hulle eenmaal die geleentheid daartoe kry.

Daar was 'n soeke na kennis, na hoëre dinge, juis ook omdat die bewegingsvryheid deur die doringdrade ingeperk is en jy uit jou normale werkkring weggeruk is. Meditasie en bepeinsing en veral ook studie het 'n ankerplekkie verskaf in die rustelose onsekerheid. Want wanneer breek die dag aan waarop ook my naam uitgeroep sal word en die soldaat aan my sal sê om my goed op te pak omdat die uur van huis toe gaan aangebreek het?

Maar nie alleen is die skool of universiteit 'n aangename uitvlug wanneer die tyd mens verveel nie. Nie alleen bevredig dit die rustelose, soekende siel nie, maar ook is in die klasse die verstand bevrug, is dit geprikkel deur nuwe kennis, is die belangstelling gewek vir nuwe, onbekende terreine. Ja, die reservoir van opgegaarde kennis dryf aan tot nuwe moontlikhede; nuwe vergesigte word geopen, nuwe belangstellingsrigtinge ontdek. Menige verstand, verstar deur die alledaagse roetine-werk in kantore, ens., is weer geaktiveer tot sprankelende insigte. Vars lewe is ingeblaas in ou fossielbeskouinge. Nuwe hoogtepunte is bereik, nuwe ideale gebore, nuwe kragte opgewek, potensies, wat as dit eenmaal in die lewe buite die kamp momentum gekry het, die lewe in gans ander rigtinge sal stuur. Die lewens- en wêreldbeskouing is verruim en verdiep. Ou ideale om eenmaal verder te studeer, maar wat deur die harde eise van die lewe nie gerealiseer kon word nie, flikker weer op, kry weer koers en besiel weer tot die vermeerdering van wetenskaplike kennis wat ons skool so ruimskoots gebied het.

En welke opvoedende waarde en ontwikkelende geleenthede het skool of universiteit nie gebring nie! Menige geïnterneerde wat voorheen ver en eensaam op 'n plaas of klein dorpie gewoon het, bevind hom hier in 'n ware skool en universiteit met die moontlikheid om dertig tot veertig verskillende kursusse gratis te loop; deskundiges soos professore, lektore, dosente, polisie-offisiere, onderwysers en boere, vee-artse en advokate en al die ander wat bekwaam was om een of ander kursus te doseer, manne uit alle dele van ons land, is hier vrywillig besig om aan minder-ontwikkelde nuwe kennis te bring, en wel in twintig tot dertig verskillende studierigtings. Ook kennis te bring aan ontwikkelde op ander onbekende terreine. Sekerlik moes die entoesiasme menige dosent aangegryp het, want ongetwyfeld het entoesiasme nie ontbreek by die oorgrote meerderheid van die studente van Koffiefontein nie. Ons spreek van skool of universiteit, maar beter is dit om te spreek van skool-universiteit, want hierdie inrigting het 'n dubbele funksie vervul: dit was skool en universiteit in een, 'n ware tweeenheid. Want baie kursusse was soortgelyk aan die wat ons op skool kan ontvang, ander was weer universiteitskursusse

gedoseer deur universiteitsdosente. Sekerlik moes hierdie skool-universiteit ook betekenis gehad het vir die verskillende dosente. Ek noem dit net omdat dit buite die bestek van hierdie artikel val.

Ek is oortuig daarvan dat die betekenis van skool-universiteit met die oopmaking van die hekke nie agtergebly het nie, maar as 'n ware gesel het dit sekerlik saam die vrye wêreld ingegaan om tot in die verste toekoms die lewens- en wêreld-beskouinge te beïnvloed, om die belangstelling te aktiveer en die ideale, ook die nuutontwaakte ideale, te stimuleer en die kameraad aan te dryf tot nuwe bergtoppe.

Ek wil herinner aan een insident uit die geleedere van die dierkunde- en anatomieklas. Tevergeefs en lank het die dosent gesoek na 'n platanna (die onmisbare skakel in hierdie studie). Tevergeefs is selfs soldate gepols om een te soek. Maar op 'n sekere sonnige dag daag daar onverwags uit die vaal eensaamheid buite die draadversperrings op — niks minder as 'n platanna (tegnies bekend as die *Xenopus*). Hierdie welkom werveldier het seker ver geloop. Hy was moeg en altwee sy voorpootjies was deur die wandeling weggeloop, morsaf. Die ontmoeting was aangenaam, en die grootste gedeelte van daardie dag was studente en die dosent met self-gemaakte dissekteermessies besig om die spiere en senuwees en watter organe ookal bloot te lê, self te soek en goed te bekyk.

Op die studentegeselligheid aan die einde van die semester na die eksamens is 'n pragtige versierde koek gemaak. Dit was sommer 'n puik koek. Op daardie koek was 'n beeldjie van 'n teregstelling. Die motief op die versierde koek was 'n galg, 'n platanna en 'n man. Die padda het met smekende oë voor die man gestaan, wat in sy hand 'n gevaarlike mes vasgehou het. Op die agtergrond was die galg gereed. En die padda het gepleit. Onder die platanna met die groot pleitende oë het die volgende woorde gestaan: „Moenie my slag nie, ek het verdwaal.”

Vir my persoonlik — en ek het alle rede om aan te neem dat die meeste van my kamerade saamstem en instem en soos ek voel — was die universiteit-skool van onskatbare betekenis. Ek wil ook eerlik erken dat die geweldige entoesiasme waarmee ek daar gearbei het tot 'n groot mate daar agtergebly het. Ek glo nie mens kan dit in die gewone lewe in so 'n mate besit nie. Iets in die omstandighede van daardie toestand van onrus en onsekerheid, in daardie oomblikke van onvryheid het daartoe bygedra om idealisme te stimuleer en waardering vir nuwe kennis hoër aan te blaas as wat in die normale lewe die geval is. Wat dit presies is, weet ek nie, en dis moeilik om dit in woorde te formuleer; maar die herinneringe leef nog voort in die na-kampse lewe. Dit is 'n

bitter-soet herinnering, pynlik maar tog mooi, aanloklik. Waarlik die universiteit-skool het vir ons ryke betekenis gehad, dit het ons gees bevrug, ons ure van eensaamheid gevul en verdiep. Dit het beslis ons toekomslewe vrugbaar beïnvloed indien nie in ander rigtings gedivergeer nie. Ons studente bring hulde aan die dosente van die Koffiefonteinse universiteit-skool, ons salueer die rektor (prof. Stoker), die registrateur (kameraad Ackermann) en almal wat iets op die altaar gelê het om andersins vrugtelose dae en jare tot vrugbare, vol tye te omskep. Die werk daar was nie tevergeefs nie. Mag dit rype vrugte dra tot eer van God, tot bestendiging van ons volksbestaan en tot voordeel en seën vir ons medemens.

E. J. G. Norval.

NAVORSING IN VERBAND MET DIE FISIEK-ANTROPOLOGIESE EIENSKAPPE VAN DIE BOER

DAAR is baie min volke of rasse ter wêreld van wie nie 'n antropologiese opname gedoen is nie; en nog geen opname is van die Boerevolk gedoen nie. Byna tien geslagte is reeds verstryk sedert Hollander, Duitser en Fransman met mekaar aan die suidpunt van Afrika verswaer het. 'n Nuwe volk is hier voortgebring in die skoot van Suid-Afrika en elke tipiese lid van die Boerevolk, onverskillig watter van hy voer, het dieselfde verskillende persentasies Hollandse, Duitse en Franse bloed.

Wat is nou die rassestempel van hierdie nuwe volk?

Skrywer hiervan het reeds voor sy internering 'n aanvang gemaak met fisiek-antropologiese opnames ten opsigte van verskillende eienskappe van die Boer, te wete, liggaamslengte, liggaamsgewig, huidskleur, oogkleur, haarkleur en haarvorm, ensovoorts. Gegewens is verkry van 770 Boeremans en meer as 400 vrouens. In alle gevalle is terselfdertyd ook die ouderdom opgeteken. In die interneringskamp was daar 'n gulde geleentheid om noukeurig van elke persoon die mate te neem. Daarby was die interneringskamp baie verteenwoordigend, omdat daar van alle klasse van ons volk was en van alle dele van ons land.

Nadat die nodige reëlins getref is, het skrywer hiervan die gewaardeerde medewerking van die volgende kamerade verkry: meester Gilfillan, meester Robbertse, meester Smit, meester Vermaak en kameraad Ernst Norval. Kamerade H. C. Havenga, P. P. du Plessis en J. G. Betz was veral behulpsaam met die invulling van die frekwensietabelle en die biometriese berekenings. Verder het ook meegehelp kamerade Bennie Keulder en Hennie Robinson. Dr. B. M. Kranz het 'n reeks oogkleure geskilder waarvolgens die oogkleur beoordeel kon word. Kamerade Setzkorn (landmeter van beroep), I. M. Prinsloo en die

skrywer het die nodige apparaat vir snelle, akkurate en gemaklike bepaling van liggaamslengte vervaardig. Van die kamp-ouriteite het ons 'n mediese skaal vir liggaamsgewig geleen. (Die apparaat om die lengte te bepaal was tot een-agtste duim betroubaar.)

Van ongeveer 450 Boere is gegewens verkry. Dit spreek vanself dat die span werkers, elkeen met sy spesifieke werk (en vir die beoordeling van kleure almal saam) eers deeglik oefening gehad het voordat resultate vir statistiese verwerking genoteer is. Wetenskaplike selfkritiek by die werk, nougesetheid, die regte metode en volharding was die faktore wat uiteindelik die resultate gelewer het.

Nadat van elke geïnterneerde sy gegewens verkry is, moes hy sy naam teken. Hierdie boek met naamtekeninge en statistiese gegewens teenoor elke individu word deur skrywer as een van sy kosbaarste aandenkings bewaar.

Die meeste medewerkers was leerlinge van skrywer in die skool-universiteit van die kamp, waar hulle veral in rasseleer, erflikheidsleer, biometrie en dierkunde, sommige vir meer as twee jaar, gestudeer het met net twee maande vakansie per jaar.

Sy liggaamslengte is die opvallendste eienskap van die mens, en dit is ook maklik meetbaar. Liggaamslengte is die resultaat van omgewings- en erflikheidsfaktore. Hoe sy erflike basis verstaan kan word, blyk uit die verskil in lengte tussen Boesman en Skot. Groot liggaamsafmeting word as resessief beskou. Dog die erflikheidsgang val onder die ingewikkelde tipe bekend as polimerie, waarop ons nou nie verder kan ingaan nie.

Natuurhistorici, geskiedskrywers en reisigers was al dikwels getref deur die groot liggaamsafmeting van die Boer. Maar sal 'n wetenskaplike ondersoek dit ook bevestig?

Die berekende gemiddelde liggaamslengte was 5 voet 10.0 duim; die standaardafwyking 2.4 duim, en die variabiliteitskoëffisient 3.43. Die standaardafwyking en variabiliteitskoëffisient, wat as betroubaarheidsaanduiding dien, is dus baie bevredigend. Die gemiddelde lengte van die Boere buite die kamp was ewe-eens 5 voet 9.9 duim, 'n verskil van een-tiende duim. Verdere statistiese berekening wys op geen wesenlike verskil tussen die twee gewone waardes nie. Ons kan met sekerheid beweer dat die gemiddelde lengte van die volwasse manlike Boer 5 voet 10 duim is. Dit stel die Boer groter as die deursnee van die Nordiese ras, bv. Swede, Noorweërs, Dene, Friese, Skotte en Noord-Duitsers, wat 5 voet 8.1 duim is. Gedurende die groot Wêreldoorlog (1914—1918) is 2 miljoen Amerikaners antropologies ondersoek. Hul gemiddelde lengte was 5 voet 7 duim.

Wat die liggaamsgewig betref, was daar die kleregewig waarmee rekening gehou moes word. Kameraad P. P. du Plessis het 'n dertiental van alle tipiese kledingstukke geweeg en die gemiddelde kleregewig op 3 pond 13 onse gestel. Die gemiddelde brutogewig van die geïnterneerde Boere was 172.6 pond, die netto-gewig 168.8 pond, dit wil sê 169 pond. Die standaardafwyking was 22 pond en die variabiliteitskoëffisient was 12.76.

Die gemiddelde bruto-gewig van 635 Boere buite die kamp was 168.5 pond, dus 4 pond minder as die geïnterneerde Boere.

Die gemiddelde gewig is egter 'n eienskap wat sterk varieer en veral onder andere met die ouderdom van volwassenes. Die gemiddelde ouderdom van die Boere-geïnterneerdes was 33.3 jaar. Volgens die gewigstabelle wat die mediese wetenskap in Europa en ook alhier gebruik, sal 'n man van 33.3 jaar met 'n lengte van 5 voet 10 duim, 161 pond weeg met klere. Aangesien die bruto-gewig vir 'n 5 voet 10 duim Boer met hierdie gemiddelde ouderdom 173 pond is, sodat die verskil 12 pond is, kom ons tot die belangrike gevolgtrekking dat die Europese mediese gewigstabelle wat ons ook hier in Suid-Afrika gebruik, baie misleidend is. Die Boer sal gewoonlik as te swaar aangedui word. Hierdie groter gewig meen ek kan toegeskryf word aan sy Dalo-Noordiese samestelling.

Op 'n kongres van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het die medici hiermee saamgestem en die wenslikheid uitgespreek dat ander tabelle vir ons uitgewerk moet word.

Die Boer is dus nie net absoluut maar ook relatief swaarder as die Europeër.

Ter afsluiting van ons paragrafe oor lengte en gewig kan nog bygevoeg word dat die gemiddelde borsomvang van 142 ongeselekteerde geïnterneerdes 39 duim was, byna die gemiddelde omvang van 'n Europeër van 6 voet.

Die hoednommer wat die meeste voorgekom het, was 6½, maar die gemiddelde nommer was 6.98, byna 7. Die gemiddelde skoennommer was 9. Maar aangesien die hoede en skoene van baie swak kwaliteit was, kan baie min waarde aan hul nommers geheg word. En aangesien die aantal individue hier maar ongeveer 140 tel, kan owerigens ook nie te veel waarde aan die gemiddelde grootte geheg word nie. Dit mag hoogstens as 'n aanduiding dien.

Die kleur van die vel, hare, wenkbroue, wimpers en van die oë speel 'n besondere rol in die biologie en in die rasseleer in besonder.

Wat die huidskleur betref, is baie moeilikheid ondervind. Die gelaatskleur is deur die span waarnemers so goed as hulle kon beskryf. Nie minder as 24 beskrywende terme is gebruik nie, vanaf blond tot donker-blas. Die statistiese verwerking het resultate gelewer wat in meer as een opsig verrassend was.

Daar was naamlik 'n groot persentasie lig gelaatskleuriges. Tweedens is daar 'n duidelike ophoping of hoë frekwensie by sekere kleure, byvoorbeeld:

lig: 93 gevalle;
ligblosend: 107 gevalle;
blosend: 42 gevalle;
blas: 53 gevalle.

Daarenteen was die donker gelaatskleure swak verteenwoordig:

donker: 18 gevalle;
baie donker: 1 geval;
soel: 1 geval;
donker-soel: 1 geval;
donker-blas: 2 gevalle.

Wat die beskrywende terme betref, sou ek meen dat wat die Boer as lig beskryf, vir die Europeër as 'n bietjie donker beskou sal word. Ons beweer dit omdat behalwe 'n paar gevalle van rooihariges almal bruin gebrand het. Volgens skrywer se oordeel is byvoorbeeld die Franse in Parys duidelik donkerder as die Boere, daarenteen is die meeste Engelse, Hollanders en Duitsers van ligter gelaatskleur.

'n Faktor wat 'n mens in die gewone lewe waarskynlik mislei en tot donker gelaatskleur laat besluit, is die feit dat die hare meestal nie lig is nie dog vaal, ligbruin of bruin.

Dit is opmerklik dat net 2.6 persent van die Boere sproete ontwikkel het. Onder die Amerikaners tel daar 4.5 persent sproeteriges.

Koffiefontein is in 'n streek geleë waar die kwantum sonskyn per dag baie hoog is. 'n Baie klein persentasie mans het baie donker huidskleur ontwikkel. In een geval was haar-, oog- en huidskleur elk die donkerste in die kamp, dog alle ander kenmerke was Europees.

Dit was betreklik maklik om die haar-, ooghaar- en wimperkleur te bepaal. 'n Reeks haarmonsters vanaf die ligste tot die donkerste is gebruik, omvattende 25 gradasies, noukeurig gerangskik volgens intensiteit van kleur. Van elke rooihaar-persoon egter is 'n aparte monster geneem en in die rooihaarreeks georden. Elke haarmonster het 'n nommer, sodat die nommers later in terme van Martin of Fischer se monsters kan omgesit word.

'n Interessante vergelyking was telkens moontlik in verband met haarkleur, ooghaar-, wimper- en oogkleur. Al heel gou het dit duidelik geword dat etlike gevalle voorkom van donker hare met blou oë of met ligte hare en donker wenkbroue met blou oë. Verder is heel gou gemerk dat indien daar 'n verskil tussen kleur van wenkbrou, wimpers en hare voorkom, dan is die wimpers die donkerste, terwyl ondersoekings op Noord-Duitse vrouens uitgewys het dat die wenkbroue die donkerste liggaams-hare is.

Sowel haarkleur as wenkbroukleur toon die **hoogste** verteenwoordiging by vaal en ligbruin, nl. 59 persent en 57 persent respektiewelik.

Dit was opvallend dat die persentasie rooihariges ooreenstem met die van ander lande:

Geïnterneerde Boere: 2.4 persent;

Hollanders: 2.5 persent;

Amerikaners: 2.6 persent;

Swede: 2.3 persent.


Ons het reeds terloops na oogkleur verwys, nl. dat daar 'n nie-onaansienlike persentasie van donkerhariges, blou-ogig is. (Swart (donkerbruin) hare met blou oë word in Swede by 0.2 persent van die bevolking aangetref.) Ongeveer 6 persent van die mans met ligblou, donkerblou en grou oë het bruin of donkerder tot swart hare gehad, 11 persent van die mans het oë van ligblou tot grou-groen gehad met hare van bruin tot swart.

Van al die oogkleurtipes was groen-bruin die hoogste verteenwoordig, nl. 20 persent. Hoever ons in hierdie verband afwyk van byvoorbeeld die Noorweërs, blyk hieruit dat 87 persent ligogig, 8 persent medium en 5 persent donkerogig is, terwyl die geïnterneerde Boere maar ongeveer 7 persent helderblou-ogig was. Selfs al reken 'n mens al die helderblou-, donkerblou- en grou-ogiges tesame, is die persentasie maar 40 persent.


Die fynere aspek, nl. die gelaatstrekke van die Boer, was moeilik bepaalbaar. Tog bestaan daar geen twyfel nie dat die Boer reeds sy eie stempel besit net soos die Duitser of die Japanner.

By die bestudering van die gelaatstrekke is veral gebruik gemaak van 'n groot aantal tekeninge deur mnr. Lessing in die kamp gemaak van persone wat vir hom geposeer het. Ook het die skrywer insae gehad in 'n groot versameling tekeninge en sketse deur dr. Kranz, aan die hand waarvan die gelaatstrekke bestudeer en bespreek is.


Hieruit blyk dat oor die 60 persent mans 'n langwerpige gelaat het, 57 persent met 'n hoë, 36 persent met 'n middelmatige voorhoof; 50 persent met 'n lang bolip; 25 persent het 'n dun, ferm mond en dun lippe. Die onderlip is dikwels dikker as die bolip, alhoewel oor die algemeen die Boer nie dik lippe het nie. Die Boere het 'n verbasende verskeidenheid van neusvorms. Lang reguit neuse is egter seldsaam. Die ken is middelmatig of swaar ontwikkel, die jukbene is in baie gevalle uitgesproke. Die Boer se gelaatsuitdrukking is meestal vriendelik, wat toegeskryf moet word aan die spore (plooië) wat ontstaan veral as gevolg van die baie kere wat die welwillendheidspier (onderste ooglidspier) werk en talle horisontale plooië in die buiteooghoeke laat ontstaan. Ook die jukbeenspier en risoriuspier laat hulle merk na. Ook hulle is vriendelikhedspiere. Die vertikale plooi tussen die wenkbroue bokant die



Baadjie in K.I.K. van ouma-lakens gemaak
Knope en gespe is ook in K.I.K. gemaak



Bosbaadjie in K.I.K. van ouma-komberse gemaak
Knope en gespe is ook in K.I.K. gemaak



Pet en Pantoffels. Die pet is gemaak van ouma-lakens en sy koord van groen tabaksakkies; die donker pantoffels is gemaak van 'n ouma-jas; die sole van die ligte pantoffels ook, terwyl laasgenoemde se bodeel van 'n ouma kombers gemaak is

neusbrug is meestal afwesig. Hierdie plooi ontstaan deur werking van die depressor glabellae of spier van vyandskap. Die Boer is vriendelik en innemend.

Die optimisme van die Boer hang nou saam met sy vriendelike geaardheid. „Hy hou altyd die blinkkant bo!” Ook sy humorsin hang hiermee saam. Dit kan hoe kras in gevangenis of interneringskamp gaan, die Boer sien altyd kans vir 'n grap en vir opgeruimdheid. Hiervan getuig sy kampuitdrukkings (wat deur meester Gilfillan versamel is): „Op en wakker,” „Hy kou draad.” „Sy lippe is vol roes,” „Weg is jy!”

Die Boer kry swaar om 'n geheim vir homself te hou. So kon geen tonnel heeltemal geheim gehou word nie. Ook dit hang saam met sy vriendelike geaardheid. Ook sy gasvryheid hang hiermee saam. Bogenoemde berus op geestelike en stoflike mededeelsaamheid.

Maar verder sal ons ons nie waag aan die karakter van die Boer nie. Bogenoemde is alleen genoem omdat dit met die gelaatsuitdrukking saamhang.

Dit was dan kortliks die resultaat van antropologiese navorsing gedurende 1943 en 1944 in die interneringskamp op Koffiefontein.

G. Eloff.

DIE O.B.-DIENSLAERS

DIE besluit van die Grootraad van die Ossewabrandwag om Dienslaers in die lewe te roep het ook die geïnterneerdes in Koffiefontein bereik, en die Beheerraad van die O.B.-kommando het dadelik te werk gegaan om ook hier 'n Dienslaer te stig. Die werksaamhede was beperk tot die bespreking van land- en volksprobleme, en die werksprogram is verdeel tussen verskeie studiekeringe onder leiding van 'n generaal of hoofkommandant. Die studiekeringe het eenmaal per week vergader om volle aandag aan 'n bepaalde probleem te skenk. Na bespreking het die leier van die studiekering 'n opsomming van die besprekings gemaak en dit dan by 'n algemene vergadering van die kommando voorgedra, waar dit nog verdere vrae en kommentaar uitgelok het. Op dié manier is die beleid van die regering van die dag gekritiseer en ontbloot en is gepoog om 'n oplossing te vind vir talle landsprobleme.

Omdat ons geen naslaanliteratuur tot ons beskikking gehad het nie, was dit natuurlik onmoontlik om in die fynere besonderhede in te gaan, maar ten spyte van hierdie nadeel is die saak met erns en aandag aangepak, en ons besprekings het 'n besonder hoë peil bereik wat deskundiges op staatkundige gebied sou verbaas het. Ongelukkig is geen rekords van ons besprekings gehou nie, want dit sou tog maar net gekonfiskeer gewees het wanneer ons losgelaat word. Later toe die loslatings

vinnig toeneem en ons studiekringe opgebreek is, is die Dienslaer beperk tot 'n lesing oor die een of ander volksprobleem deur 'n uitgesoekte persoon in die kamp, en by sodanige geleenthede was daar natuurlik die gebruiklike vrae en kommentaar deur belangstellendes.

O. L. Nel.

KONSERTE EN LETTERKUNDIGE WEDSTRYDE

DIE grootste geestelike gemis van die kamplewe was musiek. Die kamerade wat van die platteland gekom het, het dit miskien nie soveel gevoel as die stedelinge, wat die grammofoon en die radio as deel van hul daaglikse bestaan voel nie, maar almal het iets gesoek om die geestelike verdorring, wat die grootste gevaar van die kampbestaan is, te probeer verlig.

Soos later geblyk het, was die eerste kamp waar die Boere opgesluit is, Leeukop, in dié opsig verreweg die gunstigste. Met honderde Duitssprekendes, baie met hul musiekinstrumente, agter die drade was gereelde orkesuitvoerings moontlik, al was dit ook hoofsaaklik blaasmusiek. Maar toe die 50-tal Afrikaners in Desember 1940 na Ganspan in die Kalahari verhuis het en afgesny was van al die buitelanders wat in die verskillende interneringskampe gehuisves was, en die owerheid hardnekkig geweer het om 'n radio of selfs 'n luidsprekerverlenging van die Kampkommandant se radio in die kamp toe te laat, het hulle gevoel dat hulle 'n geestelike woestyn binnegegaan het, vir onbepaalde tyd. Die owerheid het tegelykertyd alle koerante behalwe sporadiese aflewings van stokou Sap-koerantjies uit die kamp geweer. Geen wetenskaplike of handboeke is toegelaat nie, omdat dit die Afrikaners 'n onbillike voorsprong op die „boys up North” sou gee. Baie leesboeke wat vir die kamp bestem was, is onderweg daarheen gesteel of opsetlik verlore laat gaan. Musiekinstrumente was daar waarskynlik nie meer as die twee pensklaviere en die een viool wat ek nou kan onthou nie. Boonop was daar geen groter vergaderplek in die aand (tot tienuur) beskikbaar as een vertrekke wat met inspanning twintig mense staanplek kon gee nie. Die beste poging was gesamentlike sang, want daar was eenvoudig geen verhoog of plek vir 'n verhoog waar 'n beskeie opvoering kon plaasvind nie. Die gesamentlike sang het die owerheid se gal aangetas; die kampbewoners het, met Danie du Toit se begeleiding op die pensklavier, liedere gesing wat later deur die adjudant van die Kampkommandant as „unpatriotic to the British Empire” verbied is. Die grootste aanstoot het natuurlik uitgegaan van „Heb je wel gehoord van de Britsche vloot,” waarin die lot van die Britse magte ter see die silwervloot van Spanje vervang het wat deur die Hollanders gebuit en tot sink gebring is. Dis maklik te verstaan, want destyds was die verskriklike magnetiese

seemyn net op die Britse skeepvaart losgelaat, en geen afweermiddel was nog ontdek nie. Die verbod was 'n groot aansporing vir die Afrikaners om meer en harder te sing.

Die enigste opvoering in Ganspan wat ek my kan herinner, was 'n skynhofspraak. 'n Paar lesings oor onderwerpe van kulturele belang is gelewer. Maar met Dingaansdag 1940, Arbeidsdag (1 Mei) 1941 en 10 Oktober 1941 is meer ambisieuse programme aangepak. Eersgenoemde twee is in die dag in die groot skuur op Ganspan gevier — hierdie skuur was onbelig en dus nutteloos in die aand en onuithoubaar warm op 'n somerdag — en laasgenoemde in die opelug met spesiale beligting en kombersgordyne. Toesprake, almal min of meer venynig, voordragte van dieselfde strekking, en musiek, almal min of meer goed bekend, het die vernaamste nommers van die Krugerdagfees uitgemaak. Wat ek die beste onthou van die hele program, is die feit dat al nege stuks wat die volgende aand met 'n tonnel uit die kamp ontsnap het, daardie aand aan die program deelgeneem het. Dis nie 'n refleksie op die gehalte nie, net 'n aanduiding van waar die geïnterneerdes se grootste belangstelling was.

Daar was wel al die tyd 'n radio in die kamp, maar dié is spaarsaam gebruik om ontdekking daarvan te voorkom. Die inluister was beperk tot die nege-uur-nuusdiens saans van Zeesen af.

Ofskoon Ganspan groter geriewe na die liggaam as Koffiefontein gehad het, was die verplasing daarvandaan na Koffiefontein in Desember 1941 'n verligting vir almal, veral toe nuwe gesigte vanaf Januarie 1942 'n daaglikse verskynsel in die kamp geword het. Die Koffiefonteinse kamp, wat omtrent drie morg groot was teenoor Ganspan se nege morg, was spoedig 'n krioelende mensemassa. Die getal inwoners het van 60 in Januarie tot oor die 600 in Aprilmaand gestyg. Daar was soveel nuus om te hoor, soveel nuwe kennis en vriende om te maak, soveel ou kamerade om weer die hand te druk (onder andere 'n paar dosyn manskappe wat in 1940 die geïnterneerdes by Leeukop en Ganspan as wagte opgepas het!) dat aan georganiseerde konserte byna geen aandag gegee is nie. Almal het iets gehad om hulle besig te hou. Dit was eers met die grootskaalse loslating van geïnterneerde polisiemanne en toe die getal geïnterneerde Afrikaners weer tot tussen 300 en 400 gedaal het, dat die heimwee na die normale lewe hom opnuut laat geld het. Oom Jan Pienaar het 'n ambisieuse gedigtesiklus geskryf, wat in Mei van daardie jaar, 1942, vir die eerste maal op Koffiefontein voorgedra, gesing en gespeel is. Hy het dit „Die Boerwording” genoem. Dis 'n relaas van die Afrikanernasie se geskiedenis in taferle en het, veral die slot, die patriotiese geesdrif en verwagtinge van die kamerade vertolk. Later het oom Stephen Eyssen in die kamp groot gedeeltes daarvan getoonset.

Maar gereelde konserte kon toe ook nie gehou word nie. Die eetsaal, 'n reuse-skuur van sinkplate, was wel beskikbaar, maar 'n verhoog moes van eettafels gebou en gordyne van aanmeakaargewerkte komberse gemaak word; daar was geen behoorlike ligte nie, en spesiale lampe moes in die kamp geprakseer word om enigsins reg te laat geskied aan die vertoning. Dit het elke slag ruim 'n dag se werk gekos net om die verhoog min of meer presentabel te maak. Opvoerings was weens die afwesigheid van vroulike talent baie moeilik. In die Italiaanse kamp by Sonderwater het die geïnterneerdes met die opera-uitvoerings die vrouerolle met mans gevul, maar in Koffiefontein kon niemand gevind word om homself so te „verneder” nie.

Onder Ackermann se aanvoering het daar teen die einde van 1942 'n groot akademiese werkdadigheid losgebars, en dis byna twee jaar volgehou. 'n Universiteit het in die vreemde ontstaan, en tot 32 vakke is daaglik aan meer as 200 studente gedoseer. 'n Groot biblioteek is opgebou nadat die owerheid hul preokkupasie met die vegtende en nie-vegtende soldate laat vaar en enige soort boek, behalwe **Mein Kampf**, toegelaat het. Die leergierigheid was verstommend en ook versadigend. Die hunkering na geestelike ontspanning en verheffing het hom meer en meer in die rigting van studie en selfonderrig gewend, en slegs by besondere geleenthede is konserte van ambisieuse omvang aangepak. Teen die einde van 1942 en oor die hele 1943 het die kamp 'n geestelike peil bereik wat sekerlik in baie min dergelike kampe in die geskiedenis geëwenaar is.

Krugerdag, 10 Oktober 1942, was weer die geleentheid van 'n groot opvoering wat menige lid van die publiek buite sou aangegryp het. Die tema was ook patrioties, oor die vraag van wraak en haat. 'n Groot koor het opgetree om die stemmingsmusiek te lower en 'n groot aantal spelers het 'n aaneenlopende reeks tonele afgespeel, in die meeste gevalle gebaseer op bestaande gedigte van ons eie digters, aaneengesnoer deur 'n verteller wat die verhaal van bloed, haat en liefde in versmaat vertel het.

Dingaansdag 1942 was hoofsaaklik beperk tot godsdienstige verrigtinge en musiekuitvoerings (behalwe 'n vlieër wat uit die kamp losgelaat en deur byna 'n hele leër soldate agternagesit en 230 myl van die kamp af ingehaal is). Destyds het die kamp oor die dienste van 'n aantal hoogs begaafde klavierspelers beskik, wat ingesluit het dr. H. G. Schweickerdt, Stephen Eyssen, Danie du Toit (wat van 18 September 1939 tot Oktober 1943 die ywerigste musiekmaker en konsertorganiseerder van die drie interneringskampe Leeukop, Ganspan en Koffiefontein was), en Lingnau. Sangers was daar verskeie, en komediantes legio. 'n Goeie koor is van tyd tot tyd op die been gebring. Aan sprekers was daar ook geen tekort nie, want die kamp was 'n deursnee van die hele Afrikanervolk in al sy ryke verskeidenheid. Die meeste byval is altyd gevind deur ôf

militêre vertonings, soos dié van die Ossewabrandwag met John Vorster as die inspekterende offisier op Majubadag in Februarie 1943, ôf, aan die ander uiterste, 'n komedie-aand soos die joernaalaand wat Sollie Nortje gereël het (maar wat 'n benoude nasleep vir Sollie gehad het omdat een van die kamerade nie van die verwysing na hom in die joernaal gehou het nie en Sollie na afloop van die konsert te lyf wou gaan). By dergelike vertonings was feitlik die hele kamp daar, meer as 400 man.

Vir sover ek weet, is net een kunswedstryd gehou. Dit was 'n wedstryd vir die beste eenbedryf, die beste kortverhaal en die beste gedig. Dit is voorafgegaan deur 'n reeks lesings oor die verskillende kunsvorms. Die inskrywings was talryk, en by die verhale en die gedigte was die standaard vry hoog. Ek weet van een verhaal en een gedig wat ingestuur was en later in tydskrifte verskyn het. Die talent was, met die oog op die vanselfsprekende groter daadkrag as skryfkrag van die inwoners, verrassend groot. Baie van die manne het hul hele lewe nog net hande-arbeid verrig. Baie het niks meer as standerd ses afgelê nie. Maar die algemene geestelike oplewing wat daar met die groter aantal mense gekom het, het die minderbevooregtes die ywerigste studente en beoefenaars van die skryfkuns gemaak. Van die pryse wat met hierdie kunswedstryde toegeken is, het 'n paar na „heeltemal ongeletterde" geïnterneerdes gegaan. Aan inspirasie het dit nie ontbreek nie. Die verlange na die buitewêreld, veral na geliefdes daarbuite, was genoeg om die mees prosaïese siel in 'n liriese digter om te skep.

Maar selfs met 400 man in die kamp verdwyn alle nuwigheid op die lange duur. Loslatings het met die aanstelling van 'n nuwe Minister van Justisie in Julie 1943 skielik begin toeneem. Waar dit voorheen 'n seldsaamheid was om eenmaal per maand 'n losgelate kameraad na die draadhek te vergesel (terwyl Danie du Toit speel en almal sing), het dit toe 'n byna daaglikse gebeurtenis geword dat twee of meer vrygelaat word. Dit het die „draadkoors" laat styg en belangstelling in suiwer kampaangeleenthede laat afneem. Bowendien het almal alreeds al die ander se gedagtes geken en al die ander se voordragte en grappe gehoor. Die mense het begin voel dat geeneen van hul mede-geïnterneerdes eintlik meer iets nuuts te sê of voor te lê het nie. Baie min het ook nog lus gevoel vir so 'n inspanning. En hierdie toestand het van die middel 1943 tot 1944 voortgeduur. Toe het die loslatings weer afgeneem, en dadelik het die bittereinders, die mense wat vir die kamp so onontbeerlik soos die sout vir die aarde is, weer begin. Konserter is gehou, ofskoon nie baie gereeld nie, 'n koerantjie is 'n tydlang gereeld gepubliseer, en die kamerade het hulle as 't ware opnuut ingegrawe vir wat hulle as 'n baie lang winter beskou het. Die getalle het gedaal tot wat dit in Ganspan was, totdat in 1945 die laaste man, Rokebrand, die kamp kon verlaat.

Dit is nie 'n oordrywing om te sê dat die meeste geïnterneerdes op hul gevangeskap terugkyk as 'n verrykende

ondervinding nie. Die hunkering het, soos by alle mense van karakter, die mooiste en helderste geesteseienskappe by hulle aangeskerp. Almal wat tevore op trems, in myne, op treine, op plase, in kantore en oral in hierdie harde land geen tyd gehad het om met die wêreld van idees kennis te maak nie, het daar die tyd en die geleentheid gekry. Vir baie was dit 'n openbaring, vir almal 'n troos en 'n versagting van die onaangename werklikheid van die stoflike wêreld.

J. F. Marais.

AFRIKAANS IN DIE KOFFIEFONTEINSE INTERNERINGSKAMP

DIE skool in die Koffiefonteinse interneringskamp het miskien gedurende die jare 1942 en 1943 sy hoogtepunt bereik. Gedurende hierdie jare was die onderwyspersoneel die kragtigste, die aantal vakke aangebied die grootste en die emigrasie onder „kinders van skoolgaande ouderdom” nie hoog nie.

Aan hierdie skool het Afrikaans 'n waardige plek ingeneem. Vir hierdie vak was verantwoordelik: adv. J. F. Marais (letterkunde), mnr. J. Hofmeyr (taalsuiwerheid) en mnr. F. R. de K. Gilfillan (taalwerk en die kortverhaal).

Kenmerkend van hierdie klasse was die gretigheid van 'n groot aantal manne om hul Afrikaans te verbeter. Daarbenewens was die gereelde bywoning van die klasse, onder baie moeilike omstandighede, 'n ander kenmerk. Afleiding was daar volop; nogtans het dit 'n mens getref hoe elke klas byna altyd vol gesit het en hoe naarstiglik die manne hul werk probeer ken het. Dit was dan ook 'n plesier om klas te gee, want aan entoesiasme en leergierigheid het dit nie ontbreek nie. Die hulpmiddels was karig, en aan uitstekende leesstof was daar 'n taamlke gebrek. Die „leerlinge” self het gewissel van oud tot jonk en het bestaan uit boere, polisiebeamptes, manne van die poswese, spoorweë en hawens en ander staatsamptenare, bewaarders, mynwerkers, tuiniers, vrugteboere, onderwysers, 'n kroegbaas en andere.

Wat die leerplan self betref, is wye veld gedek. Met die oog op die „gemengde” klasse is veral getrag om klasse so leersaam en aangenaam moontlik, en tog prakties, te maak; en miskien is in 'n hoë mate daarin geslaag om die manne nie te verveel nie.

Die uitslae? Wel, dit was verblydend. By die gereelde eksamens is werk van 'n hoë gehalte gelewer. Baie manne het geskryf en gedig, om die genot nie alleen nie, maar ook om uiting te gee aan 'n gemoed wat soms hoog opgeskroef was. Hul werk was nou nie juis altyd van hoë letterkundige waarde nie, maar in die meeste gevalle het dit 'n eie, persoonlike stempel gedra. Onwillekeurig het die brokstukkies letterkunde herinner aan die ou Hollandse skeepsjoernale, wat, uit 'n

letterkundige oogpunt beskou, maar swak met 'n Vondel of Hooft s'n vergelyk het maar tog vanweë hul ongekunsteldheid, egte, suiwere volkskuns in die hoogste mate was.

Daar is kort toneelstukkies (meestal klugte) geskryf en opgevoer. Verdienstelike gedigte en prosa het by joernaallesings of in die eie kampblaadjie, **Op en Wakker**, verskyn. Selfs 'n kampkantate (deur oom Jan Pienaar geskryf en getoonset deur oom Stephen Eyssen) het die lig gesien. Redelik goeie kortverhale (wat tegniek en inhoud betref) is gedurig geskryf. (Ongelukkig het skrywer byna alle waardevolle afskrifte hiervan aan die sensor moes prysgee.)

Maar in die daaglikse omgang was dit waar hierdie paar honderd doringdraadomheinde Afrikaners alle doekiesomdraaiery op die gereelde vieruur-winde laat wegwaai en hulle uitgeleef het — die spioene ten spyt. In hul omgang met mekaar het die egte beeldspraak, vergelyking en volksetimologie tot uiting gekom. Dis hier waar die Boer in sy siel sy assosiasies deur ooreenkoms en verband uitgebou het. Dit het spontaan van binne-uit gegroei en baie genot in die kamp verskaf, behalwe soms nog 'n nuttige doel te dien.

Byname:

Treffend was die gepaste byname, waarvan die volgende die vernaamste was:

A. — Aasvoël, Alla-Hel, Andersom, Atta-Turk.

B. — Bamboes, Barbarossa, Beer, Beesboud, Biliam, Bieljam, Biesiepol, Boesman, Boerboel, Boet Joos, Bokpollies, Bokskaap, Botterbul.

D. — Daaina, Daantjie-Stadigry, Dap-Struis, Dark-Horse, David (en Jonathan), Depressie, Die Gatdokter, Die Kaalvoet Advokaat, Die Swart Hand, Die Sweedse Jood, Dikmelk, Dokter Watson, Dokter Skiekwart, Dopper, Duimpie, Dysie.

E. — Eier.

F. — Fieland, Fieta, Fordkar.

G. — Gassie, Gammat, Gebroke, Generaal John, Gert Draaibank, Ghandi, Giftand, Groot Geheim.

H. — Haaimie, Houtkop.

I. — Iewers.

J. — Jonathan (Jonantang), Jood.

K. — Kaas, Kameraad, Kanonperd, Kaspaas, Kees, Kepman, Keptin Blut, Kierieboud, Klein Piet, Kleintjie, Knipperaal, Kollega, Koos Bakkies.

L. — Lanie, Luftwaffe.

M. — Ma, Mabathla, Mafoefie, Maplank, Mapondo, Modderbul, Meester, Mof, Molotof, Mossie, Motby.

O. — Oerian, Oerie, Oerwoud, Olie-Pa (oorlede Pa), Oom Hygel, Oompie, Oubok, Ou Blouste, Ou Liebie, Ouma Plank, Ou Siener, Os, Owerste-oor-tweeduisend.

P. — Pa, Pappa-Hoet, Pelgrim, Piepelsfrint, Pietersburg, Piet Lat. Piet Pa, Piet Pot, Piet Rylwie, Plankie, Pop-eye, Potjies, Professor Pypies.

Q. — Que-Que.

R. — Rabbie, Ramakoet, (Die) Rektum, Rooie, Rooi-Haan, Rooi Gert, Rooi Louw, Rosa.

S. — Sandveldbul, Sarjint-Meyer-Blouk, Sarie, Sjanghaan, Sjirlic, Sinkskêr, Skankwan, Slaai, Snaaip, Snake-Bite, Sors Koin, Sokkies, Swart Asem, Swart Hans, Swartgees, Sweedse Jood, Suutjies.

T. — (Oom) Tessie, Tier, Tietsjô (Italiaans vir 'n klein persoon), Tjief, Tjom, Tojo, Twaalf.

U. — U, Uilspieël.

V. — Vaalas, Vaalseun, Vaalstreep, Vader, Vale, Volkskas, Vossie.

W. — Waailit, Waterloot, Wee-Pee, Willem Kaffer, Wurm-geteisterde.

Vergelykings, Gesegdes, Volksetimologie:

Raak en tiperend was die **vergeljings**, **gesegdes** en voor-beelde van **volksetimologie**, sommige waarvan miskien al buite die kamp bekend en in gebruik was!

Volksetimologie:

Andersom vir Anderson; Gassie vir Guest; Hygel vir Heyl; Ivoor vir Ivor; Knipperraal vir Generaal; Kraanveld vir Kranhold; Liebie vir Liebenberg; Mossie of Makoustert vir Mostert; Olie-Pa vir oorlede Pa; Piepelsfrint vir People's Front; Pappa-Hoet vir Pappa Huth; Sinkskêr vir Sinclair; Sjanghaan vir Changuion; Skankwan vir Changuion; Dr. Skiekwart vir Dr. Schweikerdt; Slaai vir Slabbert; Stoepies vir Stubendienst (Duits vir kombuisdiens).

Beeldspraak:

Die volgende beeldspraak was vry algemeen en byna deurgaans gebruik:

Annekseer: vaslê, vat.

Appelstaan: sal 'n ding moet doen (staan om getel te word).

Iemand het geappelleer: 'n nuttelose ding gedoen (afgelei van die nuttelose beantwoording van jou redes vir internering).

Bly maar lekker: afskeidsgroet van iemand wat losgelaat word.

Ek sal hom Boesman: 'n smerige poets bak (soos „Boesman," 'n kampwag, in die kamp die latrine-emmer-ontvangs te beurt geval het).

Dis weer bul-en-glas: swak kos (bulvleis en glasertappeis).

'n Blaar ontvang: 'n versnipperde brief ontvang.

Die bakkery vorder: die tunnel word dieper (die beste tunnel was vanuit die bakhuis).

Besoekers ontvang: speurders te woord staan.

Boekvat: kaartspeel.

Gammat se „boys”: vyandige justisie-amptenare.

Sy geselskap pak op my bors: hy verveel my.

Suiwer damwater: sterk drank in kamp vervaardig.

'n Draadkouer: iemand wat hewig aan heimwee ly.

Draadkoors: heimwee.

Hy kou draad: hy verlang.

Sien draad nie raak nie: voel hom tuis, het hom aan kampelewe oorgegee.

Jou teen die draad vasdink: geen uitkoms sien nie; baie moedeloos wees.

Hy lê die derm in: hy slaap.

Hulle het ge-Duinkerker: gevlug, weggehardloop.

Hy speel nog dolos: hy's kinderagtig.

'n Droogmaker: iemand wat min doen. en. wat hy wel doen, verbrou.

Drade tel: iemand wat erg verlang en nou, nes 'n volstruis, al langs die draad op en af stap.

Daar's 'n dansparty: daar word weer geknoei (onder 'n lawaai kan 'n mens doen wat in 'n stilte onnodige aandag sou trek).

Hy dink ver: ingedagte wees; verlang; planne beraam.

Hy't durasie (dierasie) gekry: antwoord ontvang dat hy vir die duur (duration) van die oorlog aangehou word.

Nou sal dit nie meer lank duur nie: iemand sit en slaap en is vir praktiese doeleindes klaar met die wêreld.

Eelte staan: lank staan (gewoonlik om getel te word).

Eiers lank: baie lank.

Gal en rat aanmekaar lieg: geweldig lieg.

'n Gans: 'n mooi nooi.

Gusgoed: 'n deurmekaar spul (vgl. gusveep).

Kaal haai vlakte: kaal kampterrein.

Sy hart is swart: hy is vyandiggesind.

Hoe's jou hart?: hoe gaan dit?

Iemand heklê: sy planne dwarsboom.

Wanneer staan jy hek toe?: wanneer verlaat jy ons (wanneer word jy losgelaat?).

Hulle voorouers se honde het saam derms weggesleep: hulle is baie, baie ver langs familie (of glad nie familie nie).

Hy verwonder hom aan 'n hople: nietighede neem sy aandag so in beslag dat die vername onopgemerk verbygaan.

'n Jan Kaffer-houding: 'n laat sake ontwikkel-houding.

Dis harde kaas: jou doel nie bereik nie; teleurgestel wees.

Al kante toe staan: lelik bontstaan om uit die moeilikheid te kom; vlug.

Die ketel besoek: latrine toe.

Hy hou sy lyf kiere: baie vernaam aanstel.

Die kind is gedoop: die saak is afgehandel.

Die klere bewerk: die saak so plooi dat ek my doel **kan** bereik (om nuwe klere te bekom was bruikbare oues so „bewerk” dat hul omgeruil kon word).

Ouma-klere: kampklere.

Kleilatte gryp: gewere laai.

Besig met die Knysnabos: hy snork.

Jy maak my klaar: jy maak my moedeloos; ek kry lag vir jou.

So bot as klip: baie stompsinnig.

Suutjies soek weer klippe: daar broei weer moeilikheid; wees op jou hoede.

Klip-Christene: skynheiliges.

Koeler toe: eensame opsluiting ondergaan.

Bekonkeld in sy kop: half-mal.

Net kophou: wees net nugter.

Jy sit my in die kooi: jy slaan my dronk.

Daar waar hulle by die koffiemeule dans: ’n agterlike plek.

’n Kriek doodgelê: die bed natgemaak.

Hulle dink dis al Krismis: hulle verwag baie te ete (omdat met Kersfees die O.B. baie voedsel kon instuur).

Sy krink is nie te goed nie: baie lomp wees en nie by weghardloop op te reken nie.

Vanaand krokodilstaan: vanaand wagstaan; vanaand tonnel grawe.

Die „kwak” besoek: die kampdokter besoek.

Kwêwát!: gats omie!

Laat dit ons wees: kom ons loop of laat vat.

Daardie land waar hul die hoenderhaan onder die kooi vasmaak vir ’n horlosie: agterlike plek.

Kom in die lewe: wees wakker.

En hy lê daar: hy’s uitoorlê.

Hou jou ligte op helder: wees nugter.

Wie se maag werk daar?: wie raas-beweeg daar?

Meelmuis kry rooi hakskene: iemand begin verlief raak.

Modderbul (Botterbul) kom kuier: daar’s ’n klopjag (en die kampkommandant is moontlik by).

Onderstevér slaan: onderstebo moker.

Jy moet opwaak: jy moet wakkerskrik.

Op en wakker wees: nugter wees.

Iets (bv. hout) organiseer: iets nuttig ’n nuwe baas besorg.

Oskamp toe : na die sonkamp, waarin die geïnterneerdes tydens ’n klopjag saamgehoek was.

Ek gaan ouma toe: latrine toe.

Ouma se tjek uitskryf: re die blou boekies toiletpapier in die latrines.

Werk met die padda in die twaksak: besig met ’n onderduimse set, of, geheimsinnig te werk te gaan.

’n Wit perd: ’n mooi nooi.

Sy ploegskare lig: weghardloop.

Ramkamp toe: isolasiekamp toe.

'n Rhadja: 'n klopjag.

Ek het my redes ontvang: 'n skriftelike aanklagstaat vir internering ontvang.

Trek sy rieme vir hom aan: dons hom op (letterlik en figuurlik).

Hy's 'n rofie: 'n nuweling; onbekend met toestande.

Sy lippe is vol roes: hy verlang (kou draad).

Hoe sê ek jou nou!: ek het jou goed geantwoord.

Hy boer tussen die skiewies: boer in die agterbuurtes.

Hy praat van die skouer af: vlot en reguit.

Hy het in 'n slaghuis groot geword: hy eet geweldig baie vleis; of hy is baie gulsig (en kos is so min).

Die goed smaak na „sjelt" (geld): is peperduur.

Het hierdie plek maar 'n snyruigte gehad: was hier maar gras.

'n Sprinkaanspuit: 'n stengeweer.

Hy maak lelik stof: hy gaan woës te kere, of raas baie.

Soutrieme: Kakies.

'n Regte suutjies: 'n geslepe, gemene inkruiper.

Trof: met klere en al in die dam gooi.

Iets vaslê: 'n nuwe baas besorg.

Lekker varkveis, nè: 'n mooi nooi.

Hy gee vet: gaan haastig te werk.

Hulle het vis geëet: is kamma siek.

Die voëltjie: die nuus (radionuus).

Wat sê die voëltjie?: wat se nuus is daar?

Die voëltjie het gekom: die nuus het gekom.

Vogelblits: sterk drank ('n besondere sterk drank deur dr.

V. gestook).

Voortande wat half bene-oor-mekaar sit: skewe voortande.

'n Vreethans: 'n gulsigaard.

Staan of jou vrou gekom het: besonder opgewek wees.

Dit was weer vrywillig: (ironies) hy moes iets noodgedwonge doen (bv. by die leër aansluit).

Die wa bly staan: verstop wees.

Wie wasaia was weer vanmôre laat: ek moes weer self was.

Hy's weer weg: diep ingedagte.

Voel om in 'n boom te klim en die wêreld te verlaat: baie moedeloos wees.

Die weer pak: daar's (betroubare) gerugte van moeilikheid.

In die wêreld kom: wakkerskrik.

Sy wiele optel: weghardloop.

Sy wiele is gestel: hy is gereed om te handel.

Die wind waai: daar's moeilikheid.

'n Wiggle inlê: slaap, of iemands dwarsboom.

Ouma se withuis: die latrine.

Hy ry witveer: dit gaan goed, gewoonlik met die bygedagte dat goeie nuus ontvang is (vergelyk die masjinis se stoomwolkie op die lokomotief).

Vergelykings:

Volop soos baddens in die kamp (ironies gebruik, want daar was maar één bad vir plus-minus 450 man).

Lyk soos ou Robbie (Robbertse) se briewe (versnipperd en gehawend).

So droog soos 'n kamplemoen.

Omkrullippe soos 'n trêwel-Jood se handsak.

So volop soos eiers in die kamp (ironies).

Hande soos dooie eendvoëls.

So vernaam soos 'n Hanskakie (kwasie-vernaam).

Slap hakskene soos 'n smousbrak.

Slap hakskene soos 'n los-melk-koei.

Die lewe is soos 'n kinderhempie, kort en vuil.

Lyk soos 'n muis op 'n tiekiebrood.

So goed soos die „kwak” se medisyne (niks werd nie).

Uitpeul-oë soos 'n hartseer hoender.

Sukkel soos iemand wat skilpadvel brei.

So veilig soos die tang (tange is nooit gevind nie).

N.B.—Indien met hierdie stuk enigteen gekrenk is, my opregte verskoning.

F. R. de K. Gilfillan.

MUSIEKLEWE IN DIE BOEREKAMP

SAAM met die eerste Boeregeïnterneerdes het daar, vanaf die Leeukopkamp, ook 'n ou Wagner-klavier gekom, wat dr. H. G. Schweickerdt, bygestaan deur 'n paar van ons wat die ou instrument liefgekry het, reeds op Ganspan om die 14 dae moes stem. Hierdie klavier het ook in die Koffiefonteinse kamp die middelpunt van ons musieklewe geword.

By hierdie klavier sal ek altyd in die gees manne soos Hans Schweickerdt, Danie du Toit, Apie Spies, Robbie Robinson e.a. sien sit. Hulle en manne soos bv. Hinsbeeck, Martiens van Rooy en O. O. Seyffert wat later „ingekom het,” het die leiding geneem om die kamp te dien en sielsversterking te vind vir die lewe wat die kamp van elkeen geëis het. Ook vir my was die ou Wagner 'n troue vriend. Wat sou tog van hierdie veertig pond-klavier geword het, tot die koop waarvan die eerste Boeregeïnterneerdes die helfte bygedra het?

Toe ek op Sondagmiddag, 2 November 1941, na 'n nag in die Potchefstroomse tronk, op Ganspan as inwoner van Hut Nr. 2 deur Kampeier-generaal Giel Botha verwelkom is, het die Wagner in die hut naby die ingang gestaan, en die enigste sitkamerornament daar naby was 'n pronkende masjiengeweer op 'n militêre vragmotor gemonteer.

Eerste indrukke sluit in: telparade met „9 missing”-rapport aan die offisier, 'n grammofoonprogram deur Bokkie Bokelmann na middagkoffie en 'n klassieke klavier- plus vioolkonsert

dieselfde aand na kerkdiens, waaraan dr. Schweickerdt en „kameraad” Bellstedt deelgeneem het. Vanaf die volgende week is ook ek gereeld ingespan en het „Der Erbkönig,” „Pax Vobiscum” en ander liedere oor die militêre kamp en pantsermotors voor ons heengebeier, terwyl kampgenote op veldstoeltjies buite die hut op die sand plek ingeneem het.

Musiek was in hierdie woestyntuiste ’n onontbeerlike noodsaaklikheid om die gemoed te stil, besinking te hernu of die wat aan draadkoors gely het, te verkoel. Elke week het ons ’n vasgestelde aand gehad vir kampsang waaraan al die burgers kon deelneem, en baie het waarskynlik vir die eerste keer hier die moed bymekaar geskraap om ook alleen ’n liedjie te kom voordra, want ’n kort tydjie is altyd afgestaan vir vrywilligers.

Tot op hierdie tydstip was daar nog nie ’n gereelde koor nie, maar die kampsangaande het die pad voorberei en die belangstellendes aangewys vir ’n koor wat ek ’n rukkie later op Koffiefontein kon stig. Maar op Ganspan het, net na 16 November, ’n strafkamp ons getref. Vir die ontsnapping van nege man in Oktober moes ook die ou Wagner sy skuld dra, want tunnels word makliker gegrawe as daar „lawaaï” is, en so is op ’n kwade dag die klavier weggevat, en ons het ons ou vriend eers ’n maand later weer op Koffiefontein gesien. Maar die getroue Danie du Toit was daar met sy trekklavier, en kampsang en konserte het voortgegaan. Sou dit wees dat klavier plus singers meer lawaaï maak as ’n pensorrel plus singers? Nou ja, die Wagner was weg!

Vanweë die feit dat die manne meestal uit hulle werk gevang en agter tralies of draad gestop is, het baie min ’n Psalm- en Gesangboek in die kamp kon bring. Dit het ons sang by die kerkdienste aanvanklik baie moeilik gemaak. Alleen die bekendste Psalms en Gesange kon deur ds. Fick opgegee word, wat dan ook algaande hartliker gesing is. Selfs teen Augustus 1942 het kosters Frikkie Rosslee en Chris Klopper net sowat twee dosyn sagte Hallelujatjies gehad om uit te deel. Ten spyte van uitgesmokkelde briewe aan die Kerk was dit, weens die baie hindernisse wat in die weg gelê is, op hierdie tydstip nog die toestand! Hieroor laat ek egter liever die sluier val en volstaan met te sê dit het diep seergemaak. Was ons dan vergeet?

Die manne het swaar gekry om hartlik te sing, veral, soos eenkeer gebeur het, toe ’n paar manne op hul stoeltjies vasgedruk moes word om te verhoed dat hulle ’n sekere korporaaltjiewag gaan stukkend druk, want die het tydens ’n buitelugdiens gehou deur ds. Van Blerk, tergend steurings veroorsaak deur telkens onder die sang, en selfs die gebed, lê blikkies rond te skop.

Behalwe die trekpiano en enkele viole was daar op Ganspan net ’n paar kitare, waarmee die hutlewe vervrolik is en natuurlik Bokkie se mooi plateversameling wat nog in Leeukop „binne” toegelaat is. Sandstorms het dikwels oor Ganspan toegesak; dan het die Boer maar nie lus gehad vir sing nie. Dit het ook

die manne swaar draad laat kou en senuweespanning laat ontstaan by tonnelgrawer en draadbreker weliswaar, maar ook by die militêre wagte met hulle gevelde bajonette. Op sulke tye kon verwag word dat die koeëls weer skielik sou fluit en dat 41 pantsers in die refrein kon meedoen. Ja werklik, Bennie Burger en Vaalseun Erasmus was . . . „deur!” Die vlakke lewe nou van die pantserligte, skote knal deur die yl, donker doringveld, bloedhonde blaf mee. Sou Ben en sy maat nog lewe? Die sandstorm het sy simfoniekonsert self verskaf, terwyl die meeste burgers beangs toegekyk het en . . . my kampsangoefening was daardie aand een groot mislukking. Ganspan was voorwaar geen plek vir musiekbeoefening nie, en almal was bly toe die kamp op 6 Desember 1941 na Koffiefontein oorgeplaas is, waar ons weer ’n kerktooring daar ver kon sien en die klokke kon hoor wanneer die windjie gunstig waai.

Kort nadat ons in die soveel kleiner nuwe kamp ingehok was, het ons ronde honderdtal vinnig aangegroei, veral toe die vierhonderd polisieledede met dramatiese, nagtelike sarsielawaai „beveilig” is. Uit plus-minus 500 man was daar nou darem etlikes wat ’n instrument as trotse gesel gehad het. Spoedig was daar nie alleen ’n mannekoor op die been nie maar ook ’n flukse Boere-orkes. Koor en orkes het waar moontlik by allerhande „funksies” opgetree en het, tot my vreugde, tot byna aan die einde in werking gebly, hoeseer ookal lede en leiers gewissel het as gevolg van die uiteindelijke oopgaan van die swaar kamphek of van ander omstandighede. Ons het probeer om twee groot beginsels vir koor en orkes te handhaaf, nl.:

- (1) ons sing by feitlik alle samekomste;
- (2) die Boere-orkeslede moet leer om soveel moontlik van ons volkswysies en volksliedere te speel.

Miskien was hierdie Koffiefonteinse Boere-orkes die eerste in die land om hierdie nuttige ideaal bewustelik na te strewen en telkens, terwyl hulle speel, ook self saam te sing. Al gou was die orkes kordaat met die Transvaalse Volkslied, die Vrystaat s’n en „Die Stem van Suid-Afrika,” want die doel was om by volksfeeste nuttige diens te kan verrig. En hiermee is een van my eerste ideale vir ’n reg funksionerende Boere-orkes bereik, ten minste gedurende die tydperk Januarie-September 1942.

Soms het ook afsonderlike kleiner hutorkessies opgetree onder eie leiers, want afwisseling en verskeidenheid was altyd welkom. In plaas van die klein klavierkamertjie op Ganspan het ons nou op Koffiefontein die gebruik gehad van die „skoolsaal” en later, toe die kamp vergroot is, van die groot eetsaal. Hier is 5-6 eettafels gou-gou teen mekaar geskuif, vas teen die houtpilare, die klavier en orkeslede is dan bo-op en daar weerklank ons kampsang, begelei die instrumente die „swierige” bewegings van die bebaarde „niggies” en neefs as dit volkspele-aand is of loop ’n hoogstaande klassieke musiekprogram van stapel, met solowerk, instrumentaal en vokaal of kombinasies

van beide, of vind daar plegtige of vrolike koornummers plaas. By meer as een sodanige geleentheid het ek ook geharde manne 'n traan in die stilte sien wegpink by die aanhoor van 'n tere melodie of 'n heimmeweekkende wiegeliel. Baie burgers wat vroeër min of geen belang in musiek gestel het nie, het hulle in die kamp daarvoor begin interesseer, hulle kennis vermeerder en hulle smaak so veredel, dat hulle voorwaar groot vordering kon maak. Baie het, behalwe deel te neem aan die werk van koor of orkes, klavier, viool, kitaar, trekklavier, ens. leer speel. Op een tydstop het dit my die grootste geluk verskaf om groeps-gewyse aan 16 man stemontwikkeling te gee. Mooi talent is ontdek, mooi stemme is gevind, en baie burgers is uiteindelik weer huis toe met die verrykte vermoë om musiek intelligenter te waardeer of selfs in die boefening daarvan deel te neem.

Onder die musiekleiers in die kamp was daar seker niemand wat langer en onbaatsugtiger sy dienste aan die burgers gegee het as Danie du Toit nie. Aan niemand, voorwaar, kom groter hulde en meer dank toe nie, want Danie het sowat vyf jaar lank volgehou en aan almal vryelik sy hulp gegee. Wie ook al miskien lusteloos of laks of ontrou geword het, nie Danie nie; onvermoeid het hy deur drie kampe heen, in die neerdrukkendste atmosfeer waarin 'n mensesiël hom kan bevind, volgehou as klaviersolis, trekpianospeler, orrelis van die kampgemeente, as begeleier by volkspele, ens. Jarelank het hy programme opgestel, saam-saam met dr. Schweickerdt programnotas vir ons klassieke konserte geskryf en soms ook nog as dirigent van koor- en orkesgroepe diens gedoen. Nog meer het Danie gedoen. Hy het nie alleen „Leeukoplied” en „Ganspanlied” geskryf nie maar ook 'n werk wat hy „Musiekdrama” genoem het en waaruit telkens dele in die kamp voorgedra is. Tot my spyt het ek nog nie hierdie werk in sy voltooide geheel te sien gekry nie. By al hierdie dinge wat Danie vir die burgers gedoen het, mag ek nie versuim om miskien sy grootste bydrae te noem nie, nl. die musiekkursus wat hy vir die manne gereël het. Hiervan het baie belangstellendes gebruik gemaak. Sy studente het in 1943 'n lang reeks lesings oor musiekvorm, die lewe van die meesters, die opera, die oratoria, ens. geloop, en na behoorlike eksamens afgeneem was, kon almal wat 75 persent of meer behaal het, 'n mooi oorspronklike sertifikaat met die kampwapen (wiel oor ketting) daarop in ontvangs neem. Die Koffiefonteinse Boerekampmanne sal Danie altyd in dankbare herinnering hou.

Dit is baie interessant om uit die kampprogramme en roosters op te merk dat so baie burgers 'n instrument leer bespeel of leer sing het: op een tydstop het 14 gereeld op die klavier geoefen; eweneens het 42 manne oefenbeurte gehad met die trekklavier, terwyl baie ander kêrels mekaar gehelp het om die kitaar of die banjo te tokkel; een ding was seker, daar was 'n taaie gees van goeie wil in die kamp, iets van:

„In die geveg is dit nie die groot hond wat tel nie,

maar die groot geveg in hom";
'n gees om geestelik sterk te bly, die helpmekaargees van 'n musiekbroederskap.

Omdat daar min bladmusiek was, moes die geheue maar sterk ingespan word, en so het sommige manne ook vertalings gemaak, soos bv. ds. Fick met sy „My ou Maat” („Friend of Mine”), Jan Pienaar se „Wie's Marietjie” („Who is Sylvia”) en „Net Maar aan Jou” („For You Alone”), soos meermale deur Chris Neethling gesing. Teen enige prys moes 'n mens jou besig hou. So het adv. Kobie Marais op 'n 10 Oktober-program uitmuntend gesorg vir sprankelende, gepaste grepe uit ons letterkunde, wat deur verskillende manne voorgedra is en afgerond is met agtergrondmusiek, op 'n klavier gespeel deur dr. Schweickerdt.


Daar het ook heelwat gedigte in die kamp die lig gesien, waarvan sommige getoonset is, bv. oom Tiny Rautenbach se „Wiegeliedjie,” oom Jan Engelbrecht se „Koffiefonteinlied” en dr. Jan Pienaar se „Roepstem van die Môre,” wat toevallig ook die eerste koorstuk is wat die koor ingestudeer het. Laat my vertel hoe hierdie lied ontstaan het: Oom Jan het die gewoonte gehad om saans met skryfblok en potlood as bedmaats in te kruip. Voordag, een môre, hoor hy in sy onderbewussyn 'n engelekoor sing. Hy skryf woorde en musiek daar en dan met behulp van die kamp se soekligte af, gee dit met die solfegiewysie en al aan my, en spoedig het die koor 'n vierstemmige lied gehad.

Vir die Majubaprogram in Februarie 1942 het genl. oom Rud Meyer die wysie van 'n ou geleentheidslid onthou, met die woorde van die eerste vers. Dit moes ek afskryf en Jan Pienaar moes in Nederlands 'n tweede vers dig om by die eerste te pas. Hierdie lied het in die kamp 'n tweestemmige lied geword. Omdat hierdie Majubadagprogram egter deur die militêre owerheid verbied is, kon dit toe nie uitgevoer word nie maar is tog kort daarna, met tweesang inkluis, gelewer. Agterna het ek verneem dat daar werklik omstreeks 1881 'n Majubalied verskyn het, dieselfde waarvan oom Rud die wysie so omtrent onthou het.

Miskien is die betekenisvolste gedig uit die kamptydperk wat getoonset is dr. Jan Pienaar se „Raak dit jou nie.” Hierdie gedig het uitgegroeï tot „Ons Boerwording,” 'n lywige digwerk van 16 bladsye. 'n Libretto is gemaak vir toonsetting, en hierdie werk is op 16 Desember by die inwydingsfees van die Voortrekkermonument by Pretoria deur 'n koor van honderde sterk en soliste uitgevoer. 'n Paar dele van hierdie werk was in die kamp al klaar getoonset en is op 'n wonderlike wyse in Junie 1942 in die skoolsaal uitgevoer. Dit was die twee toneeltjies:

- (1) Van der Stel se Verjaardagfees, voorgedra deur 'n koor van sowat 16 en ds. Koos Fick as die Verteller, en
- (2) Voortrekkerbruilof, waarin ds. Fick die bruid was en ek die bruidegom.

Viole in Koffiefontein-
Interneringskamp ge-
maak. Ontrent 70
viole is gemaak. Hier-
die is van S.A. hout
vervaardig en die voo-
rings van die kaste van
ouma korbse



Die res van die werk is op my broer, Roland, se plaas, Boerboonfontein, in my 13 maandelange paroolverblyf voltooi. Die gedig is egter as geheel in die kamp letterkundig voorgedra deur uitgesoekte voordraers, terwyl dr. Schweickerdt uit die klassieke meesters se werke die agtergrondmusiek op die ou Wagner (natuurlik spesiaal gestem) verskaf het. Hy het posisie ingeneem in die hoek van die skoolsaal; by hom agter 'n lang smal tafel het die voordraers gesit; oor tafel en klavier het net een gloeilampie gehang en 'n gordyn (gemaak van ons eie beddekens) het die programgroep van die gehoor afgeskei gehou. Die gehoor het in die donker gesit en in doodstilte die aandag bewaar. Toe die slot van „Ons Boerwording” met die Transvaalse Volkslied (op ander woorde) kom, was die spanning op almal so groot dat die gehoor onwetend op hulle voete was en ds. Fick bo-op die deelnemers se tafel, terwyl hy oor die dwarsgordyn heen triomferend 'n Stellenbosse Universiteitserp swaai. Dit was een van ons grootste aande. Selfs die kamppolisie, wat aljimmers aanwesig was, het . . . geswyg!

Musiek het 'n ware behoefte in die kamp geword. Dit was nie maar net 'n tydverkortening nie, en 'n mens het aan Woodrow Wilson se treffende woorde gedink: „Die man wat op musiek neersien as 'n vermaaklikheid of nie-noodsaaklikheid, pleeg 'n misdaad teenoor die volk,” al was jy dikwels in die war met jou eie geklike status en het twyfel jou soms daartoe gebring om te wil sê:

„U het my bot gemaak
om troebel te verstaan
waarom ons, stink van sweet,
deur ratte en wiele gaan.”

Die positiewe het egter altyd weer die botoon gevoer, want

„Die klanke vol en klaar
klink helder bo die grynsengelag;
en sterker swel die suiwer snaar
wat triomfeer oor valse klag.”

Wat ook al soms as verskille tussen enkelinge of groepe in die kamp gekom het, in die musieklewe was ons een, 'n gelukkige en geluksoekende eenheid. Hierdie eenheid was op sy mooiste te sien waar die groot getal manne die Sondagdienste bygewoon het. Dit was 'n lus om die sterk, ronde manstemme in ons Psalms en Gesange aan te hoor. Om lekker saam op die noot te bly, het een van ons gewoonlik dirigerend voorgesing, terwyl Danie vir die begeleiding op die trekklavier gesorg het. Hoe nuut en vreemd het egter die eredienste se gewyde sang vir my altyd gebly, weens afwesigheid van vroue se stemgeluid. Meer en meer van die manne het ook algaande probeer tenoor of bas sing by die bekender wysies en ons kerksang was dan ook soms werklik aangrypend mooi. Ek onthou nog ons jammertegevoel as ons jong dominee soms onder die preek sy kop deur die syvenstertjie moes steek om die maagsuur kwyd te raak en hoe

ek eendag, onder die sing van 'n Gesang, sommer nog 'n versie aangehef het toe ek merk dat die suur hom weer pla. Dapper het hy van die venster teruggekeer, hartlik sy tenoor by die Boeresang gevoeg en doodluiters voortgegaan met die diens. Laat my nou 'n paar van die geliefdste Psalms en Gesange hier noem.

Die geliefdste Psalms was:

- 38:1: „Straf tog nie in ongenade, my misdade Heer.
Verdra my met geduld . . . ”
- 42:1: „Soos 'n hert in dorre streke, skreeuend dors na die
genot van die helder waterbeke . . . ”
- 43:1: „Heer, doen my reg, hoor my gebede en twis my
twissaak tog vir my . . . ”
- 130:1: „Uit dieptes, gans verlore, van redding ver van-
daan . . . ”; en die altyd lawende:
- 23:1 en 2, vers 2 veral:
„En is ek soos 'n skaap in doodsgevaar,
wat in die velde as 'n prooi van wolwe gaan,
En moet ek in die doodsdal, diep en donker,
Van alle hulp ontbloot, in my alleenheid staan —
Dan nog ken ek geen doodsrees of verskrikking.
Omdat U staf my troos is en verkwikking.”

Onder die Gesange het die volgende die gewildste in die kamp gebly:

- 7: 1: „Op berge en in dale en ower al is God . . . ”
- 52:11: „Ewig-onbegryplik Wese, Vader, Seun en Heil'ge
Gees . . . ”
- 58: 7: „Ruwe storme breek in woede, alles om my heen
is nag:
tog hou God my in Sy hoede, Hy hou vir my heil
die wag . . . ”

En dan was daar die Gesang wat met sy realistiese, diepsinnige inhoud ons telkens tot berusting gebring het:

- 161:1: „Ure, dae, maande, jare
Vlieg soos skadudrome heen,
En die wentelende jare,
Gaar verganklikheid alleen;
Van ons ondermaanse swerwe
Bly geen spoor of teken staan;
Al wat word, moet kwyn en sterwe,
Waar die tyd se weë gaan.”

Ja, die tyd se weë het ons ver gelei, tot in die donker nagte van langsaam sterwende jare, met hul Kersfeesdae en Oujaarsnagte van die tydperk 1939—1944, want teen die Kers-Nuwejaargety was daar altyd tog die goeie verwagting dat 'n klompie van die manne vrygelaat sou word. Dit was op hierdie tyd, meer as op ander tye van die talmende kampjaar, dat die

bittere waarheid so sterk deurgedring het: „Die wentelende jare gaar verganklikheid alleen.” Chris Neethling skryf o.m.:

„Daar is seker min kamerade wat op Oujaarsdagnag 1944 om twaalfuur die nag op parade gestaan het toe genl. Nel vir. ouderling Pretorius laat voorgaan het met Skriflesing en gebed en waarna die manne Gesang 161:1 gesing het, wat ooit die indrukke sal vergeet waaronder hulle gekom het met die sing van hierdie magtige gesangversie.

„By ons eerste Nagmaaldiens op Koffiefontein het die koor ook opgetree en wel op 24 Mei 1942. En elke gewone weeksaand voor die soldate die lig om 10-uur afgeskakel het om ons kamphutte in duisternis te dompel, het uit die meeste hutte nog eers met aandgodsdien 'n Psalm of Gesang in die nagstille opgeklank; en as nog net die sterk soekligte deur ons vensters boor, het 'n mens gewonder waarom daar anderkant die draad nooit Psalms en Gesange gehoor word nie. Was die Westerse beskawing daar al dood?

„Maar wat die musiek oor die algemeen verder betref, het die kampburgers se humorsin hulle darem ook nooit in die steek gelaat nie. So lees ek uit die programme o.m.:

7 September 1942: „Verjaarsdag van die kampleier, dr. Trümpelmann. Maandag, 7.9.42, EETSAAL. Die hele kamp is uitgenooi. TEE en KOEK. ORKES en SANG tot laat die aand.”

14 November 1942: „Sangsolo: Ds. J. J. Fick: 'n Deuntjie uit die agterstrate.”

1 Januarie 1943: Nuwejaarsprogram: „Toespraak in Sjinees: B. Burger, vertolk deur S. Nortjé.”

16 Januarie 1943: „Radio-aand. Geheime golflengte: — 0.76 grade, Koffiefontein.

(a) Inskakeling na:

1. Swede . . . Eklund.
2. Vry Sjina . . . S. Nortjé.
3. Italië . . . W. Dedekind.
4. Vichy Frankryk . . . J. F. Marais.
5. Amerika . . . Oom Bokkie.
6. Duitsland . . . Marslied . . . Sondermeldung . . . Stoppel.

(b) Ontmoeting tussen Aartsbiskop van Kantelberg en die Aartsbiskop van Moskou.

„Namate die einde genader en die kamp begin leegloop het, het die musiektalent ook skraler geword. Dit was nou nie meer so maklik om 7-uur in die oggend 'n Dinsgaansfeesprogram naby die draad met die Voortrekkerpsalm te begin nie, of 'n 10 Oktober-fees of Majubafees of 8 Desember-Herdenkfees te hou nie. Reëlins is toe maar met die aangrensende Italiaanse kamp getref:

„Dit was 'n besondere gebeurtenis in die kamp se musieklewe. Die Italianers het 'n verhoog gebou by die hoek van die

rooi geboutjie aan hulle kant, ongeveer regoor ons hutte Nrs. 6 en 7. Op 'n gegewe aand het hulle 'n puik konsert vir ons gelewer met hulle bielië-orkes," soos Chris skrywe. Hy vertel dan verder: „Daarna het die kampkommandant dit weer goed gedink om sulke bedreiging vir die Empire te torpedeer en mog ons nie na aan die draad gekom het nie, of weer so iets gedoen het nie. 'n Paar maande later het ons egter tog weer iets dergeliks aangevang. Hierdie keer het hulle nie weer met hulle orkes gekom nie, maar het op 'n heerlike lenteaand langs die draad saamgekom en ons natuurlik aan die duskant. So het ons oor en weer vir mekaar volksliedjies gesing. Naderhand het daardie goeie singer van hulle (ek dink sy naam was Rota) 'n solo in Afrikaans vir ons gesing, waarna ek weer vir hulle „Santa Lucia' in Italiaans oorgestuurd het. Sulke geleenthede het ons almal sommer baie geniet."

Verder deel Chris nog mee: „Die sangstukke wat ek self seker die meeste gesing het en waarvoor die manne altyd weer kom vra het, was:

„(1) „As Hy Kom', woorde van Visser en musiek deur myself. Hierdie wysie het ek egter nie in die kamp gemaak nie, maar terwyl ek nog student was.

„(2) „Segelied' deur uself. Seker die lekkerste lied vir 'n bariton wat daar bestaan.

„(3) „O Mädchen, mein Mädchen', uit „Frederica' van Lehar. Dit was eintlik die lied wat ek telkens op versoek van prof. Stoker en dr. Eloff moes sing."

Dan vervolg Chris nog o.m. met: „Ek sluit vir u drie programme in. Toevallig is dit drie waarin ek self nie deelgeneem het nie. Miskien juis daarom dat ek dit nog het. Ek was daardie tyd mos in die hospitaal met my seer oë; onthou u hoedat hulle my definitief uit die kamp wou hê voor daardie Saterdag se konsert? Ek is so jammer dat die Kakies my musiek afgeneem het, anders sou ek meer besonderhede kon gegee het. Die programme is dié van 15 Augustus 1942, 3 Oktober 1943 en 10 Oktober 1942. Ek sluit vir u die volledige radioprogram in wat by die 10 Oktober-program ingepas het en wat deur Kowie Marais opgestel is. Ek noem net die name van die klaviërsolo's, deur dr. Schweickerdt voorgedra, wat tussenin gekom het."

Dit sou goed wees as ek nou maar 'n paar kenmerkende voorbeelde van programme hier gee van konserte wat in die groot eetsaal gehou is. Lesers wat in hul verbeelding die kampiete in hulle Ouma-klere sien, moet darem onthou dat ons ook ons konsertdrag gehad het:

Somertyd: Vaalbroek (ons eie); wit hemp; eie skoene.

Wintertyd: Eie donker pakke; das en skoene.

Ons het mos lus gehad om op sulke aande anders te voel en daarom anders aangetrek. Ja, soos Eileen Joyce wat haar byvoorbeeld vir die uitvoering van 'n Mozart-program heeltemal anders aanklee as vir sê nou maar 'n Tsjaikofski-program.

Ouma-klere was vir deelnemers by goeie konserte, asook vir konserte van ligter aard, „verboden”, ja, „geïnterneer” en tot die volgende werkdag „beveilig”.

Toe die program van 15 Augustus 1942 die aand uitgevoer is, het ek nie kon droom dat ek op die 27e so onverwags op parool „vrygelaat” sou wees nie. Dit alles so tussenin. Hier is die programvoorbeelde:

Konsertprogram

Saterdag, 15 Augustus 1942

1. Transvaalse Volkslied.
2. Verwelkoming: Dr. Trümpelmann.
3. Orkes onder leiding van Danie du Toit: Ou Karooland; Gebreekte Ring; Bootjie na Kammaland; Ständchen Heykens.
4. Voordrag: F. Engelbrecht: Diep Rivier — E. N. Marais.
5. Kitaarnummers: Onder leiding van W. van Dalen.
6. Tweesang: S. H. Eyssen en C. P. van der Walt: Begroeting.
7. Voordrag: Die Vlakte (J. F. Celliers).
8. Oom Stephen Eyssen, met Waldhorn (W. Dedekind): Ave Maria en Marietjie (F. R. Schubert).
9. Klaviersolo: Kam. Robinson: Fantasieë (Mozart).
10. Driespraak: Kame. Robbertse, P. van der Watt en G. du Preez: Die Eerstelinge (C. J. Langenhoven).
11. Sangsolo: C. P. van der Walt: Die Klim was swaar; Vlaggelied (Joubert).
12. Orkes: Marsliedere: Märkische Heide; Erika en Es zittern die morschen Knochen.

Slot: Die Lied van Jong Suid-Afrika (Gutsche).

Musiekaand

Saterdag, 3 Oktober 1943 om 7 nm.

Klavier: D. du Toit.

Sang: Groep A: C. van der Walt.

Sang: Groep B: G. Ockerse.

Waldhorn: W. Dedekind.

Begeleidings: Dr. Schweickerdt, D. du Toit, W. Dedekind.

1. Klavier: Onvoltooide Simfonie, Laaste beweging (Fr. Schubert).
2. Sangsolo: Groep A: Wiegelied (Fr. Schubert); Middagslapie (Lettie Joubert).
3. Koor: Sanctus (Fr. Schubert).
4. Klaviersoli: Etude de Concert (McDowell); Liebesträume (Fr. Liszt).
5. Sangsoli: Groep B: Die Roos (S. le R. Marais); My Hart-beeshuisie (Summers).
6. Waldhornsoli: By die ou Woonhuis (Fr. Schubert); Waarom nie vrolik (H. Nägeli).

7. Klavier: Rhapsodie, VI (Fr. Liszt).

8. Koor: Beurtsang: Abendglocken.

(Koor onder leiding van Kam. W. Dedekind.)

Program

10 Oktober 1942

1. Koor: Grootmagtige.

2. Toespraak: Heldeverering: Die Kampeier, dr. Trümpelmann.

3. Musiek en gedigte: 'n Radioprogram onder leiding van adv. J. F. Marais.

4. Toespraak: President Kruger: Ds. D. C. S. van der Merwe.

5. Koor: Slaap Rustig Dapper Helde.

Onder die gewildste konsertnummers was daar miskien die volgende:

Vir klavier:

Scherzo II (Chopin) ... Dr. Hans Schweickerdt

Sonate Pathetique Op. 13 (Beethoven) ... Danie du Toit

Fantasia (Mozart) ... Robbie Robinson

Liefdesmelodie (Engelmann) ... H. Hinsbeeck

Capricante (Wachs) ... O. H. Seyffert

en soms kon dr. Kranz by die klavier gaan sit en operanummers op verbasend komiese wyse impersoneer.

Die bekendste trekklavierspelers was Danie du Toit, Piet Stoppel en Vossie Stahlboom, en onder die gewildste stukke was daar:

Vir Trekklavier:

Die Bloue Donou (Strauss).

Uittreksels uit „La Traviata” (Verdi).

Strauss-walse.

Soms het burgers genl. J. C. J. van der Westhuizen, ds. J. J. Fick, H. Postma en M. P. van Rooy in vioolnummers opgetree, wat altyd baie hartlik verwelkom is. Hiervan was die gewildste stukke:

Vir Viool:

Ständchen (Schubert) ... Vierspel

Les Adieux (Beethoven) ... Driespel

Liebestraum (Liszt) ... Tweespel

Aan die Aandster (Wagner) ... Tweespel

Op 22 April 1944 is „Maanligsonate” (Beethoven), Minuet (Mozart) en Rigoletto-vierspel (Verdi) voorgedra, en op 15 Julie 1944 is Arië uit Flotow se „Martha” uitgevoer.

Die enigste woudhoringspeler was Walter Dedekind, wat baie kunssinnig kon optree, ook as koorleier en begeleier op die klavier. So was daar ook net een **trompetblaser** onder ons, nl. Eugen Harms, wat oulike marse voorgedra het, en net een speler met sy **konsertfluit**, nl. dr. Gerrie Eloff, wat ook sy bydrae gelewer het op ons programme en soms, fynspottend op

sy nederige wyse, homself wou knyp as hy die D nie kon vind nie.

Die groot koor het naderhand 'n taamlike groot repertoire gehad. Baie gepaste stukke is by besondere geleenthede voorgedra soos op Krugerdag, Kersfees, en so meer. Die volgende stukke onder meer het onder leiding van genoemde burgers, baie in die smaak geval:

Vir koor:

„Vredevors" en „Die Aandklokke" ... C. van der Walt
 „Prys en Lof aan die Grootmagtige" ... C. van der Walt
 „Slaap Rustig Dapper Helde" ... C. van der Walt
 „Ontwakingslied" uit „Musiekdrama" ... D. du Toit
 „Eer Haar" uit „Musiekdrama" ... D. du Toit
 „Sanctus" ... W. Dedekind
 „Von Himmel hoch, O Englein kommt" ... W. Dedekind
 „Onze Vader" ... S. H. Eyssen
 „Oor die Bulte sterwe die Dag" ... S. H. Eyssen
 „Dierbaar Suid-Afrika" ... S. H. Eyssen
 „Die Roepstem van die Môre" ... S. H. Eyssen
 „Van der Stel se Verjaarsdagfees" ... S. H. Eyssen
 „Gebed voor die Slag" ... W. Lingnau
 „Vryheidslied" ... W. Lingnau

Dit sou interessant wees om na te gaan hoeveel stukke presies deur die permanente koor vanaf Januarie 1942 tot in 1945 voorgedra is. Die programme is nie voltallig nie, maar daarop kom 'n paar dosyn nummers voor. Vir my is dit te betwyfel of „Stille Nag", „O die Vrolike", „Oor die Bulte", „Ou Seur Simon", en so meer ooit weer dieselfde sal klink soos daar in die Boerekamp op Koffiefontein, om nie te praat van die lughartiger intervarsityliedjies waarin op intervarsitydae in die kamp, toe U.P.-ers die Witsies singend uitgetrap het.

Die **Boere-orke** se vrolike en olike wysies, meestal geneem uit die F.A.K.-Volksangbundel, het deurgaans gewild gebly. Hulle stukke van soberder stof was o.m.:

„Triomfmars" (Cilliers) ... onder leiding van O. Lingnau
 Mars uit „Tannhäuser" (Wagner) ... O. Lingnau
 „Lentestemme" (Strauss) ... O. Lingnau
 „Versteurde Serenade" (Jod. Schaff) ...

Verder toon die programme 'n hele reeks goeie solosangers aan, en onder baie stukke was daar die grootste aanvraag vir:

Solosang:

„Vegkop" (Richfield) ... Chris Neethling
 „Segelied" (Eyssen) ... Chris Neethling
 „Sancta Lucia" ... Chris Neethling en W. Fourie
 „Drinklied" ... C. van der Walt
 „Heimwee" (Marais) ... C. van der Walt en G. Ockerse
 „My ou Maat" ... G. Ockerse
 „O Sole Mio" ... W. Fourie
 „Fugit Imago" ... Oom Stephen

„Erlkönig” (Schubert) Oom Stephen
 „Der Wanderer” (Schubert) Oom Stephen
 Oratorio-arias Oom Stephen

So het J. C. Botha (Duimpie) ook nog op 24 Desember 1943, begelei deur twee viole, „Hoor my Bede, Heer” gesing en op 1 Januarie 1944, op selfgemaakte woorde, Nevin se „Narcissus” voorgedra. En burgers Willie Fourie en Casper Badenhorst moes meer as eenkeer Schubert se „Wiegelielied” as tweesang lewer.

Laat my ten slotte hartlik dankie sê aan die kampvriend (wat so nederig verswyg wil bly) vir die waardevolle inligting uit sy bewaarde programme, asook aan my toegeneë musiekvriend, Chris Neethling, vir sy inhoudvolle brief waaruit ek heelwat vir hierdie artikel kon gebruik. Dit sou egter, in 'n kort bydrae soos hierdie, 'n onbegonne taak wees om van al die musiekgebeurtenisse te vertel of om elke „kameraad” wat die kampelewe gedien het, te behandel of selfs maar net te noem — daar was so baie verdienstelikes — en daarom wil ek hiermee almal, namens al die manne wat in die Boerekampe in- en uitgegaan het, vir hulle aandeel bedank, want slegs wie boos is, sing of speel nooit. Hulde en dank aan al die musiekleiers en almal wat hulle so mooi en gewillig bygestaan het. In die kamp is voorwaar vriendskapsbande gesmee wat deur die tyd nie sal kan verbreek word nie, want ook die musiek het ons liefde vir ons volk en vaderland, waarvoor so baie onskuldige moes ly, gelouter en daarmee dieper en sterker gemaak.

S. H. Eyssen.

SKILDER- EN TEKENKUNS IN DIE KAMP

DIT is in die kampkombuis waar een van ons kunstenaars besig is. Hy is besig om suiwer roet van een van die stoofpype te verwyder. Verf was op daardie tydstip 'n skaars artikel in die kamp. Gevolglik is ons vriend besig om self verf te vervaardig. Die roet word fyn gemaal in lynolie of 'n mengsel van Arabiese gom op 'n stuk ruitglas. Dan is hy gereed vir sy skilderwerk of vir sy „swart en wittekening.” So moes die kampkunstenaars hulleself help en alle struikelblokke oorkom. Buisies verf was met rukke uiters skaars, en so moes die skilder sy voorraadje spaarsamelik gebruik. Buisies verf was deur die kampowerhede verbied, behalwe as dit regstreeks deur 'n winkel aan die kampkantien gestuur kon word. Vriende in die vryheid kon dus geen buisies verf instuur nie, en in die oorlogsjare was hierdie verf oral moeilik bekombaar. Gelukkig was daar een Pretoriase kunshandelaar wat met lang tussenpose 'n klein hoeveelheid kon stuur. Die hoeveelheid moes dan eweredig verdeel word, wat maar 'n moeilike taak was, want daar was 'n tekort aan feitlik alle kleure.

Die kunstenaar het nie stilgesit in die kamp nie, maar heelwat werk is verrig, en daar was min van die duisend

geïnterneerdes wat nie een of ander werkie saamgeneem het nie. Die gehalte werk wat verrig was, was afwisselend. Ons het hoogstaande werk gevind en ook minder goeie werk. Waar vertroue by sommige skilders ontbreek het, is geleidelik deur oefening vertroue opgebou. Die tegniek in ontwerp en kleuregebruik was net so afwisselend en verskillend as die karakters onder die beoefenaars van die kuns. Selfs het die gemoedstoestand van die persoon ook sy spore op sy werk gelaat. Geduld, toewyding en ook ongeduld was soms duidelik waarneembaar in die produk wat voortgebring is. Die mense moes werk om afleiding te verkry, want agter doringdraad is mense geneig om te dink aan wat kon gewees het, en dit dan met die hede te vergelyk. Met die beoefening van die kuns (al was dit soms swak werk) het die skilder en tekenaar tog daarin geslaag om sy gedagtes in mooier en beter kanale te lei. Onderlinge hulp en raad was 'n goeie eienskap in die kamp. Kritiek van kampgenote was daar genoeg, maar gelukkig ook welmenende en opbouende kritiek, wat hoog op prys gestel is. Die mense het liefde vir hulle werk gehad, en het dan ook onder omstandighede goeie werk gelewer.

Daar is byvoorbeeld dr. Kranz, wat heelwat verdienstelike werk verrig het. Daar was die Ganspan-groep geïnterneerdes op 'n volle laken geskilder. Ook die trekkende ossewa wat die omgewing vervaag deur opslaande stofwolke. Die kleure-harmonie en die afwerking was fyn en geslaagd; ook sy groot aantal skilderstukke van kampgenote. So was daar nog meer kunstenaars wat hulle gewaag het aan „portretskilderwerk”, alhoewel dit nie so geslaagd was as dié van genoemde kunstenaar nie. Daar is werk verrig deur beskeie kunstenaars wat nie dikwels te sien gekry is nie. Die mense het in stilligheid geskilder, en alleen vriende in dieselfde huis het die bestaan daarvan geweet. Teken- en skilderwerk van die Suid-Afrikaanse landskap was dan ook meestal die bevredigendste. Hierdie tema het natuurlik gewoonlik sy oorsprong in die verbeelding van die kunstenaar gehad. Maar aangesien hierdie mense „boere” was, spreek dit vanself dat hulle die landskap van die boer op die doek getower het. Skilder van die natuur was bykans onmoontlik vir die landskapskilder, aangesien die landskap vanuit die kamp gesien troosteloos en oninteressant was en deur die dig gespanne doringdraad vervaag was. Gevolglik moes die kunstenaar dus op sy verbeeldingsvermoë staatmaak. Kamp-tonele het ook voorgekom, wat vir vele nog die herinnering bied van die lewe van vervolging, doringdraad en kakie.

Pen- en potloodtekening is ook gelewer en het bevrediging aan vele geskenk. Karikatuurtekening is deur net 'n paar gelewer. Daar was genoeg karakters wat uitgebeeld kon word uit 'n duisend geïnterneerdes. Veel is deur tekenaars ontwerp vir houtwerk, metaalwerk, ens. Dink byvoorbeeld aan die talle ingelegde skinkborde, kassies, ontwerpe vir uitsny uit hout, monogramme en ontwerpe vir ringe en borsspelle. In die

kampblaadjie, **Die Draadkouer**, het gereeld tekeninge en sjabloonwerk verskyn wat die tydskrif verfraai het.

Die kampwapen verdien ook vermelding. Die ontwerper, Van Rooyen, het daarin geslaag om die vertroue in die bevryding van die geïnterneerdes te simboliseer. Die aanrollende wawiel wat die stremmende ketting van gevangenskap bo Koffiefontein-kamp verbreek, spreek van hoop en geloof.

Dit is dan hierdie vertroue, geloof en hoop, met die wete dat hy as idealis reg gehandel het, en met die arbeid wat die lewe vir die kunstenaar draaglik gemaak en ook sy aangename oomblikke laat belewe het — dit is die agtergrond van die skilder- en tekenkuns wat in die kamp beoefen is.

H. Kuperus.

HANDVAARDIGHEID

AS dit gebeur dat 'n groep mense saamgehoek word teen hulle wil en sin in, soos wel gebeur het met die groot aantal politieke gevangenes in die interneringskampe gedurende die afgelope oorlog, dan soek elkeen na iets om hom besig te hou om die lang ure van verveling, verlange en verbittering korter te maak — iets waarmee sy hande en sy gedagtes kan besig wees sodat hy kan vergeet!!

Jou beroep en die ekonomiese beveiliging van jou en jou gesin behoort tot die verlede. Jy soek alleenlik maar 'n stokperdjie om die ure ten minste interessant te vul. So het persone wat byvoorbeeld nooit van tevore daaraan gedink het om houtwerk of ander handwerk te verrig nie, hulle daaraan gewaag met verbasend goeie resultate.

Jy dink aan en verlang na jou vriende en jou mense tuis. Jy wil graag jou verlange op tasbare wyse aan hulle oorbring, en gevolglik maak jy vir hulle geskenkies. Welwillende vriende stuur aan jou 'n bietjie hout om te verwerk, en die paslikste manier om hulle te bedank is 'n geskenkie deur jouself uit hout — meestal uit hout —, heen of metaal vervaardig. So gebeur dit dat jy 'n groot mate van bedrewenheid en vaardigheid ontwikkel. Die pogings van die amateur word mettertyd 'n fyn, eksakte kuns, wat ons hier gerieflikheidshalwe „handvaardigheid" noem.

So ywerig was 'n ieder en 'n elk, dat die lug vol was van die geluide van 'n werkswinkel: die hamer, die skaaf en die saag, en die hele dag lank kon jy die draaibanke hoor sing — alles werktuie wat deur die geïnterneerdes self gemaak en verskaf moes word.

Die Werkswinkel: Dis maklik om te praat van die werkswinkel, maar die wording daarvan was iets wat swoeg en sweet en boweal oorspronklikheid en vindingrykheid geverg het. Neem daarby in aanmerking dat die kamp 'n paar keer verskuif is en dat elke keer die werkswinkel weer van meet af aan opgebou

en toegerus moes word deur diegene wat hierdie ontvlugtingsoord gekies het.

'n Huis word vir hierdie doel „geannekseer.” Spoedig egter was hierdie huis te klein, en voorsiening vir 'n bykomstige plek moes gemaak word. Om hierdie bykomstige plek te kry was makliker gesê as gedaan. Beloftes daartoe was talryk genoeg, die uitvoering daarvan het egter meestal lank geduur.

Streng beperkings was van toepassing op die hout wat in die kamp toegelaat is. Harde houtsoorte mag nie langer as 10 duim wees nie, sagte houtsoorte nie langer as 20 duim nie. Ook mag dit nie meer as 'n bepaalde dikte wees nie — daar kon dalk knuppels of ander wapens van gemaak word of daarin weggesteek wees. Met hierdie beperkings kon daar dus nie hout in kom wat geskik is vir die maak van draaibanke nie. Boere het egter altyd 'n plan, en gevolglik „organiseer” hulle hout daarvoor. Banke, tafels en staanders van huise se dakke het heeltemal goed aan die doel beantwoord. Die gevolg was dat baie van die huise se dakke op baie groot genade gestaan het. (Nie een huis se genade het dit ooit in die steek gelaat nie!)

Daar moes natuurlik altyd 'n bepaalde aantal tafels en banke gelaat word om by te eet. Het een van die tafels of banke 'n bruikbare stuk hout aan, word dit afgehaal en vervang deur enige stuk plank, of dit dikker of dunner of smaller was, maak geen saak nie.

Nou kom die kwessie van gereedskap, maar daarvoor wis 'n vasgekeerde Boer ook raad!!

Die Koffiefonteinkamp is opgerig op die plek waar vroeër 'n ou ashoop van die ou diamantmyne was. Dit was 'n ryk bron van ou stukke yster, ens. Groot gedeeltes van die ashoop is omgedolwe in die soektog na bruikbare materiaal. Hamers en beitels is gou uit stukke booryster gemaak. Baie van die nodige gereedskap het ouers, familie en vriende van die geïnterneerdes aan hulle gestuur; maar daartoe was permitte nodig. Soms het dit dan maande geduur voordat sodanige permitte toegestaan is. Ook gereedskap moes aan sekere vereistes voldoen. Nie enige stuk gereedskap is in die kamp toegelaat nie. So het dit dan gebeur dat as die gereedskap jou na baie gesukkel bereik, jy vind dat sommige terug gehou is deur die kampowerhede. Die strengste verbod was eerstens op 'n tang — gevolglik was die aanvraag van tange in die kamp baie groter as die produksie. En tweedens op 'n ystersaag. Selfs hiervan is daar 'n redelike aantal in die kamp vervaardig.

Die feit dat die regulasies waaronder hout en gereedskap die kamp binnegelaat is, van dag tot dag verander is, het daartoe gelei dat hout of gereedskap wat vir die een of ander geïnterneerde bedoel was, tot by die kampowerhede gekom het en vandaar aan die afsender teruggestuur is.

Kostelik was die organisasie as daar hout aankom wat langer as die voorgeskrewe lengtes was. Die pakkette word

ongeveer 4-uur die middag ingebring. Dan sorg jy net dat jy die sak met die hout eerste kry. Solank die beamptes die res van die pakkette uitdeel, spring jy weg met die hout. Die langste en beste stukke word aan vriende gegee om weg te steek. Die res hou jy om aan die wag te toon. Is daar egter nie genoeg tyd om van die gewenste stukke ontslae te raak nie, sorg jy vir 'n baie stomp saag. Vyfuur verlaat die wagte die kamp, en van jou word verwag om die hout in die gewenste lengtes te saag. Intussen kollekteer jy by almal wat het, kort stukkies hout en sit dit by jou plek neer. Die ander word sorgvuldig versteek. As die wag dan die volgende oggend kom kyk, vind hy die hout netjies opgesaag. Hierdie praktyk het in 'n mate aanleiding gegee tot afpersing. Jy is nie alleen verleë oor jou buurman se korter hout nie, maar hy moet ook help om jou langer hout weg te steek.

Houtwerk: Dis interessant om die ontwikkeling van die houtwerkbedryf in die kamp te bestudeer. Om die ses maande of langer is daar uitstallings gehou van handwerk wat in die kamp gemaak is. Telkens was daar 'n opvallende verbetering te bespeur, in vorm sowel as in afwerking.

Die stokperdjie het kunswerke gelever. Inlegwerke was aan die orde van die dag. Dr. Schweickerdt was ongetwyfeld 'n baanbreker op die gebied. Hy was veral bekend om sy „Boesmantekeningmotiewe.” Ook dr. Eloff het hom hier onderskei, veral met die afwerking van voëlmotiewe op muurborde. Mnr. Van der Westhuysen het mooi effekte verkry deur eers sy motiewe in te lê en dit dan in reliëf uit te sny. Die gedagte om voëls met houtsoorte van verskillende kleur in te lê het by skrywer hiervan ontstaan, asook om letters in skaduwee-effekte in te lê.

Die voorwerpe waarvan die vervaardiging die gewildste was, is kissies, skinkborde, servetringe en piërmesse. Nadat mnr. Gert de Waal die eerste geslaagde draaibank gebou het, het 'n paar ander die saking ook met welslae aangedurf. Die draaibank was die goue sleutel tot 'n periode van bloei in die handwerkbedryf. 'n Groter verskeidenheid voorwerpe is gemaak. Artikels is ook fyner afgerond. Draaiwerk het geweldig populêr geword. Diegene wat nie so wel bedeed was met talent vir houtsneewerk nie, kon nou ook self iets vervaardig. Dit het natuurlik ook baie gouer gegaan om iets met die draaibank te maak as om dit met die hand uit te sny. Dit het dus gelei tot 'n mate van massa-produksie van kandelare, knope, eierkelkies, poeierbakkies, vrugteborde, servetringe, ens.; ook pragtige skaakstelle is gedraai.

Die eienaar van 'n draaibank het 'n florerende besigheid gehad. Hy was die man wat die beitels hanteer. Diegene wat voorwerpe wou laat draai, moes die hout voorsien en daarby die slinger van die draaibank draai. (Begrypikerwyse was geen elektriese krag hiervoor beskikbaar nie.) Na die artikel dan klaar is, kon so 'n eienaar sy prys stel.

Eers in 1943 het die gedagte om viole te maak by skrywer hiervan en mnr. Van der Westhuyzen ontstaan en is 'n begin gemaak met eksperimente vir die bou van 'n viool en ander musiekinstrumente. Viole het ongetwyfeld die meeste aandag geniet. Dit duur ook nie lank nie of elkeen wat enigsins weet hoe om 'n skaaf, beitel of skraper te hanteer, was ywerig besig met die maak van viole. Sommige hiervan het werklik 'n goeie klank gehad. Andere was in voorkoms 'n viool maar in klankrykheid 'n blik! Tog is die resultate wat verkry is baie bevredigend as in aanmerking geneem word dat alle gereedskap wat daartoe benodig was, deur die geïnterneerdes self vervaardig moes word. Verder is die viool ook seker een van die ingewikkeldste en delikaatste musiekinstrumente om te maak — een wat werklik goeie kennis van vakmanskap vereis. Die geringste afwyking in die vorming asook in die samestelling van houtsoorte en selfs die rangskikking daarvan was merkbaar aan die klank. Die kuns van viole te maak is ook nie in baie boekdele opgeteken waaruit dit bestudeer kon word nie. Dit was die geheim van die „gilde van vioolmakers.” Die groot meesters op die gebied, byvoorbeeld Stradivarius, het hul geheime saam in die graf geneem. Vioolmakers was ook mense wat vanaf hul jeug in die kunstige beroep opgelei is om die geheime daarvan ten volle te bemeester.

In ons geval was dit nie 'n lewenstaak nie maar net terwille van tydskorting gedoen. Almal wat viole gemaak het, het nie opleiding in musiek gehad nie, selfs nie eens beskik oor 'n goeie oor om te oordeel of die klankwaarde toeneem of afneem nie.

Benewens die bykans 70 viole wat in die kamp gemaak is, het 'n paar banjos, een of twee tjellos en ook 'n paar ander instrumente (die tipe het my ontgaan) die lig gesien.

By tye was daar 'n kort periode van stilstand onder die skrynwerkers. Dit was te wyte aan onverwagte klopjagte wat miskien 'n stukkie gereedskap by jou huis aantref. So iets is gewoonlik permanent in beslag geneem, omdat geen gereedskap by huise mag wees nie. So iets demp jou geesdrif tydelik, maar, let wel, net tydelik.

Soms is 'n tunnel toevallig onder die werkswinkel ontdek. 'n Tonnel wat „sommer self” ontstaan het, want niemand wis ooit hoe dit ontstaan het of wie dit laat ontstaan het nie. Die onvermydelike gevolg is dat die werkswinkel 'n paar dae gesluit is en dan na 'n ander huis verplaas word.

Selfs ander insidente het hulle ook by die werkswinkel laat geld, bv. die twee opspraakwekkende voorvalle, nl. die „Slag van die Draadtang” en die „Slag van die Streepsak,” waarvan laasgenoemde sulke verreikende gevolge gehad het dat selfs 'n kolonel met 'n troepemag wat oor vliegtuie en pantsermotors beskik het, hulle daar aangemeld het — net vir ingeval.

Met so 'n klopjag het elkeen maar sy wegsteekgoedjies en sy wegsteekplekkies gehad wat nou egter nie hier ter sprake is nie.

Metaalwerk: Dis 'n afdeling van handvaardigheid wat eers laat in die kampgeskiedenis aangedurf is. Hiervoor is daar baie redes, waaronder die verbod op metaalwerk die vernaamste is; verder die groot skaarste aan bruikbare metaal en derdens, die groter tegniese kennis wat dit vereis het.

Met die oorplasing van die kamp na Koffiefontein se ou mynashoop het die materiaal aansienlik vermeerder. Koperdraad, stukke booryster en ou vyle is ontdek en sorgvuldig bewaar vir verwerking. Die naam van dr. J. C. Vogel verdien hier vermeld te word. Hy was inderdaad die persoon wat hierdie bedryf ingelei het. Sy kennis van metaalverwerking het hy tot die beskikking van sy kampgenote gestel deur 'n reeks lesings te gee oor die verskillende legerings van yster en hulle eienskappe. Hierdie lesings het hy ook prakties gedemonstreer.

'n Hoogoond is gebou en 'n blaasbalk aangelê om die gewenste temperature te verkry. Die hoogoond was van so 'n aard dat indien dit met 'n klopjag ontdek en vernietig sou word, dit binne 'n paar uur weer gerekonstrueer kon word.

Die vernaamste voorwerpe wat uit koper gegiet is, was gespes, tafelklokkies en soldeerboute. As in aanmerking geneem word dat koper by 'n temperatuur van 1,876 grade F. of 1,080 grade C. smelt, is dit begryplik dat ons oondjie betreklik doeltreffend was. Daar was egter soveel struikelblokke en die oond te tydelik van aard om enige sukses met die smelt van yster te bereik, aangesien dit by 'n veel hoër temperatuur as koper smelt. Tog is yster ook verwerk met behulp van die oondjie.

Smeeyster is in 'n kleipotjie met koolstof, verkry uit gebrande bene, geplaas en dan vir 'n bepaalde tyd op 'n bepaalde temperatuur gehou om die nodige hoeveelheid koolstof te absorbeer vir die tipe staal wat nodig is. Staal is verwerk deur dit eers geweldig te verhit, dan langsaam te laat afkoel. In die sagte vorm word dit verwerk in bore, beitels, hamers, skroewe-draaiers, tange, messe, skêre en selfs skeermesse. As die voorwerp klaar is, word dit hoog verhit, in water afgekoel en daarna getemper.

Met behulp van die gietery het Christie Engelbrecht twee miniatuurenjins gebou wat uitstekend gewerk het. Die silinders is gegiet uit die metaal van tandepastabuisies. Die krag is bereken in verhouding tot die groot swart miere wat gewemel het in die kamp. Die enjin het dan ook 12 mierekrag ontwikkel. Groot hoeveelhede skarniere vir die honderde kissies is ook vervaardig.

'n Proses wat ook 'n fyn kuns geword het, is die sny van moer- en boutdraad. Die metaalklampies van 'n viool se kenrus is voorsien van 'n links- en regsdraad met die hand gesny. Die metaalskroefie van 'n viool se E-snaar is ook in die kamp gemaak en te veel ander dinge om op te noem.

Silwerwerk was uiters skaars in die kamp. Munt is nie toegelaat nie, en die wat daarin geslaag het om geld in te smokkel, het dit dan gewoonlik aan die mees bedrewe persoon

gegee vir verwerking. Meestal is ringe hieruit vervaardig. Dawid Roos was eintlik die eerste vakman op die gebied. Later het ander gevolg. Die silwer wat afgeveyl is, is versamel en bymekaar gesmelt en weer gebruik. Silwer is ook in geringe mate gebruik vir die inlê van voorletters in houtwerk. Om die nodige vorm te verkry, is die silwer met 'n hamertjie uitgeklop. Dit was nie altyd baie geslaagd nie.

Vanaf die ontstaan van die kamp is leerwerk gedoen. Dit was nooit baie gewild nie, maar daar was wel diegene wat hulle daarmee besig gehou het. Vanweë die feit dat goeie leer baie skaars was en die beperkings op die toelating van leer so menigvuldig, is daar nie baie kunsleerwerk gedoen nie. Die skoene van die geïnterneerdes het in 'n mate vir die beperkings gekompenseer. Daarmee was die kampowerhede nie baie gediend nie. Voorwerpe wat gemaak is, is gordels, sandale en handsakke. Oom Kas Volkes was die een vir versoolwerk.

Ook is met beenwerk o.a. servettringe gemaak.

Toe mnr. Fobian, wat kleremaker van beroep was, in die kamp beland het, is daar ook naaldwerk gedoen. Materiaal vir die maak van bosbaadjies, witbaadjies, ens. is oral vandaan gehaal. Jasse wat uitgedeel is, is vir 'n nuttige doel gebruik, en ook van die dik wit lakens is die helfte verwyder om 'n wit bosbaadjie te word. Die knope en die gespe daarvoor is uit hout gedraai. Al die naaldwerk is met die hand gedoen.

Wasgoed was val nie juis in die aard van 'n man nie (oom Tessie was egter 'n bittereinder op dié gebied). Dit was dan die oorsaak dat 'n wasmasjien gemaak is. 'n Pronkstuk was dit nie, maar dit het aan sy doel beantwoord.

'n Oulike stukkie werk wat natuurlik ten strengste verbode was, is 'n stookketel waar voggies van so om en by die 70 persent alkohol gestook is. Plaaslik het dit bekend gestaan as „Suiwer Damwater” of „Vogelblits” — 'n baie veelseggende naam.

Kleiwerk het ook aandag ontvang, maar as gevolg van die chemiese samestelling van die grond daar, is daar nooit noemenswaardig op die gebied geprester nie. Sodra die klei gebak word, blus dit as gevolg van die groot persentasie kalk. As 'n tunnel ontdek is, is kleiwerk ook tydelik verbied.

Die onstabiliteit van die kampelewe en die onsekerheid oor die datum van verstryking van jou interneringstermyn het in 'n mate ook 'n invloed op die handwerk uitgeoefen. Jy hou jou maar net van dag tot dag besig, net om besig te bly en te verhoed dat jou gedagtes naderhand in 'n kringloop verval.

Handwerk het gehelp om die manne, ten spyte van die onstabiele leefwyse en die onnatuurlike toestande, wel in 'n mate te stabiliseer. Dit het gehelp om hulle te laat aanpas en om die onvermydelike hulle te laat welgeval.


Afgesien van alles dan het handvaardigheid as sodanig 'n goeie doel gedien.

J. H. McDonald.




UIT 'N BRIEF OOR WERKSWINKEL EN HOUTSOORTE

(Om meer woorde op die twee toegestane bladsye te kry word in die reël nuwe paragrawe nie met nuwe reëls begin nie en onnodige woorde uitgelaat; telegramstyl is kenmerkend van die meeste sinne van geïnterneerdes.)

„**A**AN, Brief Nr. 30 van, K2231/42.
 Interneringskamp Nr. 1, Koffiefontein, 11.4.43. Liefste . . ., Selfs ek word oor hout verspot. Kom, besoek ons werkkamer. Hierdie een (30 vt. x 45 vt.) vervang die twee kleines omdat plek gemaak moes word vir vergroting van voetbalveld. So tussen hakies: Hoogverraaiers (so noem ons die nuwelinge) het gister 3de span Ou-Koffiefonteiners met sokker met 1—0 gewen. Toeskouers juig harder as bal 'n hutruit breek as wanneer 'n doel gemaak word! Maar om tot werkkamer terug te keer. Hoor jy die Babelse wargeluid van hamerslae, saaggeknars, vylgeruis, skawegesis, draaibankgedreun, gelag, gesels, gesing, ens. van meer as sestig maats wat hier werskaf? Sien jy die labirintiese (in alle rigtings opgestelde) deurmekaarspul van agtien tafels en ses draaibanke (algar selfgemaak) waaromheen die maats in die byna nie-beskikbare ruimte krioel en ywer? Dis 'n kuns om tussen maats en meubels deur te glip as jy by genl. De Jager se draaibank daar in die hoekie wil uitkom, waar ek werk. Geniet jy hierdie unieke werkgemeenskap in ouma-kleredrag? Daar in die hoekie skaaf, boor, saag, vyl en lym ek of ek sit en draai swetend op 'n één voet lae bankie teen 80 wentelinge per minuut die wiel wat die draaibank aan die gang sit, terwyl genl. De Jager bo die draaibank kelkies, kandelaars, likeurglasies, skaakstelle, ens. teen 1,500 wentelinge per minuut draai. Jou (8½ dm. x 6 dm. x 3 dm.) naaldwerkkassie (van Chris se hout gemaak) is klaar, behalwe dat die skarniere ontbreek en kassie nog 'n laaste skuur en olie moet kry. Wag daarmee met oog op haaks oorskaaf as deksel skeep sou trek. Peuter op oomblik aan servet- en halsdoekringe; a.s. week draai genl. De Jager bo en ek onder die tafel skaakstelle (een vir my). Werk lekker niteenstaande onderbreking deur klasgee, swem, sport, skaakspel, wasgoed was, romans lees, maats besoek, ens.; dis goed, want 'n mens moet besig bly om draadkoors te voorkom. Moet kort-kort by gebrek aan eie timmergereedskap telkens op instrumente wag; ook wag ek af en toe op my leermeesters (genl. De Jager en Macdonald) wat baie besig is en wat my gaan reghelp waar ek iets verbrou het. Peuter aan kleiner werkies vul ledige oomblikke in werkswinkel. Geniet hierdie leerskool as gewillige leerling wat darem handiger is as wat ek verwag het. Die wonderlikste dinge word hier gemaak. Sover ek kon vasstel word die volgende Afrikaanse houtsoorte



Kissies met inlegwerk, skaakstel en skinkborde. (Let op Boesmantekening motiewe waarna skrywer veral verwys.)



*Kandelare, poeierbakkies, eierkelkies, servetringe en
ander voorwerpe in Koffiefontein-interneringskamp
van hout vervaardig.*

hier verwerk: Tamboti, Rooi Ivoor, Donker Stinkhout, Olievenhout, Driedoring, Bokshout, Wit Stinkhout, Eikehout, Karreehout, Ebbehout, Kaapse Ebbehout, Nieshout, Geelhout, Ysterhout, Boekenhout, Niklaas- (of Terblans-) hout, Suikerbos, Taaibos, Vaalbos, Rooibos, Sekelbos, Dikbos, Huilbos, Apiesdoring, Soetdoring, Knoppiesdoring, Pendoring, Kameeldoring, Perske, Appelkoos, Peer, Wit Peer, Lemoen, Wilde Lemoen, Kruisbessie, Duikerbessie, Wit Els, Rooi Els, Wilde Sering, Mak Sering, Populier, Vlieër, Jakaranda, Bohenia, Wag-'n-Bietjie, Haak-en-Steek, Blouhaak, S.A. Kiaat, Kamdebo, Salie, Hardekool (Loodhout), Kammassie, Umvuli, Maroela, Pypsteel, Moepel, Ghwarri, Makee, Boerhoon, Wynruit, Noemnoem, Hoenderspoor, Ooppitjie, Witgat (Maklopi), Kierieklapper, Vaarlandse Wilger, Stinkpeul, Grysappel, Raasblaar, ens. (naas buitelandse houtsoorte soos Burmese Kiaat, Jarra, Okkerneut, ens.). Ek is geen houtkenner nie en gee net name van maats verkry. Hoeveel ken jy hiervan? Merkwaardig hoe sommige maats met eerste oogopslag al die houtsoorte kan onderskei en benoem. Chris, Piet, Eddie, Elsie, ens. kan enige van hierdie of van ander houtsoorte stuur volgens die volgende lengtes . . . Jy besef nie watter dienste houtskenkers aan ons hier lewer nie . . . "

K. 2231/42.

OM IETS MET DIE HANDE TE MAAK

OU paadjie, kamppaadjie hier al langs die draad, waar ons in die kamp sonder park of straat op 'n wandeling gaan . . . Die wandeling was om en om . . . steeds dieselfde paadjie, steeds dieselfde kamp, dieselfde mense. Na verloop van tyd het die eenselwige dae, eenselwige mense en eenselwige gedagtes te veel geword vir Gert. Telkens wanneer hy by die onderste hoek van die kamp sy draai voor die werkswinkel maak om nog 'n ronde om die kamp te stap, hoor hy die gewerskaf met sae, hamers, beitels en draaibanke daarbinne.

Hierdie werkkamer? . . . Dit het hom nie geïnteresseer nie. Eenkeer tevore het hy probeer om vir sy vrou 'n kleinigheid van hout te maak, en dit was genoeg om hom vir goed te laat besluit om nooit weer te probeer nie. En tog, die stappery elke dag, die gedagtes, die heimwee, die eindelose draadbewustheid—hy moet iets doen, hy moet die tyd, die weke, die maande verdryf deur iets te doen.

Toe hy weer by die werkkamer verby wou stap, het hy meteens na regs gedraai en in die deur bly staan. Willie het hom van agter die draaibankwiel opgemerk met 'n goedige: „Soek jy werk!” Werk? Onse genugtig, die plotselinge gedagte aan werk . . . dit sou wonderlik wees om te kan werk. Met 'n stoutmoedige uitdaging het hy langs Willie gaan staan en sonder

om te vra die handvatsel aan die aandrywingswiel van die draaibank uit sy hande geneem en gemerk dat sy vriend papnat is van die sweet.

Gert het gedraai. Asof met 'n uiting van die opgegaarde energie van weke en maande het dit al vinniger, al kragtiger gegaan totdat die man wat stilweg met 'n beitel teen die sneldraaiende houtblokkie eweredige ringetjies sorgvuldig uitgleuf, aan hom skree: „Stadig kêrel, jy breek my draaibank!”

Terwyl hy sit en draai het hy die draaibank besigtig. Ru, van ongeskaafde balkstukke is die raamwerk; die wiele is van hout behalwe hier en daar 'n spyker en 'n skroef en miskien 'n ysterband om die vernaamste houtwiel aanmekaar te hou. Die aandrywingsband wat wiel met wiel verbind, bestaan uit twee aanmekaargelaste gordels wat geïnterneerdes uit stukkies skoenleer vervaardig het. „Snaakse plek hierdie,” het hy by homself gedink, „hier word dinge gemaak uit so te sê niks.”

Na 'n rukkie wou Willie weer die wiel uit Gert se hande neem, maar Gert het eenvoudig geweier. Toe die ete verby was, het Gert weer sy plek by die wiel ingeneem en het met min verposing gedraai dat die brokke van die beitelpunte spat. Die volgende dag was Jaap se skaakstel voltooi. Hy het 'n stukkie hout wat oorgebly het, in die draaibank gevestig en welwillend vir Gert gesê: „Kom, vat die beitel, draai vir jou 'n stel eierkelkies!”

Gert was oorbluf. So iets het hy nog nooit aangedurf nie. Hy het wel deeglik opgelet hoe Jaap die skaakstukke vorm, hoe hy telkens van beitel verwissel, hoe hy die beitels vashou en draai en kantel, aldeur teen die draaiende blok. Toe Gert vir die eerste keer daardie draaibankbeitel in sy hand neem, was dit vir hom 'n blote grap. Jaap het aanvanklik die aandrywingswiel in beweging gehou maar moes spoedig die hulp van Willie inroep sodat hy vir Gert touwys kon maak.

Hierdie besig wees was vir Gert 'n vreugde. Dit was heeltmaal 'n ander lewe. Hy het meer belang gestel in die bedrywigheide van die werkswinkel, hy het begin gesels, begin leer. Dit het sy dae kort gemaak.

Soms het Gert net rondgestaan. 'n Kennisgewing teen die sinkmuur het sy aandag getrek: „As jy niks te doen het nie, moet dit nie hier doen nie!” Heimlik het hy dit geniet en gevoel dat daar in hierdie werkplek agter drade vir hom 'n nuwe wêreld oopgegaan het. Hier is 'n klompie manne besig om te werk. Oënskynlik is daar geen verskil tussen hulle en enige groep werksmanne in die lewe daarbuite nie. En tog, hierdie werk is nie werk nie: dis 'n besig wees, dis 'n middel om die tyd te verdrywe. 'n Oomblik wonder hy watter gedagtes daar deur elkeen hier werksaam, in die hout, in die yster ingeweef word. Hy stap na die werkbank in die hoek waar Kosie besig is om tappe te saag in sy servetringkissie.

„Maskas, Koos, jy het 'n mooi stuk hout; wat maak jy?”

„Ek maak die tyd om.” En hierdie antwoord het Gert al tevore op navrae ontvang.

Koos het hom die stinkhout gewys en onder sy werkbank nog 'n ander stuk hout te voorskyn gehaal. „Dit is tambotie van my pa se plaas; en kyk, hierdie is drieroring, hy's pikswart en so hard soos klip.” Koos splinter 'n stukkjie met sy beitel af, en dit kras en breek byna soos klip. „Maar kyk hier!” Koos wys vir hom 'n servetring van drieroring gemaak. Dis pragtig, dit lyk byna soos swart marmer. Mens sou amper nie sê dat dit hout is nie. „En daardie rooie?” . . . Die ses servetringe wat Koos voorlopig in sy gereedskapkissie bewaar het, het Gert se belangstelling gaande gemaak. Dit was iets besonders. Ses ringe van ses verskillende soorte inheemse hout vervaardig.

Gert het begin om houtsoorte te leer ken, te leer onderskei, te waardeer.

By 'n volgende bank was iemand besig met 'n eienaardige werk. Die lympot, kokend warm, staan gereed. 'n Bankskroef en twee klampe is reggestel. Op die bank lê 'n groterige stuk jakarandahout met 'n figuur daarin uitgehol. Langsaan is daar verskeie blokkies hout van verskillende kleure. Een vir een word die klein blokkies gelym en in die uitgesnyde figuur op die jakaranda ingepas totdat dit 'n geheel vorm soos 'n legkaart. Die hele stuk word dan in die skroef en klampe vasgesit en daar gelaat tot die lym droog is. Daarna word dit uitgehaal, gelykgeskawe en die mooiste prentjie van verskillende houtsoorte ingelê, kom te voorskyn. 'n Boom, 'n dammetjie, 'n skippie, 'n paar voëls en heuwels op die agtergrond.

'n Idee het in Gert opgekom. Sy liefde vir die vrye natuur daarbuite en die besondere waardering wat hy vir die aalwyn het, het onder omstandighede van heimwee en afwagting 'n nawerking in hom gehad. Hy het die nodige klein stukkies hout hier en daar by vriende gekry en op 'n gepaste agtergrond, wat sy broer vir hom van buite af ingestuur het, het hy 'n aalwyn ingelê wat op rotse staan. Die blomme van donkerste rooi-ivoor, die stingels van vaal maroela, die stam en blare van stinkhout en die verskeie kleure van die rotse is verkry deur houtsoorte soos oliën, kanfer, kiaan en tambotie. In plaas van die oppervlakte van die prentjie wat hy ingelê het, gelyk te skawe, het Gert dit in reliëf uitgesny. Dit was besonder mooi. Die aalwyn het vir hom 'n simbool van die lewe geword . . . die sierlike aalwyn met sy ligrooi blommeklokke waar bye hulle nektar insamel. Die liggroen vlesige blare met hulle bitter sap, hulle harde doringe. Doringe aan die aalwyne daarbuite, doringe aan die draad hierbinne . . . vir Gert het dit uitgegroeï tot simboliek.

Dit was nie die laaste werk wat Gert in reliëf uitgesny het nie, en vir hom was dit aangenaam om met verloop van tyd wenke te gee aan andere wat ook in dié rigting begin belangstel.

Deur die maande heen het hy 'n hele aantal artikels vervaardig. Vriende van buite het hout aangestuur waaruit sierlike artikels een na die ander voltooi is. Onder andere het hy ook 'n viool vervaardig uit gewone greinhout.

Soos in die geval waar iemand 'n skaakstel vervaardig en nie kan rus voordat hy die spel leer speel het nie, so ook was dit 'n bevordering vir musiek wanneer daar 'n viool sy voltooiing nader. Telkens was daar nog 'n viooleienaar en telkens nog 'n leerling in die klas vir vioolles — 'n groter belangstelling in musiek in die algemeen, 'n nuttige volksgenoot.

Vir die doel van handvaardigheidswerk in die kamp moes die enkele stukke gereedskap wat daar was, deur almal gebruik word. Daar is wel toegelaat dat gereedskap van buite ingestuur kon word; maar dit was 'n baie langsame en omslagtige proses, en slegs sommige soorte gereedskap is toegelaat. By gebrek aan sommige soorte gereedskap wat nie in die kamp te kry was nie, moes daar eenvoudig 'n plan gemaak word. Vir inlêwerk en houtsnee was daar klein dun beiteltjies met verskillende soorte skerp punte nodig. Hier en daar is 'n ou spyker of 'n stukkie kabeldraad opgetel. Die draadjies of spykers word dan in 'n stukkie ysterpyp met kampvervaardigde beenkool verpak, met klei toegesmeer en sowat twaalf uur in 'n hooggekoonde gebak. Hierdie proses bewerkstellig staal van 'n beter gehalte deur die opname van koolstof. Deur 'n proses van geleidelike verkoeling word die verstaalde spykers dan sag gemaak, tot beiteltjies geslyp, dan weer hard gemaak deur verwarming en vinnige verkoeling en daarna getemper. Stele word aangesit, die beitels word geslyp en is gereed vir die vaardige hand. Deur hierdie proses is daar onder andere houtbeitels en skaaflemme vervaardig.

Vandag is daar honderde van die sierlikste artikels wat in die kamp vervaardig is, oor die hele Suid-Afrika versprei. Hier is 'n kissie wat sigarette bevat, daar 'n miniatuur stoomketel of 'n miniatuur spoorwegwa presies volgens model van die werklike wa gemaak. Periodiek is daar in die kamp uitstallings gehou van artikels wat daar vervaardig is. 'n Besoek aan 'n paar van die uitstallings het mens diep onder die indruk gebring van wat daar werklik tot stand gebring is en tot watter groot nut handvaardigheidswerk vir geïnterneerdes was. Elkeen van hierdie artikels verteenwoordig die hande wat dit gemaak het, die denke, die beplanning, die skeppingsvermoë van manne wat maande en jare agter doringdraad moes deurbring.

Op 'n goeie dag was daar 'n klopjag (of rhadja soos dit daar genoem is) in die kamp. Met so 'n geleentheid word alles in die huise deursoek en kontrabande word weggeeneem. Die mees ongewilde offisier was in bevel. In 'n sekere huis het die betrokke offisier die houtwerk van een van die manne besigtig. Onder andere was daar onder die artikels 'n bobbejaan op 'n paal uit hout gesny, maar die kop van die bobbejaan het 'n bitter ongewilde politieke leier in die buitelewe verteenwoordig.

Die offisier het dadelik die spotterny raakgesien en ergerlik gevra: „Wat is dit? Wat is dit hierdie? Wie het dit gemaak?” Sonder aarseling het die vervaardiger daarvan na vore getree met: „Ek het dit gemaak.”

„Wie is dit veronderstel om te verteenwoordig?” het die offisier ergerlik gevra en in dieselfde asem daarby gevoeg: „Jy weet, ek hou nie daarvan nie, ek hou glad nie daarvan nie.”

„Ek ook nie,” het die persoon aan wie dit behoort geantwoord, „ek hou self niks van hom nie.”

Haitie Hinsbeeck.

SPORT EN SPELE IN DIE KAMP

DIE gesonde invloed op liggaam en gees wat sport 'n mens bied, was nêrens heilsamer as in die interneringskamp nie. Nie alleen word leë ure gevul nie, maar dit dien ook as 'n uitlaatklep vir die oortollige energie.

Reeds in Leeukop, die eerste interneringskamp, het sport 'n besonder groot rol in die daaglikse lewe van die manne gespeel. **Tennis, handbal, sokker en netbal** is hier beoefen. Wat **liggaamsoefening** betref, is die Afrikaners in Leeukop deur J. Ackermann onderrig. Dit het begin as 'n algemene liggaamsoefeningklas, maar later ontwikkel dit in 'n opleidingsklas waar onderrig gegee is in dissipline en algemeen militêre beginsels. Uitgesoekte lede van die liggaamsoefeningklas het ook **spesiale, intensiewe kursusse** deurgemaak.

Op Ganspan het daar ook 'n georganiseerde liggaamsoefeningklas bestaan, en hier vir die eerste keer is rugby deur geïnterneerdes gespeel. Die inisiatief vir hierdie spel het van dr. Jan Pienaar uitgegaan, wat self nog losskakel gespeel het. Die geïnterneerdes het self vir hulle 'n rugbyveld aangelê. Die swembad in die kamp was 'n gruisgat deur die geïnterneerdes self gegrawe, en die water vir die bad is gelei uit 'n besproeiingsvoor wat daar naby langs verbygeloop het. **Sokker** is ook op Ganspan gespeel, en 'n reeks wedstryde is vir manne van bo veertig jaar gereël om hulle ook besig te hou. Daar het egter so baie beserings plaasgevind dat die wedstryde gestaak moes word! Op Ganspan is een **atletiekbyeenkoms** gehou, en **verdienselikeheidsertifikate** is aan die wenner uitgereik. **Jukskeisele** is ook met geesdrif beoefen.

Nadat die kamp van Ganspan na Koffiefontein verskuif is, het die aantal geïnterneerdes vinnig aangegroei. Die oppervlakte van Koffiefontein was heelwat kleiner as dié van Ganspan, terwyl die aantal geïnterneerdes drie- of viermaal so groot was. Die feit dat die manne in verskillende vertakkinge van sport belanggestel en meer geesdrif daarvoor geopenbaar het, het dit noodsaaklik gemaak dat alle sportsoorte georganiseer moes word.

'n Sportkomitee, bestaande uit belangstellendes in die verskillende vertakkinge van sport, is in die lewe geroep. Dit het my werk as organiseerder baie vergemaklik.

Die vernaamste spel in Koffiefontein was sokker, aangesien die oppervlakte van die kamp so klein was dat ons nie 'n rugbyveld kon uitlê nie. En ons sokkerveld was daarby ook heelwat kleiner as die gewone. Gevolglik het 'n span maar uit nege man in plaas van elf bestaan. Die Afrikaner is mos iemand wat 'n sportsoort gou aanleer. Dit was verbasend om waar te neem hoe gou die manne in sokker bedrewe geraak het.

Hierdie spel is gedurende die winter en die somer gespeel. Die manne het soveel geesdrif getoon en soveel spelers het begin deelneem, dat 'n sokkerliga gestig is. Spelers is in verskeie klubs ingedeel, en elke klub het uit drie spanne bestaan. Daar is geweddywer om 'n wisselbeker wat op een van die kamp se draaibanke deur genl. O. L. Nel uitgesny is. Wanneer een liga afgeloop het, is die spelers weer geskommel, nuwe klubs is in die lewe geroep vir 'n nuwe kompetisie, wat na 'n kort rustyd weer 'n aanvang geneem het. Die punte van al die spanne van elke klub is saamgetel en die beker aan die wennende klub oorhandig. Hierdie metode het die belangstelling gewek van elke speler van die verskillende klubs, om nie te praat van die ander kampgenote nie. Die wennende klub moes dan ook die ander op koek, koeldrank, ens. trakteer!

Behalwe hierdie ligawedstryde is daar ook „interprovinsiale” wedstryde gereël — ons „Currie-beker”-wedstryde — wat vir speler sowel as toeskouer 'n groot dag was. Watter oud-geïnterneerde sal Atta-Turk as geesdriftige Vrystaatse ondersteuner ooit vergeet of die tonele wat hulle afgespeel het wanneer die verlorende span en al sy ondersteuners deur die oorwinnaars „getrof” is. Die arme skeidsregter is gewoonlik deur beide spanne „getrof,” want dit was nie lank nie voor die spelers alles geleer het wat teen die reëls van die spel was en moes die skeidsregter dit na die wedstryd ontgeld as hy hulle straf. Wie sal ooit die twee staatmakertjies van die Vrystaat, met hul sakdoeke in die linkerhand, in die opsig vergeet! Watter oortredings het hulle nie met dieselfde sakdoeke begaan nie.

Een van die opwindendste dae wat die kamp seker ooit beleef het, was die wedstryd wat in die gees van intervarsity in 1944 afgespeel is. Die oud-studente van Stellenbosch, Pretoria en Potchefstroom het gekombineer teen die oud-studente van Wits, U.K.O.V.S. en Kaapstad. By hierdie wedstryd het jy weer gehoor die studenteliedjies, die geskerts en geterg en in een woord die oorverdwende lawaai wat 'n egte intervarsity kenmerk. Na 'n besonder kwaai wedstryd het die Pretoria-Stellenbosch-Potchefstroom-span 'n naelskraap oorwinning behaal. Die dag het geëindig met sang en musiek, koeldranke en koek, grappe en geestige toesprake die aand in die groot eetsaal.

'n Ander interessante spel wat heelwat afleiding gebied het, was **handbal**, 'n vinnige Duitse spel, wat ook op ons voetbalveld afgespeel is en wat uitstekende oefening aan die deelnemers verskaf het. Hierdie spel het alreeds in Ganspan ontwikkel. Iets interessants wat hierdie spel betref, is dat die polisie-geïnterneerdes besonder belang daarin gestel het en etlike handbalspanne in die lewe geroep het. Die ou Ganspan-span is egter baie groots op die feit dat hulle meestal daarin geslaag het om die polisiespanne met die kous oor die kop van die veld te stuur!

Soos reeds gesê, was daar 'n gruiswembad in Ganspan. Ook in Koffiefontein het die geïnterneerdes 'n **swembad** uitgegrawe. Hier het die owerheid gelukkig 'n **sementdam** gemaak, iets wat van groot waarde in Koffiefontein was, want ek kan die leser die versekering gee dat dit in die somer daar baie warm word, en dit met die manne in huise van hout en sink. Baie kampgenote wat nooit 'n tree kon swem nie, het hier geleer, nie alleen om goed te swem nie maar ook om verdienstelikeheidsertifikate in lewensredding te bekom. 'n Paar entoesiaste het die kampleiding genader om 'n reddersliga in die lewe te roep, en so het in Koffiefontein se interneringskamp die „Wolraad Woltemade"-reddersliga tot stand gekom. 'n Volledige handleiding is in die kamp opgestel, en omtrent sestig man het by die liga aangesluit en verbasende sukses behaal. Hierdie kursus het nie alleen gedien om die manne in lewensredding op te lei nie, maar dit was nog 'n geslaagde poging om hulle gesond en geïnteresseerd te hou. Alle lof kom die manne toe wat hierdie ingewing gekry het.

Jukskei is op betreklik klein skaal in die kamp gespeel. Die owerheid het beslis geweier om ons van die nodige hout te voorsien om die skeie te maak. Kan die leser miskien raai waarom? Daar het egter in die kamp 'n ou peperboom gestaan, en toe die wind eendag 'n groot tak daarvan afskeur, het 'n paar jukskei-entoesiaste die geleentheid te baat geneem om vir hulle daarvan skeie te maak. Die jukskeigeesdriftiges is nou tevrede gestel, en 'n hele paar wedstryde is afgespeel.

Ten opsigte van **stoei** het die kampleiding alle pogings in die werk gestel om 'n matras te bekom maar kon nooit daarin slaag nie weens die hoë koste daaraan verbonde. Daar was etlike goeie stoeiers in die kamp wat maar te gretig was om hulle kennis aan hulle kampgenote mee te deel. En dit ly geen twyfel nie dat hierdie sportsoort besonder gewild sou gewees het indien ons 'n matras in die hande kon kry.

Daar is egter 'n **jiu-jitsu-klas** deur Jan Schoeman in die lewe geroep, wat baie byval gevind het en wat onder die ongunstige omstandighede van gebrek aan 'n stoeimat goeie vrugte afgewerp het.

Met **boks** het dit baie beter gegaan. Oom Tiny R. was 'n boksgeesdriftige en 'n florerende boksklas het tot stand gekom.

Sokker het later werklik eentonig geword, en 'n sekere geïnterneerde wat in Amerika gestudeer het, het genl. Nel genader en gevra of **bofbal** nie as 'n afwisselende spel beoefen kon word nie. 'n Vergadering van belangstellendes is gehou, en die spel het so baie byval gevind dat ook hier 'n ligakompetisie in die lewe geroep moes word. Genl. Nel moes 'n tweede wisselbeker sny en vir dié doel skenk. Sagte balle sowel as 'n slaanstok is in die kamp deur die geïnterneerdes self gemaak. Twee ligakompetisies is afgespeel, maar as gevolg van die vinnige loslatings en baie beserings moes die spel later gestaak word.

Reeds in Ganspan het die Afrikaners een **atletiek**byeenkoms gehou. Dit het 'n instelling geword, en jaarliks in die lente is kragte op die atletiekbaan gemeet. Die byeenkoms van 25 September 1943 in Koffiefontein sal seker nog baie jare deur oud-geïnterneerdes onthou word.

Die manne in die kamp het self die baan moes uitlê en regmaak. Dit het weke van harde voorbereidingswerk gekos voor die baan in 'n geskikte toestand was. Die volgende items het plaasgevind: 100, 220, 440 tree; halfmyl en myl; hoog- en verspring. Die deelnemers in die byeenkoms het onder begeleiding van 'n trekklavierorkes in gelid om die kamp gemarsjeer voor die aanvang van die verrigtinge. Die leser kan verseker wees dat na weke van intensiewe oefening daar op dié dag goeie vertonings gegee is — vir manne wat al lank binne 'n oppervlakte van omtrent drie morg opgesluit was.

Soos reeds beskryf is met **liggaamsoefening** in Leeukop 'n aanvang gemaak; ook in Ganspan was daar georganiseerde liggaamsoefeningklasse. Hierdie goeie instelling het in Koffiefontein voortgeleef. Eenkeer was daar selfs vier verskillende liggaamsoefeninggroepe in die kamp onder leiding van Beyers, Olivier, Jan Schoeman, Joubert en Cornelissen, waaraan baie manne deelgeneem het. Tye is vir die verskillende klasse in die groot eetsaal gereël. Die waarde van hierdie oefening kan nie te veel beklemtoon word nie. Daarby het Jan Schoeman ook 'n spesiale groep oud-bewaarders en ander jong manne afgerig wat tydens konserte en ander byeenkomste vertonings gegee het. Dit was 'n lus om hierdie manne te sien. Twee ander kampgenote, Köhler en Wolff, het 'n gimnastiekklas gehad wat selfs in die buitewêreld nie sleg sou afgesteek het nie.

'n Ander vorm van oefening het daarin bestaan dat die geïnterneerdes om die kamp **stap of draf**. Saans teen sononder was dit 'n gewone gesig om die manne in groepe, pare of as enkelinge om die kamp te sien stap. Ander het weer net voor slaaptyd hulle daaglikse wandeling gedoen. Aanskou 'n mens in die dieretuin die sirkelgang van die diere in hulle hokke of kampe, dan dink jy onwillekeurig aan die eindelose gestap op die paadjie binne die kampdrade. Wanneer iemand alleen om die kamp slenter, het dit dikwels gebeur dat een of ander

kampgenoot ongemerk by hom sal aansluit, en die doel van sy vriendelikhed sal besmoontlik wees sy begeerte om te hulp te kom ingeval jy besig is met draad kou.

Skaak was vir baie manne in die kamp seker een van die vrugbaarste tydverdrywe. Daar was etlike goeie spelers, en heelparty van die geïnterneerdes wat buite die kamp nooit daarin belang sou gestel het nie, het hier geesdriftige skaakspelers geword. Om belangstelling te wek en te behou, is 'n skaakleer in die lewe geroep. Sommige geïnterneerdes het die spel baie ernstig opgeneem en ander weer net as 'n tydverdryf. Wie sal nie nog glimlag as hy terugdink aan die spelle tussen meester V. en genl. Eloff, of tussen laasgenoemde en Barbarossa nie! Dit was nie net om mekaar met skaak te klop nie maar ook mekaar met spot en terg die loef af te steek. Die waarde wat hierdie spel vir geïnterneerdes gehad het, kan nie oorskat word nie.

Stokperdjies: Voëltjies en diertjies is met die grootste liefde en sorgsaamheid behandel. Kwikstertjies het in die kamp so mak geword dat hulle in die huise gekom het en die vlieë wat die manne vir hulle doodgeslaan het, feitlik uit hulle hande kom eet het. Een kampgenoot het 'n mak vink gehad, wat hy met die grootste toegewydheid vertroetel het. Dit was geen seldsaamheid dat jy skielik 'n gefladder van vlerke hoor en die vink op jou skouer of kop voel land nie. Hierdie selfde vink het eendag onstigtelikheid gedurende 'n kerkdiens veroorsaak deur by die skoolsaal in te vlieg en op die bleskop van 'n geïnterneerde te gaan sit tot groot vermaak van die ander kerkgangers.

Sels die muiskolonies is van kos voorsien, en 'n eersterangse krisis is eendag byna veroorsaak deurdat een van die Kakie-offisiere se hond die muis wou doodmaak!

Aan humor, geestigheid, grappies en poetse bak het dit in die kamp nie ontbreek nie. Nuwe inkomelinge is gewoonlik die skrik op die lyf geja deur leë vuurhoutjiedosies onder die pote van hulle beddens te plaas, wat met 'n onheilspellende gekraak inmekaar stort wanneer hulle op die bed gaan sit. Dikwels het iemand sy slaapklere in 'n ronde bal geknoop gevind, en dit het ure lank geduur om dit los te maak.

Almal het maar uitgesien na hulle loslating, en meesters V. en S. en nog 'n kameraad is 'n besondere poets in hierdie verband gebak. Die oggend voor sonop het twee geïnterneerdes met vaal jasse met rooi lussies daaraan hulle koppe by die deur ingesteeek en gesê: „Menere V. en S., u nommers asseblief!” Toe hulle die antwoord kry, gee hulle die bevel dat die geïnterneerdes moet oppak en klaarmaak, want hulle word losgelaat. Sonder enige argwaan het die manne alles gereed gemaak, hulle Sondagspakke aangetrek en gesit en wag om hek toe geneem te word. Die res van die kamp wou hulle doodlag. Later sou dit uitlek dat

dit 'n poets was. Die slagoffers het gelukkig ook 'n sin vir humor gehad en daaroor gelag.

Die gevolg van al hierdie verskillende vertakkings van sport, tydverdrywe en grappies, soos in die kamp beoefen, het daartoe gelei dat geestelike versteurings, sosiale wanaanpassings en liggaamlike agteruitgang vermy is en die manne na liggaam en gees gesond gebly het.

M. J. Toerien.

BESONDERE DAE IN KOFFIEFONTEINKAMP

DIT is dikwels die geval dat as mens in vredestryd vry in die wêreld mag beweeg, daar geen enkele besondere dag in die jaar is wat juis 'n werklike betekenis vir jou het nie. Ons mag al die dae — Krugerdag, Van Riebeeck-dag, Kersfees, die K.G. se verjaardag, ens. — vier en selfs op die tradisionele manier vier, sonder dat een van die dae enige besondere betekenis het. Ja! ons mag, na die uiterlike, presies doen wat 'n goeie Christen of Boer betaam om te doen en tog net bymotiewe hê wanneer ons die dae gedenk.

As mens op 16 Desember na 'n Dingaansdagviering gaan, dan is dit helaas nie noodwendig uit dankbaarheid dat God ons voorvaders die oorwinning geskenk het oor die barbaarse hordes nie. In plaas van die suiwere motief mag die laakbare motief wees dat ons gaan om deur ander gesien te word. Ons mag deur bywoning die naam van goeie Afrikaners kry. As ons jonk is, mag die motief wees om die dag te gaan deurbring in die buitelug met 'n nooi of nooiens.

Min van ons vier Kersdag omdat ons dankbaar is dat Christus gebore is en vir ons redding in die wêreld gekom het. Ons beskou Kersdag bloot as 'n vakansiedag waarop ons lekker gaan eet en drink.

Vanaf 1945 is daar 'n groot aantal oud-geïnterneerdes wat jaarliks die K.G. se verjaardag in September vier met 'n eetmaal in die Koffiehuis in Pretoria. Baie van ons vier dit darem nie net om hulde te bring aan ons leier, dr. Van Rensburg, nie. Ons gaan daarheen ook omdat ons 'n groot aantal ou vriende daar gaan ontmoet en lekker oor die ou dae gesels. Sommige mag, helaas, die dinee bywoon net om te wys dat hy ook in die kamp of tronk was.

Wanneer jy egter agter die tralies of doringdraad sit, kry elke volksfeesdag 'n besondere betekenis. Dan kom jy in jou eie gedagte-wêreld nader aan die werklike oorspronklike betekenis van die dag as wat jy in die buitewêreld daaraan kon kom. Dit is egter nie omdat ons politieke gevangenes beter Afrikaners was as die mense buite die kamp dat die dae vir ons hulle regte betekenis gekry het nie.

Ek mag hier in die verbygaan konstateer dat die meeste politieke gevangenes nooit 'n oorwaarding van hulle eie

Afrikanerskap gehad het nie. As jy 'n mens wil laat besef hoeveel hy kortskiet beide as Afrikaner en as Christen, moet jy hom 'n tyd lank opsluit. Dit is om dié rede dat baie mense in krygsgevangenskap oorgaan tot die ander uiterste en heeltemal geloofsdwepers word om te vergoed vir sonde of gewaande sonde wat hulle begaan het toe hulle nog vry was.

Nee, vir ons wat 'n aantal Kersdae, Dingaansdae, Krugerdag, ens. in die tronk en kamp gevier het, was sulke dae werklik van groot geskiedkundige betekenis. Hier wil ek dan ook die betekenis en viering in die kamp van die volgende dae bespreek: Amajubadag, Van Riebeeck-dag, Uniedag, die K.G. se verjaarsdag, Krugerdag, Dingaansdag en Kersdag. Ek vertolk my persoonlike gewaarwordinge maar meen dat ek namens 'n groot aantal oud-geïnterneerdes praat wanneer ek dit soos hieronder beskryf.

Amajubadag was vir ons die simbool van 'n groot oorwinning van ons Boerevolk oor ons aartsvyand, Groot-Brittanje. Dit was vir ons egter nie net 'n oorwinning van ons Boerevolk in die verlede nie, dit was vir ons simbolies van die toekoms. Ons het geglo — baie van ons glo nou (vier jaar na die sluiting van Koffiefonteinkamp) nog — dat ons weer van Engeland vry kan word as ons net gewillig is om die imperialistiese berg te bestorm.

Die kampoutoriteite het ons belet om met vlae of nasionale toesprake die heldedade te roem. Hulle kon egter nie daarin slaag nie. Toneelstukke is geskrywe, koorsange ingestudeer en 'n konsert is gehou. Elkeen van ons, kan mens sê, het met 'n vierkleur in sy hart na die saal gestap. Met goed verbloemde samesprake en welgekose gedigte is meer gesê as deur die beste toespraak in die wêreld. Elkeen was oorgehaal om net die vaagste sinspeling te snap wat verwys na die ondergang van Engeland. So 'n sinspeling is dan ook uitbundig toegejuig. Na so 'n Majuba-viering het elkeen dankbaar gevoel dat ons voorouers helde was en Colley se manne van die berg afgeja het. Elkeen het ook gevoel dat as daar weer 'n Amajubadag in ons geskiedenis mag kom, hy self onder die vrywilligers sal wees. Dié viering het ons gestaal teen die verterende gevoel van magteloosheid binne die drade. Buitendien het elkeen wat die viering bygewoon het, oortuig gevoel dat God 'n plan gehad het met die tronke en kampe in die geskiedenis van die Boerevolk.

Ons het een lied gehad wat ons graag in die kamp gesing het. Die lied kan byna genoem word die volkslied van alle geïnterneerdes. Dit was „Los van Engeland.” Ek glo nie dat ons ooit „Los van Engeland” met meer oortuiging gesing het as na Amajubadag-viering nie.

Van Riebeeck-dag het weer 'n ander betekenis gehad. Dit is byna asof dit meer 'n godsdienstige dag vir ons was. Op hierdie dag het God dit beskik dat daar 'n blanke beskawing geplant word aan die Kaap de Goede Hoop. Na 300 jaar bestaan die blanke beskawing nog, het hy gegroei en sterk

geword. Aanslag op aanslag van swart hordes het hom te pletter geloop teen die wil tot voortbestaan. Keer op keer het vyandiggesinde sendelinge en liberaliste die bloedsbesef van die Afrikaner probeer ondermyn. Nietemin bestaan die rasegte, rassuiwere Afrikaner nog. Is dit dan eienaardig dat daar nog meer as 'n miljoen blankes is wat glo dat God hierdie volksplanting geseën het? Is dit dan eienaardig dat hulle glo aan die toekomstige voortbestaan van die Afrikanernasie?

Die manier waarop Van Riebeeck-dag in die kamp gevier is, het in vorm nie veel verskil van Majubadag nie. Weer 'n konsert — om die Kakies tevrede te stel — weer voordragte, samesprake en sketse. Maar met gelowige dankbaarheid het die kêrels daar gesit en dink aan die wonderwerk dat ons nog nie deur Donker Afrika ingesluk is nie.

Uniedag met sy tweeledige inhoud: Eerstens die dag waarop die Afrikaner sy vryheid moes prysgee, die groot vernedering vir ons dappere volk. In ons viering het ons dan ook gedink aan die konsentrasiekamp waarin die groot offer van vrouens en kinders op die volksaltaar gelê is. Menigteen van ons het daaraan gedink dat veertig jaar later weer 'n konsentrasiekamp vir Afrikaners in hulle eie land deur die handlangers van dieselfde vyand opgerig is. Gewoonlik het ons nie lank by hierdie aspek stilgestaan nie, want daar kon geen vergelyking getref word tussen die lyding van die vrouens en kinders aan die een kant en ons aan die ander kant nie.

In die tweede plek het Uniedag darem ook die betekenis van eenwording van die Afrikaners van die vier Provinsies. In 1900 was daar net Kaapse rebelle en was hulle die enigste hoogverraaiers in Suid-Afrika. In die hoogverraadsaak van 1943 was daar Kapenare, Natallers, Vrystaters en Transvalers. In Koffiefontein was verteenwoordigers van die hele Unie, en dit omdat ons op 31 Mei 1910 saamgekom het. Ons het in ons gesprekke dikwels gewonder of 31 Mei 1902 daar moes wees om 31 Mei 1910 moontlik te maak. Ons het dan ook geglo dat daar eendag weer 'n Suid-Afrikaanse Republiek sal wees, maar dan sal dit uit vier provinsies in plaas van Transvaal alleen bestaan. Ons viering het dan ook nooit die vorm aangeneem van 'n treurende volk nie.

Die K.G. se verjaarsdag. Die volgende dag wat vir ons 'n groot betekenis gehad het, was die K.G. — dr. Van Rensburg — se verjaarsdag. Al was negentig persent van die geïnterneerdes O.B.-lede of O.B.-gesind, was daar tog 'n groepie wat die K.G. nie geken het nie en onverskillig teenoor hom gestaan het, en 'n nog kleiner groepie wat enigsins vyandiggesind was. Nietemin kan ek hier getuig dat dié persone nooit tydens my verblyf in die kamp teendemonstrasies gemaak het nie. Die enigste nadeel van die verdeeldheid was dat ons die K.G. se verjaarsdag nie almal saam kon vier nie.

Die viering het dan ook jaarliks 'n insident opgelewer. In die grootste geheimhouding is daar elke jaar 'n vlieër gemaak

met 'n gelukwensboodskap aan die K.G. Die vlieër is dan die oggend net na appèl opgestuur, en as hy hoog genoeg is, is die tou gebreek. Een van die vlieërs het myle en myle ver getrek en is, sover ons weet, nooit deur die Kakies gekry nie. Die ander een het ongelukkig naby afgekom en is deur hulle gevind.

Die tweede item op die program was 'n dinee waarby alle O.B.'s aangesit het. Ons het nou wel net limonade gehad om die heildronk mee te drink, maar van een ding kan dr. Van Rensburg verseker wees: niemand het met meer opregtheid sy gesondheid met die lekkerste wyn gedrink nie as die groepie geïnterneerdes wat dit met limonade gedrink het. Daardie viering het seker ook as gevolg gehad dat meer van daardie kèrels vandag nog eerlik hulde aan hom bring vir wat hy vir hulle en die Afrikanersaak gedoen het, as duisende wat sy heil met wyn gedrink het.

Krugerdag. Op 10 Oktober het ons hulde gebring aan die grootste Afrikaner van alle tye. Dit was nie by ons lippetaal nie. Ons het besef dat as daar geen president Kruger in ons geskiedenis was nie, die Afrikaner waarskynlik van die toneel sou verdwyn het. Omdat hy die magtige Engeland getrotseer het, het die worstelstryd ontbrand waardeur die Boerevolk roem verwerf het — waarop ons met reg trots kan wees. As 'n gevolg van daardie stryd was 'n deeltjie van ons volk weer gewillig om in 1939 die stryd teen Brittanje se handlangers aan te knoop. Gedagtig aan die offers van 1900-1902 was ons ook gewillig om ons bydrae te lewer tot die Vryheidstryd van die Afrikanervolk. Ons het eerlik en opreg God gedank vir president Kruger en het hulde gebring aan sy nagedagtenis.

Dingaansdag was vir die geïnterneerdes die simbool van die oorwinning oor die tweede grootste gevaar van die Boerevolk, naamlik die swartes van ons land. Die oorwinning van die Voortrekkers het die fisieke uitdelging van ons Boerenasie verhoed. Vir die geïnterneerdes was dit die betekenis van Dingaansdag. Ons het God gedank vir die oorwinning. Ons het die gelofte herhaal wat deur ons voorouers afgelê is. Die viering is op die gebruikelike manier gehou—vroë oggenddiens, die hoofdiens, waarby die gelofte voorgelees is, en geskiedkundige toesprake. Die aand is afgesluit met 'n konsert waarin voordragte gelewer en geskiedkundige taferel vertoon is. By al hierdie dinge was ons altyd bewus van die geweldige betekenis van Dingaansdag vir ons volk.

Een ding wat elkeen van ons besef het, was dat die vyand van destyds — die swart gevaar — nie finaal verslaan is in 1838 nie. Nou, 'n honderd jaar later, moet ons weer veg teen 'n veel listiger vyand — bloedvermenging. Vir ons in die kamp was daar 'n stryd vir ons land en om die suiwerheid van ons bloed. In 1838 is Piet Retief vermoor. Owen was nie aandadig aan die moord nie; maar as dit met sy medewete geskied het, sou hy die moed gehad het om Retief te waarsku?

Nou, 'n honderd jaar later, het die swartes 'n gevaarlike bondgenoot in die liberaliste van die land. Deur hulle—of sommige van hulle—sou die uitbastering van die blankes, veral die Afrikaners, verwelkom word. Hierdie gevaar is deur die manne van Koffiefontein beseef by hulle viering van Dingaansdag.

'n Ander sake wat in Koffiefontein onder ons aandag gebring is, was dat die geskiedenis baie suinig is as hy roem uitdeel. By die slag van Bloedrivier was daar 467 man wat die Zoeloehordes verslaan het, en tog is net 'n sewetal of so van die leiers se name bekend. Sonder die dappere burgers kon die leiers geen geskiedenis gemaak het nie, maar hulle bly onbekend. So ook sal die geskiedenis die feit van die bestaan van Koffiefontein konstateer, asook van die bestaan van 'n Noodhulpfonds, wat nie alleen die liggame van die afhanklikes gered het nie maar ook die siel van die Afrikanervolk. Die geskiedenis sal waarskynlik nie die name van die geïnterneerdes of politieke gevangenes oorlewer nie. Dié eienaardigheid is nie alleen deur die geïnterneerdes aanvaar nie, maar eienaardig genoeg is dit ook deur hulle verwelkom. Ons het gevoel dat die daad moes verrig word terwille van blank Suid-Afrika, en dus was ons bly om dit te doen; maar byna geeneen het ooit daaraan gedink dat hy daardeur roem sou verwerf nie.

Dit was dus met eerlike, onbaatsugtige dankbaarheid dat ons hulde gebring het aan die helde van Bloedrivier en God gedank het vir hulle.

Kersdag. Ons behoort eintlik nie te praat van Kersdag nie maar wel Kersaand. Dit was op die aand voor 25 Desember dat ons talle houtvuurtjies in die kamp aangesteek het om die heerlike ribbetjies en wors te braai wat die O.B.-makers vir ons gestuur het. Die daad was 'n liefdedaad wat soos geen ander daad nie ons geïnspireer het tot volharding. Ons het nie alleen gevoel dat ons kamerade daarbuite ons nie vergeet het nie, maar ons het ook gevoel dat ons onder die beskermende hand van die Algewer gestaan het.

Selfs die gehardste sondaar onder ons het daardie aand in sy hart 'n tikkie dankbaarheid gevoel vir die geboorte van Christus. Dit is ook eienaardig dat albei die Kersaande wat ek in die kamp deurgebring het, sulke pragtige aande was — die sterre het geskitter en die wind was stil. Die wind — die las van Koffiefontein — het ons daardie aande met rus gelaat.

Om die kampvure was die kêrels in plesierige stemming, en tog meen ek dat op Kersaand daar nie een was wat nie heimwee gehad het nie. Dit is die aand wat mens by jou dierbares wil wees. Daarom het die stemming wat onder ons geheers het, gewissel tussen vrolikheid en dankbaarheid vir geskenke wat ons ontvang het, en hartseer omdat ons nie by ons families kon wees nie.

By die diens op Kersdag was ons dan ook almal in 'n stil en ernstige stemming — dankbaar dat Hy gekom het om vir

die mens se saligheid vrede op aarde te bring, maar ons was ook ten volle bewus daarvan dat Hy die swaard onder die nasies gebring het. Daar in Koffiefontein het ons meer as ooit tevore besef dat daar 'n stryd vir die Christene wag soos nog nooit tevore nie, en ons het gehoop dat ook ons vir die stryd waardig geag sal word.

Elke dag wat ek genoem het, was bestem om die geïnterneerdes ernstig te laat dink oor die rol wat hulle gespeel het, en hulle dit in die regte lig te laat sien. Ek twyfel dus of daar een was wat die jare in kampe of tronke deurgebring het wat homself danig hoog skat vir die rol wat hy geroepe was om te vervul.

J. C. Neethling.

GELOFTE

(Amajubafees, Koffiefontein, 10 Februarie 1942)

*Waar bergkruin en kransspits uitpronk teen die blou,
deur ons droomstille vlaktes wydstrekkend omvou,
waar rotse en lower die seebries ontmoet
of sandveld oorskroei word deur songloor en -gloed;
tot diep in die hart van ons bosryke noorde,
in kil stadsgewemel of eensame oorde,
by armoed se sinkkrot of rykdom se wonings,
voor vriende en vyande, dienaars of konings —*

*Oral en altyd, o Skepper Almagtig,
sal ons roemoffers daadryk u glorie bekragtig!
Wy ons nasie-altare met hart en hand,
waar as wieroek ons liggaam en siel op sal brand!
Dreun die eed voort, soos donder ontoombaar groot:
„Aan ons erfland, Suid-Afrika, trou tot die dood!”*

J. J. Fick.

KONTAK MET DIE BUITEWÊRELD

WANNEER ons die kontak van die politieke gevangenes met die buitewêreld bespreek, wil ons vir die soveelste keer beklemtoon dat hierdie gevangenes in so 'n gedagte-wêreld geleef het dat niks deur hulle alleen uit 'n materiële oogpunt beskou is nie. Vir hulle was 'n brief, 'n stuk hout, 'n familie-besoek alles 'n geestelike gawe. Daar was alleen 'n graadverskil in die gawe en nie 'n verskil in die aard daarvan nie.

Die duisende vriende en familiebetrekkings sal waarskynlik nooit besef wat elke liefdedaad, waardeur hulle aan die geïnterneerdes laat weet het dat hulle nie vergeet is nie, vir die gevangenes beteken het nie. Dit het ons met nuwe moed besiel, ons uithouvermoë gesterk. Die lesers sal dus hopelik

geen beswaar maak teen 'n meer breedvoerige bespreking van al die maniere waardeur die mense buite die interneringskamp of tronk, bewus of onbewus, met die gevangenes in verbinding gekom het nie.

Die eerste metode van kontak was deur die pos. Die geïnterneerdes kon 'n onbeperkte aantal briewe ontvang maar mog, helaas, net twee briewe van twee bladsye per week skrywe. Dit het beteken dat baie vriende en familiebetrekkings geskrywe het sonder dat hulle ooit direk uit die kamp daarvoor bedank is. Enigiemand wat skrywe en aanhou skrywe sonder om direk 'n brief terug te kry, weet hoe sieledodend dié korrespondensie is.

As daar lesers is wat hierdie ondankbare taak verrig het en nou hierdie reëls lees, sal hy of sy nou eers die nodige dank ontvang. U het miskien nie besef hoe hierdie reël van die Kakies, wat die magtelose man agter die doringdraad belet het om u te bedank, hom gegrief het nie. As u egter 'n enkele oomblik die manne kon gesien het waar hulle gespanne gestaan en luister het of hulle name afgelees gaan word smiddae by die posuitdeling, as u die glinstering van geluk in die oë kon gesien het van die wat pos ontvang, sou u besef het watter magtige uitwerking u brief gehad het. U brief is weer en weer gelees al was die inhoud hoe alledaags. Ja, gedeeltes uit die briewe is selfs vir die ander kamerade voorgelees as daar die kleinste stukkies algemene nuus in was.

As u die belangrikheid besef van die rol wat briewe gespeel het, sal u miskien ook begryp dat die laagste vorm van marteling wat die Kakies toegepas het, was om briewe terug te hou. Dit het hulle gewoonlik gedoen met die briewe van die nuwe inkomelinge in die kamp. 'n Persoon was soms van drie tot vyf weke in die kamp voordat sy eerste brief hom bereik het. Teen die tyd wat die briewe hom bereik, was hy dan reeds gespanne, mismoedig en verbitterd.

In verband met die briewe was daar nog 'n optrede van die Regering — of sal ons maar sê die Kakies, soos ons die destydse Regering verpersoonlik het—wat die haat van die geïnterneerdes laat oplaai het. Dit was die sensorbeleid. Dit was nie die stukkies wat die sensors uit die briewe van buite uitgesny het waarteen beswaar gemaak is nie, maar die terugstuur van ons briewe met 'n onderstreping: „Rewrite. Omit marked passage.” Dit het beteken die verlies van een van die twee briewe van die week. As mens die onskuldige woorde sien waarteen soms kapsie gemaak is, sal u verstaan waarom dit ons so woedend gemaak het. Wat my (die skrywer) betref, wil ek hier erken dat selfs nou nog, jare na die gebeurtenis, my bloed kook as ek aan die Kakiesensors dink wat van my mooiste briewe teruggestuur het. Die briewe is teruggestuur bloot omdat die sensors te onnosel was om die onskuldige filosofie daarin te verstaan of omdat hulle doelbewus magtelose mense wou vertrap.



AKTIWITEITE IN LEEUKOP


*Links bo: Die vertaler
van die Bybel in Kaffer-
tale (eerw. W. Leue)*

Reqs bo: Die bakker



*Links onder: Die pos-
seëlversamelaar*

*Reqs onder: Die koerant-
leser*





AKTIWITEITE IN KOFFIEFONTein


*Links bo: 'n Teologiese
dispuut*

Regs bo: Die skilder



*Links onder: Die kuns-
tekenaar*

*Regs onder: 'n Lid-
doringoperasie*



Die lesers moet die afwyking van die onderwerp verskoon, maar juis deur die afwyking van die hooftema wou ons die belangrikheid van dié vorm van kontak — die brief — met die buitewêreld beklemtoon.

Die tweede vorm van kontak met die buitewêreld was die pospakkette. Dit het nie saak gemaak wat die geïnterneerde van buite af gekry het nie — dit kon 'n kospakket, 'n boek, 'n paar gebreide sokkies of 'n sakdoek gewees het, die belangrike gebeurtenis was die ontvangs van 'n pakkie. Hierdeur het die ontvanger, en nie alleen hy nie maar ook sy kamerade, bewys gekry dat die mense buite die kamp nog aan hulle dink.

Natuurlik was kospakkette van waarde vir al die kamerade in 'n huis, terwyl 'n trui of so iets net die ontvanger self geraak het. Nietemin, 'n pakket in die huis, van watter aard ookal, het almal in die kamphut geestelik verryk. Ons het in mekaar se vreugde gedeel.

Wat geld betref, was daar een ding waar die meeste van ons die Kakiebeleid ondersteun het. Ons het van hulle 1/- per dag ontvang. Van ons mense kon ons net f2 per maand ontvang. Dus was die totale rykdom wat ons per maand kon vergaar, f3/10/-, d.w.s. kwalik rooigeld. Ons was egter bly oor die beperking, want almal het besef dat hulle families hulleself te kort sou doen om aan ons geld te stuur. Vir die persone wat glad geen geld van buite kon kry nie, was daar geleentheid om 'n ietsie in die kamp te verdien. Die een het die warmwaterketel gestook, die ander een het in die kombuis gewerk; die een het klere gemaak en 'n ander portrette geskilder.

Dit was egter nie net die geld wat ons van ons families of vriende ontvang het wat ons finansiële gesterk het nie. Die verskillende O.B.-kommandantskappe het van tyd tot tyd vir ons geldjies gestuur wat deur die kampleiding gebruik is om vrugte of ander eetware vir al die kamerade gesamentlik deur die kampwinkel te bestel. Ook hierdie daad van die buitewêreld het ons laat besef dat ons duisende kamerade daarbuite ons nie vergeet het nie.

Iets wat ons spesiaal wil noem, wat nog meer as die geldbesendings bewys gelewer het van die gevoelens van die algemene publiek teenoor die politieke gevangenes, was die gulle besendings kos en vrugte wat deur die Ossewabrandwag-kommando's en soms deur ander bevriende persone aan ons gestuur is. Dat ons eie familie ons nooit vergeet het nie, daarvan het die briewe, pakkette en geld wat die geïnterneerdes ontvang het, genoegsaam getuig.

Die kos en vrugte wat ons egter verskeie kere met feesdae en ander geleenthede van mede-Afrikaners ontvang het, was vir ons 'n bewys dat 'n groot deel van die Afrikanervolk saam met ons gevoel het — ja, dat hulle ons beskou het as die slagoffers van die stryd van die Afrikaner teen die Britse imperialisme vir ons vryheid. Na so 'n besending kos of vrugte

het almal, selfs die wat reeds die knaende kamplewe die meeste gevoel het, weer moed geskep, weer nuwe lus gekry om te volhard in die stryd.

As die Kakies gemeen het om die Boere in die kamp se gees te breek, het hulle 'n groot flater begaan deur sulke massabesendings kos en vrugte toe te laat. Hierdie vorm van kontak met die buitewêreld was 'n nuwe inspirasie vir almal. Terloops wil ons beklemtoon dat die persone wat betrokke was in die verskillende hofsake — veral in die Hoogverraadsake — hierdie pragtige blyk van meegevoel meer as 'n jaar lank daeliks ondervind het. In dié opsig was ons 'n bevoorregte groep bo die gewone geïnterneerdes.

Daar is in ander artikels uitgewei oor die werkswinkel en die biblioteek. Dit is dus net nodig om hier daarop te wys dat die stukkies hout wat aan geïnterneerdes gestuur is, vir hulle meer as 'n stukkie hout was — dit was vir hulle 'n boodskap van welwillendheid, van meegevoel van 'n persoon buite die doringdraad. Dit was simboliese kontak met 'n Afrikaner wat saam met hom gevoel het. Die boek (vir ontspanning of vir studie) wat 'n persoon ontvang het, was 'n soortgelyke boodskap. Die boek het egter blydschap gebring aan meer as die ontvanger. Dit is eers gelees deur die ontvanger, daarna deur die huisgenote en het gewoonlik dan in die biblioteek te lande gekom. Sy trefwydte was dus groter as die van die stukkies hout. As die leser verneem dat daar teen die einde van die interneringsperiode byna 4,000 boeke in die biblioteek was, sal hy besef wat die buitepubliek ook in dié opsig vir die geïnterneerde gedoen het.

Ook mag hier melding gemaak word van die gewaardeerde toesending van 'n groot aantal Afrikaanse Psalmboeke deur die Gereformeerde Kerk in 1943, en in besonder deur die Gereformeerde Gemeente van Krokodilrivier waarvan wyle ds. P. G. W. Snyman herder en leraar was.

Daar was een vorm van kontak met die buitewêreld wat die Kakies ons verskaf het. Hulle het ons toegelaat om koerante te bestel. Met egte, Kakiehumorsin het hulle ons egter nie toegelaat om ons eie koerante te bestel nie. Ons kon een week die **Daily Mail** en die **Volkstem** en die ander week die **Star** en die **Suiderstem** kry. Of hulle gemeen het om daardeur ons te oortuig van die verkeerdheid van ons weë, weet mens nie, maar ons kan hulle verseker dat hulle nie veel sukses gehad het met hulle bekeringswerk nie. Enige Engelse koerant in Suid-Afrika gee selfs in vredestryd hulle nuus met 'n propagandistiese kleur, hoeveel te meer nie in oorlogstryd nie. Mens moet maar altyd tussen die reëls lees om die waarheid agter te kom. Gelukkig het ons die „voëltjie” gehad, waarvan elders melding gemaak word, om die buitelandse nuusberigte mee te kontroleer. Die binnelandse nuus het ons met eie kommentaar gelees, en gevolglik was die kontak wat die Kakies ons met die buitewêreld verskaf het, glad nie sonder waarde nie.

Ten slotte was ons allerbelangrikste individuele kontak met die buitewêreld die familiebesoek. Dis 'n moeilike onderwerp om te bespreek. Mens kan ôf 'n hele lang hoofstuk daaraan wy, ôf mens moet hom bepaal tot die feite in een baie kort paragraaf. Om die maandelange korrespondensie te beskrywe wat mens met die owerhede oor die saak gehad het voor die besoek gereël kon word, is al 'n hele gedoente. Die besoeker moes genomineer word en kiekies gestuur word, en permitte en geloofsbriewe en die joos weet wat alles moes gekry word voor die toestemming vir die besoek gereël is. Dan vereis dit 'n ellingelange skrywery oor die gepaste datum.

Intussen leef die arme geïnterneerde in 'n spanning wat hoër en hoër oplaai. Die een oomblik is hy in die wolke omdat alles reg is vir die besoek, die volgende dag is hy totaal terneergedruk omdat hy miskien 'n brief gekry het wat sê dat vroultjie nie sal kan kom as Jannie se hoes nie beter is nie, of omdat Annie haar arm beseer het, of mits sy genoeg geld in die hande kan kry om die koste te dek.

Die spanning word groter hoe nader die besoekdag kom. Die dag tevore word die beste klere reggemaak, hemde gestryk en die plooi van die broek weer reggestryk. Daardie nag kry die arme geïnterneerde nog 'n nagmerrie en sien hy hoe die trein sonder sy vrou vertrek of iets dergeliks. Vroeg die volgende oggend is hy fyn uitgedos en gereed vir die besoek. Ai, hoe stadig gaan die tyd om!

Nou ja, daar was twee vorms van besoek. Die eerste dag is die familie twee uur lank in 'n waglokaal by die man en vader toegelaat. Die Kakiewag staan voor die deur. Die tweede dag is hulle toegelaat om 'n halfuur lank met 'n draadversperring tussen hulle te staan en gesels.

Wat op die oomblik deur jou gemoed gaan as jy weer jou dierbares aan die hart druk na ses maande of meer van skeiding is moeilik om te beskrywe. (Let wel, jy kon nie meer as eenmaal in ses maande 'n besoek ontvang nie.) Dit het gewoonlik 'n tien minute of meer gekos voordat jy jouself so volkome gevind het dat julle lekker kon gesels.

Ten slotte wil ons net sê dat daar twee reaksies op 'n besoek was. Sommige persone was teleurgesteld omdat hulle soveel daarvan verwag het — twee uur is so kort — ander is weer deur die besoek besiel.

Hierdie kontak was die belangrikste wat die geïnterneerdes met die buitewêreld gehad het, maar dit was ook die pynlikste. Agter die doringdraad kon mens nie eers aldaar in 'n gedagte-wêreld lewe nie omdat jy nooit alleen kon wees nie. Dit het vir baie kêrels die familiebesoek bederwe omdat hulle daarna nie alleen kon wees nie. Hulle moes glimlag teenoor die medegevangene terwyl hulle miskien wou treur!

J. C. Neethling.

ENKELE SOSIOLOGIESE, PSIGOLOGIESE EN ETIESE OPMERKINGS OOR DIE KOFFIE- FONTEINSE BOEREKAMP*

ONS interneringskamp het — sosiologies gesien — trekke van sowel 'n maatskappy as van 'n gemeenskap.

Dit kan as maatskappy gesien word omdat dit uit 'n enigszins willekeurige versameling van slegs mans uit omtrent alle streke en kringe van ons land bestaan. Onder ons is onder andere geïnterneerdes van wie die owerheid weet of vermoed dat hulle hul skuldig gemaak het aan oorlogsondermynende bedrywighede maar wie se skuld nie bewys kan word nie; geïnterneerdes wat hulle vryheidsgees te duidelik in woord of geskrif laat blyk het, en geïnterneerdes wat op valse aanklagte van waarheidsridders agter die doringdrade afgehoek is. 'n Hooggeplaaste interneringsbeampte het hom voorts laat ontval dat dit 'n beleid van die owerheid is om sistematies persone uit alle landstreke en kringe te interneer. Die opset is o.i. duidelik: intimidasie van die betrokke streke en kringe: want as algar geïnterneer is wat soveel gevoel en so min gedoen het as baie geïnterneerdes, dan sou 'n paar honderdduisend Afrikanerseuns agter doringdrade moes beland het.

Watter beroepe is in ons kamp nie verteenwoordig nie? Advokate, amptenare, boere, dokwerkers, fabriekwerkers, haarkappers, handelaars, 'n hotelhouer, ingenieurs, joernaliste, 'n kleremaker, 'n kroegbaas, kunstenaars, prokureurs, 'n skeepskaptein, skoliere, spoorwegwerkers, studente, 'n tuinier, universiteitsdosente en ander waaraan ek nie nou kan dink nie. En hoeveel van dié beroepe word nie in die kamp beoefen nie?

As maatskappy binne die groot maatskappy van ons land tref ons in ons kamp afwisselend aan 'n menigte (soos mense op straat), 'n vergadering (soos toehoorders op 'n konsert), 'n gedresseerde groep (soos soldate op parade) en 'n massa (soos 'n brandstigtende groep mense) en verder diverse organisasies, institute, verenigings en dies meer.

Bowendien het ons kamp primêr eintlik geen interne doel nie, maar slegs 'n eksterne doel in sy verhouding tot die internerende owerheid.

Ten slotte staan uiteindelik elke geïnterneerde los van elke ander een en het hy sy eie probleme, sorg, spanninge en verwagtinge.

Tog staan ons Boerekamp nader aan 'n gemeenskap. Want die geïnterneerdes is 'n deel van ons volk (en daaronder mag

* Hierdie opmerkings is gebaseer op my persoonlike indrukke van die kampelewe — grotendeels in briewe bewaar — gedurende my slegs nege maandlange internering, 1942/43, en op gesprekke met geïnterneerdes en oud-geïnterneerdes.

ons ook wel reken Afrikaners van resente Duitse afstamming en die gawe Ier, ons vriend Kirby). Dit is mense van dieselfde bloed, kultuur, taal en godsdien, 'n lotsgemeenskap wat weens hulle republikeinse vryheidsgeesdrif deur ons eie regering gevange gehou word. Ons meer as 400 geïnterneerdes op omtrent drie morg grond, ingesluit deur doringdrade wat 15 voet en hoër is en wat na binne omgebuig is om oorklim onmoontlik te maak, gedurig deur wagte rondom en binne die kamp bewaak, ken mekaar min of meer algar en word deur alles wat ons gemeenskaplik is, tot 'n eenheid van ervaring, van saamvoel en van saamdinke saamgesmee; 'n eenheid wat kragtig tot uiting kom onder andere na aanleiding van gelukke ontsnappings, van feesdae en van insidente wat die kampowerheid noop om ons kamp met pantserwaens en masjiengeweeneste te omsingel. Ons kampleiding is gebaseer op die beginsels van leierskap, gesag en dissipline eerder as op 'n demokratiese orde.

Ons kamp is volgens bostaande skets eerder 'n gemeenskap as 'n maatskappy, eintlik 'n quasi- of skyingemeenskap. Hierteenoor is een van ons buurkampe, die kommunistiese, ook wel Jode-kamp genoem, met sy Babelse verskil van tale en sy individualistiese lewe en optrede eerder 'n maatskappy as 'n gemeenskap.

Ons kamp vorm egter 'n abnormale quasi-gemeenskap, onder andere weens die kunsmatige van sy samestelling, sy beperking tot mans, die onnatuurlike inkerkering op 'n klein stukkie grond, die willekeurige en gewelddadige beperking van die verantwoordelikheid en vryheid van die geïnterneerdes, en weens die konfliktsituasies tussen geïnterneerdes en die lands- en kampowerheid, tussen die geïnterneerdes onderling (iets wat na verhouding betreklik min voorgekom het) en in die eie gemoed van elke geïnterneerde. Wat die konfliktsituasies verskerp, is die feit dat slegs aktiviste geïnterneer is. „Passifiste” en „pasifiste” tref jy onder ons nie aan nie.

* * *

Die sielkundige opmerkings wil ek begin deur aan te toon dat die sielelewe van geïnterneerdes in die Koffiefonteinse Boerekamp 'n gereduseerde sielelewe is. Wat daarmee bedoel word, wil ek vooraf verduidelik deur een en ander aangaande ons tydsbeleving mee te deel.

Eienaardig genoeg, die tyd vlieg in ons kamp. Daar is wel maats wat al lank geïnterneer is en wat uit die dieptes van hul gemoed aan my meedeel: „Soe, ek is nou moeg en sat vir die kamp met sy eentonige en siellose dae wat nie wil verbygaan nie!” Maar hierdie woorde druk nie 'n tydsbesef uit nie maar 'n oorversadigingsbeleving, verskerp deur die onsekerheid van die loslatingsdatum. Vra jy hulle of die baie jare omgekruipt het, dan antwoord hulle: „Nee, ons kan nie glo dat soveel jare so gou verbygegaan het nie.”

Met my aankoms in die kamp het ek verwag dat die tyd stadig sal verbygaan, en dit het my verbaas dat kampmaats telkens beweer dat die tyd hier vlieg. Al spoedig het ek hulle gelyk gegee: „Môre is ek drie weke onder regeringsorg, en dis vir my of dit net enkele dae is,” staan in een van my briewe.

Die tyd vlieg hier omdat jy nie weet wanneer jy losgelaat gaan word nie. Daar is nie (soos by die veroordeeldes in die tronk) 'n loslatingsdatum vasgestel waaraan jy die verbygaan van die tyd kan meet nie.

Die tyd vlieg hier omdat jou interneringsdatum aan aktualiteit verloor en ook geen aktuele tydsmaatstaf bied nie. Dit is die geval omdat jy jou wel duidelik herinner wat voor jou internering gebeur het, maar nie wat dag na dag en maand na maand daarna gebeur het nie. Jy herinner jou dit nie, omdat jy elke dag min of meer dieselfde doen en die een dag moeilik van die ander dag kan onderskei (behalwe Sondae, wanneer jy nie aan sport, houtwerk, klasse, ens. meedoen nie, eredienste bywoon en jou ouma-klere vir privaatklere verwissel). Dae is hier so eenders dat jy dikwels nie weet watter dag en datum dit is nie; en as jy jou hieromtrent vergewis, dan is jy verbaas dat alweer soveel tyd verby is.

Tyd vlieg hier omdat jy feitlik net in die hede lewe. Buite die kamp strek jou aktuele tydservaring hom uit tot diep in die verlede en tot diep in die toekoms in; want take aan jou twee, drie maande gelede opgedra, is nog nie afgehandel nie, en oor twee of drie maande staan dit of dat jou voor die deur. In die kamp daarenteen is die aktueel ervaarde tydspan gereduseer tot die oombliklike hede; jy lewe aktueel van minuut tot minuut, uur tot uur en dag tot dag in die teenwoordige tyd, al mag hierdie klein tydspan effens beïnvloed word deur die verwagting dat jy môre weer 'n brief van huis sal kry of deur die besef dat jy die klas van netnou nog nie voldoende voorberei het nie. Net wat jy nou doen, is vir jou van aktuele belang; en dit maak eintlik nie veel saak wat jy gister gedoen het of wat jy môre gaan doen nie.

Die tyd vlieg hier omdat daar so baie is om te doen en jy gedurig besig is met beddens opmaak, briewe skryf, dagdrome, gesels, houtwerk, hut uitvee, konserte, kooroefeninge, lees, liggaamsoefeninge, skaak, skottelgoed was, sokker, stap, studeer, swem, wasgoed was en ek weet nie wat alles nog meer nie. Jou klein tydspan van die gedurig wisselende hede is gevul. In die kamp heers 'n drukte maar sonder die bekende gejaagdheid daarbuite.

'n Vyfde en diepere rede vir ons eienaardige, tot die hede gereduseerde tydsbelewing lê in ons gereduseerde aksieveld, waaroor netnou.

Ook ons aktuele ruimte-ervaring is gereduseer en wel tot die stukkie grond binne die doringdraadomheining. Ons kan wel aan die een kant van die kamp deur die drade heen die

Vrystaatse vlaktes, koppies en berge sien (iets wat ons verbeelding en ons verlange om uit te kom prikkel), maar daardie ruimte is vir ons „in-aktueel,” omdat ons daar nie kan kom nie. Jy stel jou lewe aktueel in op die gebied wat tot die landpale van die Koffiefonteinse Boere-„republiek” beperk is, en maak van hierdie ingeëngde ruimte maksimale gebruik. Jy belewe 'n vulling van ruimte wat jou soms te vol word: 'n klein ruimte gevul met min of meer vyftig hutte (waaronder saal, werkswinkel, klaskamers, ens.) en met meer as 400 bewegende en handelende mans. Jy smag soms na „Lebensraum,” veral as jy draad kou en soos 'n leeu in die dieretuin na buite kyk en al langs die draad heen en weer loop. Was daar dan mense buite die draad wat ons staan en aangaap het, sou ons nes die ape in die dieretuin gevoel het om hulle met klonte te gooi. Die (soms beklemmende) gevoel van ruimtelike inkerkering bly jou in minder of meerder mate altyd by.

Is daar 'n verband tussen ons gereduseerde tydsbeleving en ons gereduseerde ruimte-ervaring?

Met hierdie probleem in my kop loop ek 'n skoot tussen twee rye hutte op en neer. Ek vergeet dat ek geïnterneer is en is nie meer deelnemer aan die lewe van my kampmaats nie. As 'n mens jou so aan die kampelewe onttrek, dan vermoed jou maats dat jy draad kou en dat die draadkoors jou ontuis laat voel. Geen wonder dan ook dat drie van my Potchefstroomse maats, Hendrik, Erich en Koert, hulle oor my ontferm en met simpatieke kameraderie by my aansluit en saam op en neer loop. Hulle swyg eers 'n ruk. Dan vra hulle my of daar moeilikhede en probleme is wat my hinder. „Ja,” antwoord ek, „daar is 'n probleem wat my moeilikheid gee.” Weer beheers 'n medelewende stilte ons wandeling. Daarna vra hulle my of hulle my nie met my probleem kan help nie. „Nee,” antwoord ek, „ek glo nie julle sal my daarmee kan help nie.” Na nog 'n simpatieke stilte vra hulle of ek nie my probleem aan hulle wil meedeel nie, want miskien kan hulle my tog verligting gee. „Goed,” antwoord ek, „kan julle my sê wat die verband is tussen ons gereduseerde tydservaring en ons gereduseerde ruimtebeleving?” Die komieklike uitdrukkings wat toe op hulle gesigte verskyn, sal ek nie vergeet nie en ook nie ons vier se hartlike lag wat daarop gevolg het nie.

Die band tussen ons gereduseerde tyds- en ruimtebesef lê m.i. in ons gereduseerde aksieveld.

Verantwoordelikheid en vryheid lê aan die wortel van die menslike bestaan, en niemand kan jou dit geheel en al ontnem nie; dit kan net beperk word. In die kamp is ons verantwoordelikheid en vryheid beperk (gereduseer) tot die „betragting” van die regulasies en bevels van die kampowerheid, tot die gehoorsaming van die dissiplinêre reëls wat ons ons self opgelê het en tot al ons doen en late in die kamp (gesels, speel, werk, lees, korrespondensie, ens.). Dit is 'n gewelddadige en

kunsmatige reduksie van ons vroeëre verantwoordelikheid en vryheid tot die van die aksieveld binne die draadomheining.

In vergelyking met ons vroeëre aksieveld anderkant die draadomheining is ons aksieveld klein (ons soorte aktiwiteite min) en bowendien onbelangrik of liewer „on-ernstig.” Hiermee bedoel ek nie dat om geïnterneer te wees nie iets ernstigs is nie en dat om terwille van jou ideale van ’n vrye republiek opgesluit te wees geen besondere betekenis en waarde het nie. Maar ons besondere aktiwiteite binne die kamp dra nie die gewig wat baie van ons daade buite die kamp gedra het nie. Dit blyk reeds daaruit dat afgesien van die verpligte nakoming van regulasies en bevele jy hier kan doen en laat wat jy wil; as jy moeg is vir houtwerk, speel jy skaak; en as jy vir skaak geen lus het nie, gaan jy swem; en as jy klasse wil bywoon, dan doen jy dit; en as jy dit nie wil doen nie, dan laat jy dit. Geen haan kraai daarna nie. Vir idealiste en aktiviste soos in ons Boerekamp is so ’n „on-ernstige” lewe nie maklik nie, veral nie as dit jare moet aanhou nie. Natuurlik het liggaamsoefeninge, sport en spele in die kamp betekenis vir jou gesondheid, leer houtwerk jou handvaardigheid, en mag wat jy vervaardig, later buite die kamp besonder betekenis hê, vermeerder bywoning van klasse jou kennis en verskaf musiekkonserte jou estetiese genot en vul al hierdie en ander aktiwiteite jou ledige tyd en help jou om jou verveling en spanninge te oorwin; maar desnieteenstaande dra hierdie handelinge nie die gewig en word met hulle nie daardie publieke verantwoordelikheid verbind wat baie van jou daade buite die kamp gekenmerk het nie. Jou aksieveld in die kamp is in soort, aard, erns, verantwoordelikheid en vryheid gereduseer. Dis hierdie reduksie van ons aksieveld wat die dieper band vorm van ons gereduseerde tydsbeleving en ons gereduseerde ruimte-ervaring.

Op die reduksie van jou gevoelslewe (veral bepaal deur jou spanninge), van jou wilslewe (met sy vermindering van inisiatief en volharding), van jou belangstelling, van jou konsentrasievermoë (veral bepaal deur die afwesigheid van ’n privaat lewe en deur jou spanninge), van jou geheue (veral bepaal deur jou aksieveld), ens. gaan ek nie in besonderhede in nie. Hoofsaak is om in te sien dat jou hele sielelewe in die kamp ’n gereduseerde lewe is*.

As die tweede kenmerk van ons kamplewe wil ek die kampspanninge behandel en my hierin beperk tot die spanninge in die gemoed van die geïnterneerde; onderlinge spanninge en spanninge met die owerheid word slegs terloops aangeraak.

* Daar is reduksie van die sielelewe wat afgesien van die spanninge in die kamp ontstaan, soos die wat hierbo meer in besonderhede geskets is; maar daar is ook reduksie van die sielelewe wat gevolg is van die spanninge in die kamp. Op hierdie onderskeid kan ons egter nie in besonderhede ingaan nie.

Aanvanklik, as jy nog maar 'n paar dae in die kamp is, ontspan jy jou geheel en al. Onthef van die erns en verantwoordelikheid van jou vroeëre publieke lewe geniet jy 'n totale rus soos jy dit buite nie geken het nie. Jy leef tegelyk in twee wêrelde: die van die kamp met al sy nuwe en interessante dinge en sy vriendskaplikheid en hartlikheid aan die een kant en aan die ander kant in die wêreld van jou gedagtes en verlange wat jy so pas vaarwel gesê het. In jou ervaring is beide wêrelde geïntegreer, en merkwaardig is die gemengde gevoelens, die ineenvloeiing van jou emosies wat op beide wêrelde tegelyk betrekking het. Jy is verras en teleurgesteld, bly en hartseer, dankbaar en ontevrede, kalm en opgewonde, gerus en bekommerd tegelyk. Maar langsaam, namate die buitewêreld in tydsafstand wyk maar sy probleme vir jou dringender word, gaan in jou ervaring die integrasie van beide wêrelde verlore, ontwikkel 'n antitetiese desintegrasie en kan jy moeilik in beide wêrelde tegelyk lewe: die een verdring die ander. Af en toe egter, veral op Sondae met hul Sondagstemming, kom die ervaring van 'n integrasie weer terug. Oorsaak van die desintegrasie van jou sielelewe is veral die gedurig instromende nuus van buite en jou (deur die kamplewe bepaalde) instelling daarteenoor.

In die proses van desintegrasie speel die gevoel van onsekerheid 'n kardinale rol. U het self al 'n gevoel van onsekerheid belewe, bv. as u wag op die uitslag van 'n eksamen of van 'n verkiesing of van 'n ernstige siekbed van 'n geliefde. Dit skep in u gemoed 'n onrus en strem u in u daaglikse werk. Maar dit is betreklik kort van duur en wyk as omstandighede verander. Maar vir jou in die kamp vorm die gevoel van onsekerheid en die daarmee gepaard gaande gemoeds-onrus 'n betreklik bestendige deel van jou ervaring, want solank jy geïnterneer is, tree geen omstandighede in wat die gevoel van onsekerheid ophef nie. Dit onder andere strem jou om jou geheel en al aan die kamplewe oor te gee.

Jy is onseker van die datum van jou loslating, van die resultate van die pogings om jou uit die kamp te kry, van die sukses van die owerheid om meer aangaande jou vroeëre ondergrondse bedrywighede op te spoor, van die getrouheid van jou makkers en van die moontlikheid dat een van hulle jou mag verrai; jy is onseker van die finansiële sorge van jou naasbestaandes, van die siektes waarvan jy van hulle verneem, van die moeilikhede waarmee hulle te kamp het, van die (deur nuwe maats of deur besoeke meegedeelde) vervolging van hulle deur jou vervolgers, en (in enkele gevalle) van die dreigende huweliks-ontwrigting; jy is onseker van die voortgang van jou besigheid of daarvan of jy jou eertydse betrekking sal terugkry en jy jou gesin weer sal kan versorg. So is daar baie meer oorsake van jou onsekerheidsgevoel. As jy maar geweet het tot wanneer jou internering sal duur (iets wat *mutatis mutandis* die

veroordeelde in die tronk wel weet), hoe die owerheid met sy ondersoekinge vorder en hoe sterk jou makkers staan, hoe dit finansiële en andersins met jou naasbestaandes gaan (want hulle briewe swyg oor punte en verdoesels sake wat jou kan omkrap) en as jy van al die ander onsekerhede verlos kon word, dan sou jou spanninge in die kamp minder en jou gemoedrus meer gewees het, en dan sou jy jou makliker aan die kampelewe kon oorgegee het. Eie straf, as jy skuldig is, aanvaar jy met berusting en gelatenheid, maar die lyding, smarte en ontberings van hulle wat van jou afhanklik is, gee jou geen rus nie, en dit maak die gevoel van onsekerheid hieromtrent soveel spannender. Jy probeer om die onsekerheidsgevoel van jou af te skud — en kry dit dikwels in 'n hoë mate reg — maar dit bly tog in meerder of minder mate aan jou siel knaag.

In die proses van desintegrasie van jou sielelewe speel ook die gevoel van magteloosheid sy belangrike rol. Hierdie gevoel van magteloosheid lei soms tot 'n gevoel van verbittering en selfs haat. Jy is magteloos om jou geliefdes in hul stoflike node, in hul siektes, in hul vervolging deur jou vyande te help; magteloos om die alleen-worstelende moeder van wie 'n seun weens diefstal veroordeel is, by te staan; jy word nie toegelaat om die begrafnis van 'n geliefde by te woon nie* en is magteloos om jou agterblywende gesinslede te skraag; magteloos om iets aan die bankrotskap van jou besigheid, wat reeds voor jou internering gedreig het, te doen; magteloos om jou loslatingsdatum te bepaal, jou vryheid terug te wen, jou makkers daarbuite te ondersteun, jou volk te help en jou plek in die samelewing, wat jou so nodig het, weer vol te staan.

Oor dergelike spanninge praat jy nie met jou maats nie** hulle ondervind dit self ook, en hulle kan jou met jou besondere spanninge tog nie help nie; in jou worstelinge is jy eensaam alhoewel nooit alleen nie. Jy steek jou spanninge weg deur onsinnige gesels of deur grappe op ander uit te haal of deur ywerige deelname aan sport, aan houtwerk en aan ander dinge. Bolangse waarneming gee die indruk dat hier geen worstelinge bestaan nie. Maar wie deur die bolangse bluf-laag van die ekspressies heen kyk, sien in die strak gespanne oë of die saamgeperste lippe of in die ydele gesels van daardie pragtig geboude, karaktersterke mans met meer as normale dinamiek onder andere verbitterdheid, droefheid, vrees, sorg en kommer.

* Self was ek wel toegelaat om die sterwe en begrafnis van my suster by te woon. Maar etlike kamerade het dergelike vergunnings nie gekry nie.

** Ook dié teëstelling is opvallend: In die tronk mag jy nie praat nie; in die kamp mag jy soveel praat as jy wil — maar praat jy nie, altans nie oor wat jou die meeste kwel nie.

Ek verbaas my daaroor as ek die stormkrag van hul sielelewe uit hul oë en houding sien straal, dat hier nog so 'n goeie, dissiplinêr beheerste gees bestaan in plaas van rusies, vuisslae en allerhande perversies.

Die gevoel van onsekerheid en van magteloosheid pak jou soveel kragtiger omdat jy as geïnterneerde 'n aktivis is. Maar onthou moet word dat dergelike spanninge nou meer en dan weer minder en by die een minder as by die ander voorkom. Maar waarom speel hierdie gevoel van onsekerheid en magteloosheid, hierdie spanninge so 'n sterk rol in die kamp, sterker waarskynliker as in die tronk?

Omdat jy in die kamp (anders as in die tronk) te veel vryheid geniet.

Belangrik is in hierdie verband die bewegingsvryheid wat jy in die kamp geniet ('n vryheid wat die veroordeelde in die tronk nie het nie): jy kan gesels met wie en wanneer jy wil en doen en laat wat jy wil, solank jy jou aan die owerheidsregulasies en -bevele hou. Maar belangriker is die vryheid van kontakte met die buitewêreld, wat jou vergun word (iets wat in die tronk byna nie bestaan nie). Jy mag wel per week net twee briewe van twee bladsye elk skrywe, maar jy mag soveel briewe ontvang as wat jou familie en vriende stuur (en eienaardig genoeg, jy begeer telkens nog meer briewe van hulle); jy mag betreklik dikwels (in vergelyking met die tronk) besoeke van hulle ontvang asook betreklik volop kos, hout, timmergereedskap, boeke en ander geskenke. Dit alles hou jou besonder bewus van die verantwoordelikheid en vryheid wat jy verloor het, van die toestand van jou internering, daarvan dat jy van die buitewêreld afgesny is en die buitewêreld sonder jou aangaan. Dit laat jou gedurig besef wat in die buitewêreld en wat met jou geliefdes gebeur (al steek briewe baie weg en al knip die sensors baie vensters uit jou briewe). Dit laat jou telkens weer voel hoe nodig jy daarbuite is. Jou kontakte met die buitewêreld bly lewendig en laat jou gedurig met jou gedagtes en verlange in die buitewêreld lewe. Jou vryheidsverlange word gedurig wakker gehou, en jou sorg en kommer oor jou geliefdes verskerp en bestendig.

In die kamp ervaar jy iets van wat daardie figuur in die Griekse mitologie, Tantalus, ervaar het, wat na die onderwêreld verban, ewig dors en honger gely het, terwyl water tot aan sy kin styg, en vrugte aan bome hang wat tot aan sy handgreep nader; maar sodra hy wil drink en eet, wyk die water en die vrugte. Jou verlore vryheid word jou gedurig voor oë gehou, maar as jy daarna gryp, wyk dit. Dit is hierdie „tantaliserende” kontakte met die buitewêreld wat die gevoel van onsekerheid, die gevoel van magteloosheid en jou spanninge in die kampelewe so 'n belangrike rol laat speel. As jy (soos die veroordeelde

in die tronk*) meer van die buitewêreld afgesny was, minder briewe mog geskryf en ontvang het, minder besoeke mog gehad het en sodoende minder aktief bewus van die buitewêreld en daardeur minder aktueel bewus van jou eie toestand en jou verlore vryheid kon gewees het, dan sou die kamplewe makliker en die genoemde stryd in jou gemoed vermoedelik minder heftig gewees het en sou jy jou eerder geheel en al aan die kamplewe kon oorgegee het. Dit is te meer die geval omdat vir jou in die kamp die lewe daar buite die eintlike lewe is.

Dit is dan ook begryplik dat die buitewêreld 'n besondere invloed op jou en op die kamp as geheel het. Is die nuus van buite (oorlogsnuus, nuus van ontsnappings uit tronke, nuus van familie en vriende goed, dan gaan dit in die kamp goed; is die nuus sleg, dan gaan dit in die kamp sleg. Die buitewêreld het 'n veels te groot invloed op ons kamplewe om ons in die kamp 'n eie en meer „natuurlike,” d.w.s. 'n meer aan die kamp aangepaste lewe te laat voer. Jou internering word jy juis daardeur nie gewoon nie, al pas jy jou ook hoe goed aan jou internering aan.

Jou aanvanklike integrasie van die ervarings van twee wêrelde, nl. van die wêreld van die kamplewe en van die wêreld daarbuite, word langsamerhand gedesintegreer. Jy leef nou in twee aparte wêrelde wat antities teenoormekaar te staan kom; jy deurleef die spannende teëstelling van twee lewens wat jy nie tot eenheid kan verbind nie. Jou sielelewe word 'n gesplitste lewe, terwyl in die tronk — omdat jy gedurig onder kommando staan — jou lewe meer 'n willose, 'n verontpersoonlikte lewe word.

Die wêreld van jou dade, jou aktuele wêreld is die kamp. Die wêreld daar buite is „in-aktueel”, want jy kan daar nie optree en handel nie. Maar die buitewêreld is vir jou die

* Die gegewens vir hierdie en ander vergelykings van die kamplewe met die tronklewe het ek tydens my internering van 'n sestal maats gekry wat voor hul internering 'n geruime tyd in tronke opgesluit was en veral na my internering deur samesprekings met ds. J. D. Vorster. Dit is nie my bedoeling om met hierdie vergelykings te kenne te gee dat die kamplewe moeiliker is as die tronklewe nie, al het die genoemde maats my telkens verseker dat hulle die tronklewe bo die kamplewe verkies; hulle sou, as hulle na internering weer in die tronk beland het, waarskynlik die kamplewe weer bo die tronklewe verkies het. Die vergelykings wil net die kampervarings skerper belig. Die psigologiese verskille tussen beide is merkwaardig. As 'n mens 'n lyn sou trek wat die normale lewe buite kamp en tronk voorstel, dan sou — psigologies gesien — die tronklewe in baie opsigte gesien kan word as 'n afwyking links van die lyn en die kamplewe as 'n afwyking regs van die lyn. Tronk- en kampervarings staan in baie opsigte diametraal teenoormekaar.

eintlike werklikheid, die wêreld van jou verlange, pligte en ideale, terwyl die kamp vir jou al meer onnatuurlik en 'n oneintlike werklikheid word. Met jou dade leef jy in die een en met jou gedagtes, verlange en kommer in die ander. Hulle, nl. die aktuele maar oneintlike kampwerklikheid en die „in-aktuele” maar eintlike werklikheid daar buite, kan jy nie versoen nie. In twee gesplits, in stryd met jouself, moet jy jouself vind en jy kan nie meer volkome jouself, 'n mens uit een stuk, wees nie. Jy staan telkens weer voor die keuse om in die een of in die ander werklikheid te lewe.

Kies jy die wêreld daar buite, dan kou jy draad en maal jou gedagtes oor en oor in jou kop sonder resultaat. Jy bereik daarmee niks nie en vererger net jou spanninge. In die mate wat jy meer oor jou probleme, kommer en sorge broei, neem jou spanninge toe en styg jou draadkoors. Dan wil jy alleen wees en isoleer jy jou van jou maats en van die kamplewe. Op hierdie stadium gryp jou maats in en probeer om jou gedagtes af te lei en help jy jouself deur jou te dwing om iets te doen, al is dit houtwerk, lees of wat ookal. Periodiek kom hierdie draadkoors telkens weer terug en moet jy daarteen veg. Maar as jy van jou spanninge nie ontslae kan raak nie, jou van jou gedagtes nie laat aflei nie, met niemand iets te doen wil hê nie, loop jy gevaar om psigoneuroties, geestelik gekrenk te raak en selfs om die hand aan jou lewe te slaan. Gelukkig het die bekommernis oor die internering en oor alles wat daarmee saamhang, in ons kamp nooit tot selfmoord gelei nie, iets wat in ander kampe wel gebeur het. Maar daar is tog van ons maats wat nadat hulle losgelaat is, onder die nawerkende invloed van die kampspanninge en onder die invloed van mislukte heraanpassing hul hand aan hul eie lewe geslaan het.

Die ander keuse is om altyd besig te bly. „Immer beschäftigt bleiben; immer beschäftigt bleiben” is die raad wat dr. Schweickerdt my gegee het toe ek pas in die kamp aangekom het. Deur altyd besig te bly bied jy jou gemoedspanninge die hoof. Jy moet van dag tot dag, maand tot maand en jaar tot jaar besig bly, wil jy geestelik normaal bly. Dit maak nie saak wat jy doen nie, solank jy iets doen, al is dit gesels of skaak of sport of houtwerk of wat ook al. Daarmee verdring jy jou gedurige malende gedagtes en raak jy van draadkoors ontslae. So vind jou kamplewe 'n meer normale verloop en kan jy jou in die kamp gelukkig voel. Jy kry dit ook meestal reg om altyd besig te bly, afgesien van die periodiek terugkerende draadkouery wat telkens weer deurbreek wanneer kontakte met die buitewêreld nuwe sorg en kommer in jou gemoed wek of wanneer jou vryheidsverlange te sterk word of wanneer jy sat word van die gedurige selfverpligting om besig te wees. Interessant in hierdie selfverpligting is die onstabiliteit van jou aktiwiteite. Jy kan nie aanhou om gedurig net met dieselfde soort aktiwiteit besig te wees nie; jy raak betreklik gou

versadig en oorversadig van dieselfde soort bedrywigheid. Jy wissel jou aktiwiteite dan ook gedurig af, en dis hierdie afwisseling wat dit vir jou vergemaklik om gedurig besig te bly.

Besig bly mag jou meer normaal hou maar maak jou kamplewe tog onnatuurlik, gedwonge, geforseerd. Met hierdie gedurige besig wees verdring jy die vir jou eintlike, maar „in-aktuele” buitewêreld, en probeer jy jouself bluf dat wat jy doen (d.w.s. jou oneintlike maar aktuele kamplewe), die eintlike lewe is; dat wat jy doen, besonder gewigtig is en deel het aan die erns van 'n eintlike lewe. Jy deursien wel hierdie self-bluf maar gee jou tog siende oë daaraan oor. Dit verlig jou spanninge en maak die kamp leefbaarder. Maar dit maak jou kamplewe meteen onnatuurlik en nog meer „oneintlik.” Die verdringing van die buitelewe maak jou in jou verhouding tot jouself onnatuurlik, veral as dit jare aanhou. Dit wil ek met 'n paar voorbeelde verduidelik.

Toe ek pas in die kamp aangeland het, het dit my opgeval dat sommige maats my welkom heet met oë wat vonkel, 'n paar kort, warm, kragtige woorde en met 'n stywe handdruk wat nie wil loslaat nie. Maar hul wange, mond en lippe was strak en het aan hul gevoelens geen uitdrukking verleen nie. Ek het later hierdie onnatuurlike verlies aan die vermoë om jou gevoelens spontaan en op natuurlike wyse uit te druk, leer verstaan as die gevolg van 'n aanhoudende verdringing van jou spanninge deur jou selfopgelegde dwang om altyd besig te wees.

En die tweede voorbeeld: Familie en vriende van 'n maat (en my is verskillende dergelike gevalle ter ore gekom) wat pas op parool uitgelaat of heeltetal vrygelaat is, kla dat hulle moeilik met hom kontak kry en nie met hom 'n gesprek van hart tot hart kan voer nie, dat hy so stil en afgetrokke is, hom nie „gee” nie, in homself gekeer is en nie spontaan op hul liefdes- en vriendskapsbetoon reageer nie. Sy onnatuurlike gedrag is egter verstaanbaar: dit is 'n nawerking van die onnatuurlike kamplewe wat hy nie dadelik van hom kan afskud nie, 'n nawerking van 'n gedurige verdringing van jou diepere begeertes en sorge deur altyd maar net besig te bly. Onthou moet word dat hy ook in die kamp sy moeilikhede nie met ander bespreek nie omdat hulle hom tog nie kan help nie; dat hy reeds in die kamp hierdie spontaneiteit van gevoelsuitdrukking verloor het. Maar met verloop van tyd verdwyn hierdie onnatuurlike houding en gedra hy hom weer soos van ouds.

Wat jou stryd met jouself besonder bemoeilik, is die feit dat die kamp geen privaat lewe ken nie. In die tronk mag jy met die eensame opsluiting in jou sel 'n oormaat van private tyd hê, in die kamp het jy dit nooit nie. Die gebrek aan private lewe voel jy baie akuit. Jy het af en toe behoefte om alleen te wees, om jou in 'n binnekamer terug te trek en jou in jou alleenheid tot God te wend en geheel en al jou hart voor Sy aangesig te ontbloot, jou kommer en sorge geheel en al op

Hom te lê. Jy verlang soms na 'n skuilhoekie waar niemand is nie, om daar met jousef alleen te worstel en tot jousef te kom. Jy soek dikwels 'n wegkruipplekkie waar jy jou kan wegsteek en jou oor jou probleme kan besin. Maar ons Boerekamp ken geen binnekamer, het geen skuilhoekie en besit geen wegkruipplekkie nie. Jou lewe is altyd publiek, in die openbaar, wanneer en waar jy ook mag wees. Elkeen sien wat met die ander aangaan. Selfs snags is daar 'n gedurige gewoel van slapende, steunende, omdraaiende en wakkerliggende maats in jou donker en volbewoonde hut. Ook hierdie gebrek aan privaat lewe gedurende die hele tydperk van jou internering maak jou kamplewe onnatuurlik, soms beklemmend en dikwels besonder moeilik.

Dat die verdringingsproses in die kamp geen radikale is nie maar 'n betreklike, blyk daaruit dat jy die verdronge spanninge te eniger tyd weer kan terugroep, daaruit dat ernstige geestelike gekrenktheid en selfmoord in ons kamp nie voorgekom het nie, daaruit dat na jou loslating jy (behalwe in enkele gevalle) jou betreklik gou weer vind en uit die aard van jou droomlewe in die kamp. Jy lewe in die kamp naby of op die grensgebied van 'n normale en 'n abnormale (psigoneurotiese) lewe, iets wat van die lewe in die tronk (soos netnou duidelik sal word) nie geld nie.

Dit is begryplik dat daar 'n vermeerderde droomlewe in die kamp is, dat jou drome meestal seksdrome, vryheidsdrome en drome is waarin jy jou naasbestaandes help. Ook is dit verstaanbaar alhoewel pateties dat baie maats hul drome profeties vertolk en aan hul droomprofesieë vas glo. Van profesieë gepraat: ons het ook 'n profeet in die kamp en baie maats heg aan sy profesieë baie waarde. Maar wat in hierdie verband van belang is, is dat die drome in die kamp in die reël geen verborge (latente) inhoud en simbole het nie, maar dat die bedoeling van die droom en die bevrediging wat die droom soek, openbaar (manifes) is soos die droom van 'n kind. Die verdronge spanninge het net so in die droom bewus geword; en dit beteken dat die verdringinge nie radikaal is nie maar slegs betreklik.

'n Heilsame middel teen die spanninge in jou gemoed is 'n humorsin.



Op 'n goeie dag sit ek in 'n hoek van my hut aan 'n lesing en werk, terwyl ons huisvader in 'n ander hoek nagaan hoeveel nuwe ouma-klere sy hutbewoners nodig het. Toe kom een van ons dienswagte binnegestap, vestig die huisvader se aandag op ons eie dissiplinêre reëls wat eis dat binne en buite die hutte alles skoon en netjies gehou moet word, en deel hom mee dat buite die hut by een van sy hoeke vuurhoutjies, sigaretstompies en lemoenskilte lê. Die huisvader dra dit toe aan my op om die goed op te tel. Met 'n kardoesie in my een hand sit ek op my hurke — ek het net 'n blou ouma-hemp, 'n kort blou

ouma-broekie en 'n paar ouma-velskoene aan — en tel met die ander hand hier 'n vuurhoutjie, daar 'n stompie en daar weer 'n skil op en gooi dit in die kardoesie. Opeens bars ek sommer hardop uit van die lag. Maats wat verbystap, kom nader en vra hoekom ek lag. „Die vraag het my nou net te binne geskiet,” antwoord ek, „wat my studente sou sê as hulle my nou hier sou sien.” So 'n ervaring laat 'n mens sommer reg voel.


Humor in die kamp — dit is jammer dat ons daarvoor geen aparte bydrae kon gekry het nie. Ek dink nog dikwels aan daardie heerlike tergees, oom Jan M., met sy humoristiese tergsin. Sien jy nog hoe een maat 'n ander maat groet met 'n brandende sigaretstompie in die palm van sy regterhand weggesteek. En onthou jy die brandende stompies wat maats in die agtersakkies van die ouma-broekies van maats voor hulle gooi terwyl hulle op appèl staan en deur die soldate getel word, of die water wat hulle in dieselfde sakkies gooi en wat dan langs die bene afloop, en dit terwyl hulle verwag word om doodstil te staan? Of moet ek vertel van die bedrywighede van rysmiere wat lewendig aan die binnekant van slaapklere met garing vasgewerk word? Of van die beddens wat omgekrap word terwyl die bedeienaars afwesig is? Of van die leë vuurhoutjiedosies wat onder die vier pote van 'n bed geplaas word en wat kraak as jy daarop gaan sit? Of van die sokkerspan wat omdat hulle verloor het, „getrof” (d.w.s. met klere en al in die dam gegooi) word? Of van die algemene „troffery” van huisvaders? Of van die „troffery” van verjaardagvierendes? Of van die lyn wat 'n maat in die nag aan jou kombers vasmaak en trek, terwyl jy half deur die slaap sukkel om die kombers op jou te hou? Moet ek meedeel van die humor van ons joernaal met konsertaande of van die hekeldigte op die kamp- en landsowerheid of van die grappe wat ons mekaar vertel of van die kostelike verspothede van Sollie N.?

Maar ons humor in die kamp is dikwels, so nie meestal nie, kinderlik en laf, al geniet ons dit. Dit is meestal 'n deur die verdronge spanninge gereduseerde humor. Die hilariteit wat met ons humor gepaard gaan, is meestal oppervlakkig, kunsmatig en geforseerd. Dat ons humorbelewinge deur ons verdronge spanninge beïnvloed en gereduseer word, het my besonder duidelik geword toe my vriend Koot my meedeel dat hy nog nooit so lekker en so uit die diepte van sy gemoed gelag het as na aanleiding van 'n bepaalde insident in die tronk nie. Sô het ek niemand in die kamp hoor lag nie; sô kan jy in die kamp nie lag nie; daarvoor ontbreek jou ten enemale die nodige gemoedsrus; sô kan net hy lag wat nie aan verdronge spanninge ly nie.

Nieteenstaande dit alles is daar baie tye wanneer jy die kampelewe geniet, tye waarin dit waarmee jy besig is, jou volle aandag spontaan in beslag neem, bv. wanneer op 'n musiekaand 'n musiekstuk jou bekoor of wanneer jy vreugde het aan die



Binnenshuts (Koffiefontein-Interneringskamp)



Voetbal, toeskouers en swembad (K.I.K.)

afronding van 'n pragtige stuk houtwerk of wanneer jy sien hoe makgemaakte kwikstertjies vlieë uit jou hand pik of wanneer 'n geesdriftige toespraak op 'n feesdag jou boei of wanneer jy onder die indruk kom van 'n diep deurdagte en diepdeurvoelde preek, ens., tye waarin jy deur die spontane binding van jou aandag in die kamp natuurlik lewe.

Die karakter van die kampelewe verander van 'n oneintlike in 'n eintlike wanneer ons met die kampowerheid in botsing kom. Vooraf wil ek met waardering daarvan melding maak dat daar offisiere en soldate is wat ons soos mense en soos Afrikaners behandel en wat die pligte wat op hulle rus, vervul sonder om te kwets en te beledig. Maar ander offisiere en soldate het 'n speldeprikbeleid gevolg, het behae daarin geskep om te steek, te treiter en te kwel; sommige het selfs opsetlik gekwets en beledig. Dit het jou dikwels geïrriteer, soms verbitterd gemaak en wraaklus in jou gewek.

Die kampowerheid behoort tot die buitewêreld, vir jou die eintlike werklikheid. In jou aktuele botsing met die kampowerheid word hierdie buitewêreld meteen aktueel. Dit nou maak jou kampelewe nie net 'n aktuele nie maar ook 'n eintlike werklikheid. In die botsing met die kampowerheid kom die wesentlike, as u wil, eksistensiële, situasie tot uitdrukking, want die wesentlike situasie van die interneringskamp as sodanig bestaan uit sy konfliktsverhouding met die owerheid. Waar hierdie konfliktsverhouding aktueel word, is die kampelewe van self natuurlik en normaal, d.w.s. 'n aktuele en 'n eintlike lewe tegelyk. Wanneer daar egter geen aktuele konflik met die owerheid is nie, openbaar kampelewe sy aktuele maar oneintlike karakter en is die lewe daar buite vir jou eintlik maar „in-aktueel.” Wanneer jy met die kampowerheid in botsing kom, is jy weer 'n mens uit een stuk, is jou sielelewe heel en nie gesplits nie en sit jy jou spanninge (jou kommer en sorg) op natuurlike wyse opsy en verdring jy hulle nie op kunsmatige wyse nie. Is daar geen botsing met die kampowerheid nie, val jy terug in die aktuele maar oneintlike kampbedrywigheid, verdring jy op kunsmatige wyse die eintlike maar „in-aktuele” wêreld van jou gedagtes en verlange deur jou gedurig besig te hou en word jou sielelewe weer gesplits.

In die tronklewe daarenteen staan jy gedurig onder bevel en kommando, is die konfliktsituasie met die tronkowerheid gedurig aktueel, bly jou tronklewe 'n eintlike, 'n naakte werklikheid en ken jy die oneintlike kampelewe en die „in-aktuele” buitewêreld nie, altans nie só nie. Die lugkastele wat jy in die tronk bou (en ek dink hier aan die misdadigertipes en nie aan die politieke gevangenes nie), die gefantaseerde persoonlikheid wat jy uit oorkompensasie van jou self vorm, die verwaandheid waarmee jy gevolglik optree, ken die kampelewe nie, omdat vir die geïnterneerde die buitewêreld die eintlike wêreld is. Die tronklewe daarenteen ken dit wel, omdat vir die gevangene die buitewêreld (buite die tronk) weens uiters min

kontakte daarmee 'n oneintlike werklikheid is en die tronk (weens die gedurige konfliktsituasie met die tronkowerheid) die eintlike werklikheid is. Die tronklewe mag wel tot verontpersoonliking en willoosheid lei maar (sover ek weet) nie tot psigoneuroses en selfmoord, soos dit soms met die kamp die geval is nie. Met ander woorde, die tronklewe is 'n meer „natuurlike”, nie so gesplitste lewe as die kamplewe nie, al is dit met sy verregaande onderdrukking van verantwoordelikheid en vryheid 'n ook hoe moeilike lewe. Van belang is in hierdie verband om ook in te sien dat jy die werk wat jy in die tronk verrig, vir ander verrig en onder dwang verrig maar dat dit tog iets natuurliks is, terwyl die werk wat jy in die kamp verrig (bv. houtwerk) vrywillig is en 'n werk is wat jy vir jouself doen maar waarmee jy jou spanninge probeer onderdruk en jou oneintlike kamplewe eintlik probeer maak.

Maar om tot die botsing met die kampowerheid terug te kom: die kamplewe word normaal en natuurlik in die mate wat die botsing met die owerheid intensief is en in die mate waarin die kamp as geheel daaraan deelneem. Dink maar aan dade waarmee ons die kampowerheid uitoorlê (soos die voëltjie-diens, smokkelary, kontakte met buurkampe, ens.), aan ontsnappings (waarmee elke kampgenoot hom vereenselwig en wat elkeen belewe as iets wat ons algar raak), aan die hierop volgende strawwe wat die owerheid op ons kamp as geheel toepas, aan rhadjas en aan die dae wanneer pantserwaens en masjiengeweerneste ons kamp omsingel. Daardie dae is jy volle mens en bemerk jy min van die tweestryd in jou sielelewe. Dan sing jy „Los van Engeland . . .” uit volle bors.

Maar botsings met die kampowerheid, hoe dikwels en hoe erg hulle soms ook mag wees, is van betreklik korte duur. (In die tronk is die aktuele konfliktsituasie met die tronkowerheid bestendig.) Jou kampervarings skommel dan ook gedurig heen en weer tussen 'n eintlike en 'n oneintlike, 'n natuurlike en 'n onnatuurlike, 'n normale en 'n abnormale lewe.

In die mate wat jy egter in aktuele kontak met die buitewêreld anderkant die kamp kom, word die kamplewe ook meer natuurlik, eintlik en normaal. Daarvan getuig die kamplewe tydens die massaloslatings in die tweede helfte van 1943. Dis of 'n heeltemal ander gees oor die kamp kom en jy jou op 'n spoedige loslating, d.w.s. op die eintlike werklikheid buite die kamp, aktueel instel. In hierdie gemoedsopwellinge merk jy bloedmin van draadkouery en draadkoors. In hierdie gemoedstemming arbei jy met gejaagdheid (soos die buitelewe dit ken) aan jou laaste houtwerkies om nog gou klaar te kry wat jy kan klaar maak, en om dit met jou saam te neem. Jy is nie meer besig net om besig te wees en om jou spanninge te verdring nie, jy is nou natuurlik en eintlik besig, soos jy in die buitewêreld besig was en binnekort gaan wees.

My sielkundige opmerkings het gehandel oor die reduksie

van ons sielelewe en oor ons kampspanninge. Ten slotte kortliks iets vanuit die gesigspunt van die vergelykende sielkunde.

As ons die sielkunde van die volwasse kultuurmens (soos bv. die van die huidige Westerling) aan die een kant vergelyk met die sielkunde van die dier, van die primitiewe mens, van die massa, van die kind, van die droomlewe en van die abnormale sielelewe aan die ander kant, dan vertoon verskillende van laasgenoemdes interessante analoë, d.w.s. ooreenstemmende, wetmatighede wat by eersgenoemde ontbreek. Die kamplewe openbaar ook analogieë met laasgenoemdes en staan tussen eersgenoemde en laasgenoemdes in, of liever skommel tussen beide heen en weer.

Dit wil ek met een voorbeeld in een opsig verduidelik.

Nog duidelik sien ek hoe ek deur 'n venster van my hut staan en kyk het na twee kampmaats wat die heftigste rusie maak oor 'n stuk hout en amper vuiggeslaan het en hoe hulle tien minute na die kort en kragtige emosionele uitbarstings vriendelik en laggend wegstap met arms om mekaar se skouers. „Ons is hier nes kinders,” het dit my te binne geskiet, volwasse mense wie se ervarings tot kinderlike ervarings gereduseer word. En tog, as die gegewe omstandigheid intree, ruk jy jou uit hierdie „kindergelyke” volwassenheid uit en tree weer op as volwaardige volwassene. As jy met 'n verantwoordelike instemming en inlewing luister na 'n pragtoespraak van John Vorster op 'n feesaand of na 'n dissiplinêre toespraak van genl. De Jager of na 'n mannekoor op 'n konsertaand, dan is jy nie 'n kind nie.

Hoe „kinderlik” is nie jou wraaklustige uitinge aangaande wat jy met hierdie of met daardie speurder, offisier of soldaat gaan doen as jy uit kom en die kans daartoe kry nie; hoe 'n kostelike gebrek aan werklikheidsin openbaar hierdie ernstig bedoelde voornemens nie!

Waardevolle vergelykingstof bied in hierdie verband die redusering van jou tydsbesef, aksieveld en geheue tot die oombliklike hede, die afname van jou konsentrasievermoë, die gebrek aan volharding en gedurige afwisseling van jou belangstelling en aktiwiteite, die sterk emosionele karakter en verhoogde prikkelbaarheid van die kamplewe, die mate van neerslagtige uitwerking van somber weer en van irriterende uitwerking van stof en wind op jou, jou humorsin en in die algemeen die psigologiese onstabieleit van die lewe in die kamp. Maar genoeg.

* * *

Voordat ek tot enkele etiese opmerkings oor ons kamplewe oorgaan, wil ek kortliks 'n paar estetiese opmerkings maak. Ek wil nie ingaan op die skoonheid en netheid waarin ons die hutte, sale en terreine hou nie; ook nie op die genot wat kunstekeninge en skilderstukke en wat veral musiekkuns en letterkundige voordragte in ons konserte ons verskaf nie, en ook

nie op die betrokke klasse van ons universiteitskool oor letterkunde en ander kunsgenres nie. Waarop ek veral die aandag wil vestig, is die patetiese karakter van ons kampele in die algemeen. Want tragies is ons kampele nie; tragies was wel die konsentrasiekampe van die tweede Engelse oorlog met hul ongekende siekte, lyding en dood. Maar pateties is ons kampele wel.

Een aand (voordat ek saam gaan sing het) staan ek deur die saalvenster en kyk en sien hoe my kampmaats in oombekleding gevoelvol koorliedere inoefen, manne sonder burgerregte, manne bekommerd oor hul geliefdes, manne wat verlang om hul plek buite vol te staan maar wat hier in koorsang bevreemding soek en vind; manne wat om hul vryheidsgeesdrif hier is en nou sing, en tegelyk sien ek deur die vensters aan die ander kant van die saal die soldate wag agter die draad al op en neer stap en waghou. Daardie oomblik het die patetiese karakter van ons kampele my aangegryp.

Pateties is die erns waarmee jy jou hier besig hou en waarmee jy jou bluf dat jy iets belangriks doen; pateties is dit hoe opgewonde jy raak oor die geskenk van 'n stuk hout, meer opgewonde as oor 'n nuwe motorkar buite; pateties is dit om jou met jou tegniese ingenieurskennis te sien staan en verkyk na die reparasie van ons badkamer se stoomketeltjie deur 'n paar soldate; pateties is jou verlustiging daarin om kwikstertjies mak te maak en om hulle te sien vlieg uit jou hand eet; pateties is dit om te sien hoe maats wat buite groot salarisse ontvang het, eenmaal per maand toe staan om hul 1/- per dag te ontvang en hoe hulle daarna hul skulde aan die kantien (ons winkel) of aan ander maats vereffen; pateties is dit as jy aan mense van byna alle moontlike beroepe en van byna alle grade van ontwikkeling filosofiese lesings gee terwyl die kampwag buite by 'n venster staan en aantekeninge afneem wat hy aan die kampowerheid moet voorlê ingeval jy ondermynende dinge sou sê; pateties is jou draadkouery en jou draadkoors; pateties is dit om te sien hoe maats hek toe stroom om nuwe geïnterneerde te verwelkom; en pateties is ook die welgemeende afskeidsgroet waarmee losgelatenes ons by die hek vaarwel toeroep: „Bly maar lekker!”

En tog is dit alles en soveel meer nie net pateties nie, want die ondergrond van die kampele was 'n kragtige roepingsbesef. Of moet ek sê dat hierdie roepingsbesef die patetiese van die kamp verdiep?

* * *

En dit bring my tot die etiese aspek van ons kampele.

Wat verwag u as u 400 mans op omtrent drie morg met draadomspanning vaskeer, manne wat buite die drade te veel energie vir die gemoedssrus van die regering geopenbaar het, manne wat sondaars soos ons algar is, manne van wie sommige vir jare, selfs vir solank die oorlog duur, daar opgesluit word,

manne wat aan die hierbo geskrewe en ander konfliktsituasies deel het — sal hulle saam 'n utopie vorm en as't ware in 'n etiese paradystoestand lewe? U werklikheidsin sal u laat antwoord dat dit nie sal kan gebeur nie. Juis daarom verbaas dit my dat die lewe in ons Koffiefonteinse Boererepubliek eties nog so harmonies en so hoogstaande en verhewe is.

Ons het hier en daar ons moeilikhede en rusies; maar dit kom sporadies voor en verdwyn telkens weer betreklik gou. Ons tref af en toe groepsvormings aan, maar van kliekvorming is ek nie bewus nie, en die eenheid van ons samelewing bly oorheersend. Vanaf die hartlike ontvangs by jou aankoms tot die hartlike afskeid met jou vertrek tref die wonderlike gees van kameraderie jou; vriendskappe is hier gevorm wat lewenslank sal hou. Net een klein groepie geïnterneerdes moes ons kampleiding in 'n aparte hut afsonder en omgang met hulle verbied, omdat hulle geheel en al nie by ons pas nie. Onvergeetlik van die kamplewe is die onderlinge diensbereidheid en diensbetoon, veral ook teenoor maats wat siek is of wat aan draadkoors ly. Die gees van harmonie wat hier in die algemeen heers, doen 'n mens weldadig aan.

Tot hierdie in die algemeen aangename en hoogstaande gees dra baie faktore by, soos o.a. die godsdienstige en kerklike lewe van byna al ons kampmaats, die gesonde en strenge dissipline wat ons kampleiding handhaaf tesame met die gedissiplineerdheid van die geïnterneerdes self, dan veral natuurlik ons gemeenskaplike vryheidsliefde en republikeinse ideale tesame met ons lotsgemeenskap maar seer seker ook die invloed van ons universiteitskool op die kamplewe, en verder sport, houtwerk, konserte en dies meer en ten slotte terdeë ook die botsings met asook die strawwe van die owerheid. Maar by dit alles mag nie vergeet word nie: die selfbeheersing en selfdissipline van die geïnterneerde.

Want jy moet onthou dat jy in jou diepere gemoedslewe 'n eensame is, al is jy nooit alleen nie, en al is jou kampmaats ook hoe hartlik en vriendelik teenoor jou. In 'n bepaalde opsig is jou lewe in die kamp wel meer eg: van die kunsmatige en van die etikette en usansies van die buitelewe val weg; jy word aan jouself en aan ander veral ook in jou swakhede ontbloot (iets wat as natuurlik en vanselfsprekend aanvaar word) en jy leer jouself op 'n nuwe wyse ken en moet jou op 'n nuwe wyse beheers en oorwin; jy word deur jou situasie met jou probleme en moeilikhede tot selfbeheersing en selfdissipline genoopt; die laaste toets lê by jouself. Juis daarom het dit my opgeval dat niemand hier homself bejammer of die stryd gewonne gee nie en dat die gees van harmoniese samewerking die botoon voer.

Lê dit aan die tipe volksgenoot wat geïnterneer is? Of mag ek die min of meer 400 geïnterneerdes te Koffiefontein sien as 'n willekeurige monster van ons Afrikanervolk en van die godsdienstig-etiese lewe van die geïnterneerdes aflei wat die

godsdienstig-etiese karakter van ons volk in die algemeen is? Indien dit mag, dan het ons reg om in 'n gesonde sin trots op die godsdienstig-etiese karakter van ons volk te voel.

Dit is wel waar dat persone vir internering deur die owerheid uitgekies is, bv. omdat hulle harte warm klop vir 'n vrye republiek buite die Britse Statebond en los van die Britse kroon en in woord en/of daad te aktivisties was en voorts omdat hulle as 'n werklike of potensiële gevaar vir die oorlogsvoering beskou is of om ander in hul betrokke kringe te intimideer en versigter in hul toesprake en dade te maak — in hierdie opsigte vorm die geïnterneerdes wel nie 'n suiwer willekeurige monster van ons volk nie. Maar hulle is seer seker nie uitgekies en geïnterneer omrede hul godsdienstig-etiese deugde en ondeugde as sodanig nie; en dit skyn my dat ons in hierdie opsig ons Koffiefonteinse Boerekamp wel as 'n suiwer monster van ons volk mag beskou. Enkele voorbeelde sal die bedoelde verduidelik. Maar in hierdie verband sou 'n vergelyking van ons kamp met kampe bestaande uit persone wat tot ander volke behoort, ook insiggewend wees; dit stel ek egter met 'n mate van huiwering vanweë die gevaar van 'n nasionalistiese fariseïsme wat so 'n vergelyking mag inhou.

Dit is opvallend dat die lewe in ons kamp seksueel gesond is. Net een en wel toevallige geval van geslagsiekte het hier voorgekom en homoseksualiteit tref jy hier nie aan nie. Dergelike getuienisse kan moeilik van alle ander kampe gegee word. Seksueel morsige grappe en vuil taal hoor jy hier nie; seksuele perversiteit vind hier nie plaas nie. Mag ek hiervan aflei dat in die algemeen en menslik gesproke ons volk seksueel nog gesond lewe?

Gemeet aan die Koffiefonteinse monster is ons volk geen vloekende volk nie. Dit is wel waar dat 'n kampmaat soms verligting van sy spanninge in gekruide taal soek, maar dergelike taal hoor jy selde. Ons maats vloek nie.

Ek het in verskillende hutte dikwels gesien dat kampgeld op 'n tafel lê — soms 'n paar dae — en dat dit nie gesteel word nie. Dit geld ook van geskenkpakkies met kos en ander dinge. Nie in alle kampe kan jy jou maats so vertrou nie. Seker, geïnterneerdes het dikwels enigiets wat hulle van die owerheid kon vaslê en wat hulle byvoorbeeld nodig het om in die werkswinkel 'n draaibank te maak, sonder toestemming gevat. Maar dis geen diefstal nie; dis gewone buitery omdat die owerheid ons as vyandige persone geïnterneer het. Daar is wel die geval van eierdiefstal deur 'n groep maats, wat gepleeg is, meen ek, om pannekoek te bak. Dit het ons as diefstal beskou, omdat die eierrantsoen vir ons algar was, en ons kampleiding het in hierdie geval dan ook streng teen die vaslêers van eiers opgetree. Diefstal is hiervolgens en in die algemeen nie iets wat ons volk se karakter kenmerk nie.

'n Klein groep maats stook af en toe skelmpies sterk drank, nieteenstaande ons kampleiding dit verbied; maar dronkenskap het ek in ons kamp nie gesien nie.

Maar genoeg. In elk geval is die tipe van Afrikaner wat jy hier ontmoet, hoogstaande en kan 'n vergelyking met ander volke goed deurstaan. Jy hoef jou beslis nie vir jou eie volk te skaam nie, nieteenstaande sy gebreke.

Dit word bevestig deur die kerklik-godsdienslike lewe in ons kamp. Oor die kerklik-godsdienslike lewe handel 'n ander artikel. Maar ek moet in hierdie verband tog 'n onvergeetlike indruk weergee. Tussen 9.30 en 10.15 nm. maak ons ons gereed om te gaan slaap; 10.15 word die hutligte afgeskakel. As u gedurende hierdie periode onder die vonkelende sterre tussen die hutte wandel, dan hoor u die bewoners van al die verskillende hutte aandgodsdien hou: hier word 'n Psalm gesing, daar 'n Gesang; soms hoor u vier tot vyf hutte tegelyk verskillende Psalms en Gesange sing; in die een hut hoor u 'n kampmaat uit die Woord van God voorlees en in die ander hut iemand 'n paar ernstige stigtelike woorde spreek en in nog 'n ander hut iemand 'n innig gevoelde gemeenskaplike gebed uitspreek; en as u deur die gordynlose vensters kyk, sien u hoe maats na die aandgodsdien in hul ouma-nagklere voor hul beddens kniel en elk nog sy eie persoonlike gebed doen. Dan word die ligte afgeskakel. Om dit te sien en te hoor ontroer jou diep. So iets bemerk jy nie by die buurkampe nie. Ons volk is nog 'n godsdienslike volk.

Maar dit is dan juis ook die godsdienslike verdieping van ons kamplewe wat die kamp vir jou die moeite werd maak en aan jou die diepste gemoedsrus gee want jou lewe is in die Hand van God.

Jy het die internering nie begeer nie en sal dit nie terug begeer nie, maar jy het, nou dat jy geïnterneer is, geen spyt dat jy hierdie ervaring deurmaak nie. Jy doen mensekennis op, kennis van jou volk en veral ook selfkennis en leer jou juis ook in jou swakhede ken; jy leer om die wêreld vanuit 'n ongewone hoek te besien wat aan weiniges vergun is. Opvallend is die erns waarmee jy jou internering opvat. Opvallend is die ernstige gesprekke van jou maats; die meeste gesprekke en die gesprekke van die meeste handel oor ernstige onderwerpe. Jy besef dat jou internering 'n dieper doel het as wat oënskynlik die geval is, dat jou internering 'n deel is van 'n roeping waarmee God jou roep, 'n roeping wat jy hier in die kamp self moet vervul in jou daaglikse omgang met jou kampmaats, maar ook 'n roeping wat deel van jou hele lewe uitmaak en jou vir jou latere lewe verryk en verdiep, en ten slotte 'n roeping wat jy as Afrikaner hier het; want in hierdie Tweede Wêreldoorlog is ons volk geroepe om vir sy toekomstige vryheid ook geïnterneer te wees!

H. G. Stoker.

SPANNINGE IN DIE KAMP

AFGESIEN van die feit dat die geïnterneerdes sonder 'n geregtelike verhoor in die kamp gestop is, was daar ook ander redes wat direk en indirek meegehelp het om 'n gevoel van gedurige spanning in die kamp te verwek. Op een tydstip was daar nagenoeg 600 manne tegelyk in die kamp geïnterneer in 'n beperkte ruimte van omtrent drie morg. Hierdie beknoptheid het beslis 'n baie groot sielkundige uitwerking op die manne gehad. Daarbenewens was die geïnterneerdes afkomstig uit feitlik alle dele van Suid-Afrika, en hulle het byna alle beroepe en stande verteenwoordig. Behalwe die verskeidenheid van uiteenlopende karakters was daar ook twee vername politieke strominge, albei sterk nasionaal, waarvan 'n handjievol die beleid van die H.N.P. gehuldig het en die meerderheid die van die O.B. toegedaan was. Hierdie verskil het egter nooit sterk na vore gekom nie vanweë die sterk gemeenskapsgevoel wat Afrikaners in die kamp saamgesnoer het. Veral die optrede van die kakies met hul onverbiddelike militêre dwang het egter spanninge in die kamp ten gevolg gehad.

Twee groepe is dus agter die diamantmynhope van Koffiefontein geplaas. Die een groep was die geïnterneerdes en die ander die kakies wat ons dag en nag bewaak het. Met hierdie feite as agtergrond sal ek trag om 'n beknopte relaas te gee van enkele spannende insidente tydens my internering.

Die spanninge was van tweërlei aard, nl. **onderlinge spanninge** en **spanninge** as gevolg van **owerheidshandeling**. Die onderlinge spanninge het egter totaal in die niet verdwyn wanneer die verhouding tussen geïnterneerdes en kampowerheid in gedrang gekom het. Dan was daar net een sentrale gedagte: verset teen die Suid-Afrikaanse handlangers van die „British Empire”.

* * *

Onderlinge spanninge is gedeeltelik veroorsaak deur karaktersverskille maar meestal deur slegte nuus van buite.

Konflikte tussen individue het voorgeval om persoonlike redes; hulle was egter gering en meestal kort van duur. Oor die algemeen het die kamerade baie goed met mekaar oor die weg gekom.

Ontsteltenis is in die begin van 1942 in die kamp gewek deur die hardhandige botsing van 'n paar kamerade na aanleiding van 'n beweerde onhoflike aanmerking oor 'n bekende nasionale figuur; die kampmaats se houding hierteenoor was dat die vyand nie binne die doringdraad is nie en dergelike botsings nie mag voorkom nie.

Oor die algemeen was daar deurgaans 'n baie goeie samewerking tussen ons eie kampleiding en kamerade. Tog het daar ook af en toe wrywings ontstaan as gevolg van soms ontaktvolle optrede aan die kant van ons kampleiding en die

oorhaastigheid van sommige kamerade. 'n Interessante voorbeeld van botsing tussen ons kampleiding en sommige kamerade is die volgende.

Ons kampleiding het geen alkoholiese drank hoegenaamd in die kamp toegelaat nie. Maar geïnterneerdes is vindingryk. So nou en dan het een verjaar, en dan was daar by sommige die drang om die droefgeestigheid op een of ander manier tog te oorkom. Met behulp van aartappelskille en Santa Rosa-konfyt word brourels aan die gang gesit, of dit nou teen die kamp-regulasies was of te nie. Sommige het genoeg behendigheid besit om stookketeltjies te vervaardig en het so stil-stil in die kombuis sterk drank gestook. Selfs is oor hierdie saak 'n kampvergadering gehou toe tydens die feestelikhede in 1943 weer drank gestook is en ons dienswag op die drankies beslag gelê en dit weggegooi het. Ons kampleiding het drankstokery verbied en het op die kampvergadering die standpunt ingeneem dat drankmisbruik met ons volkstradisies bots en dat dit tot onnodige ernstige botsing met die kakies kon lei. Dat hieroor meningsverskil bestaan het en die kampleiding hierom en om sy optrede by sommige kamerade ongewild geraak het, is verstaanbaar. Drankmisbruik was egter geen algemene euwel in die kamp nie; die gebruik van sterk drank was 'n uitsondering.

'n Goeie bewys hoe volwasse manne onder omstandighede opgewonde kon raak oor 'n nietigheid, blyk duidelik uit die sogenaamde „Mossie-oorlog.” Dit was die gewoonte van kamerade om op die skraal grond tot hulle beskikking 'n bietjie groente te kweek. In die voorjaar het die eerste slaaisaadjies opgekom. Sodra die mossies dit bemerk het, kon hulle die versoeking nie weerstaan nie en het ongemerk besluit om hulle sonder toestemming na hartelus daaraan te verlustig. O goeie genugtig, hiervan sou die tuinwerkers beslis nie hou nie, en onmiddellik is kajuitraad gehou, waar die doodstraf op al die mossies uitgespreek is. 'n Plan is beraam om die stomme goedjies by die tientalle af te maai.

Gelukkig het die mossies ook bondgenote gehad. Sekere kamerade het hulle mak gemaak en as huisvriende aangehou. Op hulle beurt het die mossies groot pret en plesier aan die hutbewoners verskaf met hulle meesterlike sang en gefluit en wanneer hulle hul kleintjies gevoed het. Een middag het die „pro-mossies” gemerk dat talle van die voëls vermink en gedood was. Tot hulle verontwaardiging het hulle vasgestel dat die tuiniers oorlog op die mossies verklaar het. Hierdeur is twis en tweedrag veroorsaak en die kamp in „pro- en anti-mossies” verdeel. Namate die groente groter geword het, het die spanning geleidelik vanself ten einde geloop.

Hoe langer ons in die kamp was, hoe stadiger het die tyd omgegaan; al sterker het ons tot die besef gekom dat ons werklik van die buitewêreld afgesny was. Pos was somtyds drie weke laat, regeringskoerante was ongereeld en verouderd,

en nasionaalgesinde koerante was belet. As die geheime radio-nuusdiens van die Italianers in 'n buurkamp nie beskikbaar was nie, sou ons baie meer geïsoleerd gevoel het. Slegte tyding het ons van tyd tot tyd bereik. Al hierdie dinge het die verlange om huis toe te gaan geweldig beïnvloed. Dan het die draadkouery in alle erns begin. As so 'n draadkoors 'n kampgenoot beetpak, stap hy ure aaneen soos 'n nors proefplaasbul om die kamp, en verstandigheidshalwe moes hy liewer met rus gelaat word, anders kon hy sy opgegaarde drif maklik op 'n bemoeisieke persoon ontlai. 'n Mens kan jou beswaarlik indink onder watter geweldige innerlike spanninge 'n geïnterneerde moes verkeer wanneer die doodstyding van sy vrou of moeder hom bereik, veral wanneer die owerheid 'n parool weier, waardeur hy nie eers in staat kon wees om sy geliefdes se begrafnis by te woen nie. 'n Geestelike foltering voorwaar!

Dit is dus baie begryplik dat 'n geïnterneerde onder hierdie omstandighede planne sou beraam om te probeer ontsnap. Werklike pogings is dan ook aangewend, waaronder 'n buitengewone hoeveelheid geslaagd was. By sulke geleenthede was die hele kamp in rep en roer, omdat baie meer op die spel was as net die ontsnapping. Die kakies het dit beskou as 'n aantasting van hul prestige en het gevolglik streng strawwe op die hele kamp toegepas; en as die skuldiges opgespoor kon word, is hulle ook individueel gestraf. Die geïnterneertes aan die ander kant het trots daarop gevoel dat hulle die kakies uitoorlê het. Dit het die manne 'n soort tevredenheid wat op leedvermaak berus, besorg. Elke keer wanneer 'n kameraad of kamerade ontsnap het, kon die res van die kamp nie nalaat om uiting aan hulle gevoelens te gee nie, en met trekklavierbegeleiding het hulle uit volle bors gesing: „**Los van Engeland, want van niemand is ons knegte.**” Mislukte pogings tot ontsnapping was minder gewild, omrede die hele kamp dan net soos in die geval van geslaagde ontsnappings gestraf is. Boonop is niks konstruktiefs daardeur bereik nie; intendeel, dit het net 'n moontlike ontsnappingsroete toegemaak en bederf. Die leuse: „As 'n man wil, ontsnap dan, maar hy moenie droogmaak nie!” het gevolglik gegeld. Met hierdie vindingrykheid het kamerade in die latere tye eers baie deeglik georganiseer en voorbereidings getref, sodat daar inderdaad 'n paar knap ontsnappings plaasgevind het.

Iets wat die kampingesetenes telkemale ontstel het, was die feit dat die owerheid dikwels blykbaar goed ingelig was oor die gebeurtenisse in die kamp. Hoe geheimsinnig manne ookal te werk gegaan het (bv. in verband met ontsnappings), dikwels het iets uitgelek. Gevolglik was daar die vermoede dat spioene hulle in die kamp bevind het. So was die kamp op 'n keer op horings oor 'n verdagte spioen. Een aand laat het 'n nuwe geïnterneerde die kamp binnegekom. Oudergewoonte is hy by die hek verwelkom maar onmiddellik deur 'n sekere kampgenoot herken as 'n

polisiespioen. Onder andere het hy die vrou van die geïnterneerde genader, geïntimideer en bedreig. Die kakies was verplig om hom in 'n aparte hut te plaas. Vroeg die volgende oggend is hy verwyder en is daarna nooit weer gesien nie.

* * *

Spanninge as gevolg van owerheidshandelinge was natuurlik volop. Die onsekerheid oor hoe lank die internering nog sou voortduur en ons onmag om enigiets daaraan te doen, het ons soms pessimisties gestem, maar die onwrikbare geloof aan die uiteindelijke totstandkoming van ons vrye Republiek het telkens nuwe vuur in ons gemoedere geblaas.

Botsings met die owerheid, soos bv. na ontsnappings, aanrandings op kakies en oortreding van kampregulasies, het die gevolg gehad dat die hele kamp gestraf is. Die strawwe het onder andere neergekom op sluiting van die kantien, terughouding van die sjieling per dag en van pakkette, stopsetting van familiebesoeke, sluiting van die werkswinkel en die hou van 'n groter aantal klopjagte as gewoonlik. Gedurende die straf tye was die verhouding tussen geïnterneerdes en kakies altyd uiters gespanne. Ons het die beleid van gemeenskaplike strawwe wanneer individue kampregulasies oortree het, as onregverdig beskou. Hierdie strafmetode het egter as gevolg van die aangrensende Italiaanse en Duitse kampe sy doel grotendeels gemis, omrede 'n tekort aan rookgoed, kos en lekkernye dan eenvoudig van ons Italiaanse en Duitse bure saans onwettig oor die drade gestroom het. Dieselfde het gebeur met kamerade wat na die strafkampe verplaas is. Die strafkampe het ingesluit die „Ramkamp” en die „Koeler.”

Die „Ramkamp” was 'n aparte klein kampie ongeveer veertig tree in deursnee met net een groot hut. Die kamppatrollie wat die bewegings van die geïnterneerdes dopgehou het, het van tyd tot tyd rapporte ingedien, en na aanleiding van hierdie rapporte is manne wat as belhamels en oproermakers beskou is, vir 'n onbepaalde tydperk in hierdie „Ramkamp” gestop.

Die „Koeler” was nog 'n kleiner kampie, wat eintlik as 'n tronk moes dien. Dit het bestaan uit 'n sinkgeboutjie met 'n paar selle sewe voet in die vierkant. Op die sementvloer het net twee komberse gelê. In die hoekie was 'n Bybel, en geen verdere leesstof is toegelaat nie. In die somer was die hitte ondraaglik, en in die winter het mens byna gesterf van die koue. In die winter het die „Koeler” goed aan sy naam beantwoord, want dit het heethoofdige kamerade in werklikheid afgekoel. In die somer het dit 'n verlamme uitwerking gehad. In die beknopte ruimte moes 'n veroordeelde dag en nag peins oor sy sondes. Slegs soggens en saans is 'n uurtjie gegun om litte los te maak. Ek kan die leser verseker dat die son nog nooit so welkom in my lewe was as toe ek daar 'n tyd moes uitdien nie. Vir die eerste keer het ek onder die indruk van

sy wonderlike strale gekom en verstaan waarom sommige rasse nog steeds die son aanbid. Ek het my nie verveel nie maar gedurig met iets besig gehou, soos bv. die Bybel deurgelees, na die orkesmusiek geluister wat vanuit die Italiaanse kamp hoorbaar was, lugkastele gebou en met my tone en vingers gespeel as daar dan niks anders meer was nie. Origens kon 'n mens nes 'n tier in die klein spasie op en af en heen en weer stap. Die kos was afkomstig van die groot kamp, en ek moet sê dat die kamerade van die kombuispersoneel hulle besonder daarop toegelê het om aan veroordeeldes in die „Koeler” lekker kos te stuur. Dit het baie daartoe bygedra om die lewe in die „Koeler” moontlik te maak. Want as ek in die oggend my kos kry, sien ek al klaar weer uit na die middagete; en as ek dié verslind het, kon ek die tyd vir aandete amper nie af wag nie. Tog het so 'n eensame opsluiting 'n man op die lange duur soms mismoedig laat word en in 'n besondere spanning laat leef.

Die spanning het hoog geloop op 22 Januarie 1942, toe 329 polisiemanne die kamp as geïnterneerdes binnegekom het. Hulle is met 'n spesiale trein, goed bewaak, in aller yl na Koffiefontein gebring. Toe die trein by die kampterrein stilhou, word soekligte heen en weer op albei kante van die trein gewerp. Die kakies was verbouereerd om so 'n groot aantal gedissiplineerde Afrikanerpolisiemanne te hanteer. Om die polisie die erns van die oomblik te laat besef, word die hele terrein helder belig. Soekligte flits heen en weer. Tenks en pantsermotors patroleer gedurig rondom die grensdrade en vuur van tyd tot tyd sarsies af! Lank na sononder is 'n klompie manne, na deeglike visentering, gereed om die kamp binnegemarsjeer te word. Met hulle binnekoms word hulle deur die reeds geïnterneerdes met buitengewone gejuig aangemoedig en met sang begroet. Skielik roep een van die opgewonde manne luidkeels uit: „Weg met Smuts en sy trawante!” Dadelik beveel die offisier in bevel absolute stilte en dreig hy om te laat skiet as sy bevel verontagsaam word. Byna oombliklik daarna weerklink die gekletter en geknal van masjiën- en stengewere, terwyl die orige manne gevisenteer word. Dit het gelyk of die oordeel oor hulle losbars, want terselfdertyd beleef Koffiefontein ook een van sy stormagtigste aande. Die wind waai teen 'n geweldige snelheid en 'n verstikkende stofstorm ontstaan! Intussen beweeg swaar donderwolke deur die lug, wat sigbaar word wanneer bliksemstrale met tussenposes daardeur skiet. Soekligte los nou en dan die weerlig af en laat die lug verder lewe. Naderhand word dit so erg dat mens net stof, kakies en nogmaals stof kon sien! Die gedreun van die magtige natuurdonderstorm, gemeng met strawwe kakie-optrede, het 'n buitengewone en geweldige indruk op die nuutgeïnterneerdes gemaak, en vir hulle was dit ongetwyfeld 'n sensasiewekkende aand! In die kamp is hulle so simpatiek verwelkom en die hulpvaardige behandeling was so 'n geweldige

kontras met die van die kakies, dat hulle dit seker nooit sal vergeet nie.

Die militêre magsvertoon van die kakies het dikwels op ons die indruk gemaak van grootdoenerigheid. Insoverre hulle pligte eenvoudig neergekom het op strenge bewaking, kon ons dit verstaan. Maar sommige wagte, alhoewel nie algar nie, het by uitstek 'n uittartende houding aangeneem. Dit geld ook van sommige met hoër rang, alhoewel daar ook offisiere was wat in hul optrede teenoor ons redelik was.

Uittarting het vanselfsprekend op die geïnterneerdes irriterend gewerk en het soms die gevolg gehad dat geïnterneerdes ook uittartend optree. 'n Mens bly moeilik kalm as hom deur 'n wag bv. toegesnou word: „Get back to your bungalow, you dirty Dutch bastard!” of as 'n offisier aan wie jy gevra het om sy bevel in Afrikaans te gee, jou toeroep: „If you cannot understand English, I'll speak to you in this language,” waarby hy dan met sy pistool 'n paar sarsies oor ons koppe afskiet. Van skietery gepraat, normaalweg mag 'n wag oor 'n geïnterneerde se kop vuur as laasgenoemde nie wil luister na sy bevel nie. Twee skote agtermekaar dien as finale waarskuwing, terwyl drie skote agtermekaar 'n alarm is vir al die kakies om dadelik op hulle poste te wees. Gewoonlik vind hierdie skietery in die aand plaas wanneer al die ligte uitgedoof word. Op sulke geleenthede moet almal na hulle hutte vlug en daar vertoef totdat alles verby is. In een geval het 'n koeël op bedhoogte dwarsdeur die sink getrek, maar gelukkig niemand geraak nie. Talle skote het natuurlik deur die dakke gevlieg.

'n Vorm van uittarting wat ons baie ontstel het, is wanneer ons vrouens, kinders en ander familieleden wat ons besoek het, deur 'n offisier onhoflik behandel is. Gelukkig het nie alle offisiere so opgetree nie.

Met klopjagte het uittarting herhaaldelik voorgekom; trouens, klopjagte as sodanig is iets uittartends. Meestal het klopjagte egter sonder opspraakwekkende insidente plaasgevind.

Met 'n poging tot ontsnapping is 'n hele paar grensdrade geknip. Die volgende oggend met appèl word die kampeier weereens beveel om die manne nie te verdaag nie. Intussen omsingel 'n groot soldatemag die paradegrond op 'n straat na wat na die ontspanningskamp lei. Tegelykertyd word die grenswagte versterk met pantserwaens. 'n Massa-visentering word uitgevoer, en die manne word sonder meer die ontspanningskamp ingejaag. Daarna begin die kakies koorsagtig met hulle klopjag. Hulle dwing ons om van halfnege die oggend tot twee-uur die middag in die bloedige son te bly sonder enige water of beskutting. Sanitêre geriewe was buite die kwessie. Deurdat ons onvoorbereid getref is, het 'n groot menigte nie rookgoedjies saamgebring of hoede opgesit of hemde aangetrek nie. Die gevolg was dat sommige erg deur die skroeiende son verbrand was. Hierdie episode het 'n opskudding

in die kamp veroorsaak. Kamerade het sterk protes aangeteken en opstandiger geword. Binne 'n week is 'n soortgelyke klopjag uitgevoer onder dieselfde omstandighede, en na afloop daarvan is 'n hele aantal kamerade wat deur die kakies as die belhamels en oproermakers gebrandmerk is, na die „Ramkamp” verplaas totdat die spanning weer afgeneem het.

In die begin van 1943 het die verhouding tussen kampbewoners en die owerheid geleidelik versleg, en ek wil hier vertel van 'n insident tydens 'n roetine-klopjag wat amper tot 'n bloedige en noodlottige einde geloop het. 'n Onbewerkte stuk hout is in 'n hut gevind; en om onbewerkte hout in 'n hut te hou het ingedruis teen die kampregulasies. Gevolglik het die kakies beslag daarop gelê en 'n endjie van die hut neergesit vir uiteindelijke verwydering en konfiskering. Toe die eienaar dit sien, sluip hy versigtig daarheen en keer weer daarmee terug. 'n Kampwag sien die beweging maar misgis hom wat betref die identiteit van die skuldige persoon. Hy beskuldig 'n onskuldige man nieteenstaande laasgenoemde dit ontken en in weerwil van die feit dat hy nie so 'n beweging kon uitvoer nie weens 'n erg verswikte voet. Nogtans rapporteer die kampwag dit foutief aan sy outoriteite.

Na die klopjag ontbied die kampkommandant dié persoon na sy kantoor, maar die kameraad weier, met opgawe van redes, om die bevel te gehoorsaam. Die kommandant laat die kampleier weet dat die kameraad met geweld uit die kamp verwyder sal word as hy nie gehoorsaam nie; maar die kameraad het met steun van ander kamerade sy besluit gehandhaaf. Aan 'n sterk patrollie wat hom kom haal het, gee hy te kenne dat hy hom sal verdedig as hulle aan hom vat. Intussen het ander kamerade nadergekom om, indien nodig, bystand te verleen. Die patrollie is onverrigtersake die kamp uit. Kort daarna lui om vieruur die appèlklok, en die bevelvoerende offisier dra aan ons kampleier bevele oor, waarop ons kampleier dié kameraad meedeel dat die offisier vra dat hy vorentoe moet kom. Weereens word geweier. Die geïnterneerdes is toe deur die bevelvoerende offisier beveel om na hul hutte te gaan met die waarskuwing dat as hulle hul hutte verlaat, op hulle gevuur sal word.

Spanning het vinnig begin opklaai, en al gou was daar twee menings onder die geïnterneerdes. Sommige het gemeen dat die betrokke kameraad onnodig uitgetart het omdat die bevel per slot van rekening nie so onredelik was nie en dat ons metodes van teenstand dié van lydelike verset asook deur middel van politieke kanale was; ook het hulle gevoel dat gewelddadige verset op 'n bloedbad en 'n neerlaag vir die geïnterneerdes moes uitloop. Die ander het gemeen dat die kakies op onregverdige wyse 'n onskuldige man aan die pen laat ry, dat ons hier met 'n beginselsaak te doen het waarvoor geveg moet word op die manier soos die kakies dit ontwikkel; bloot op die gedrag van die kakies moet gereageer word. Boer se kind moet geweld met geweld begroet en sodoende sy naam in ere hou!

„Slaangoedjies” is bymekaar geskraap en die tekort aangevul met stukke yster, afgebreek van beddens, en tafelpote. Die kameraad met ondersteuners het in hut 32 intrek geneem, terwyl ander kamerade, meestal Stormjaers, hulle in naburige hutte versteek het. Intussen het die kampowerheid die grenswagte verdubbel en pantserwaens en masjiengewere in posisie laat plaas. ’n Soldatemag van ongeveer tweehonderd man, goed bewapen met knuppels, marsjeer die kamp binne. ’n Gedeelte van die mag pyl reguit na hut 43, waarin die kameraad gehuisves is. Toe hy nie daar gevind is nie, is hut na hut deursoek totdat hulle hom in hut 32 ontdek. Sake het ernstig begin lyk, en die gevoelens was gelaai. Die bevelvoerende offisier het die kameraad andermaal versoek om hom oor te gee, maar die huisvader van die hut het die offisier laat verstaan dat die kameraad nie uitgelewer sal word nie. Op hierdie kritieke stadium het ons kampeier en die bevelvoerende S.J.-offisier ingegryp en aan die kampoffisier voorgestel dat hulle met die kameraad sal praat. Die S.J.-offisier het aan die kameraad gesê: „Ons kan vandag die kakies hier in die kamp platslaan, maar hulle sal van buite af op ons vuur, en dit is nie ons wat die gevolge sal dra van ons daade nie maar onskuldiges, ons vrouens en kinders. Ons kan nie met kaal hande masjiengewere bestorm nie!” Daarop het die kameraad gesê dat hy sal gaan, en die huisvader het geantwoord: „Ons gee hom alleen by die hek af.”

Die kakies marsjeer toe in gelid na die hek, en die kameraad word skouerhoog deur sy maats — wat intussen ’n stoet gevorm het — na die hek gedra. Ongelukkig bereik die stoet die hekke voordat al die kakies uit was. Die seëvierende houding van die verbymarsjerende kakies was senutergend. Die geïnterneerdes moes hande vat sodat die kakies ongehinderd deur die hek kon gaan. Toe die laaste paar rye byna deur was, gooi een van die kakies ’n ysterbal twee duim in deursnee tussen ons in en tref ’n kameraad op sy elmboog. Dit laat ’n vlag van woede teenoor die kakies opvlam, en een van ons kamerade ruk ’n broodmes uit. Sake neem skielik ’n ernstige wending. „Vat jou soldate gouer uit, die manne word mal!” roep een van ons leiers. Met spoedeisende haas rommel die kakies deur die hek, terwyl ’n vinnige skermutseling net voor die hek plaasvind. Die kakies anderkant die draad het op die punt gestaan om met masjiengewere te skiet, maar die kampkommandant het die skietery belet. Intussen vorm die geïnterneerdes self ’n kordon, sodat die manne nie met wilde woede deur die hek kon bars nie. Die kameraad word gou deur die hek gedra en op ’n draagbaar buite die hek geplaas. Net so gou word die hekke weer gesluit. Die ouer kampgenote probeer hartstogtelik om die manne tot bedaring te bring, en toe die kommandant dit sien, het hy die soldate onmiddellik gelas om die terrein te verlaat. Nog lank na hierdie krisis was daar opgewondenheid en spanning. Van owerheidsweë is ondersoek na die voorval ingestel, en ons

kampleiding het instruksies van die kampkommandant ontvang dat indien daar enige tekens van verset teen die kampdissipline sou ontstaan, op ons gevuur sou word. Na twee weke, met die staking van militêre magsvertoon, het die spanning onder ons kamerade geleidelik afgeneem. Hierdie krisis het gelei tot 'n omvorming van die kampleiding en 'n verskerping van die pligte van ons Dienswag.

'n Geruime tyd daarna was die lewe in die kamp weer so eentonig dat ons selfs daarna uitgesien het dat 'n spanning hom weer moes voordoen. Die geïnterneerdes het besluit om in 1943 dr. J. F. J. van Rensburg op sy verjaarsdag geluk te wens deur middel van 'n vlieër. Dae vantevore is met koorsagtige haas en versigtigheid aan die geheime vlieër gewerk, en op sy verjaarsdag is dit gelos. 'n Sterk wind het dit baie gou die lug laat instyg. Aan die een kant het die O.B.-wapen gepryk, en aan die ander kant die woorde: „Verjaarsdagwense aan dr. Van Rensburg, Kommandant-Generaal van die Ossewabrandwag!” Die tou het later gebreek, maar die vlieër het, asof deur besieling gedryf, die lug verder en verder ingetrek, totdat daar naderhand net 'n klein stippeltjie te sien was. Die kakies het dadelik patrollies die kamp binnegestuur om te kom kyk wat gaande was, en 'n aparte patroillie gestuur om die „geheime boodskappe” op te spoor, maar sonder sukses. Die kommandant het ons gewaarsku dat as so iets weer gebeur, dissiplinêre stappe teen ons gedoen sou word. In 1944 het ons dit egter weer gedoen, maar hierdie keer het daar iets aan die vlieër geskort sodat dit omtrent 250 tree buite die grensdraad neergestort het. Die owerheid het dit opgetel, as kontrabande bewaar en dit later vernietig.

Bogenoemde insidente is maar net enkele voorbeelde van spanninge uit 'n groot reeks. Uit hierdie stryd het 'n opvallende samehorigheidsgevoel ontwikkel, wat nooit uitgewis sal word nie. Na die oorlog verby was, het ons kameraadskapsgevoel so sterk na vore gekom dat dit gelei het tot die stigting van die „Bond van Oud-Geïnterneerdes en Politieke Gevangenes.”

As ons elke Oktobermaand in die Koffiehuis in Sanlam-gebou te Pretoria ons jaarlikse byeenkoms hou, kan ons lag oor al die spanninge, maar gedurende die tydperk van internering was hierdie gebeurtenisse tog uiters tergend, des te meer omdat die uiteinde nooit voorspel kon word nie, ten spyte van die sieners wat daar was. Ek wil egter nie die indruk wek dat die geïnterneerdes van dag tot dag onder 'n uiterste spanning geleef het nie; intendeel, daar was baie tye wanneer die kamplewe stil en rustig voortgevloei het.

As ek so terugdink, wil ek met vrymoedigheid sê dat die tydperk van my internering 'n baie veelsydige en spannende lewe was, wat ek te eniger tyd weer sou wil deurleef, maar die keer as bevelvoerende offisier en die kakies binne die doringdraad!


Herman Luitingh.



Kersfeesaand in Leeukop Interneringskamp



Kerkdiens in Leeukop-Interneringskamp



Leeukop-Interneringskamp: Sondagmiddagete, groenteskil met musiek, vleisbraaiery met musiek en orkes

ONS BUURKAMPE

KORT na die uitbreek van die oorlog in September 1939 is daar 'n begin gemaak met die aankeer van Afrikaners vir internering. Hulle is almal in die Leeukopkamp gestop, tesame met Unie-burgers van Duitse herkoms en almal wat nie die oorlogsbeleid van Smuts goedgesind was nie. Dat daar wel ander beweegredes ook ten grondslag gelê het aan hierdie interneringsveldtog van die oorlogsaanhitters, het hoegenaamd geen twyfel gely nie — maar dit is 'n aspek van die saak wat elders behandel word.

Toe Italië op 10 Junie 1940 om middernag tot die oorlog toegetree het, is al wat Italianer is, by die klompie daar in Leeukop ingestop; hulle is, trouens, daardie dag al aangekeer. Teen 6-uur daardie aand het seker 90 persent hulle al agter die drade bevind. Hulle is aangebring met vragmotors, vangiens, afleweringsvoertuie — daar was 'n druk verkeer daardie dag op die Leeukoppad. Die Italianers het die kamp binnegekom met handkoffers, bondels, sakke, koutjies met kanaries daarin — alles van materiële en sentimentele waarde wat inderhaas gegryp kon word. Dit het gekrioel en gewemel! Die tale wat daar gebesig is, sou 'n messelaar of voorman by die bou van die toring van Babel oopmond laat staan het. Allerweë is daar egter gevind dat so 'n reëling nie van 'n blywende aard kon wees nie. Aparte kampe moes aangebring word, en dit het ook geskied. Party van die Duitsers en Duitssprekendes is oorgeplaas na die kamp te Baviaanspoort, wat tans eerste oortreders huisves: die Boere, nie 'n volle sewentig nie, is Ganspan toe gestuur en die Italianers na die kampong van die ou diamantmyn te Koffiefontein. Al hierdie verskuiwings het plaasgevind in die najaar van 1940. Byna gelyktydig is die kampong van die diamantmyn te Jagersfontein ook deur die De Beers-maatskappy aan die Departement van Verdediging afgestaan vir gebruik as 'n interneringskamp. Hier was aparte kampies ingerig vir Duitsers en Kommuniste, twee groepe wat ook later, in die voorjaar van 1943, na Koffiefontein toe gebring is.

Om die posisie, soos dit hom in Desember 1941 voorgedoen het, op te som, het die bevelvoerende offisier oor alle interneringskampe in die Unie, die volgende kampe onder sy beheer gehad:

Baviaanspoort, naby Pretoria, vir Duitsers;
 Leeukop, ook naby Pretoria, ook vir Duitsers;
 Andalusia, naby Warrenton, vir Duitsers;
 Jagersfontein, vir Duitsers;
 Ganspan, omtrent 7 myl verwyderd van Andalusia, vir Boere;
 Koffiefontein, vir Italianers; en dan, soos reeds genoem is, was daar ongeveer 67 Kommuniste langs die Duitsers te Jagersfontein ingehok.

Wat egter ter sake is vir hierdie rubriek, is dat die meeste kampe geen bure gehad het nie, behalwe die Boere van Ganspan en die Duitsers van Jagersfontein, en ek glo stellig dat laasgenoemdes Satan en sy trawante as bure sou verkies het bo die Kommuniste.

Wat die Boerekamp te Ganspan betref, het hierdie toedrag van sake nie lank onveranderd gebly nie, want vroeg die oggend van 6 Desember 1941 is almal sak en pak na Koffiefontein verwyder. Dit was vir jou 'n gedoente daardie! Elke voertuig was voorafgegaan deur 'n pantserwa; die Kakies was tot die tande toe bewapen — outomatiese wapens het nie uitgebly nie. Die stof was verstikkend, die weerkaatsing van die son op die bajonette verblindend; die gevloek, die geskel, die bedreiging verdowend — so het die lang stoet deur Kimberley, Jacobsdal en Koffiefontein getrek, om die handjievol Boere uit te skud in 'n kamp wat langs die van die Italianers aangebring is.

Sommer uit die staanspoor het hierdie bure van ons ook hul opregte buurmanskap getoon. Hulle het te hore gekom dat hul bure die Boere sou wees en het toe hul tuintjies gestroop van al wat groente was, dit in sakke gestop en aan die Kampbeheer aangebied vir oorhandiging aan die Boere. So 'n gebaar kon nie geduld word nie. Dit is summier van die hand gewys want enersyds sou dit 'n vriendskapsverhouding verwek en konsolidering van kragte in die hand gewerk het wat ten alle koste vermy en bestry moes word — die ou empaaierbeleid van „verdeel en heers”; andersyds sou dit lynreg ingedruis het teen en onverenigbaar gewees het met die gees van daardie Kakies wat konsekwent 'n speldeprikbeleid gevolg het in hul optrede teenoor die geïnterneerdes. Dergelike onverpoosde meedoënlose gedragslyn aan die kant van die Kakies het maar net die logiese konsekwensies gehad wat natuurlikerwys altyd onder die geleedere van die onderdrukte opdoem, t.w. 'n diepere sielsverwantskap en 'n nouer samesnoering van kragte — 'n toedrag van sake wat die bevelvoerende offisiere te Koffiefontein menige oomblik van kommer en sorg gebaar het. Meer humanitêre optrede van die owerheid kon byvoorraat baie van die bitterheid wat noodwendig deur hul optrede verwek is, uitgeskakel het. In weerwil van al hierdie kleinlikhede en kwaadwillighede het daar gaandeweg onder die groepe wat by Koffiefontein geïnterneer is 'n kameraderie ontwikkel wat elke ingesperde se hart altyd warm sal laat klop wanneer hy aan daardie veelbewoë jare sou terugdink. Dit het nie net gegeld vir die Koffiefonteiners nie, dit was die geval met alle geïnterneerdes wanneer hulle toevallig bymekaar uitkom soos by die „kwak” (soos ons die kampdokter genoem het) vir mediese behandeling of in die militêre hospitaal te Pretoria. Weliswaar sou so 'n onderlinge gesindheid uit die aard van die omstandighede noodwendig ontstaan het, maar dit sou nie tot so 'n graad ontwikkel het indien die Kakies nie so dikwels so 'n

algehele gebrek aan menslikheid in hul optrede teenoor die weerloses laat blyk het nie. Daar het 'n gees ontstaan wat my nog nooit en op geen ander plek so getref het nie: die een se plesier was die ander s'n, en die een se leed was ook die van die ander — aandoeninge wat nie die grensdrade van die kampe geken het nie. Daar was die dae toe die geïnterneerdes met geboë hoofde 'n minuut lank stilgestaan het op parade ter aandenking van 'n kameraad wat oorkant in die ander kamp aan sy makkers deur die dood ontnem is; dan was daar die aande toe huldigingsbyeenkomste in die aangrensende kampe gereël is ten aansien van volkshelde of met nasionale feesdae van een van die rasgroepe. Soos by goeie bure is daar ook oor en weer geleen, nou nie 'n treksel koffie of 'n kers of dergelike handelsartikels nie maar sulke baie bruikbare items soos 'n draadtang of rooiflennie, waaruit lussies gemaak is vir Buddy S., om as 'n Kakie vermom uit die kamp te ontsnap. En dan as die twee Kakies wat diens doen as wagte so van mekaar wegsukkel, ontvang jy of skiet jy oor 'n paar skorsies of groenboontjies of 'n paar sopies kampgemaakte tiermelkies. Julle groet mekaar altyd met 'n „bon giorno!“, „bonjour!“ of „guten Morgen!“ — dikwels is dit al Italiaans, of Frans of Duits wat die geïnterneerde ken. Die taal wat jy besig wanneer jy in sulke ongeoorloofde gesprekkies gewikkel raak, is gewoonlik maar net so geradbraak as die Engels wat sommige van die Kakies hulle as voertaal toegeëien het. Nietemin, julle glimlag met mekaar, jy kyk so 'n paar keer rond, jy soek as't ware die Kakies . . . en dan gooi jy . . . jy beweeg dan verder. Die Italianer of die Duitser of die Fransman sal jou ewe ongeërg sy rug toekeer, so 'n paar keer rondkyk en dan stadig in die rigting aanslenter waar gemeen is dat die voorwerp geval het . . . sy kop dan lig son se kant toe met die hand half oor die oë . . . maar van agter die skuiling wat die hand aanbied dwaal die oë op die grond rond totdat die voorwerp bespeur is . . . daar word nader gestaan, dit so speelsgewyse geskop, opgetel en dan word daar weer, oënskynlik doelloos, verder geslenter. Daar was natuurlik verskillende maniere om kontak te maak, maar dit sal aangeroei word by die behandeling van elke afsonderlike kamp, wat die leser ook 'n beter insig sal gee in die inter-kampbedrywighede en -verhoudinge.

A. Ons en die Italianers

Hulle was ons eerste liefde! Ons het hulle daar gevind op daardie stikhetie Desemberdag in 1941. Hulle het ons net so geïntrigeer as ons vir hulle. Hulle het oorkant die drade, tussen en agter hul tuintjies in digte massas saamgedrom, gewaai en gewuif. Die tweede dag is daar deur dr. K. met hulle kontak gemaak, en 'n paar dae later per briefie het die twee kampleiers met mekaar kennis gemaak. Dit was nie honderd jaar nie of daar was 'n kanaal geskep waardeur alle amptelike stukke gegaan het, d.w.s. versoeke, beriggies en dies

meer deur die een kampleier tot die ander gerig. Om te voorkom dat die Kakies streng maatreëls toepas om hierdie ten strengste verbode inter-kampkommunikasie geheel en al te fnuik, het die kampleier besluit dat alle kommunikasies deur hom moet gaan. Hy sal dit dan aan die geakkrediteerde skakel oorhandig, wat vir die veilige oorstuur daarvan verantwoordelik sal wees. Hierdie geïnterneerde, dr. K., is formeel deur dr. T., wat indertyd kampleier was, aan die Italianers dr. B. en hul skakel, Vincenzo N., voorgestel. Slegs 'n baie geringe aantal van die Boere het geweet wie hul skakel is, want daar was 'n aantal verraaiers tussen ons wat ook daar „geïnterneer” was en wie se funksies dit was om op te tree as lokvinke en as „agents provocateurs.” Hierdie geheimhouding van die identiteit van die skakels was dus daarop gemunt om die skakels teen verklapping te vrywaar. Hierdie proses het hom herhaal toe K. in die najaar van 1942 deur dr. T. aan kol. B., kampleier van die Franse, voorgestel is, by watter geleentheid hy ook meegedeel is dat luit. Henri B. van die Franse oorlogsvloot sy skakel was; en toe dr. K. voorgestel is aan ingenieur Hans K., van 'n Duitse kaperskip, wat homself in die hawe van Diego Suarez, Madagaskar, tot sink gebring het. Deur hierdie een kanaal dus is kontak gemaak en in stand gehou met ons buurkampe. Om hierdie reëling van die kampleier, t.w. dat geen ander kampgenote pakkies of briefies moet oorslinger nie, ten uitvoer te bring, het die hoof van die Dienswag opdrag gegee dat indien 'n geïnterneerde hom hieraan skuldig sou maak, hy onmiddellik deur die twee dienswagte wat gereeld diens doen, by hom of die kampleier aangekla moes word. Hierdie skakeling het baie mooi gewerk, dit was altyd sorgvuldig beplan en behendig en soms baie slinks uitgevoer. As „Konsul” was dr. K. ook nie onderworpe aan die „landswette” van die kampleiding nie. Dit was ook baie handig vir dr. K., want elke Saterdagagaand het hy altyd 'n kwartbotteltjie tiermelk, goed met goingsak beskerm teen die breekslag, van Vincenzo ontvang. Hierdie drankies het die Italianers van lemoene of van ertjies gestook. Dr. K., Vossie en Hendrik het hulle dan teen „slangbyt” ingeënt!

Vincenzo was nou sommer vir jou 'n uithalerskakel. Hy was gedurig op sy plot van 6 tree by 6 tree besig. Hy het altyd daar gebukkend gesit, die een oog strak gevestig op die paar uie- en slaai stoele en die ander een met rondswerwing belas — hy was baie lief om te gesels, en as hy jou sien, dan is dit so. Hy het vir my altyd gedien as 'n barometer van hoe dit met die ou sakie daar oor die see gesteld was. Hier vroeg in Februarie stap dr. K. en ek een oggend voor ontbyt om die kamp. Ons het dit dikwels gedoen, want Vincenzo het 'n mens dan die glanspunte uit die vorige nag se nuusberigte gegee. Ek merk dat daar iets belangriks gebeur het. Hy het hom kort-kort uit sy gebukkende houding opgerig en in ons kamp gesoek vir iemand. Ons het ons vinnige pas verslap tot 'n

slentergang . . . maar daar staan twee Kakies . . . dit was baie ongerieflik. Meteens sê dr. K. aan my, hard genoeg sodat die Kakies dit kon hoor: „Hou jy van ‚Miserere’ uit ‚Il Trovatore’ van Verdi?” Hy gaan staan, en luidkeels hef hy dit aan, maar die woorde, hoewel Italiaans, was nie dié van Verdi nie — dit was sy eie. Hy het vir ons vriend oorkant die draad gevra of daar enige belangrike nuus deurgekom het. Vincenzo het ons sy rug toegekeer, aangegaan met sy werkies en „La Donna e mobile” aangehef. Weer het die woorde verskil van dié uit Rigoletto! Verdi sou in sy graf omgedraai het — Vincenzo se woorde vir hierdie aria was: „Die Japanners het Singapore verower, soveel skepe gesink, soveel gevange geneem . . .” Ons het nie verder geluister nie. Ons wou hardloop om dit aan die ander te vertel. Ons durf ook nie opgewonde voorkom nie . . . maar al singende het ons verder geslenter tot om die eerste hoek en toe laat spat. Van hierdie metode is daar baie gebruik gemaak — deur ôf te sing ôf met mekaar te gesels in Duits of Frans — om een of ander nuusbrokkie of waarskuwing aan die Duitsers of Franse tuis te bring.

Die Italianers was ’n baie kleurvolle en interessante groep. Daar was op een stadium oor die 1,600 van hulle, met omtrent 90 priesters inbegrepe. Die meerderheid van hulle het uit die Unie gekom, dan was daar ook baie uit Oos-Afrika. Die meeste van die priesters het daarvandaan gekom. Hulle getalle het mettertyd aangegroei uit bemannings van skepe soos dié van die Sistiana, wat aan die Zoeloelandse kus deur hulle self tot sink gebring is, en die wat hulle self moes oorgee nadat hul skepe in Diego Suarez, Noord-Madagaskar, deur eenhede van die Britse vloot vasgekeer is.

Onder hulle was daar etlike voortreflike persone. Ek dink maar aan persone soos Maestro G. Saetta, die dirigent van hulle orkes, en die bekende tenoor, Alessandro Rota van Kaapstad, wat die dirigent en leier was van daardie wonderlike koor van hulle, waarvan G. Cappon van Kaapstad en R. Bozzone van Pretoria lede was. Behalwe hierdie kunstenaars was daar ook goeie skilders, soos Fasciotti en Lancelotti, asook beeldhouers en skrywers.

Ander beroemde persone was dr. Bassani, ingenieur van beroep, en vir ’n lang periode hul kampeier; dr. Delponte, ’n mediese praktisyn, wat volgens vermeende bewering geïnterneer was hoofsaaklik omdat hy, ten tyde van ’n besoek aan die Italiaanse kamp saam met ’n Kommissie van die Internasionale Rooikruisorganisasie, verklaar het dat die kamp nie vir swyne geskik was nie. Hy was ’n baie beminde figuur. Iemand wat seker by niemand voorgestel hoef te word nie, is dr. Mario Mazzacurati, die bekende motorwedrenjaer. Mario, soos hy algemeen bekend staan, is ’n siviele ingenieur; hy was ook ’n tydlang kampeier, maar die stadige staatsmasjinerie was vir hom, wat aan hoë snelhede gewoond was, ’n meganisme wat te

veel geduld, vernuf en diplomاسie vereis het — om jou humeur te verloor het jou eenvoudig niks in die sak gebring nie. Hy het hom van daardie amp ook gou laat onthef. Mario was ook 'n leidende figuur in een van die sensasionale pogings tot ontsnapping in die oorlogsjare. Hy en twee ander, al drie „ernstig siek”, is tot die kamphospitaaltjie toegelaat. 'n Paar Italiaanse medici, wat met hul plan om te ontsnap bekend was, het aan hulle mooi verduidelik hoe hulle moet kla en steun en waar „die pyne” moet voorkom. Die „kwak” het hulle ondersoek, en dit het aan die lig gebring dat slegs 'n noodoperasie hul lewe sou kon red. Inderhaas is hierdie „siekies” per vangwa, onder die nodige begeleiding, na die Kimberleyse hospitaal vervoer. Langs die pad, op die afgesproke oomblik het hulle die twee wat hulle begelei het, oorrampel, in die veld afgelaai, van rigting verander en deurgesteek na die Portugese grens. Dit was nie honderd jaar nie of die alarm is gemaak, die Kakies het met die polisie in verbinding getree . . . oral in die dorpe is daar barrikades opgerig. Dit moet ook 'n versperring wees wat vir Mario sou keer op daardie dolle vlug! Deur die Vrystaat het dit redelik maklik gegaan, maar iewers in Swaziland het hulle verdwaal en daar het die polisie op hulle toegesak. Hierdie vlug het egter nie sonder tragedie verloop nie — een van hul makkers is deur die agtervolgende polisie doodgeskiet. Mario en sy maat is teruggebring na Koffiefontein, waar hulle voor die magistraat gebring is. Adv. Swart, die huidige Minister, het hulle nog verdedig, maar die saak teen hulle was te sterk; hulle is tot tronktermynе veroordeel, en ek meen dat hulle ook boetes opgelê is. Dit was nie Mario se enigste poging tot ontsnapping nie. Heel toevallig het ek die ander een sien afspeel.

Dit was 'n warm somernamiddag so kort na 2-uur. Ek sien toe dat Mario, fyn uitgevat met 'n reënjas oor die arm, somer 'n wafferse hoed op sy kop en 'n reistassie in die hand, so oor hulle sokkerveld aangestap kom in die rigting van die hoek naaste aan ons kamp geleë, tussen die hospitaalterrein en hulle eetskuur. Agter die eetskuur af loop die pad na die kampkommandant se kantore; die heining is daar redelik laag, en dit sou ook die laaste plek wees waar enigiemand ook sou droom om te probeer ontsnap: dit was somer so in die nes van die Kakies. Mario het gemeen om met bravado sy pad oop te bluf. As 'n Kakie hom nie sou sien as hy oor die drade klouter nie, dan het daar miskien 'n klein kansie bestaan dat hy dit sou regkry, want hy het nie die klere wat 'n geïnterneerde gewoonlik dra, aangehad nie — trouens hy het somer na 'n jintelman gelyk, miskien een van die groot kokkedore . . . so sou die Kakies miskien redeneer. Die ongeluk het hom egter getref . . . 'n Kakie het, met sy helm effens agteroor geskuiwe, op sy geweer staan en leun, die hele affêre so staan en betrag. Vanwaar ek gestaan het, het ek gesien dat die wag baie geamuseerd voorgekom het. Mario daarenteen sou hom nie maklik kon gesien het nie. Hy

het Mario so 'n 20 tot 30 tree laat aanwikkkel, en toe 'n humorsin geopenbaar wat by die gemiddelde Kakie 'n seldsame verskynsel was. Hy het op Mario se nommer gedruk en in die Angelsaksiese taal, waarvoor hulle so besonder lief was, miskien omdat dit vir hulle so vreemd voorgekom het, toegeroep: „Wag, laat ek saam met jou loop! Dit is tog glad te onplesierig om so alleen te wandel.” Mario was toe die een wat oorbluf was. Netjies het die Kakie toe so saam-saam met Mario in die pad afgewikkkel en hom gaan voorstel aan die kampkommandant. Dieselfde aand het Mario nog „koeler” geproe, waartoe hy vir 'n paar weke veroordeel was vir hierdie poging tot ontsnapping. Dit was nou tipies van Mario — hy was 'n rustelose siel.


Ek het nou afgedwaal, en om terug te kom na die voortreflike persoonlikhede in die Italiaanse kamp wil ek nog 'n paar noem: daar was dr. Chiono, 'n mediese dokter uit Oos-Afrika. Terwyl hy nog in die kamp was, is aan hom meegedeel dat hy as professor aan die Mediese Skool in Milan aangestel is. Daar was ook dr. Mistrorigo, met 'n doktorsgraad in Sielkunde, 'n baie beminlike persoon met wie ek later baie bevriend geraak het. Die kaptein van die Sistiana was goed bekend aan die Boere — as die Kakies nie op die loer was nie dan het jy altyd met hierdie forse figuur met die welwende voorhoof 'n geselsie aangeknoop.

Alle professies was daar verteenwoordig. Daar was ook 'n paar van die Franse Vreemde Legioen wat teen die Japanners geveg het en later toe hier geïnterneer is. Daar was baie ambagsmanne en tuiniers, soldate en matrose, priesters, medici, onderwysers, ens. Die oudste onder hulle was 78 jaar oud en die jongste was klein Manca van Kaapstad — hy was 17 jaar en 'n lewendige klein mannetjie. Wanneer daar op 'n groot skaal pakkies na ons kamp oorgegooi moes word, was Manca altyd een van die voorbokke. Deur sy vurige anti-kommunistiese gesindheid het hy een Sondagmiddag byna drie kampe in die weer met die owerheid gehad. Dit het so gebeur: Aan die noordekant van hulle kamp was die Kommuniste — ongeveer 67 — in 'n klein kampie gehuisves. Hierdie kampie het dan as bure gehad die Italianers aan die westekant, ons aan die suidekant en die nagenoeg 120 Duitsers aan die oostekant. Tussen al hierdie kampe het daar wagte in omtrent ses voet breë gangetjies beweeg. 'n Paar van die Kommuniste het vir klein Manca, Koning Emmanuel van Italië, Mussolini en die Pous uitgetart. Dit was regtig goeie geselskap waarin Manca hom bevind het, maar al het die Kommuniste met hom selfs geglimlag, sou hy dit nog as beledigend beskou het. Hy raap daar 'n paar klippe op, wat nooit te volop in die kampe was nie, want dit is gereeld deur die Kakies verwyder as potensieële wapens — en tref een van die Kommuniste. Versterkings word aangebring, en dis toe dat die Duitsers aan die anderkant en 'n paar Boere aan die

suidekant vir Manca ondersteun. Die klippe het op die Kommuniste gereën. Dit was 'n konsternasie, en die wag aan die ander kant vuur toe drie skote af — altyd 'n alarm, en toe dreun dit soos die pantserwaens uit die oostelike en westelike rigtings op die gevaarpunt afstorm. Die Kommuniste was skoon weg. Die Kakies trek toe 'n paar sarsies met hul masjiengewere oor die kampe los, waaraan niemand hom juis gesteur het nie, want dit was 'n doodgewone ding. Die vrede was egter herstel — maar die Kommuniste het nooit weer van hulle laat hoor deur woord of daad nie.

Waarvoor ons die Italianers altyd dankbaar sal wees, is dat hulle ons altyd die nuus meegedeel het. Omdat 'n ander rubriek oor hierdie aspek handel, sal wat hier gesê word, slegs aanvullend wees. Hulle het twee radio's gehad, wat hulle in Oktober 1940 buitekant gekoop het, danksy die hulp van vriende; hierdie radio's is toe stuksgewyse ingesmokkel deur 'n paar Kakies om te koop. Die een het versteek gebly ingeval die ander een deur die Kakies in hul ontelbare strooptogte ontdek sou word. Die een wat meer as ses jaar in gebruik was, was altyd in dieselfde plek versteek — in 'n gat wat spesiaal daarvoor ingerig is in die baksteenmuur van hulle kampkantien. Dit is weer oorgepleister, en alleen wanneer hulle inluister en met die nodige wagte op strategiese plekke uitgeplaas, is dit gekonnekteer. Slegs 'n paar van die Italianers het geweet waar dit versteek was. Dit was die lewensbloed van die kampe, daardie daelike nuusberigte. Alle moontlike voorsorgsmaatreëls is geneem om te voorkom dat hierdie slagaar ooit afgesny word. Niemand wou ook weet waar dit weggesteek was nie — want daardie groot geheim wil jy nie in jou binneste rondra nie — 'n geheim wat die Kakies baie graag wou weet. Hulle het orals gesoek maar altyd tevergeefs. Alleen 'n slinkse plan het die radio op een stadium gered. Die Kakies het vermoed dat dit iewers in die kampkantien versteek moes wees. Hulle het toe so geredeneer dat indien hulle enige dae lank 'n kordon onafgebroke daarom plaas en hulle agente in die kampe berig dan dat daar geen nuusberigte die ronde doen nie, die radio dan in die kantien moes wees. 'n Baie logiese beredenering van die ou sakie. Hierdie treurmaar is toe aan dr. Trümpelmann, ons kampeier, meegedeel in 'n spesiale berig afkomstig van dr. Bassani. Daar is toe besluit dat ons daeliks vir hulle die nuus moet oorstuur — om die aandag op ons kamp te vestig. Hoe nou gedoen? Ons het nie 'n ontvangstel gehad nie — daar was wel dikwels sprake om so iets aan te koop, maar die knoop het gelê by die bêreplek. Dit was almal sinkhuise met sementvloere. Dr. Kranz is toe ingeroep en opdrag gegee dat hy so 'n bulletin daeliks moet opstel. Waar om die nuus vandaan te kry sodat dit vir die Kakies, wat dit weer deur hul agente ontvang, outentiek kan klink?

Dit het egter makliker gegaan as wat dit klink. Daar het



DES. 1941 - 1 Okt. 1942

1 Okt. 1942 - FEB. 1943

NOV 1942 - FEB. 1943

FEB 1943 - JUNIE 1945
EN 1944 is ITALIANSE
KAMP in twee verdeel,

- = UITKYKTORING
MET SOEKLIJ
EN MASJINGEWER
- ⊙ = TWEE VUUR KAKIES
- = KAKIEHUIS
HUIS
- ▨ = EETSKUUR
- ▩ = DAKKAMERS

- A = EETSKUUR
- B, D, E = SLAAPLOKALE
- C = KAMPKANTJEN
- B = SKOOL
- F = SOKKEVELD
- G = SWEMBAD
- H = TENNISBAAN
- L = ROEBALVELDE
- M = GROOTHEK

Plan van Koffiefontein-Interneringskamp



Godsdiensoefening in die opelug (Leeukop)



Altyd besig bly! (Leeukop)

op daardie tydstip in 1942 nie veel gebeur wat nie versin kon word nie. Daar het ook byna elke dag 'n nuwe geïnterneerde die kamp binnegekom, wat gewoonlik op hoogte van sake met die gebeure oorsee was; dan het daar ook elke dag 'n paar geïnterneerdes onder geluide na die kampkommandant moes gaan of vir behandeling na die „kwak” moes wikkkel. Al wat dr. Kranz gedoen het, was om hierdie kampvriende te vra om die begeleide Kakies uit te tart met wat die Duitsers met hul vriende aanrig. Oorstelp van woede, het die Kakies dan die B.B.C. se berigte laat uitborrel. Dit, plus wat die Boere inbring, plus wat geraai word, d.w.s. soveel skepe gesink met so 'n tonnemaat, soveel vliegtuie neergehaal . . . en dan nog spesiale berigte soos dat koning Farook het die Turkse ambassadeur ontvang, dat koning Boris van Boelgarye samesprekings met die Duitse opperbevelhebber in Grikeland gevoer het, ens. — alles wat moontlik wel kon gebeur, is saamgesnoer in die nuusbuletin. Hierdie berigte, wat besonder outentiek voorgekom het, is toe in die Boerekamp versprei en is ook na die Italiaanse kamp oorgeskiel, waar dit versprei het as komende van hul eie nuusdiens. Die Kakies is geflous, en hulle het hul kordon om die kantien verwyder. Tot vandag toe weet niemand van hierdie slinkse streek nie, behalwe die twee kampeiers en dr. K. Waaroor dr. K. net 'n bietjie sleg gevoel het, was die dinge wat hy maarskalk Petain laat sê het. Indertyd het ons ook die Franse as bure gehad, en die bulletins het ook voortdurend 'n paar berigte afkomstig van die Vichy-sender bevat. Hierdie moes toe geheel en al versin word. Die Franse het nooit die outentisiteit hiervan betwyfel nie, en soms in hul berigte aan ons Petain nie min aangeprys om sy heldhaftige „woorde” nie! Hierdie Vichy-berigte kon die Kakies ook nie kontroleer nie — dus, dr. K. het daar op baie veilige grond gewandel.

Hierdie samewerking was nie net tot nuusberigte beperk nie. Enige nuusberig wat ons bereik wat ook vir hulle van belang kon wees, soos klopjagte of Afrikaneraangeleenthede, ens., is altyd dadelik oorgeskiel. Hulle het dieselfde met ons gedoen. Wanneer die kampkommandant bevele uitgevaardig het wat as kontensieus beskou is, is daar dikwels ooreengekom tussen die kampeiers van die Italianers, die Duitsers en ons hoe die kampe hulle daarteenoor moet gedra. Juis in hierdie verband kan ek 'n voorval noem wat ons baie geamuseer het.

Dit het hom afgespeel gedurende die kwaai winter van 1942. Ons wou ook graag 'n paar konkas met gloeiende kole in ons kamp gehad het om darem die voete voor slapenstyd warm te maak. Die Kakies het ons dit geweier, hoewel daar by elke wag om die kamp so 'n konka gestaan het, waarby hy, as hy so 'n paar tree weggeloop het, eers weer sy voete kom warm maak. Ons het toe gesê: as ons dit nie mag hê nie, waarom die Kakies? Die kaalvoet-advokaat Koble het toe 'n plan bedink — sy vindingryke brein was ook maar altyd haastig wanneer

iets beraam moes word om die Kakies te uitoorlê. 'n Paar uitgesoekte geïnterneerdes in ons kamp en ook in dié van die Italianers het oor 'n periode van veertien dae in hul twee-weeklikse briewe — en almal gaan altyd deur die hande van die sensor en die politieke speurdiens, wat op Bloemfontein gestasioneer was — dit laat deurskemer by hul vriende of familiebetrekkings dat hulle een van die dae verras gaan word, want „die bewaking van die kampe verslap gedurende hierdie koue aande: die wagte boer om hul vuurtjies.” Dit was nie tien dae nadat die eerste van hierdie halfverstoekte nusies uit die kampe gestuur was, dat alle konkas van die wagte weggeneem is nie. Hulle moes toe nag vir nag daar in die koue diens doen sonder 'n vuurtjie. Ons het nie baie genade vir mekaar gehad nie.

As gevolg van hierdie samewerking was dit ook vir Buddy S. moontlik gemaak om uit die Ramkamp te ontsnap. Hierdie kampie was ten weste van dié van die Italianers opgerig. Hulle kamp was dus tussen ons s'n en die Ramkamp geleë, en laasgenoemde was bestem vir die „moeilike elemente” in die Boerekamp. Op 'n goeie dag bereik 'n berig ons deur die goeie dienste van die Italianers dat Buddy die volgende artikels wil hê: 'n stukkie rooiflennie, wat die Italianers kon verskaf, 'n springbok-wapen, soos die wat voorop die helms van die Kakies pryk — en 'n draadtang. Die Italianers sou dan al hierdie items aan Buddy oor die drade besorg. Item nommer een was maklik om te bekom, die knoop het by die tweede gelê. Om dit te verkry, het ook makliker gegaan as wat aanvanklik gemeen is. Op 'n sekere dag toe ons ons maandelikse toelae, wat een sjieling per dag beloop, ontvang, is dit tussen F.X. en twee makkers gereël dat K., wanneer dit sy beurt was om sy gasie te ontvang van die betaalmeester, baie ver vooroor sou leun sodat sy lyf tussen die offisier en sy helm, wat langs hom lê, sou kom. Dit sou F. X. dan die geleentheid bied om die helm by te kom en die wapen daarop te verwyder. K. het toe vooroor geleun en vir die offisier gevra hoe laat dit is, en sy horlosie na die van die offisier gestel. Dit was genoeg rede vir K. om feitlik kop-aan-kop met die offisier oor die tafel te leun. F.X. het gou gespeel en het in daardie kort tydjie tot sy beskikking nie alleen die tyd gevind om die wapen te verwyder nie, maar hy het selfs nog met 'n inktlood op die helm 'n duidelike swastika aangebring. Soos hy later gesê het: „Ek het te sleg gevoel om hom met so 'n kaal helm uit die kamp te laat loop.” Almal wat die petalje gesien het, was dik van die lag, maar niemand het die aap uit die mou gelaat nie. Oudergewoonte het hy, toe hy klaar was met die uitbetaling, sy koffertjie geneem, helm op die kop geplaas en uitgestap hek toe. Ons het hom so agterna staan en aankyk totdat een van die hekwagte hom attent gemaak het op die spinnekop wat daar voor op sy helm pryk. Wat hy daardie oggend gesê het, kon myns insiens selfs die duiwels laat bloos het!

Die derde item, t.w. die draadtang, was ook 'n kleinigheid. Daar was vier daarvan in die kamp — en beslis beter as die een wat eenkeer by die Kakies vasgelê is. Hierdie vier is deur Engel en Kie. gemaak. Teen skemer die aand is hierdie items toe aan die Italianers oorhandig, wat dit nog dieselfde dag vir Buddy oorgegooi het. Die volgende namiddag is hierdie knaap deur die hek, vermom as 'n Kakie. Die pet is ook in ons kamp deur F., 'n kleremaker van beroep, uit kakiemateriaal en draadgies vervaardig. Die draadtang het daar in die Ramkamp agtergebly vir latere gebruik, want Buddy het dit nooit nodig gekry nie.

Soos al die kampe het ook die van die Italianers ook 'n kampskool gehad. Hulle onderwysers het hoofsaaklik uit priesters bestaan. Daar is nie 'n vak wat te bedink is wat nie daar gedoseer is nie — selfs skilderkuns.

Wat vermaaklikheid betref, het hulle gereelde kampkonserte gehad. Hul simfonie-orkes onder die stok van maestro Saetta en wat op een stadium uit 25 lede bestaan het, het gereelde uitvoerings gegee. Spesiale uitvoerings is gewoonlik op die sokkerveld gegee, sodat die Boere dit op 'n afstand ook kon aanhoor. 'n Paar keer, totdat die Kakies dit ten strengste belet het, het ons kampe vir mekaar kampliedjies toegesing. Allesandro Rota se silwer stem het dan ook almal met genot vervul.

Sondagnamiddag is hul sokkerwedstryde gewoonlik afgespeel. Hul sokkerveld, omring deur peperbome, was sowat 70 tree van ons kamp verwyder. Hul eetskuur en die woonkwartiere van die ou kampong het 'n U gevorm, met die oopkant van die U in die oostelike rigting, d.w.s. na ons kamp gerig. Dit was altyd baie opwindend en die gehalte van die spel, in soverre as wat ons bevoegd was om te oordeel, goed. Hulle het ook twee tennissbane gehad, 'n swembad, en dan het hulle ook nog 'n variasie van rolbal gespeel.

Ek sou sê dat hul grootste tydverkortings hul tuintjies was. Die stukkies grond het almal oppervlaktes van ses tree vierkant beslaan. As so 'n plotjie verwaarloos word, kon die kampleiding dit aan 'n ander tuinier toesê. Nog 'n voorwaarde daaraan verbonde was dat elke tuinier daeliks van sy produkte aan die kombuis moes afstaan. Die hoofkok het dan ook elke oggend een van sy handlangers met 'n sak rondgestuur om by elkeen iets af te bedel. Baie van hierdie tuiniers het vir hulle self gekook, en ons kon soms die geredekawel hoor tussen die hulpkok en die tuinier as laasgenoemde wederspanning is om van sy groentetjies vir die gebruik van die parogie af te staan. Die Italianers was beter ingerig vir private kokery as ons. Ooreenkomstig die patroon van die natuurlekampong was daar voor elke paar kamers 'n kookplekkie, wat, veral saans, ten volle benut is. Baie van die groente het hulle weg oor die drade na ons potte gevind. As die gooier deur die Kakies betrap word, was daar altyd groot moeilikheid.

Al die bewerkbare grond was in tuintjies opgesny. Aan die einde van die jaar het die Italiaanse kampleiding dan ook altyd pryse vir die beste tuintjie toegeken. So 'n tuinier sou dan ook eerste aanspraak kon maak op grond wat deur 'n ander tuinier verwaarloos word. Die Kakies het, in oomblikke van menslikheid, vir hulle soms nog ook kraalmis met vragmotors ingestuur.

Soos in die geval van al die ander kampe het alleen dié mense wat stokperdjies gehad het, heeltemal ongedeerd daarvan afgekom. Vir 'n duidelike voorbeeld van hierdie stelling moet ek die leser na 'n geval in die Italiaanse kamp verwys. Daar was 'n kleinboer uit Oos-Afrika, redelik jonk en ook gesond. Hy het geen stokperdjies gehad nie en ook nie juis ander belange nie. Hy het voortdurend maar in sy kamer op sy bed gelê en hom bekommer oor sy internering en oor sy eiendom en hoe dit daar gesteld is. Hy het mettertyd ook sy makkers vermy. Een oggend het hulle hom opgehang gevind in die badkamer. Daar was meer as een geval van selfmoord in dié kamp. 'n Mens kan dit ook begryp dat wanhoop 'n mens daartoe kan dwing as al die faktore in oënskou geneem word. Daar was onder die oueriges persone wat 10 jaar van hul lewe agter doringdraadversperrings moes slyt — eers gedurende die Eerste Wêreldoorlog in Oos-Afrika deur die Duitse regering geïnterneer en toe weer 5 tot 6 jaar deur die Britse regering hier te Koffiefontein. Dit was wel een faktor, maar daar was etlikes, wat, indien hulle gelyktydig hul invloed sou laat geld, enige gesonde en normale persoon van sy sinne sou berowe het. Om 'n paar te noem, behalwe die hierbo vermelde een: die Italiaanse mans uit Oos-Afrika is sonder enige kennisgewing in hegtenis geneem, nie die tyd gegun om hul sakies in orde te bring nie en per skip na die Unie gestuur. Hul eiendom is deur die staat in bewaring geneem en wat presies daarna daarmee gebeur het, kan niemand met sekerheid vasstel nie. Die vrouens en kinders is na kampe naby Salisbury verwyder. Kamp Nr. 4 naby Salisbury byvoorbeeld is soos beweer word deur naturelle-troepe bewaak en die kampdrade was geëlektrifiseer! In een van daardie kampe naby Salisbury het daar soos verneem is, 'n vuur uitgebreek waarin nege kindertjies omgekom het. Van baie van hulle was die vader ingesper te Koffiefontein. Daardie vaders was byna gek, en ons kampleier het sy medelye skriftelik betoon. Die Boere het, nadat die Kakies ons getel het, almal 'n minuut lank met geboë hoofde op parade gestaan. Die bodem was uit daardie mense se lewe uitgeslaan.

Toe kom die Badoglio-verraad nog. Dit het die Italianers in Koffiefontein in twee groepe verdeel — die aanhangers van die Fascisme en die wat koning Emmanuel aangehang het. Dit het baie bitterheid veroorsaak, en die Kakies was genoodsaak om die twee groepe in die een groot kamp te skei. Al hierdie faktore het meegewerk om, veral in die laaste jare van die

oorlog, baie tot wanhoop te dwing. Ten gevolge hiervan dus was daar gevalle, soos reeds genoem, waar persone selfmoord gepleeg het. Daar was ook gevalle waar geïnterneerdes hul sinne kwyd geraak het. Maar wat 'n mens deurgaans getref het, was die opgewektheid van hierdie mense, vir wie die Boere altyd 'n baie sagte plekkie sal hê, nie alleen om hul vriendskapsdaadjies nie maar ook om hul kameraderie wanneer die wolke oor ons kamp gehang het. Wie sal ooit daardie aangename verrassing vergeet wat ons op Kersfeesoggend van 1941 te beurt geval het, toe die organisasie van Italiaanse vroue, die „Salve Work Party" en vriende daarbuite aan elk van die Boergeïnterneerdes 'n pakkie gestuur het wat 'n pakkie sigarette, 'n kalender en 'n bietjie lekkers bevat het. Daardie selfde gees is soveel keer en op soveel maniere deur dié wat ingesper is, aan ons vertolk. Ons het mooi en gelukkig saamgewerk.

Hulle was ons eerste liefde!

B. Ons en die Franse

Dit was in September 1942, meen ek, dat 'n hoë offisier een oggend op parade al die inwoners van die ry huise naaste aan die Italiaanse kamp beveel het om hul huise te ontruim en by ander dieper in die kamp, of waar hulle gehuisves kon word, in te trek. Soos gewoonlik het hy geen redes gegee nie. Binne die daaropvolgende dae is daardie ry huise afgekamp — kyk Plan B — latrines en 'n kombuis is aangebring, en ons watervoorraad is met daardie ry verbind.

Dat ons kamp daardeur uiters ontsteld was, spreek vanself. Hoe gaan ons nou ons verbinding met die Italianers handhaaf? Wat gaan van die „voëltjie" word? Dit was egter nie onoorkomelik nie, want die Italianers het 'n katapult-meganisme ontwerp wat die nuusbuletin baie netjies tot diep in ons kamp kon skiet. Ons kon natuurlik nie meer oor die draad gesels nie, groentetjies ontvang of self pakkies oorskiet nie. Dit was 'n ongerieflike besigheid daardie. Juis toe is kollektiewe strawwe op ons toegepas — die kantien was 'n maand lank gesluit, en daar was geen rookgoedjies nie. Die Italianers, wat ons onder sulke omstandighede altyd gehelp het, het dit moeilik gevind om die pakkies met sigarette en tabak so ver oor te slinger. Gelukkig vir ons het sake gou verbeter.

Inmiddels het wilde gerugte die ronde gedoen. Party het te vertel gehad dat Smuts Portugees-Oos-Afrika gaan binneval en dat Portugeese dan daarin sou beland; ander weer dat prins Rashid Ali van Iran met sy gevolg daarin gestop sou word — hy is egter naby Salisbury in Rhodesië geïnterneer. Seker so 'n maand lank het die kamp leeg gestaan — tot ons ongerief.

Dit was so teen die einde van Oktober van daardie selfde jaar dat die Kakies een oggend steenkool en rantsoene ingebring het in daardie verlate kampie. Daarop het gevolg vragmotors met bagasie — nie die soort wat 'n mens op 'n spoorwegstasie

of aan 'n Suid-Afrikaanse hawe sou aantref nie. Omtrent 11-uur die oggend het hulle in gelid die kamp binnegetree — aan hulle uniforms kon ons vasstel dat hulle Franse moes wees.

Die eerste paar dae was hulle maar baie stroef, ten spyte van alle pogings van toenadering aan ons kant — met die Italianers wou hulle doodeenvoudig niks te doen hê nie, 'n houding wat hulle deurgaans gehandhaaf het. Hoewel ons almal saam geïnterneer was, kon hulle maar nie vergeet dat, terwyl die Duitse pantsermagte Frankryk aan die keel gehad het, Italië hulle juis op daardie tydstip die oorlog aangesê het nie. Dit kon ons wel verstaan; maar wat ons nie kon begryp nie, was dat hulle ook 'n gordyn voor ons opgewerp het. Toe ons later met hulle bevriend geraak het, het hulle die sluier oor daardie aanvanklike ontoeganklikheid oopgetrek. Die kampowerheid het aan hulle — so is ons meegedeel — vertel dat ons vermy moet word en dat ons nou nie juis die uitgesoektes onder die Afrikaners is nie. Dat ons miskien ook daardie indruk by die Franse geskep het, is nie heeltemal uitgesluit nie: ons het daar redelik gehawend uitgesien, bruin gebrand, blou broeke, hemde waarvan die moue ôf afgesny ôf uitgeskeur was, en kaalvoete — verlate, verlore, verworpe!

Hulle daarenteen het daar besonder net uitgesien in die magnifieke uniforms van die oorlogsvloot en landmag. Die kontras moes aansienlik gewees het. Ons was baie nuuskierig; aan die Italianers was ons al gewoond, en na die Kakies het ons nie gekyk nie . . . hier was nou vir jou 'n klompie vreemde mense, uit 'n vreemde land, en ons het daar teen die drade geboer en elke beweging met oop monde gadesgeslaan.

Hulle het toe begin uitpak en intrek neem, die offisiere aan die suidekant en aan die noordekant, met die latrines en die eetskuur tussen hulle en die offisiere, het die manskappe hulle uitgesif in die orige hutte. Met die oortrekkery merk ek meteens dat 'n vlootoffisier ook onder andere 'n groot roset in die kleure van die Stellenbosse Universiteit uit sy koffer haal. Ek kon my oë nie glo nie, en sonder om te dink, skree ek: „Stellenbosch!” Die Fransman steek in sy spore vas, is uit sy vel van opgewondenheid en skree:

„Oui . . . Oui, et vous?” („Ja . . . Ja, en u?”) Toe ek hom meedeel dat ek ook 'n oud-Matie is en dat daar by ons nog 'n hele paar is, het hy dadelik omgespring en sy offisiërsvriende gaan roep. Met 'n gebaretaal en 'n emosionaliteit eie aan die Latynse volkere het hy aan sy vriende verduidelik dat ons nou nie sommer nietige onbenullighede is nie. Hy beduie toe vir my dat hy nou-nou 'n briefie gaan oorskiet. Die inhoud daarvan was, in breë trekke, die volgende: Hulle was almal aanhangers van maarskalk Pétain en die Vichy-regering. Na die vredesluiting met Duitsland by Compiègne in Junie 1940 is die vloot gedemobiliseer. Dit was aan hulle oorgelaat om by die handelsmarine aan te sluit indien hulle so verkies het — wat die

meeste van hulle ook gedoen het. Die meeste van hulle was seelui, en hul skepe het tussen Frans-Agter-China, die eilande Reunion en Madagaskar en die Franse hawens aan die Noordweskus van Afrika gevaar. Aanvanklik het die Britte hulle in vrede gelaat, maar mettertyd, en veral na die bombardement van die Franse vloot in die hawe van Oran in die Middellandse See deur 'n Britse eskader, het die Engelse al hoe meer vyandig teenoor Vichy-aanhangers begin optree. Hierdie skepe wat toe om die Kaap geseil het, is die een na die ander vasgelê en hul bemannings aan wal gesit. So het hierdie groepie geleidelik aangegroei — 'n klompie van hulle was in die Kaap, ander weer in Oos-Londen. Hulle moes hulle gereeld aanmeld by die polisie, wat 'n wakende oog oor hul doen en late moes hou. Later is hulle verskuiwe, die offisiere na Middelburg in die Kaapkolonie en na Graaff-Reinet, terwyl die manskappe na Bethlehem gestuur is. Op koste van die staat is hulle in hierdie dorpe in hotelle gehuisves.

Die skrywer van hierdie briefie, ene luitenant Henri X., 'n besonder aangename persoon, was 'n betaalmeester op 'n handelskip wat deur 'n Britse kruiser naby St. Helena voorgekeer is, wat die bemanning in Tafelbaai aan wal gesmyt het en toe beslag gelê het op die skip. Henri moes hom daagliks by die polisie aanmeld.

Hy was die seun van 'n Franse dokter, 'n gegradueerde van die Sorbonne, waarna hy na 'n Franse vlootakademie gegaan het alvorens hy as offisier deur die oorlogsvloot opgeneem is. Aan die Kaap wou hy nie stilsit nie en wou hom laat inskryf by een van die universiteite — maar nie 'n Engelse nie. Hy is toe Stellenbosch toe, waar hy hom veral toegelê het op die studie van Afrikaans en Suid-Afrikaanse geskiedenis, waarin hy besonder baie belang gestel het. Ek meen dat hy in 'n tydelike hoedanigheid in die Franse departement aan die Universiteit behulpsaam gewees het. Intervarsity — het hy ons meegedeel — was die wonderlikste dag in sy studenteloopbaan. Die roset wat hy daardie dag aangehad het, het hy ook met trots bewaar en dit selfs saamgeneem na 'n interneringskamp!

Hy was maar net 'n paar maande op Stellenbosch toe die regering besluit het dat hulle almal ingesper moes word. Hulle sou kwansuis vir Vichy propaganda gemaak het. Bowendien was hulle semi-demi-semi vyandsorderdane. Die interneringshoof was nou sommer vir jou 'n wakker kêrel wanneer die veiligheid van die staat op die spel was!

Daar was 107 van hulle, in die twintig offisiere en byna sewentig onderoffisiere en gewone skeepslui. Onder die offisiere was daar drie met rang net onder die van admiraal, twee goewerneurs van kolonies, 'n volle kolonel, wat hul kampeier geword het, 'n kaptein in die Franse lugmag, en 'n paar junior leëroffisiere.

Hulle was seker nie drie weke in daardie smal en uifers ongerieflike kampie tussen ons en die Italianers nie toe ons drie rye huise, op die dwarste en aan die noordekant van ons kamp, vir hulle moes afstaan, natuurlik met 'n gangetjie tussen die onderskeie kampe (vgl. Plan C). Ons het toe weer daardie ry huise, aangrensende aan die Italianers, teruggekry — waaroor almal baie bly was. Die Italianers was toe aan ons westelike grens en die Franse aan die noordelike.

Ons het met hulle ook besonder goed oor die weg gekom. Die taalmoeilikhed was nie onoorbrugbaar nie, want baie van hulle het Engels verstaan, party, veral die twee uit Alsace, kon goed Duits praat en ook so 'n bietjie Vlaams, wat baie soos Afrikaans is.

Ons het hulle gereeld 'n Engelse vertaling van die nuus gegee. Dit het ons in Italiaans bereik, wat dan in ons kamp deur ons vertaalburo weer in Duits, Engels en Afrikaans oorgesit is. By die Franse het hierdie nuusdiens weer bekend gestaan as „l'oiseau" — die Frans vir „voël." Hieroor was hulle besonder bly. Die Italianers het geweet dat ons hulle dit gee, en het daarvan werk gemaak om ook van die Vichy-sender berigte op te vang. Daar het groot opgewondenheid onder hulle geheers toe hulle verneem het dat admiraal Darlan, wat hom in Algiers bevind het, met die Amerikaners geskakel het na hul landing by Casablanca en Algiers. Hulle het almal vir Darlan aanbid en na hom opgesien as die skepper van die Franse vloot, wat hy inderdaad ook was. Hierdie nuwe wending is ten volle deur die Kakies uitgebuit. Toe genl. Giraud ook nog deur Switzerland ontsnap en vir genl. De Gaulle in Noord-Afrika ontmoet, het ons gemeen dat hierdie Franse almal by die „Vrye" Franse magte sou aansluit. Slegs vyf het hulle egter weer vir aktiewe diens aangemeld. Die beroering het 'n paar dae geduur, en ons was baie bang dat van hulle die nuusbuletin aan die Kakies sou uitlewer — dan sou dit „koeler" en daarna Ramkamp vir 'n paar van ons beteken het. Hulle het ons egter nie in die steek gelaat nie. Die Kakies het natuurlik baie lankal geweet dat ons aan mekaar die nuus verskaf, maar om te kon optree moes hulle prima facie-getuienis gehad het — daardie „papiertjie" d.w.s. die „voëltjie" of „l'oiseau." Dit kon hulle nooit in die hande kry hie.

Insteede van 'n kampskool soos ons dit geken het, het hulle hul meer toegelê op gesellige aande waar een of ander persoon dan 'n lesing gehou het. Daar was ook faktore wat meer steurend op hulle ingewerk het as in ons geval—normaliter. en onder gunstige omstandighede, het dit maar moeilik gegaan om jou aandag ten volle by werk te bepaal wat konsentrasie vergewig het. In hulle geval moes bykomstige faktore soos die volgende hulle seker deeglik laat geld het: hulle was in 'n land wat hulle vyandiggesind was; hulle het geen konsulêre verteenwoordiging gehad by wie hulle om bystand of beskerming

kon aanklop nie; hulle het geen familiebetrekkinge of vriende in die land gehad nie; hulle toekoms was vir hulle duister: hul land was beset deur 'n vyand — van hul families het hulle in maande en, in party gevalle, jare nie 'n enkel woord gehoor nie. Dit was miskien nie die groot rede waarom hulle nie 'n kampskool gehad het soos ons dit geken het nie — die nodige belangstelling het miskien ontbreek by die matrose wat die oorgrote meerderheid van hul groep uitgemaak het.

Ons het hulle nie lank as bure gehad nie — daar in die omtrek van ses of sewe maande. Hulle is toe verwyder, eers weer na die binneland en toe na Frankryk teruggestuur.

Hulle gesindheid teenoor ons was alles wat 'n mens kon verlang. Waar hulle ons kon help, het hulle. Om 'n paar voorbeelde te noem: Die Kampkommandant het weer op 'n goeie dag kollektiewe straf op ons toegepas — die kampkantien is gesluit, en 'n maand lank moes ons weer rondval vir rookgoedjies. Die Italianers het gehelp waar hulle kon, maar om vierhonderd skoorsteentjies aan die gang te hou het heelwat pyle en twakkies vereis. Ek laat dit toe by Henri deurskemer in watter penarie ons verkeer. Hy was nie alleen die geakkrediteerde „konsul" by ons kampleiding nie maar was toevallig hulle kantienbestuurder. Ek vra hom toe namens ons kamp of hulle nie 'n bietjie rookgoedjies aan ons kon verkoop nie. Hulle was maar al te gretig om dit te doen — en wou onder geen omstandighede geld daarvoor hê nie.

Om dit na ons kamp deur te kry — daar het die knoop gelê, want daar was een Kakie gedurig op wag tussen ons kampe. Die gangetjie was maar kort — tussen 60 en 70 tree; dan was die gangetjie besonder smal, wat die Kakie digby ons kampe gebring het. Verder was daar nog 'n wag permanent in die waghuisie aan die bopunt van die gangetjie aan die oostelike grens van die kamp. Hy het altyd reg voor hom in die gangetjie af gekyk, en as daar 'n mossie oor die drade getrek het, dan sou hy dit moes gesien het. Oorgooi was dus feitlik 'n onmoontlike saak. Dr. V., wat self 'n kwaai roker was en wat deur die straf besonder kwaai getref is, het op die gedagte van 'n „duikboot" gekom.

Deur ons kamp het 'n watersloot geloop. Omdat hierdie sloot ons verbindingskanaal was met die Duitsers wat later in die Franse kamp intrek geneem het, en ook deur die duikboot bevaar is, moet ek vir die leser 'n helder prentjie van sy ligging en rigting skilder.

Dit het geloop van regoor ons eetskuur, wat ongeveer 70 tree van die Franse grens verwyder was. Dit het langs ons badkamers verby geloop, dan deur 'n vierduim-erdepypie onder die gangetjie tussen ons kampe deur, en daarvandaan weer 'n oop sloot deur die Frans kamp, by hulle badkamers verby, en aan die anderkant, d.w.s. aan die noordelike grens uit.

Die idee was dan dat as die krane in die badkamers oopgedraai word die stroom water sterk genoeg sou wees om so 'n „bootjie” in die sloot af te voer, deur die waterpyp onder die gangetjie deur, en dat dit dan anderkant, so 'n entjie weg van die drade om nie agterdog by die Kakies te verwek nie, weer voorgekeer kon word.

Die bootjie wat dr. V. toe gemaak het, was van pruimkonfytblikkies gemaak, nie omdat 'n pruimkonfytblikkie beter as 'n ander konfytblikkie was nie, maar omdat dit al konfytsoort is wat die Kakies ooit vir ons ingestuur het. Hy het die silindriese deel van die blikkie geneem, 'n repie daaruit gesny nadat die ronde plaatjies bo en onder verwyder is, en die orige stukkie plaatjie oopgespalk dat dit soos 'n geut lyk. Aan die twee oop kante, d.w.s. waar die ronde plaatjies oorspronklik was, het hy twee keëlvormige plaatjies gesweis. As sweismateriaal het hy leë skeerroombuissies of tandepastabuissies geneem. Daar is die bootjie — oop soos 'n sleepboot met twee keëlvormige punte sodat dit nie iewers kon vasdrywe nie.

Die res was eenvoudig. Die krane in die badkamers het jy net aan die loop gehou, die bootjie in die water gelaat, en jy het maar „uit loutere verveling” so oor die sloot gesit en met 'n stokkie of wat so in die watertjies gespeel — so het die Kakie gedink! Sodra hy oor die sloot stap, los jy die boot, waaraan daar 'n lang lyntjie geheg was. Teen die tyd dat die Kakie weer moet omdraai, is die bootjie al anderkant by Henri en sy adjudant. Hulle sit ook maar weer so en „speel” — gedurende hierdie hele operasie word daar glad nie na mekaar gekyk nie — en so speel-speel laai hulle die bootjie met twakkies en sigarette. Sodra die Kakie weer oor die sloot stap — nou in die teenoorgestelde rigting — gee Henri die teken deur sy sakdoek na sy neus te bring. Nou word die bootjie ingetrek. Teen die tyd dat die Kakie aan die bo-ent van die gangetjie draai, is die bootjie al afgelaai. Party dae het die ou bootjie sommer ver gereis. Jules Verne — soos party kêrels dr. V. toe genoem het — het van ons weer gelukkige mense gemaak. Die ou blou rokie het daardie eerste namiddag weer lustig gekronkel, en die Boere het weer nie min geskerts oor hoe hulle vir die Kampowerheid uitoorlê het nie.

Ons het nou wel nie vonkelwyn gehad om die ou bootjie mee te doop by die te water lating nie — party het gesê dat ons ouma Issie moes nooi om die ou sakie waar te neem — maar dit is in elk geval gedoop met Hermann se „schullerig,” wat gelyk het soos troebelwater, maar dit kon 'n mens nog af en toe skop!

Die Franse het hul gesindheid op ander maniere ook nog teenoor ons geopenbaar. Op 'n goeie dag roep Henri my na die draad, wag sy kans af en skiet vir my 'n vuurhoutjiedosie, goed toegebind, oor. Daarin was 'n vyfpondnoot wat hy aan die O.B. stuur. Genl. Nel was toe ons kampeleier, en ek het

dit dadelik aan hom oorhandig. Ons was almal baie diep getref deur hierdie pragtige gebaar. Nietemin het genl. Nel gevoel dat ons dit nie kon aanneem nie, daar Henri die geldjies miskien nog baie nodig mag kry. Wat genl. Nel wel gedoen het, was om die geld te hou en aan hom vyfpond in kampgeld terug te stuur. Met hierdie vyfpondnoot is drie kamerade, wat later ontsnap het, gehelp, want kampgeld het buitekant die drade tog geen uitruilwaarde gehad nie. Henri, aan die ander kant, kon die geld by hul eie kantien bestee — as alternatief kon hy dit weer in Unie-geld omsit by vrylating. Hy het ons egter 'n baie groot guns bewys. Hulle het later vir ons, toe hulle verneem dat hulle vrygelaat gaan word, aansienlike bedrae kampgeld in Unie-geld omgesit. By 'n ontsnapping was Unie-geld broodnodig.

As 'n laaste voorbeeld om hul gesindheid en hulpvaardigheid aan te toon, wil ek graag hierdie insident noem: 'n Goed beplande poging tot ontsnapping via die Franse kamp en wat die kortsluiting van al die ligdrade ingehou het, het in hulle kamp skipbreuk gely omdat daar nie presies vanuit ons kamp vasgestel kon word hoe lank die draad moes wees wat oor die ligdrade aan die buitekantste grens van hulle kamp gegooi moes word om 'n kortsluiting te veroorsaak nie. Ons kon hulle ook nie raadpleeg nie, want alleen met algehele geheimhouding, is dit bereken, het daar 'n kans bestaan dat die poging sou kon slaag. Wel, die draad wat toe die kortsluiting moes veroorsaak, was te kort, en daar het die kêrels toe gesit. Maar voordat hulle nog kon poog om die ligte daar uit te doof, het die Franse toe die Kakies begin skiet het, uit hul huise geborrel om te sien waaroor al die gedoente was. Daar tref hulle toe ons kamerade aan en besef toe dadelik dat hulle wou ontsnap. Onmiddellik haal hulle sigarette en geld uit hulle sakke en bied dit aan — hulle het hul ook alle sukses toegewens. Die volgende oggend toe die Kakies daar ondersoek gaan instel het, het die Franse dit ten sterkste ontken dat daar ooit Boere daardie nag in hul kamp was.

Hulle was besonder geïnteresseerd in ons Boeremusiek. Hulle het veral baie van „Jan Pierewiet” se musiek gehou. Omdat hulle nie musiekinstrumente in hulle kamp gehad het nie, het ons Boere-orkes dikwels so 'n entjie van die draad af vir hulle musiek verskaf — wat dan ook ten seerste geniet is. Hulle het ook nie veel leesstof gehad nie. Derhalwe is ons dikwels gevra om vir hulle lesings uit te werk, om sodoende hul aande te kan omkry. Die onderwerpe het hulle self aan die hand gegee soos: Paul Kruger, die Voortrekkers, dr. Hans van Rensburg, dr. D. F. Malan en genl. De Wet. Toe aan hulle meegedeel is hoeveel geïnterneerdes daar onder die Boere is wat van Franse herkoms is, was hulle baie opgewonde en kon hulle hul blydskap nie verberg nie.

Hulle was byna almal Rooms-Katolieke. Aan die gewel van een van die sinkhuisies het hulle 'n kruisie aangebring. Dit was hul kerkie. Elke Sondagoggend het 'n priester vir hulle 'n

diens kom hou. Die paar Protestante onder hulle — van wie Henri een was — het almal uit die omgewing van Bordeaux gekom. Katoliek of nie, hulle het almal altyd elke Sondag in hulle uniforms die diens bygewoon. Hulle wou nie daarheen gaan in die kampklere wat aan hulle uitgereik is nie.

Soos reeds genoem is, het hulle bloedweinig pos ontvang gedurende daardie tyd toe hulle in Koffiefontein was. Ons harte het vir hulle week geword daar om Kersfees 1942 toe die pakkies die kamp binnegestroom het. Daar het by hulle niks ingekom nie. 'n Klompie van die Boere het toe saamgestaan, elkeen het afgegee van wat hy van sy familie, vriende en Afrikanerorganisasies ontvang het; Ivor G., wat indertyd kok was, het twee van die 70 geslagte hoenders wat Afrikaners van buite vir ons vir Kersfees ingestuur het, afgestaan. Al hierdie hydraes het ons toe in pakkies opgemaak. Daardie nag het hulle gereën oor in die Franse kamp. Uit die talle briefies wat ons die volgende dag van hulle ontvang het, kon ons aflei hoeveel hulle hierdie gebaar weer van ons kant op prys gestel het.

Vroeg in die volgende jaar is hulle toe uit. Ons was baie jammer om hulle as bure te verloor maar ook bly om hulle ontwil dat hulle weer na hul vaderland kon terugkeer. Weer in hul netjiese uniforms is hulle die kamp uit.

Ons kon hulle slegs toewuif. Ons het ook 'n bietjie sleg gevoel . . . hulle was goeie bure.

C. Ons en die Duitsers

Nadat die Franse uit is, ek meen dit was hier in Februarie-maand, het die kamp weer so 'n week of twee leeg gestaan. Daar was natuurlik weer die kwota van riemtelegramme, en een se bron was beter as die ander een s'n.

Op 'n goeie dag het 'n klompie werksmense ingekom en daardie kamp in twee verdeel, met die gangetjie daartussen soos gewoonlik. Die westelike kampie se grensdrade is vorentoe geskuive om sodoende vir die inwoners wat daarin sou kom, 'n loopplekkie te gee (vgl. plan D). Kort daarna het ons nuwe bure toe gekom.

Dit was die Duitsers en die Kommuniste. Eersgenoemde het as bure gehad ons en die Kommuniste, en laasgenoemde het weer gemeenskaplike grense gehad met die Italianers, ons en dan die Duitsers natuurlik aan hul oostelike grens.

Hierdie twee groepe is van Jagersfontein daarheen oorgeplaas. As die Kakies nou nie ekonomie as so prettig beskou het nie, sou 'n mens geredelik kon aanneem dat daardie verskuiwing gemotiveer was deur 'n besparingskampaan, want die eenheidskoste te Jagersfontein moes aansienlik gewees het. Ons kon alleen dink dat die interneringshoofde dit so gelas het. Wat presies in hul koppe aangegaan het, daaraan het ons ons nie gesteur nie: ons was maar te bly om bure te hê. Die Italianers het dit natuurlik nie so gelukkig getref nie, want

hulle het daardie ander tipes (die Kommuniste) aan hulle grense gehad; ons het darem vir hulle 'n krans van stinkblare gestuur uit medelye met hul lot. Ons wou die Italianers ook maar terugbetaal, want toe ons „Suutjies” as kampwag geërf het, het hulle ons 'n soortgelyke krans gestuur. Ek sal nie hier veel oor hom uitwei nie, behalwe net te noem dat hy nou eintlik skeef geloop het van lojaliteit en dat dit 'n aardigheid was om te hoor watter vryhede hy hom aangematig het in Engels. Hy het nie daarvan gehou om Afrikaans te praat nie. Ons was derhalwe nie baie lief vir „Suutjies” nie — ons kon sy nek omdraai!

Daar was altesaam 116 Duitsers, en hul kampeier was ene Helmut Kux, 'n kort en stewig geboude kêrel met blonde hare. Hy was 'n Unie-onderdaan van Duitse herkoms en ook die eerste persoon met wie daar amptelik geskakel is. Genl. Nel het toe een namiddag net na parade of „appèl,” soos dit algemeen bekend gestaan het, met dr. K. na die draad gewikkel, waar hy hom aan Kux voorgestel het as sy erkende verteenwoordiger deur wie alle verbinding met die Boerekamp moet geskied. Kux het weer sy skakel, ene Hans Kimme, aan ons kampeier en aan dr. K. voorgestel. Daarna het dr. K., soos in die geval met die Italianers, ook diplomatieke **vrystelling** geniet ten aansien van Dienswageregulasies. Sy bewegings langs die drade is nie deur die Dienswagte gekontroleer nie; wat hy ontvang het of oorgesket het, was ook nie onderworpe aan hulle sensorskap nie. Daar is toe met die Duitsers tot 'n vergelyk gekom, soortgelyk as wat daar bestaan het met die Italianers, ten opsigte van uitruildienste. Kux is ook meegedeel dat ons aan hulle daaglik die nuusbuletins sou gee onderworpe aan dieselfde veiligheidsregulasies as wat daar in ons kamp hierteenoor bestaan het. Hoe dit oorgestuurd sou word, is aan dr. K. en Hans oorgelaat om te beplan.

Kux was 'n energieke man, en gou het daar toe 'n skool tot stand gekom; 'n swembad is gebou (die Kakies het die materiaal gegee en die Duitsers het self die werk gedoen); ook is daar 'n soort van 'n tennisbaan gemaak.

Na omtrent 'n jaar het Kux bedank as kampeier of „Lagerführer,” soos hy daar bekend gestaan het, en is opgevolg deur ene Bamhof, afkomstig uit Oos-Afrika, waar hy 'n klapperplantasie besit het. Met die uitbreek van die oorlog het Bamhof na Madagaskar ontvlug, waar hy later, toe daardie eiland deur geallieerde magte beset is, saam met die bemanning van die Duitse handelskip „Wachenfels” gevange geneem en na Suid-Afrika gebring is.

'n Nuwe kampleiding het nie 'n afwyking van die roetine ten gevolge gehad nie. Trouens, wat dit betref, het sake daar maar soos in enige ander kamp verloop. Die Kakies het deurgaans 'n uniformiteit van beheer in alle kampe gehandhaaf, en wat interne reglement aanbetref, het die kampeiers ook orals

gepoog om twee dinge te verseker: 'n goeie moreel en 'n gesonde kampdissipline. Opbeurende nuus en genoeg afleiding binne-in die kamp was dan ook altyd voorvereistes vir bogenoemde psigiese toestande onderskeidelik. Niks het laasgenoemde so in die hand gewerk as 'n kampskool nie. 'n Mens het baie keer gewonder hoe dit dan was dat die Kakies hierdie aksiomatiese stelling nie besef het nie. Dit sou hulle ure van kommer en sorg en ook baie geld bespaar het. Inderdaad was hul gedagtegang net so moeilik om te peil as die volgende daad van 'n vroumens!

In die kampskool, waarvan Hans Kimme die hoof was — hy was eerste ingenieur van die Wachenfels — is daar intensiewe ingenieurs- en seemanskursusse aangebied benewens nog 14 verskillende tale. Daar was altesaam sewe onderwysers. Die meeste van die tale is deur ene Wentzel behartig, terwyl H. Bähr, eertydse stadsingenieur van Klerksdorp, verantwoordelik was vir matesis en boekhou. Wat boeke en skryfbehoeftes aanbetref, het dit ook maar soms broekskeur gegaan; die Duitse Rooikruis het egter in baie van hul behoeftes voorsien.

Met die uitsondering van een of twee het daar geen nuwe geïnterneerdes die kamp binnegekom nie; niemand is ook ontslaan nie. Daar het wel eendag 'n nuweling die kamp binnegekom wat baie opgewondenheid veroorsaak het, ook in ons kamp. Hy was kaptein Von Richter, 'n mediese dokter wat by El Alemein gevange geneem is. Met ander krygsgevangenes is hy saam na Suid-Afrika gebring en naby Pietermaritzburg geïnterneer. In die kamphospitaal aldaar is hy toegelaat om te help met die versorging van die krygsgevangenes, maar ten gevolge van verskille met die kampowerhede is hy drie weke lank na die Duitse kamp te Koffiefontein gestuur alvorens hy verwyder is na 'n groot kamp vir krygsgevangenes in Kanada. Sy aankoms het so 'n bietjie van 'n opflikkering in die andersins vervelige lewe daar veroorsaak. Al om die ander aand het hy vir die kamplede 'n lesing gehou oor die rol van die Afrika-korps in die Noord-Afrikaanse veldtog. Opsommings van sy lesings is ook na ons gestuur, en ons het dit besonder interessant gevind.

Die skool was nie die enigste middel wat aangewend is ter bevordering van die kulturele peil van die ingesetenes nie. Hulle het ook 'n dramatiese vereniging gehad, wat dikwels toneelstukke opgevoer het; dan het hulle ook 'n koor gehad onder die leiding van pastor Rather, wat ook die dienste Sondae waargeneem het.

Wat omgang met ons bure betref, het die Kakies hulle altyd toegespits op die gangetjies tussen ons en die Italianers en tussen ons en die Duitsers, maar hulle het hulle nie veel gesteur aan die gedeeltes tussen ons en die Kommuniste en laasgenoemde en die Italianers nie. Daardie ideologie was vanself 'n natuurlike versperring tot gemeenskap. As gevolg van die wakkerheid van die Kakies moes daar soms met baie groot vernuf te werk

gegaan word om iets aan ons vriende oorkant die drade mee te deel of om met hulle 'n gesprekkie te kan voer. Twee sal byvoorbeeld duskant die drade met mekaar in Duits sit en gesels, ek sal hulle A en B noem, anderkant die drade sal twee Duitsers ook ewe hardop met mekaar sit en gesels, en ons noem hulle weer X en Y. Die Kakie sal tussen hierdie twee groepies staan, op sy geweer en leun, en sal totaal onbewus daarvan wees dat A met X gesels en dat B weer met Y gesels. Die Kakie dink maar net dat wat A vir X vertel vir B se ore bedoel was. Oënskynlik lyk dit ook of hierdie twee groepe heeltemal niks met mekaar te doen het nie, hulle kyk ook nie na mekaar nie, maar intussen sit hulle heerlik en gesels.

Wanneer dit egter kom tot die oorstuur van die nuusbuletin, is van 'n ander metode gebruik gemaak. Van dieselfde slootjie wat as kanaal gedien het waarop ons bootjie gevaar het om by die Franse te gaan tabak haal, is ook gebruik gemaak vir die oorstuur van die nuusdiens.

Die dun papiertjie waarop die nuus getik was, is eers eenkeer gevou en dan sorgvuldig gerol dat dit 'n bietjie langer en dikker is as 'n gewone sigaret. Dit is dan gerol in die deurskynende selstof waarin sekere sigaretdosies verpak word. 'n Proefneming is natuurlik eers gemaak in die sloot om vas te stel hoe lank dit in die water kan lê voordat die nattigheid tot die papier waarop die nuus getik is, deurdring, en dit het twaalf minute geduur. 'n Verdere proefneming is toe deurgevoer, t.w. hoe lank dit sou duur om so 'n kapsule in die sloot langs te laat drywe tot so 'n entjie in die Duitse kamp. Met twee krane in die badkamers vol oopgedraai het dit vanaf 'n sekere plekkie in ons kamp net mooi twee minute geduur tot waar Hans oor die slootjie sit en pyp rook het; met drie of meer krane oop kon die kapsule die afstand in 'n korter tyd aflê. Die reëling was dus dat Hans, terwyl hy op parade staan — hulle het altyd aangetree net onmiddellik nadat ons verdaag is — vir dr. K. sou dophou. Dr. K. het gereeld na aantree in die oggend om die kamp gestap in geselskap van sy plaasvervanger, Vossie, en moes so 'n entjie van die paradegronde van die Duitsers verbystap. As dr. K. wou hê dat Hans die namiddag om drie-uur by die sloot moes wees, het hy so speel-speel 'n klippie driekeer in die lug gegooi en dit dan weer gevang; as dit vieruur sou wees dan is die klippie maar net weer vier keer in die lug gegooi. As Hans dan sy sakdoek na sy neus toe bring, het dit beteken dat hy die boodskap verstaan het. Terwyl dr. K. dan die namiddag om drie-uur oor die slootjie stap, laat hy dit net daarin val, want Vossie het dan alreeds tevore die krane oopgedraai. Intussen sit Kalie S., wat die huis naaste aan daardie oorgangetjie bewoon het, met 'n maat langs die huis ou Akkie se Duitse lesse en leer. Met die een oog hou hy die slootjie dop, en as dit gebeur dat die kapsule deur die waterstroom teen die erdepyp se ingang vasgedruk word, en dat dit dan nie onder die

gangetjie waarlangs die Kakie loop, kan deurgaans nie, dan neem Kalie net sy huisemmer, was dit uit en gooi dan die „vuilwater-tjies” in die sloot uit om die ou nuusberiggie deur die pyp te help.

Hierdie metode was besonder veilig. Behalwe genl. Nel, ons kampeier, en die paar „medepligtiges,” het niemand in ons kamp of in die van die Duitsers ooit geweet op watter manier die nuus hulle bereik het nie.

Ons het baie goed met hulle klaargekom, want ons het mekaar vertrou. Wanneer ons van buite pakkies ontvang, vind daar altyd so ’n bietjie lekkers en koekies hul weg oor die drade na ons vriende die Duitsers. Hulle op hulle heurt deel weer mee van wat hulle deur die Duitse Rooikruis ontvang. Hierdie samewerking het nie net altyd om nuusberigte, pakkies en dies meer gegaan nie: daar was soms ook meer gewigtige sake op die spel. Eenkeer het ons kampeier deur kontra-spioenasie kon vasstel dat een van hul „geïnterneertes” ’n lokvink van Smuts was — die Duitsers is onmiddellik daarvan in kennis gestel. Hulle het toe aan die kampowerheid ’n ultimatum gerig: indien hy nie daardie veragtelike skepsel onmiddellik uit hul kamp verwyder nie, sou hulle hom oor die draad smyt. Hy is verwyder!

D. Ons en die Kommuniste

Hierdie subhoof is eintlik verkeerd; die „en” pas nie in hierdie besondere sin nie, die „en” moes eerder vervang word deur „teenoor”; want soos die Jode en Samaritane onderling, het ons ook nie met hulle gemeenskap gehou nie.

Ons het geen keuse gehad nie: Hulle is as bare eenvoudig deur die Kakies op ons gedwing. Ons het met hulle hoegenaamd geen verbinding gehad nie, nooit iets oorgegooi na hulle kant toe nie, behalwe daardie Sondagmiddag toe ’n paar van ons kamerade ter ondersteuning van Manca, die klein Italianertjie, klippe in hul rigting oorgeslinger het.

Wat ons van hulle te wete gekom het, het ons van Albertus K. verneem. Bertus was saam met drie ander Boere uit die Springbokvlakte aangekeer, en om te voorkom dat hulle met hul maats wat verder noord in hegtenis geneem is vir internering, sou skakel, is hierdie vier kêrels enige maande lank in Jagersfontein saam met die Kommuniste ingesper. Toe die twee groepe Koffiefontein toe gebring is nadat die Franse die kamp ontruim het, is Bertus en sy drie maats na ons kamp gebring, en dit eers nadat genl. Nel herhaaldelik en in sterk taal by die interneringshoof hierop aangedring het.

Wat ons dus van hulle geweet het, is net wat Bertus en sy vriende kon meedeel en wat ons op ’n afstand kon waarneem.

Baie min mense het geweet — en ek twyfel sterk daaraan of enige van die „Friends of the Soviet Union” geweet het — dat 67 van hulle vriende by Koffiefontein geïnterneer was! Daar was onder hulle Duitsers, Engelse, Swede, Russe, Pole,

Suid-Slawiërs, Portugese en die joos weet wat nog. Daar was selfs 'n paar Unie-burgers onder hulle, wat van die natuurlike bevolking teen die Smuts-bewind opgehits het. As dit dus gemeld word dat daar in daardie kamp 14 tale gebesig is, dan kan die leser 'n denkbild vorm hoe moeilik dit vir hulle sou gewees het om 'n toring van Babel te gebou het!

Ons het natuurlik met veragting op hulle neergesien, nie juis omdat hulle daardie ideologie ondersteun het nie — want die opregte sienswyse van enige persoon moet gerespekteer word — maar omdat hulle in hul gedrag niks meer verdien het nie. Hulle kon hulle nie eers in hul kamp teenoor die Kakies waardig gedra nie.

Klopjagte is gewoonlik op al vier die kampe gelyktydig uitgevoer; die Duitsers, die Italianers en ons het ons by sulke geleenthede heeltemal afsydig gedra en terselfdertyd met 'n kille vyandigheid wat geen Kakie kon help om aan te voel nie. Die Kommuniste, daarenteen, het die Kakies, wat ook hul veragting nie kon verberg nie, tegemoet geloop met pakkies lekkers en sigarette, wat altyd van die hand gewys is. Dit het hulle egter nie afgeskrik om by verdere klopjagte sulke aanbiedinge te herhaal nie.

As ons vir die Kommuniste moeilikheid op die hals kon haal, het ons ook nie geaarsel nie. Daar was byvoorbeeld die keer toe 'n lid van ons kampleiding deur die Kakies genader is met die oog daarop om vas te stel waar die radio wel versteek was. Hy het toe aan die Kakies gesê dat as hulle nou wil weet, sal hy dan vir hulle sê: die Kommuniste gee ons die nuus. Kort daarna is 'n klopjag op die Kommuniste alleen uitgevoer. Ons het maar vermoed dat die Kakies na die radio gesoek het.

Hulle was regtig 'n aaklige klomp — selfs die Kakies was nie te gediend met die idee om tussen hulle te gaan kampwag speel nie, en dit sê baie.

J. J. Gerber.

EK ONTSNAP

AS mens deesdae met die nuwe, breë teerpad vanaf Pretoria na Linden toe ry, ry jy by Leeukop verby. Daar is nou 'n hoë boogingang aangebring met 'n kleurryke wapen in die middel vas—die ingang na 'n moderne arbeidskolonie. Baie min weet dit meer, in hierdie tyd waarin mens so gou vergeet, dat dit skaars 'n tien, twaalf jaar gelede was dat hierdie doringdraad Afrikaanse krygsgevangenes gehuisves het. Teen die bultskuinste, regoor die kenmerkende Leeukop, het die kamp gelê: 'n vierkantige blok van selsale, administratiewe geboue, hospitaal en stoomketelkombuis, en noord van die betongeboue met hulle hoë vensters was daar die wandelkamp — dit is nou afgebreek — met laere doringdraadheinings met die wagtorings op die

hoeke! Dit is die kamp wat in alleryl ontruim is deur sy eertydse bewoners. En hierdie bewoners was kafferbandiete en leegleërs wat moes leer om te werk.

En toe ek nou die dag daar was om my geheue te verfris—sê maar so—asof hy verfrissing nodig gehad het, was daar min oor van wat daar deur die gevangenes gedoen en gearbei is: die talle monumentjies, die klein blom- en groentetuintjies, die rotstuine en die uitgelegde kronkelpaaie. En die uitgetrapte paadjies wat al teen die draad getwee- en -drieling het, was toegegroeide slootjies — al teen die draad, sê ek!

Daar was saam met ons Duitsers, Italianers, maar ek dink die paadjies langs die draad was merendeels die Boere s'n. Hoe langer mens daar was, hoe nader aan die draad en hoe meer loop jy die paadjies — soggens as die buitekamp oopgaan, op die hitte van die middag en smiddae weer voor die aantreeklok lui. Die paadjies langs die draad is die naaste aan die vryheid, dis die naaste aan die bulte van ons land wat jy kan sien en nie by kan kom nie. Jou gees verplaas jy na baie plekke op die rante en klippe buitekant die draad: jy wil die uitsig omruil, jy wil van buite in die kamp inkyk — al wat hierdie begeerde ruilhandeling verbied, is die doringdraadruite en die lustelose wagte wat buite heen en weer stap!

Later wens jy nie meer nie, jy hoop nie meer nie, maar om uit te kom, om te kan loop na die plekke wat jy met jou oë sien, word begeerte, onbedwingbare begeerte, wat alle vrees op die agtergrond skuiwe. Jy dink net een ding, en as die pos die tweemaal in die week gekom het met briewe van susters en broers en familie en van 'n witkrulkopdogter, briewe waarvan die helfte weggesny is, dan word die paadjies langs die draad die veiligheidsklep wat jou bewaar van onbesonne dade.

En met hierdie al-langs-die-draadstappery het die planne begin posvat. Eers grootse en dappere ontsnappingsplanne wat in jou gedagtes afspeel: komkommerkoel kruip jy op die hitte van die middag die draad van die wandelkamp deur en stap houtpop-houtpop van die kamp af weg asof jy in die nabye mielieland na die ploëry wil gaan kyk of asof jy érens na 'n verlore skaap gaan soek! Jy dink ook aan planne van georganiseerde verset binne-in die kamp, met 'n kordon van vasberade Boere en Duitsers wat die boonste hoek van die kamp storm, drade knip en onder die bombardement van enkele skote die bulte kies waar lorries van mede-Boere wag! Watter plan, selfs die dwaasste, het nie moontlik gelyk vir jou verlange — en vryheidverdwaasde verstand nie!

En tog hou jy maar uit! Soos bedeesde en oorblufte trekosse tree jy maar smôrens en saans aan vir die telling en staan daar soos willoses in wie se harte daar geen greintjie van verset roer nie!

Maar elke oggend se opstaan is vir jou 'n ontnugtering: dit is maar nog die hoë betonmure en venstertjies wat om jou hang.

Snags was jy op baie plekke waar die vryheid was — bedags een onbedwingbare begeerte na die plekke waar die vryheid is!

En so gaan die dae om. Die eerste dae van die kamplewe staan by jou in die lig van opgewonde avontuur en in die opspraak wat by die gevangeneming deur Afrikaanse koerante en deur naasbestaandes en vriende gemaak is! Jy voel soos 'n besonderse held wat uit hierdie gevangenis sal uitkom as 'n gemaakte Boereleier.

Die doellose rondgeselsery en opswepery van die eerste dae maak plek vir 'n begeerte om iets te maak as 'n aandenking van jou krygsgevangenskap! Hier word jy oorspronklik, en die eerste dinge wat voortkom, is alles vanaf oorbelle en borsspelde tot by sout- en soplepels, en dan slaan jy oor na bruikbaarere dinge, soos juwelekissies, skinkborde en wat dies meer sy! Jou selfgegewe heldestatus begin so stadigaan afskawe by die wete dat jy maar nog so 'n mens is soos almal hier saam en almal daarbuite — met uitsondering van die drade — 'n gewone boer wat 'n gewone man is en sal bly ook in die maatskappy wat voorlê!

En as die houtjies en ander arbeidsmateriaal begin skaars word, word die nuus wat op die gevegsfront aangaan, baie belangrik — nie soseer en eerstens terwille van die Duitsers wat gaan wen nie, maar om die vryheid van jou volk wat daardeur moontlik kan word, en ook om jou eie vryheid (lg. erkenning erken mens eers teenoor jouself baie later). Die vryheid van 'n Afrikaanse republiek is aanvanklik die onderwerp van elke hooglopende gesprek; en in die parades wat gehou word, klink die geroep omhoog: Lank lewe ons President! (en my vryheid — fluister jou binneste).

En die eerste ding wat ons in die kamp gehoor het toe ons daar aanland, was die verhaal van die ontsnapping van Paschee — 'n Duitser! En die eerste onwillekeurige gedagte wat by jou opkom, is: Hoe kan die man so iets doen — so sy lewe in sy hand neem! Weinig wis jy dat dit kwalik 'n maand sou duur of dit word al wat in jou gedagtes lewe: Ontsnapping, agter hierdie doringdraadruite uit!

Paschee is weg! Hy en 'n maat het tussen die wagte deur, kort na middernag, die draad geknip, dink ek, en uitgespring! 'n Wag het hulle agtergekom en met die knuppel gegooi! 'n Geluiskoot, en die maat van Paschee is platgegooi, maar hyself het weggekom! Hier en daar het mens later weer van hom gehoor, maar ek wil dit nie hier noem nie, want ek weet werklikwaar nie of dit al vir hom veilig is nie! Ja, Paschee se ontsnapping was vir die groenes in die kamp so 'n bietjie oorbodig, gesog, misplaas! Hoe kan mens so 'n interessante avontuur breek deur hier weg te vlug! Hier sou jy kan studeer, boekskrywe, werk, die tyd nuttig laat verbysnel!

Maar toe 'n rooikop-Duitser, Andriesen, 'n bietjie later ontsnap, lyk die saak vir mens nie meer so belanglik nie. As

ek wou eerlik wees by hierdie ontsnapping, sou ek toe reeds erken het: Ek wens dit was ek! Veral as ek dink hoe maklik hy weggekom het!

Soos ons gesê het — daar was die wandelkamp en die slaapkamp! Die wandelkamp was net oop en beskikbaar tussen 8 vm. en 5 nm. Voor en na daardie tyd word ons getel om te kontroleer of almal nog tuis en veilig is! In die wandelkamp was daar gate en tuine en baster-randjies! En met sy ontsnapping was dit nog die bewaarders wat ons opgepas het! En in die kamp was toe nog bier toegelaat — Stag! Andriesen het 'n halwe bottel Stag gedrink en 'n hele paar leë bottels met hom saamgeneem na 'n gat in die wandelkamp! Dit was kort voor aantreetyd die middag. Sy hare het hy omgekrap, die halfbottel langs hom, die leë bottels om hom! Katswink gesuip, sou mens sê — maar so nugter soos tien windhonde!

Mis hulle hom met die telling in die kamp en hulle soek die wandelkamp deur, kry hulle hom smoordronk in die gat! Merk hulle nie sy afwesigheid nie — en dit was moontlik as mens net oulik met die telling te werk gaan — dan kon hy, as dit donker word, maklik onder die drade van die wandelkamp deur — daar staan geen wagte snags nie! Fritz Buto en sy makkers het in die kamp die telling reggehou, en die Andriesen is dronk-nugter weg, weg tot vandag toe!

En hierdie daad van Andriesen het nie op mens se vel bly sit nie. Altyd het die begeerte om weg te kom meer en meer bewus posgevat! Dit was nie soseer om die betaling van sjieling per dag nie of om die swak, stoomgekookte etes nie maar terwille van die vryheid self! Of miskien praat ek te ligtelik van die stoomgekookte etes, wat inderwaarheid sop-etes was! Alles was bleek, sopperig opgekook in die groot stoomketels, en dit was smôrens sopperige pap, smiddae sopperige kool, sopperige aartappels en sopperige vleis — bleek, maer, doodgaar vleis! En hierdie sopperigheid het in jou keel gaan sit. Na die voorbeeld van die Duitsers het ons ook altyd so half spottend by die aansitte aan tafel mekaar toegewens „Mahlzeit.” Ons toe nog gesonde humor het egter „Mahlzeit” verander in „Suppenzeit”; en dit het ons groet gebly tot ek daar weg is!

Maar die spanning na die vryheid het bly oplaai! Daar was noodwendig dinge wat so nou en dan bietjie water uit hierdie spanningstenk uitgetap het, ander dinge weer wat soms in een stoot amper die tenk laat oorloop het! Die moeilikheid was egter dat die onderste kraan te klein was — een of ander tyd moes hy oorloop! Maar in alle geval was ek dankbaar vir die onderste kraan! Daar was die onmoontlike Muller en oom Teuwie, die skrikkerige. Mens sien nou nog hoedat Muller in die warm son rondloop terwyl daar op elkeen van sy kaal skouers 'n makgemaakte skurwe geitjie sit wat hy aanhoudend met dooie vlieë voer! En vir hulle was oom Teuwie meer as skrikkerig! As mens 'n gil hoor wat enige vroumens se gil se

moses is, moet jy weet Muller was nou naby oom Teuwie. Let op — ek sê was! En so het Muller in generaal Botha se bed rysmiere gegooi — nie 'n paar nie, 'n hele vrugtebottel vol. En toe hy inkruip, het hy party dood- en paggelê, ander het gebyt, en die generaal se bed het meer na 'n plek aan die Afrika-front gelyk as na 'n slaapplek! Dan was daar nog 'n bekende uit Natal se wêreld — hy sal my ook nie kwalik neem as ek dié ou grappie hier noem nie! Hy was ook nie meer so doodjonk nie, en soos dit met die ouderdom gaan, bring dit kwale. En daar in die koue, hoë betonkamers het die koue ook sy blaasmoeilikheid bevorder, sodat die generaal snags in die bittere koue moes opstaan en 'n goeie honderd tree stap om verligting te ondervind. 'n Boer maak 'n plan — 'n bierbottel en 'n tregtertjie was die oplossing, en dan hoef jy glad nie eers van die bed af te klim nie! En toe het een of ander — ek sal sy naam liever nie noem nie — een aand die tregtertjie se tuitjie toegestop! Hoef ek verder te vertel! In alle geval, baie het die nag gedink dat in ons kamer brand uitgebreek het! Dit was erger as brand — die duiwel was los!

Dit, wil ek sê, was 'n paar van die tapslae uit die onderste kraan wat die tenk so gehou het dat hy nie oorloop nie! Vryheid het nou nie net meer 'n nasionale orakel-spraak geword nie — met nog groter werklikheid het dit geleef in die meeste van die boere om persoonlike redes! Hierdie drade — mens sou hulle wou aanpak met jou blote hande, gate daardeur wou skeur en met breë bors en met volle trots daardeur stap! Dit sou eintlik die enigste eerbare manier gewees het: oop voor hulle oë uitstap, onder hulle geweerbekke uit! Jy sou, as dit enigszins moontlik was, nie die vernederende deur-die-draad-kruip wou gebruik nie. Deur die draad kruip in jou eie land! Vryheid steel waar vryheid jou reg is; en die Boer bedel nie sy reg nie. Dit was jou trots!

Maar die heerlike doel van persoonlike vryheid — dit heilig hierdie vernedering! Jy wil uit, kort en klaar! Net buite wees! Hoe maak nie saak nie!

En een Sondagmiddag — net een van jou familie mag jou op dié dag besoek — het ek 'n bietjie water by die onderste kraan getap en weinig geweet ek gooi bo baie meer in! Na die halfuurbesoek van een suster het sy die groot swaaihek uitgestap, en ek het gewag vir lemoene wat van onder moes opkom. Daar, 90, 100 tree ver het my ander, oudste suster gewag! Ons kon nie groet nie, nie mekaar hoor nie, net waai! En op daardie oomblik het dit die ontsettende drang in my geword om die pad buite die kamp na haar toe af te hardloop! My hele liggaam het gebeef van spanning! Ek wil 100 tree ver in die vryheid in hardloop — al skiet hulle, al vloek hulle — ek wil vryheid toe en na my suster toe! Ek dink nie meer nie — terwyl ek wag word ek enkel daad! Die sakkie lemoene wat die bandiet bring, moet deur die hek kom. Ek wag by die hek! Die hek gaan oop,

en ek vat na die lemoene deur die opening en my vat, stamp en hardloop word een beweging — die pad af in die vryheid en na my suster toe! Agter my vloek en skreeu dit, en een majoor praat selfs van skiet! By my suster en in haar arms met 'n paar haastige groetsoene en -woorde, toe 'n majoor my aan die skouer ruk. Wat my vuus met die omdraaislag teruggehou het, weet ek nie! Ek dink dit was An. Hy't van my oë af weggekyk grond toe soos 'n bang hond! Ek het An gegroet en saam met hom teruggestap kamp toe!

Ek was in die vryheid! Ek het gedag ek sou beter voel — ek het nie. Nou vir niks anders plek as net vir die vryheid nie. Die hande-arbeid en die liggaamsoefening word 'n lastige, neulerige tydverdryf!

Ek moet weg! Ek wil die drade nie meer sien nie. Tog stap Rosslee en ek soos werktuiglike poppe die paadjies langs die draad dieper. So baie keer stap ons dat dit vir die majoor opvallend moes wees! En deur die gewone kanale het ons later gehoor van sy waarskuwende woorde: „The next two to escape—Rosslee and Pasch!” Sy voorspelling was nie heeltemal juis nie! Nie is nooit weg nie — hy het vrou en kinders en verantwoordelikheid en die hoop dat hulle hom miskien loslaat! Ek het geen vrou of kinders of verantwoordelikheid nie. Die vryheid was my verantwoordelikheid. Maar voor my sou nog eers twee ander wegkom! Ek sou probeer maar nie slaag nie!

'n Bewaarder—hy was goed vir ons—het die voorradevragmotor bestuur, die groot oop hekke van die kamp deurgery, sy goed afgelaai en weer weggerig deur die oop hekke! Maar die middag het hy laat ingekom, en terwyl hulle aflaa, is hy weg in die sterk skemerte! Die plan het soos blits gekom. Nie en Muller en ek het dit inderhaas bespreek, en toe die wag 'n oomblik agter 'n gebou instap, is ek met lang kakiejas en flits en knuppel tussen die breë bokbalke in, agter die noodwiel!

Dit was 7-uur en winter!

Ek het gewag dat die bewaarder moet kom en my uitkarwei buitentoe!

Hy het nie gekom nie!

Die ure was lank en die lêplek baie moeilik!

Muller het so elke halfuur verbygeloop en die tyd vir my uitgesing.

Halfnege, tienuur, halfelf!

Toe is hy weg! Die ligte is dood!

Die bewaarder kom nie!

My bene tot by my heupe verkleum en aan die slaap! Ek het probeer lewe invrywe in my bene en in my hoop dat hy nog sou kom! Elfuur se kant het dit stil geword in die kamp!

Daarmee het my hooggevlamde hoop van die vroeë aand verdwyn!

En toe die wag se treë ver klink, is ek styf en mank uit en terug kamer toe. Rosslee het my verwytdat ek so lank

gewag het! Hulle sal die vragmotor nie meer wegneem nie. En terwyl ons praat, dreun die vragmotor verby hekke toe! Muller by die deur uit en skelm agterna! Ek het stom gaan sit. Toe het Muller gesien hoe hulle die hele vragmotor met bajonette deursoek en waar ek gelê het, baie steke ingesteeek!

Ek was gelukkig nie daar nie!

Hier was êrens verraad gepleeg — iemand wat betaal is en ons drie, Nic en Muller en my, dopgehou het van lankal af. Dit was nie die bewaarder wat die vragmotor kom haal het nie. So is ek toe nie weg nie en het in die gebeure 'n bietjie rustigheid gevind dat dit seker nog nie tyd was nie!

Die volgende môre het ons berigte gehoor dat die P.U.K. deur soldate aangeval is. Verbittering in die kamp en woorde van grootdoenerige wraakbegeertes wat nooit waar kon word nie!

Toe het ons gehoor Ackermann moet uit! Hy's buite nodig! Die planne het stadig gegroei. Ackermann het siek geword, en in sy donker kamertjie in die ou strafafdeling van die arbeidskolonie het hy in die halfdonkerte gelê. Daar is hy soggens en saans getel. Soms was hy aan die slaap as daar getel word — tog is hy getel! En een middag het ons hom bo in die wandelkamp begrawe—met 'n lugpypie in die mond! Hulle het hom dié aand en die volgende oggend raakgetel — maar toe was Ackermann baie weg! Die volgende aand het hulle agtergekom hulle het 'n pop getel! Dit was, vir ons altans, 'n aangename ontugtering!

Toe moes Rooseboom uit! Die dae vooraf het hy en Nic en ek gaan bad, daar om en by aantreetyd. Onder elke stortbad één man as hulle die deur oopmaak! Amper 'n week het dit so aangehou — elke aand! Die saak is dat die telling moet klop!

Weer het ons vir Rooseboom die middag laat gaan begrawe —die pypie in sy mond — en sy koffertjie langs hom. Ons het gaan bad en onder die derde stortbad het een van die kamppersoneel gaan staan, maar Boerseun deur en deur. Sy postuur so klein soos dié van Rooseboom en met sy kop en gesig vol seep toe die tellers inkom. Dit kon net Rooseboom wees wat daar bad! Dié aand het Rooseboom by 'n ander lid van die kamppersoneel gebad en geëet en toe is hy vort!

Bravo vir die dapper vriende!

Hierna was die les van die vragmotor vergete. Een enkele begeerte het in my gebrand — weg, weg van hierdie spanning en ingeperktheid! Die vrees wat hom rukke van my meester gemaak het, het nou begin maats maak met 'n roekeloosheid wat ek nie kon afskud nie. En soos ek het Kruger ook gevoel, Kruger wat vir 'n bomaanslag op Bloemfontein geïnterneer is. Niks kon meer vir ons erger wees as hierdie sielloose dae wat nie wil verbygaan nie!

En toe kom die tyding wat die finale breuk sou gee. Ons het almal geappelleer teen ons inhegtenisname. En die uitslag — wat my betref, wou hulle nie kopgee nie. Ek moes bly!

Ek sou nie bly nie!

Vir niks ter wêreld nie!

Deur Nic is buitentoe georganiseer. Dinsdagaand, 24 September, sou die O.B. vir Kruger en vir my by Jukskeibrug oplaai!

Daardie dag moes ons uit!

Bars of buig!

Die Sondag het ek dit vir my suster gesê!

Dinsdag sou ek uitkom! Sy't mooigeprepraat en geraas, sy was bang! Ek ook! Maar dit moes!

Kruger en ek sou op dieselfde dag uitkom! Kruger was bang vir 'n lang vonnis as sy saak verhoor word — dat hy moes wegkom, was noodsaaklik. Myne nie minder noodsaaklik nie, maar tog!

En toe ons uit is, was al die gate en wegkruipplekke al ontdek in die wandelkamp — op een na: 'n onderaardse kelder met lug vir een persoon vir vier uur! Vir twee persone twee uur, en dan was dit nog nie behoorlik donker as mens gedwing word om uit te gaan nie! En Kruger moes uit! Hy sou van die gat gebruik maak! Ek sou 'n ander plan probeer maak!

Dinsdag het aangebreek met 'n byna onhoubare spanning!

Van vroeg af het ons die wagte se geneetheid getoets. Nêrens was daar kans nie. Dit het middag geword, en die reëns het vaal uitgesak! Waar die bome die naaste aan die wandelkamp was, het ek soos 'n buffelsbul op- en afgestap. Hier moes ek êrens deur! Anderkant die draad was die vryheid en twee wagte! Een van hulle, Briedenhann, ook Atta-Turk genoem, is later ook geïnterneer. Vir Briedenhann het ek gesê ek gaan hier deurkruip!

Die reën het vaal geval! Die wagte het van mekaar af weggestap! Sou hulle moed of myne ons begewe!

Ek het skielik gesak — die draad met my elmboog gelig en my lyf deurgeskuur. Die twee Boerseuns het nie omgekyk of geskiet nie! Nogmaals bravo vir hierdie manne en ons ander vriende! Ek was binne 'n oomblik weg in die ruie bos!

My groen Voortrekkerhoed aan die linkerkant opgeslaan en my militêre jas (dit was diefstal of liewer buitery) hoog teen die ore opgeslaan het ek gestap tot teen die onderkant van die bloekomplantasie!

Honderd tree die vryheid in!

Toe skielik voor my 'n kafferbandiet — reg op my af! Vandag glo ek en weet ek — die Here het hom met blindheid geslaan. Hy het my nie gesien nie!

Die lengte van die plantasie in tot in die ruigte van die Jukskeirivier. Daar het ek gewag.

Gewag vir die donker en die volle vryheid!

Of sou „volle vryheid” na ironie klink!

Dit reent nog steeds! Ek hoor die klok vir die telling lui!

Na 'n kwartier weer en toe weer en weer! Ek weet hulle

mis my of Kruger of albei! Gaan hulle die omgewing fynkam?
Hulle het nie! Nooit gedink 'n man sal teen die kamp wegkruip
nie!

En toe dit donker word, is ek in my spore terug en toe
swenk ek regs die bult in na die boom van afspraak. Hier sou
Kruger en ek mekaar kry!

In die reën het ek gewag -- dit word nege-uur en halftien.
Kruger kom nie!

'n Stikdonker nag!

Halfelf moet ons die kar by Jukskeibrug kry!

Tienuur het ek vermoed dat Kruger verdwaaal het! Of ek
ooit by die brug sou uitgekom het dié nag, weet ek nie!

Ek het teruggedraai kamp toe! Die helder skynwerpers het
dowwe kolletjies vertoon deur die reën!

Bo, regsom die wandelkamp het ek gevoel-stap!

Tot by 'n vriend se huis!

Versigtig, sluipend nader en aangeklop!

Hy het my dadelik herken in die agterdeur en my binne
gewink!

Dit was die heerlikste koppie koffie wat ek nog in my
lewe gedrink het. Vir hierdie vriendskap haal ek my hoed af!

'n Ander vriend was ook in die huis! Ook hy herken my!

Hulle wou eers droë klere gee, maar ek wou nie!

Garage toe onder dekking van die reën!

In die hoë bagasiebak van die motorkar toegemaak!

Hulle het my by vriende in Pretoria afgelaai!

Heerlike rustigheid! Die heerlike huislikheid om jou en
die vriendelikheid van goeie vriende! Later toe die nat klere
uit was, het ons gesels voor die hitte van 'n vuur -- die vryheid
in sy gasvryste openbaringsvorm!

Die volgende dag 'n ou bladsak van die heer van die huis en
'n skeermes wat sy vrou my gegee het. My volbaard afgeskeer!

Ek het amper die vreemde man in die spieël gegroet!

'n Heerlike dag van rus na die spanning!

En dié aand met twee karre weg Warmbad toe, Buys-se-kop
toe! Die kar voor sou 'n teken gee as hulle voorgekeer word!

Ons is nie voorgekeer nie!

Op Buys-se-kop het ons oom P. verras!

Hy was bly en saam met ons dankbaar!

My weldoeners is terug!

Ek het gaan rus met twee stywe glase karringmelk agter
my blad!

So het die drosterjare begin!

Spanning en verveling het mekaar deur die eerste jaar van
swerwerskap afgewissel, en toe ek aan die einde van dié jaar by
oom S. en J. en F. was, het ek 'n skuilnaam aangeneem en
onder die vaandel Johan Cilliers aansoek gedoen om 'n voorman-
skap naby Stellenbosch.

Die aansoek het geslaag!

'n Jaar lank tussen die wingerde van die Boland!
 Hoe goed was my baas en gesin nie vir my nie!
 En toe Suidwes toe!
 En daar twee jaar lank waarin daar 'n sterk liefde gegroei
 het vir die boswêreld en kalkrante van Suidwes!
 En die mense daar!
 Weldoeners en vriende!
 En gisteraand lees ek met eenaardige belewning die beriggie
 in 'n Engelse blad van 1940:
NO TRACE OF EIGHT MISSING INTERNEES.
 Daaronder onder andere:
 Gerhardus Bartholomeus Pasch. 24 Years, 6 ft. 2 in., well
 built, blue eyes, Roman nose (mis), fair hair, sunburned
 complexion, medium moustache, had beard when escaped!
 Vang nou 'n man hierop!
 Gelukkig het die man wat my beskryf het, my nie te goed
 geken nie!
 Ek wonder of dit die majoor van voorheen was!

G. B. S. Pasch.

ONTSNAPPINGS UIT KAMPE

ELKE ontsnapping is iets nuuts en oorspronkliks. Dit toon die leemtes en gebreke in die verdediging van die kampowerheid; na elke ontsnapping is nuwe maatreëls getref om 'n herhaling te voorkom. Uit ongeveer 16 ontsnappings van tyd tot tyd verrig deur ongeveer 30 manne is daar miskien twee of drie wat op dieselfde wyse geskied het en dan ook nie vanuit dieselfde kamp nie. Gevolg van ontsnappings was dus die toevoeging van dwarsdrade, valdrade, rolle en kartels bo-op en tussen die dubbelheinings, dubbelhekke, masjiengeweerneeste, ens. Maar nieteenstaande hierdie groeiende magdom versperrings het onverskrokke jongmanne steeds deurglipplekke gevind op wyse en plekke waar dit onmoontlik geag is of waar dit glad nie verwag is nie.

Om dan 'n relaas oor hierdie onderwerp te skryf wat getrou die besondere wyse van ontsnapping moet weergee, sou meebring dat elke geval afsonderlik behandel moet word. Dis ondoenlik, en derhalwe behandel ons slegs 'n paar besonder geslaagde ontsnappings, al sou ons, hoe graag ook ander ontsnappings asook mislukte pogings tot ontsnapping sowel van groepe as van enkelinge beskryf het.

Oor die nut of doelmatigheid van ontsnapping is veel meningsverskil. Vas staan dat dit baie bygedra het om die moreel in die kamp hoog te hou; dit bring die gevoel by die onderdrukte dat hulle tog nie klaargespeel is nie, dat die kampowerheid nieteenstaande groot vertoon van mag tog uitoorlê kan word en dat die vryheid buite die doringdraad in die bereik

van elkeen is as hy maar sy hart daarop sou sit en ander oorwegings tersyde stel, want hoe kan van 'n man of volk gesê word dat hy verslaan is as hy nog nie sy volle kragte ingespan het nie?

Onontbeerlik vir 'n begrip van ontsnapping is 'n insae in die gemoedstoestand van die jongmanne wat hulle lewe gewaag het.

Avontuurlus speel nie by elke ontsnapping 'n rol nie. In die oorgrote meerderheid gevalle word die drang om te ontsnap gevoed deur verset teen die haatlikheid van 'n magsdraer; 'n uniform en 'n geweer met 'n bajonet vooraan of 'n doodgewone Webley-rewolwer in 'n bruin leersak, 'n wapen gerig op en bedoel vir gebruik op 'n onderdrukte en gedra deur 'n man wat jy in die daaglikse omgang in die reël as jou mindere beskou en wat sy baasskap geskep deur die doringdraad en wapens nie beperk tot sy oppastaak nie maar soms daarin behae skep om jou uit te tart en in jou siel te krenk met hoon en bespotting van wat jy hoog ag. Want ek is nie bewus van enigiets wat 'n man koelbloediger, onverskilliger en gewelddadiger maak as die gevoel dat jou bloed yskoud word by die blik in die oop bek van 'n op jou gerigte geweer of rewolwer.

Verder moet daar onderskei word tussen die tipes van ontsnapping waarby geweld 'n element is, en ander waarby dit nie noodwendig is nie. By 'n tunnel is lewensgevaar nie noodwendig of onvermydelik nie — dis ongetwyfeld die mees bevreemdende wyse van ontsnapping, omdat 'n groot getal manne daarmee gelyktydig uitkom en die sukses daarvan afhang van maandelange harde werk, van fyne vernuf gepaard met die grootste mate van omsigtigheid — en tog, mens geniet elke uur daarvan. In die gevalle waarby geweld noodwendig is, is die moontlike verlies van lewens vanselfsprekend. Manne wat van hierdie metode gebruik maak, belewe in die voorbereidings-tydperk 'n heftige sielestryd wat in die reël vereenvoudig word tot 'n keuse tussen die dood of vryheid, waarby die individuele lewe as't ware afgesweer word en opgaan in die gedagte dat die vryheid van die volk die alternatief is en nie soseer die persoonsvryheid nie.

Anders as in die geval van die krygsgevangene wat die linies van sy makkers bereik, is nie juis vryheid die beloning op 'n ontsnapping uit 'n interneringskamp nie maar net die geleentheid om as voortvlugtige in jou enigste vaderland rond te swerf en van die goedgunstigheids en hulpvaardigheid van jou bewuste volksgenote gebruik te maak.

Teen die agtergrond van hierdie enkele gedagtes en wat daarmee saamhang, kan ons 'n paar tipes van ontsnapping bekyk, waarby ons gaan let op die voorbereiding en voltooiing.

Ganspan, 1941 Huis 23

Toe op 11 Oktober 1941 in 'n 57 voet lange tunnel nege manne ingeryg soos ertjies in 'n peul lê en die stofwalm

verstikkend indwarrel waar die laaste paar voet bo-kors deurbreek word, is die voorbereidingswerk van byna ses maande afgesluit.

Met die oorplasing vanaf Leeukop na Ganspan het die inwoners nie al die huise in die kamp gaan bewoon nie. Een is gebruik vir houtwerk, 'n ander as 'n winkel, in Nr. 23 het die klavier gekom, en die agterste slaapkamer het die kantoor geword van ons regsgeleerde kamerade. Hierdie reëling het onopsigtelik geskied maar nie toevallig nie: Nr. 23 was die beste geskik vir die rol wat dit moes speel. Aanvanklik was die groepie deelhebbers klein en die vordering stadig. Benewens appèl in die oggend halfnege en middag halfvier wanneer elke inwoner aanwesig moet wees, etens-, tee- en koffietye wanneer afwesigheid vrae wek, was daar nog die wagte in en buite die kamp, draadkouers en geselskapsoekers waarmee rekening gehou moes word — en die inwoners was nie almal skape nie maar uitgelese manne met fyn neuse vir die geringste ondergrondse bedrywigheid, en agterdog in die rigting moes noodwendig die hele plan veryd. Dag na dag is jou beste vriend bedrieg, desnoods besteel van 'n stukkie tou of pajamakoord, want gereedskap was skaars en daarby uifers primitief. Dit alles toon die moeilikhede wat oorkom moes word en die mate van omsigtigheid wat nodig was.

Met 'n fyn boogsagie is die tongvoegies van 'n paar vloerplanke deurgesaag, die spykers daarna uitgetrek, kortgeknip en teruggesit, die lysie teen die muur op die vloer deurgesaag en vasgesit aan die losgemaakte vloerplanke, en met 'n gewone houtskroef in die lysie gedraai kon die hele deksel opgelig word . . . die tunnel het begin. Tot Vrydag is verder niks gedoen nie, want elke Vrydag het die kampowerheid gelas dat alle meubels uit die huise verwyder moet word sodat vasgestel kan word of daar nie geheime senders of draadlose in die huise versteek word nie, onder die vloere, in die mure of miskien tonnells gebou word nie. Sonder kennisgewing is daar ook klopjagte gehou as daar die geringste agterdog in enige rigting was.

Vrydag het gekom en ook die wagte onder 'n offisier. In die ry af, van huis 21, 22 tot by huis 23. Die voorvertrek, kombuis en twee slaapkamers is van kant tot kant besigtig. Agter hulle offisiere aan is die wagte by die voordeur uit. Die tunnel het sy geboorte oorleef.

Toe die wagte by die kamphek uitmarsjeer, is die tafel en stoel in die vertrek teruggesit, en met eie wagte wat doodluiters rondsit en niksdoen om teen besoekers te waarsku, is die deksel gou gelig en 'n gat gemaak driekwart die grootte van 'n gewone graf, die grond hiervan onder die plankvloer ingestoot. Op die bodem daarvan is die eintlike tunnel begin soos 'n erdvarkgat, groot genoeg vir 'n man om daarin te kruip as hy op sy maag seil. Die eerste weke is hieraan gewerk. Behalwe in uitsonderingskifte kan nooit langer as 'n uur of twee aaneen aan die tunnel

gewerk word nie. En die gereedskap? 'n Kissie so groot as 'n gewone kerskissie met twee dwarsbalkies onderaan moes die grond vervoer van die graver voor in die tunnel tot by die trekker voor die bek in die graf. Daarna keer hy die kisse om in die graf. Sodra die ruimte min word voer die kleintjies in die groep die grond dan verder onder die fundamente deur na die ander vertrekke se ruimte tussen grond en plankvloer. Vir hierdie geheen-en-weer-karweiery was baie tou en lyne nodig; en tou is in die kamp nie toegelaat nie behalwe vir bona fide gebruik. Saam met pakkies het wel dikkerige lyn ingekom. Maar om jou buurman se pakketlyntjies te vra het ook maar 'n goeie rede vir die gebruik daarvan vereis.

Namate die tunnel gerek het, het die lug voor in begin swak word. Die enigste oplossing was 'n sokkerbal wat volgepomp word deur die trekker en dan in die kisse gelaai word. Die graver laat dan die heerlike koel lug uit en stuur die bal met die volgende kasse grond terug. Om al die benodigdhedjies in die hande te kry is 'n vernuftige plan bedink. Kospotte is van stowe verwyder en na ander huise gedra; pajamas het in ander slaapkamers onder kussings beland; daar is gesien dat gereedskap uit die houtwerkkamer onder in die kamp aan wasgoeddrade hang . . . Gewis, die gemeenskap was dikwels krielig en ergerlik oor die verspotheid van sommige lede wat niks beter vir hulle hande te doen kan vind as om ander mense se goed rond te dra, om te ruil of weg te steek nie. Daarbenewens was dit glad nie seldsaam dat 'n mens sommige goed nooit terugkry nie en genoeg moes neem om daarsonder klaar te kom. Uit hierdie onsinne ergernis het die gereedskap by die tunnel aansienlik gegroei met toutjies, lyne, enkele pajamakoorden, bal, pompie, vyl, suikerskoppie uit die winkel, ens.

Ten einde September het die vooruitsigte van 'n geslaagde tunnel begin sterker word — en daarmee ook die spanning dat 'n nietigheidjie die hele plan kan laat misluk, veral ook omdat juis teen hierdie tyd 'n onverwagte klopjag op soek na 'n versteekte radio gevolg het. 'n Hele afdeling soldate het die kamp binnegestorm. Die inwoners moes op die aantreplek bly staan terwyl die huise en besittings deurgesnuffel word. Trae minute het nog stadiger verbygegaan namate die afdeling huis 23 nader. Flou grappies wek uithundige lagbuie . . . Voor in en agter uit, eindelijk agter uit, beweeg die afdeling, daarna deur die ander huise . . . „Tree maar uit” . . . die tunnel het sy laaste vuurproef deurstaan. Ongeërg drentel sommige manne af na huis 23 toe, net om seker, doodseker, te maak.

Op Saterdagmiddag net na appèl het nege man met tussenposes van vyftien of twintig minute sonder die minste aanduiding van die spanning wat in hulle woed, tydsam afgedrentel en onopsigtelik verdamp in die graf in. Vinnig is die gewone kampklere vervang deur goeie klere onder en weer kakieklere bo-oor; en dan in die tunnel. Die geringste beweginkie in

die tunnel laat die sweet oor jou stroom. Lank uitgestrek moet jy stil lê; jou bene kan jy nie optrek nie; as die benoudheid in die donker beklemming rondom jou op jou toesak waai jy net vinnig met jou hand voor jou neus, want vorentoe kan jy nie voordat die tyd daar is nie, en agtertoe nie omdat 'n kameraad daar lê en twee kan nie bymekaar verby nie . . .

Lang ure gaan tydsaam heen, opgehelder deur die veraf doef-doen-dreuning van die voetslag van 'n soldaat as hy presies bokant die tunnel op die ses of sewe voet grondlaag trap soos hy 'n sekere distansie na regs van huis 23 langs die draad stap en dan weer terug.

Met 'n toutjie vanuit die kamer word aan Danie die teken gegee om die laaste korslaag deur te breek. Dit klink soos swaar donderweer as die kluite instort, en die stofwalm verstik en bedwelms jou bykans . . . maar jy mag nie hoes nie al sterf jy ook. 'n Onderaardse stilte sak op die manne neer. Uiteindelik weer die toutjie en twee manne klouter vinnig agtermekaar die bek uit tot bo en vertrap kameraad Danie wat voor in die draai van die tunnel sit, die teken ontvang en die kêrels afstuur. Onmiddellik by die bek uit, voor jou die koers wat jy moet gaan, skuins agter na links en na regs soldate met gewere en bajonette vooraan, wat afgrysig groot vertoon in die weerkaatsing van die skerp lig op die vaal gras en sand van die kamp, en verder stilte — so stil dat die breek van 'n grasstingeltjie soos 'n klapper klink . . . Uit die oop vensters van huis 23 klink meteens dringende harde akkoorde waar Daantjie uithaal waartoe 'n klavier instaat is . . . selfs die wagte wat nou ver weg van die uitkomplek staan, konsentreer daarop om die klanke op te vang . . . Versigtig seil-skuif die manne plat op hulle mae met hande onder die skouers op die grond en op die punte van hulle tone . . . Stofdampe slaan gevaarlik hoog op. Dood is die musiek en die manne ys op die grond. Nou is die soldate taamlik naby. „Ek sweer ek het iets gehoor in die rigting,” en hy lig met sy toorts oor die gras en manne heen. Stadig kom hy nader, en verskeur tussen opspring en hardloop of oorgee voordat die skote knal of nog 'n paar voet wag, smelt die manne in die vaalgrond in . . . „Seker maar die springhase, man. Hier is baie gate in die omgewing,” stel die ander soldaat sy maat gerus. Die manne kry weer hoop; ja, werklik die soldaat keer weer terug na sy maat.

Teen hierdie tyd was dit al na 10.15 nm. in die kamp. Die ligte in die huise is afgeskakel, en in die kamp mag niemand meer beweeg nie. Tekens kan die manne nou nie meer bereik nie. Aangewys op die waarneming beweeg die manne versigtig tot sowat 300 tree weg van die heining af, daarna op hande en voete tot teen die verste dwarsdraad. Net een twee drie is 'n gat onder die draad deur met 'n knipmens en kaal hande gegrawe, en daardeur staan nege man toe vir die eerste keer in baie maande buite die doringdraad.

In die verte weerkaats die skerp ligte op die kaal grasvlaktes, eentonig-reëlmstig doef-doen die kragopwekker by die kamp en om ons die swart nag wat rus op ons geliefde Vaderland.

Koffiefontein, 1942

Die kans om te ontsnap en weg te kom was gering. Verskeie kêrels het uitgeglim maar op een uitsondering na ná sowat 30 dae via die Koeler teruggekeer. 'n Uitsers moderne tunnel in hut 49 is halfklaar gefnuik. Dit het hoog tyd geword dat die kampowerheid uit sy waan wakker geskud word. Hierby het nog die begeerte bestaan om deur 'n grootskaalse ontsnapping, al sou dit wees om net 'n slaggie deur die dorp te gaan stap en dan terug te keer, gek te skeer met die owerheid en sy interne-ringspoging van gesonde en lewenslustige jong Boere.

Daar is besluit dat drie kêrels via die hospitaalkampie op 'n gegewe tydstep by die hoofhek moes uitbars. Deur die aandag af te trek in een rigting is gemeen dat 'n grootskaalse ontsnapping deur die Franse kamp moontlik kan slaag. Hierna is die reëling van die twee rigtings van stapel gestuur en onafhanklik van mekaar verder gevoer. Die aand na die poging by die hoofhek sou die groot ontsnapping plaasvind. Laasgenoemde het in 'n debakel geëindig wat al die manne terdeë geniet het.

Om in die hospitaal te kom moes 'n mens inderdaad siek wees, want die kampdokter het noulettend op geveinsde krankheid gelet, selfs werklike krankes op hierdie manier uit die hospitaal gehou.

Eers het 'n geneesheer in die kamp aan een voorgenome pasiënt 'n inspuiting gegee, maar ongelukkig wou die pasiënt nie die verlangde simptome vertoon nie. Daarmee was die agterdog van die kampdokter reeds geprikkel. 'n Ander kêrel is gestuur, maar die kampkommandant het hom nog dieselfde dag teruggestuur omdat hy verdink is van beweerde smokkelary in radio-onderdele vanuit die Italiaanse kamp. Met groot gemak het een van die drie in die hospitaal beland weens beweerde blindedermonsteking. Op die ander twee het daar 'n skerp oordeel gewag. Blikkieskosvergiftinging sou net die ding wees. Maar nieteenstaande ingemaakte vis en tamaties, groot stukke beesvleis en vet, 'n halfkoppie sout en asyn deurmekaar en groot happe seep, ens. het die twee pasiënte die Maandagmôre, toe hulle wakker word, uitgevind dat die poging te flou was om die kampdokter te flous. Die kêrels het dié môre weggebly van appèl en gewag op die dokter. Toe hy teen twaalfuur inkom, is met kladpapier onder die tong probeer om die koors effens op te skuif, maar hy was nie oortuig nie. En toe kom Robbie met die blink gedagte van glase vol louwarm pekelwater agter-mekaar te drink en onmiddellik daarna 'n eetlepel vol asyn . . . Die koors het gespring, die manne was siek, sieker as doodsiek honde; selfs Piet het geskrik en met dreigende gebare die kampdokter oorreed om nog 'n keer te kom kyk. Toe die kampdokter in

aantog was, het Piet die teken gegee, en die proses met die pekelwater is herhaal. Maar die pekelpasiënte kon dae daarna nog slegs in fluisterstemme heesweg onder mekaar praat!

Tog was die kampdokter op sy hoede en het aan die wagte by die hoofhek opdrag gegee om daardie nag besonder dop te hou, want daar het mense in die hospitaal gekom wat nie juis siek was nie, en hy sou hulle die volgende oggend ondersoek en terugstuur. Die aanval op die hoofhek moes dus dieselfde nag geskied.

Na wekelange dophouery uit die kamp is vasgestel dat die wagte mekaar elke twee uur aflos en dat die een wat by die ingang tot die Boerekamp staan, dadelik nadat hy sy ammunisie aan sy opvolger oorhandig het, aanstap hoofhek toe, 'n 50 tree verder, en dat die hekwagter vir sy maat die hek dan oopmaak sodat hy kan deurstap na die waghuis toe. Op die oomblik as die hek oop is, is daar dan net een gewapende wag, 'n skerp soeklig 'n entjie buite die hek wat sy lig oor die kamp gooi en ander wagte ongeveer 50 en 100 tree na links en regs van die hek.

Teen elfuur was alles rustig stil in die hospitaal. Die laaste „Goeie nag, lekker slaap,” „Ook so” het lankal verdwyn in 'n salige gesnork in die een hoek van die saal. Klere is vroeg al ongemerk onder die komberse aangetrek, die skoene netjies langs die bed geplaas. Onrustig kraak 'n ysterkateltjie, en dan weer stilte. Soos muise sluip die manne op hande en voete — een vir een in die gangetjie tussen die beddens deur, skoene in die mond vasgebyt, tot in die kombuisie. Die deur staan op hierdie warm somernag gewoonlik wawyd oop met 'n steen daarvoor. Vanaf die oop deur tot by die hoofhek is 'n distansie van sowat tien gewone treë. Dinsdagoggend, 3 November, kwart voor een, en daar anderkant kom die afloswagte reeds aangestap. Die hoofhek word oopgesluit en een vir een marsjeer die soldate deur. En daar kom die soldaat vanaf die kamphek juis verbygestap. Van veraf gesels hy al met sy maat by die hoofhek. Die onverbiddelikheid van reg en raak spring hou die drie so besig dat daar nie juis geleentheid vir vrees is nie; 'n moment te laat en jou lewe is daarmee heen. Die wag aan die buitekant hou die hek 'n voet of wat oop. Sy maat is op die punt om deur te tree . . . „Kom,” weerklink dit onheilspellend in die stil nanag en die drie kêrels bars soos weerlig by die sydeur uit . . . „O God, wat gaan nou aan?” is al wat die soldaat anderkant die draad kan uitkry voordat hy en sy ongewapende maat met die hek wawyd oop eenkant in die doringdraadversperrings val. Met kragtige hale bereik die kêrels die donkerte voordat „Sulke donners! Skiet, man, skiet” die soldate tot verhaal kon bring. Die eerste skote val, rooi vonke slaan op 'n dwarsdraadjie naby hulle uit en koeëls slaan naby hulle vas en klief fluitend die sterlig in. Kampalarms blaas en soldate vloek en spring haastig uit warm beddens op en in die kamp die vreeslike onsekerheid: „Is hulle veilig deur?” Al die ligte in die kamp word dadelik

aangeskakel, die appèlklok slaan, en in die groot eetsaal saamgehoek weet die kêrels nou dat die manne weggekom het. Nou begin die pret om met die kampowerheid gek te skeer en hulle taak te bemoeilik om vas te stel wie die manne is. Aangenaam! Nog 'n kleurvolle insidentjie gedurende die eentonige bestaan in hierdie nouseluende hok.

En ver oor die Vrystaatse uitgestrektheid strompel drie man ywerig voort; in die verte weerkaats die skerp ligte op die blou grond van die ou mynhoop, eentonig-reëlmatig doef-doen die kragopwekker by die kamp en om hulle heen die swart nag wat rus op hulle geliefde Vaderland.

Koffiefontein, 1944

Die slagter in die dorp by wie tweekeer per week 'n vleisbestelling vir die Boerekamp gehaal is, het eendag laggend opgemerk teenoor die soldaat wat belas was met die vervoer daarvan tot by die kantien in die kamp, dat hy moet mooi loop, eendag sou die Boere hom nog vang en met sy afleweringswaentjie wegry. „Ag nee wat, meneer, ek is baie goeie vriende met die Boere,” het hierdie seun van Isak die slagter laggend toegevoeg. Maar Willie en Danie was teen hierdie tyd al ver gevorder met hul voorbereidings vir 'n onaangename verrassing vir die soldaat.

Om die soldaat te oorrompel, sy uniform aan te trek, in die afleweringswa te klim en aan te ry hek toe sou kinderspeletjies wees, maar die groot vraag was of die hekwagter by die Boerekamp en daarna die hekwagter by die hoofhek geflous kon word? Maar op 'n goeie dag het die twee die ontdekking gedoen dat die soldaat, wat sy voorkoms betref, besonder baie op Danie gelyk het. En hierdie ontdekking het die twee streng geheim gehou en dadelik aan die werk gespring.

Willie het gesorg dat hy in diens geneem word as klerk by die kantien. Danie is goed uit die pad gehou sodat niemand anders die ontdekking kon doen nie; daarom het hy in die kafee 'n paar hutte verder af gaan werk.

Die hut waarin die kantien gehou is, was naby die waskamer. en wasgoeddrade het so te sê rondom die kantien gestrek. Op hierdie merkwaardige oggend het Willie 'n groot skoonmaakgees aan die dag gelê; komberse het van kant tot kant aan die wasgoeddrade gehang, en die vensters van die kantien was witgesmeer met Bon-Ami . . . Niemand is welkom of sal daaraan dink om besoek af te lê waar huisskoonmaak aan die gang is nie, maar, meer nog, geen buitestaander sou aangaap wat agter daardie gordyn van komberse en witgesmeerde vensters sou plaasvind nie.

„Daar kom hy.” „Alleen?” „Ja.” „Mooi so,” fluister die jongmanne oor en weer waar Danie deur 'n netjiese skrefie in die venster staan en dophou net toe die soldaat by die kamphek in en om die eerste hutte aangery kom. Skynbaar hard besig

neem Willie posisie in net voor die toonbank met sy rug effens gedraai na die deur, wat so halfpad oopstaan en daaragter die blitsige Danie . . . Alles gereed. Honderde kere het hierdie situasie al deur hulle gedagtes geflits toe hulle weke aaneen onverpoosd met voorbereidingswerk besig was: lang afstand-hardloop, armoefeninge, grepe toepas . . . die kêrels is so taai soos ratels, elke spiertjie tot barstens toe geoefen.

Vlak voor die deur hou die soldaat stil, maak krakend die sydeurtjie oop, klim uit en kom reguit ingestap na Willie toe. Sy niksvermoedende „Goeie môre” is al wat hy kon uitkry voordat 'n kragtige hand sy mond toevat, die deur geruisloos agter hom toeklap en hy alle verdere belangstelling in hierdie liewe môre verloor. Blitssnel word sy uniform uitgetrek, en met lappe styf in die mond geprop, hande en voete stewig agter die rug vasgemaak, word hy netjies daar eenkant op sy sy gebêre. 'n Oomblik se werk om die uniform aan te trek, en daar staan Danie, 'n presiese spieëlbeeld van die soldaat wat vanoggend by die kamp ingery het. Die soldaat se sakboekie, geld en privaatgoedjies word uit die sakke gehaal en netjies op die toonbank geplaas. Teen hierdie tyd het Willie die vleis afgelaai, en hy glip self onder die seil in wat agter op die bak lê. Tydsaam kom Danie by die deur uit, trek dit agter hom op slot en klim agter die stuurwiel in.

Stadig beweeg die afleweringswaentjie tussen die hutte deur op hek toe.

Tot dusver het alles glad verloop. Immers, hulle was voorbereid op elke gebeurlikheid; dit was sakies waarvoor hulle kon sorg. Maar vorentoe? Gaan die hekwagters oopsluit, of eers agter onder die seil kom inloer, miskien met die bajonet daar rond steek? Miskien selfs vir Danie agter die wiel uitken?

Met harte wat in die kele klop, ry hulle die laaste hutte verby tot vlak voor die geslote hekke . . . Sonder die minste vermoede sluit die hekwagter oop, en stadig ry Danie deur. In die verbygaan loer die soldaat nog in die bak, uit gewoonte, en sien die seil daar lê. Ook die tweede hek word oopgesluit. Maar nou ry Danie nie regs af kamp toe nie maar reguit aan met die pad wat oor die kanaal gaan in die lang vlakke op.

Die soldate merk die onreëlmatigheid en hande sak vinnig oor die kolf van etlike gewere. Dog by die dwarshek net anderkant die kanaal hier vlak voor die soldate klim die bekende figuur van die soldaat (wat nou onder in die kamp steunend en kreunend in sy nat onderklere op die koue sement lê en probeer alarm gee) af en stap met kenmerkende lang hale hek toe, maak dit oop en ry dan tydsaam voort. Die soldate ontspan, laat sak hulle gewere, en gaan aan met hulle pynlike niksdooen-oppassery. Waar die pad 'n myl verder van die kamp af toegespan is, laat Danie die afleweringswaentjie eenvoudig deurbars. 'n Uur of wat later toe die alarms in die kamp 'n ontsettende lawaai uitspook, was die kêrels reeds 40 myl daarvandaan. In 'n

afdraaipaadjie tussen 'n paar bome word die afleweringswaentjie getrek. Op die voorste kussing netjies opgevou lê die soldaat se uniform en toebehore . . .

Toe die soldate laat daardie aand die afleweringswaentjie vind, stryk twee kêrels reeds myle daarvandaan vinnig aan, trots om Boere te wees in die swart nag wat rus op hulle geliefde Vaderland.

J. Strydom.

GEÏNTERNEER OP LEEUKOP EN ANDALUSIA, 1939 — 1942

DIS Desember 1939. My matrikulante sit in die eksamenkamer en skryf Duits. Dis my laaste skooldag, want môre is ek vry en los van al die skoolwerk en „loshotnot.” Dis nou drie-uur namiddag, en ek loer in die „sweetkamer” in om 'n kykie op die vraestelle te kry en om die kandidate met 'n glimlaggie te bemoedig. Daarna klim ek in my motor om na die stadsaal te ry, want vanaand voer ons toneelvereniging my blyspel, *Getroud met sy Skoonvader* op. Hierdie opvoering is ten bate van die Kerk; die saal is tot op die laaste sitplek toe bespreek, en ons verwagtings is baie groot. Ek stap nog 'n keer op die verhoog rond en ondersoek alles, of alles in die haak is, dat alles op sy plek staan, dat die gordyn maklik trek en niks vergeet is nie. Alleen agter die gordyn maak ek in die gees my buiging en oordink die paar woorde wat ek vanaand aan die gehoor gaan rig na hulle uitbundige geklap en byvalsroep om die skrywer van die mooi toneelstuk en ook regisseur daarvan op die verhoog te sien. Ja . . . groot sukses wag op my en my ywerige spelers vanaand, en in die gees bedank ek hulle vir die baie ure wat hulle opgeoffer het om te leer en te oefen. Die stuk en die vertolking daarvan sal seker in die smaak van die gehoor val, en na die opvoering is alles gereël vir 'n gesellige byeenkoms van die toneelspelers en 'n paar goeie vriende en ondersteuners . . .

Dis nou amper vyfuur en ek ry garage toe om brandstof in die motor te laat gooi en so 'n paar woorde met Jonnie Snyman my ou vriend, die garage-eienaar te wissel. Ek is skaars in die vertoonkamer, toe 'n plaaslike speurdersersant en 'n goeie kennis vergesel van nog 'n meneer binnekom. Ons gesels so 'n oomblik oor die weer en dergelike dinge, toe die vreemdeling in sy baadjiesak gryp en 'n telegram te voorskyn bring. Hy vou dit oop en oorhandig dit dan aan my, en ek lees: „Arresteer Robert Gerhardt Wepener vir internering.” Toe die man nou aan my sê: „Jy is my prisonier,” het ek seker doodsbлек geword en moes aan die stoel vasklou om nie inmekaar te sak nie. Ek is toe in geselskap van die twee polisiemanne in my motor huis toe, terwyl 'n ander motor ons gevolg het. By my woning,

die Wepener-skoolkoshuis, waarvan ons huisouers was, het ek aan my stomme vrou die vir ons onverstaanbare telegram verduidelik; onder die toesig van die speurder het ek my verkleed. en na 'n halfuurtjie moes ek van my vroultjie, die huilende kinders van die koshuis en van baie van my vriende, wat gekom het om afskeid te neem, weggaan, want soos 'n veldbrand het die nuus van my inhegtenisneming deur die dorp versprei. Ds. Harper Martins het gepleit en die speurder gesoebat om my te laat bly tot na die opvoering, maar die man het 'n hart van klip gehad en my amper nie eens tyd gelaat om klaar te maak nie.

Tussen drie speurders is ek toe soos 'n gevaarlike kriminele misdadiger in die polisiemotor na Bloemfontein vervoer. Daar is ek by die polisiekantoor afgelaai en nadat al my besittings (horlosie, geld, ens.), van my afgeneem is, in 'n misdadigersel opgesluit. In hierdie sel moes ek, 'n opgevoede man, 62 jaar oud en met 'n eerbare dienstyd van 40 jaar as onderwyser agter die rug, op 'n dun vloer mat op 'n sementvloer die nag deurbring. Aan slaap kon ek nie dink nie, want die vloer en die mure het gekriewel van miljoene klein swart miertjies, behalwe weeluisse en kakkerlakke. Die lig bo in die plafon het die hele nag gebrand, en dit was verskriklik warm. In die middel van die nag het 'n polisie-offisier die deur oopgesluit en my gevra of alles „reg” is, en ek het hom gesoebat om my 'n ander herberg te gee, maar hy het net gelag, die deur in my gesig toegeslaan en is daar weg. In die môre het iemand 'n bord pap en 'n blik swart koffie deur die deur geskuiwe.

In hierdie plek het ek twee of drie dae deurgebring, en een middag laat is ek uitgehaal. In die kantoor is my besittings weer aan my teruggegee, en daarna is ek onder geleide van twee konstabels, wat met rewolwers bewapen was, stasie toe gebring en in 'n kompartement van 'n trein gelaai. Hierdie polisiemanne het my die hele nag dopgehou en my selfs na die toilet vergesel.

Die volgende môre het ons in Johannesburg aangeland en is ek per „Black Maria” na Marshallplein se polisiekantore gebring. Hier het die offisier by wie ek aangemeld moes word, my op 'n baie onbeleefde manier behandel en toe na 'n plek in die gebou gestuur waar 'n klomp selle langsmekaar was en waar ek in een van hulle opgesluit is.

In die loop van die dag het 'n paar Duitsers hier aangesluit en ook kameraad Johnnie Ackermann. Die volgende dag is ons na Leeukop se kaffertronk vervoer en agter tralies en doringdraad gesit en het ek in die „huis” Memel intrek geneem, waar reeds 'n paar mede-geïnterneerdes gehuisves was en ek nog dieselfde dag as „huisvader” aangestel is.

Leeukop

Leeukop was eers bewoon deur 'n meerderheid van Ryksduitsers, maar daar het later ook 'n aantal genaturaliseerde of

in Suid-Afrika gebore Duitsers bygekom, wat deur dr. Johannes Trümpelmann na „buite” verteenwoordig is.

Die lewe in hierdie voormalige „kaffertronk” was in die algemeen draaglik, en ons het ons almal so huislik moontlik ingerig en gesellig met mekaar omgang gehou. Daar is funksies gereël en partytjies gehou, alles onder die beheer van die kampeleier, wat bygestaan is deur die „huisvaders.” Die kampeleier het daaglik onderhoude gehad met die kampkommandant en veral die eerste, mnr. Senekal, was taamlik toeganklik en ons goedgesind en het sover dit in sy vermoë was, gehelp om die lewe in die kamp draaglik te maak. Daar was ’n winkel in die kamp waar baie benodighede gekoop kon word, en ook ’n kroeg waar „Stag-bier” gedrink kon word. Elke aand het die „sanggroep” onder ’n lantern vergader en ’n uur of langer volksliedere geleer en gesing. In die huise het die manne gesit en leer, want daar is kursusse in baie tale en ook ander wetenskaplike vakke aangebied. Andere weer het houtwerk gedoen of ander werksaamhede verrig om op die een of ander manier die tyd deur te bring. ’n Radio met ’n paar luidsprekers het musiek en Johannesburg se nuus versprei. In die aande het konserte, toneelopvoerings, ens. vermaaklikheid en tydskorting verskaf.

Buite voor die groot ingangshek was ’n kampie waar besoekers toegelaat was, en veral op Sondae was in hierdie ruimte ’n heel gesellige lewe, want hier is ons vrouens en kinders, nooientjies en vriende toegelaat en kon ons ’n uur of twee met hulle gesels en koffie saam nuttig.

In Mei 1940 is die grootste gedeelte van die Ryksduitsers oorgeplaas na Bavariaanspoort en het plek gemaak vir ’n aantal lede van die O.B. wat te gevaarlik geword het vir die landsowerheid en nou hul intrek moes neem op Leeukop. Kort daarna het ook ’n groot aantal Italianers aangeland, maar hulle het nie lank gebly nie, want in Julie 1940 het 250 mans uit Oos-Afrika, meestal Duitsers, op Leeukop aangekom; tussen hulle was ’n klein aantal Afrikaners, daaronder die wêreldberoemde oubaas Piet Nieuwenhuisen met sy seuns. Leeukop het nou te klein geword vir al sy bewoners, en oral moes tente opgeslaan word, waarin veral die Oos-Afrikaners gewoon het. In die koue winterweer en ook met reëndae het hierdie mense swaar moes ly, want hulle het jarelank in die trope gelewe en was nie gewoond aan so ’n klimaat en koue nie soos ’n Johannesburgse dit wel verduur nie.

Alhoewel daar steeds ’n harmoniese verhouding tussen die Duitsers en Afrikaners en selfs ’n klompie Italianers was, het daar tog ’n sekere skeiding gekom. Op paradefunksies het die Afrikanerseksie ’n aparte plek ingeneem, en kameraad genl. Botha het die leiding op hom geneem. Kameraad J. Ackermann het instrukteur geword in liggaamsoefening, waaraan ons daaglik deelgeneem het, en ek is gekies tot kulturele leier.

Elke Maandagaand het ons Afrikaners in die huis „Braunau” vergader. Daar was ons dan omtrent twee uur lank besig met die sing van Afrikaanse volksliedere onder die stok van oom Robbie en onder begeleiding van die „pensorrel” van Danie du Toit. Ons het debatte gehou, samesprake en klein toneelstukke opgevoer en ons op eg-Afrikaanse manier vermaak. Elke voormiddag het ons onder leiding van Johnnie Ackermann liggaamsoefeninge gedoen, jukskei en ander spele georganiseer. Vriende en familiebetrekkinge het vir ons met hulle besoeke skaapvleis, koek, wors en ander lekkernye gebring, en ons kon heerlike braaivleisaande hou, gepeper met sang en ’n bottel bier. Soms het ons openbare lesings gehou en veral ons Duitse kamerade genooi en hulle ingelig oor die „Geskiedenis van die Boere.” In die „uitloop,” wat vanaf 9-uur vm. tot 5-uur nm. tot ons beskikking was, het party van ons mooi groente- en blomtuinte en ook ’n geheime ondergrondse kelder aangelê, waaruit ’n paar vriende, Hans Roseboom, Johnnie Ackermann, Kruger, e.a., hulle weg na die vryheid gevind het.

Einde Oktober is ons in vyf of ses trekke van Leeukop na Ganspan en Andalusia verplaas. Hierdie trekke het uit 70 tot 80 man elk bestaan, en ons is twee-twee met boeie aan mekaar gekoppel, op busse van Leeukop onder geleide van met gewere, masjiengewere, rewolwers en kanonne gewapende soldate na Johannesburg vervoer, op die tentoonstellingsgrond se stasie op ’n trein gelaai en met ’n swaargewapende eskort weggestuur.

Ek het tot die laaste trek, bestaande uit 65 man, behoort, en ons is as gevolg van my protes by die betrokke kommandant en die betrokke kaptein nie geboei nie, en na Andalusia gebring.

Andalusia

Reeds in die voormiddag van 29 Oktober 1940 is ons 65 man aangesê om klaar te maak en ons koffers en goedjies te pak met die oog op ’n verplasing na ’n ander kamp. ’n Paar van ons was in besit van die „swaeltjie” (’n radiotoestel wat lankal deur die kommandantura belet was). Hierdie instrument het elke aand berigte vanuit Duitsland aan ons oorgedra, maar gedurende die dag was hy baie goed versteek, en alhoewel dikwels daarna gesoek is, het die soldate dit nooit in die hande kon kry nie. Hierdie kosbare toestel wou ons natuurlik om geen prys ter wêreld agterlaat of in die hande van die vyand laat val nie. Dis toe gedemonsteer en in een van ons handkoffers geplaas. Al ons groot bagasie is die môre bymekaar gemaak, op vragmotors gelaai en weggery, maar ons handpakkies moes voor ons vertrek nog eers ondersoek word. Elke man het met sy goedjies voor hom op die grond gestaan terwyl die soldate die pakkies oopmaak en deursnuffel. Op ’n baie vernuftige manier het ons ’n plan beraam om die „swaeltjie-koffer” by die snuffelaars verby te laat gly sonder dat dit in hulle hande geval het. Na alles ondersoek is, moes elke man voor die betrokke

kaptein 'n belofte aflê om nie onderweg te ontsnap nie, en so is ons laaste klompie vervoer sonder die skandalige boeie.

Na 'n taamlike rustelose nag het ons die volgende môre moeg en honger op Borderstasie aangekom en is daarvandaan na die Andalusia-kamp vervoer. Dit was 'n baie warm en besonder winderige dag, en ons moes ure lank in die brandende son sit en allerlei seremonies en veral liggaamlike en ander inspeksies deurloop voor ons in die kamp toegelaat is. Ons grootste sorg was weer die koffer met die „swaeltjie” en op 'n haar af het dit hier die buit van die Kakies geword. Op die stasie is ons gelas om al ons handbagasie af te lewer, en alles is op 'n vragmotor gelaai om verder aangekarwei te word. Toe die vragmotor nou by die kamp voor ons stilhou, het 'n paar van ons klaar gestaan om eers in besit van die waardevolle handkoffer te kom. Ons het skaars besit daarvan en 'n paar ander stukke geneem, toe die bevel kom om terug te val en al die goedjies weer terug te gee. 'n Klompie soldate het tussen ons ingespring en alles teruggevat, nogtans het dit ons geluk om die „swaeltjie” te red. Dit was regtig 'n wonderwerk, maar dit het ons geluk. Nadat al ons goed toe weer noukeurig ondersoek, in- en uitgepak was, is ons laat die middag moeg, honger en dors in die kamp toegelaat. In die kamp is ons in die verskillende „pondokke” gehuisves en die meeste van ons saam met omtrent 2,000 Duitsers uit Suidwes ses jaar „lewendig begrawe” agter doringdraad en sinkplate.

'n Paar dae na ons aankoms op Andalusia het die Afrikaners, onder wie ook 'n klompie uit Suidwes en ook genaturaliseerde Unieburgers, my genader met die versoek om 'n **Afrikanerkring of** -vereniging te stig om so nou en dan tussen die Duitse kamerade ook Afrikaners te kan voel en ons taal te praat. Ons het toe besluit om elke Maandagaand bymekaar te kom. As leier of hoofkommandant, soos ons hom genoem het, is gekies Robt. Gerhardt (Oom Robbie) en Dirk Basson en dr. Ernst Reuning tot kommandante, Hermann Waschefort tot adjudant en Adolf Schulz en S. Bourqin tot veldkornette. Elke voormiddag het ons in die „uitloop” vergader vir liggaamsoefeninge. Maandag-aande het ons in Basson se pondok bymekaar gekom en Afrikaanse liedjies gesing, lesings gehou en voordragte gelewer en vir omtrent twee uur Afrikaners gevoel. Op 16 Desember 1940 het ons Dingaansfees gevier, waaraan ook 'n hele aantal Duitse kamerade deelgeneem het.

Program

Dingaansfees, Andalusia, 16 Desember 1940

- (1) Dingaansdag ... Jan Celliers ... Kameraad S. Bourqin
- (2) Die Betekenis van Dinsgaansdag
vir die Blanke Ras ... Robt. Gerhardt
- (3) Gedenk ... W. Dedekind
- (4) Slotwoord ... D. G. Basson
- (5) Die Stem.

Intussen het my ou kamerade op Ganspan 'n petisie aan die kampbestuur gerig om my soontoe oorgeplaas te kry. Die kommandant was skynbaar nie daarop teë nie, want hy het my alle hoop gegee dat ek nog voor Kersfees daar kon wees. Maar Pretoria het anders besluit en my nie laat gaan nie. Op 'n sekere dag het die onderkommandant, majoor Liebenberg ('n man vir wie ek steeds my hoed sal afhaal, want hy het ons so ordentlik en goed as dit vir hom moontlik was behandel), my laat roep en verlof toegestaan om 'n paar Ganspan-kamerade wat in ons hospitaal gelê het, te besoek. Dit was Johnnie Ackermann, Rudi Meyer en Huth, en ons het verlof gehad om 'n halfuurtjie lekker met mekaar te gesels.

Omdat van ons Duitse kamerade, veral die Duitsers uit Suidwes, ons Afrikanerkring met nie besonder vriendelike oog aanskou het nie, was ons verplig om hulle 'n verduideliking oor ons Afrikaanse doen en late in 'n Duitse interneringskamp te gee. Met hierdie doel het ons op 'n sekere dag in die „Hörsaal" 'n algemene kampvergadering belê, wat baie goed bygewoon is. Kameraad Oom Robbie het die vergadering gelei en professor dr. Ernst Reuning het op 'n baie bekwame wyse die doel en strewe van ons Afrikanerkring in die kamp verduidelik.

Kameraad Robt. Gerhardt het as volg begin: „Stil en beskeie, sonder die gelui van klokke of die basuin van trompette, hou die klein Afrikanergroep in ons kamp een- of tweekeer per week sing- of kultuuraande, en heel beskeie vergader hulle in die noordelike uithoek van die kamp, om niemand te hinder of lastig te val nie. Dat ons vanaand in die „Hörsaal" byeenkom, is te danke aan die omstandigheid dat ons kameraad prof. Ernst Reuning 'n lesing oor die Nasionale Afrikaner wil hou. Hierdie lesing is van algemene belang, en daarvoor het ons gekom en so wil ons graag almal, gaste sowel as lede, hartlik welkom heet, en ek hoop dat hierdie aand sal bydra dat ons mekaar leer verstaan en dat sekere ontstemming van sekere groepe en seksies, wat ons die lug wat ons Afrikaners in hierdie kamp inasem, nie wil gun nie, ons die hand van vriendskap sal reik. Ons Afrikaners beoog geheel en al niks anders as om Andalusia-kamerade te wil wees nie, ons wil geen „Eigenbrödelei" of 'n kliek vorm nie, maar ons wil Afrikaners wees. Ons is in Suid-Afrika gebore Duits-Afrikaners of Volksduitsers, wat al baie jare in die Unie woon en ons bestaan hier gemaak het. Heelwaarskynlik moet ons na die oorlog verder hier woon, want ons het besittings of ander belange hier en ons moet hier bly. Ons het baie jare tussen die Boere gewoon en hulle karaktertrekke geleer ken, en ons sal en wil baie graag weer tussen hulle woon en met hulle omgaan. Ons ken hulle beter as dié kamerade wat van elders hier geïnterneer is en geen benul van die Boere se karaktertrekke het nie. Nie alle Boere is Jannie Smuts-kreature nie. Omdat dit vir ons Afrikaners absoluut noodwendig is om die Afrikaanse taal te kan praat, die taal wat na die oorlog die hooftaal van Suid-Afrika sal wees, moet ons ons nou en dan daarin oefen, anders verleer ons dit. Daarom kom ons soms bymekaar om Afrikaanse

Anno 94
SANSJA PANNANNIA

Dem derwüldigen hochtugendsamen Ober &
Unter schreiben Meisterer, Ritter des Knebel-
barts, hochwohlloblichen Erfinders des
Schnautzbartfilters dem unermüdllichen
Sänger des weiblichen Tugenden, dem Fust-
& anderen-Boller 'par excellence' dem
Greirer der newest Moden (Badehose, Reit-
stiefel & abgenuddelten Zig. Summel). Dem
Ober & unterkellnermeister köstlicher Essig-
essencen wünschen die anwesenden B.G.
Kameraden ein besseres neues Jahr! nach
vorausgegangener Entbromichsierung, voller
klein Weiber & Gesänger!

liedere te sing, deuntjies wat ons lief het, na lesings te luister of om in debatte die taal te gebruik. Maar ons doen dit, soos reeds voorheen gesê, in die uiterste hoek van die kamp; nie in die geheim nie, want ons het geen geheime nie, en elke kameraad word graag daar gesien en kan aan alles deelneem. Ons skakel ons orals in waar dit die plig is van alle kamerade, in die wagdiens, in die blok- en ander dienste, en elkeen van ons doen sy plig. Elkeen van ons, oud of jonk, of hy 20 of 65 jaar oud is, het sy naam ingehandig en neem deel aan die „Ordnungsdienst.“ Ons hou kameraadskap in elke opsig, en ons vra die Duitse kamerade om die vyandskap wat teen ons opgemerk was, te staak. Al wil ons graag hier en daar Afrikaner voel, is ons tog soos almal hier getroue kamerade, en ons hoop dat ons eendag nog hand kan bysit om Suid-Afrika te bevry van die juk en slawerny van Engeland.”

Daarna het kameraad E. Reuning 'n baie mooi uiteensetting gegee oor die Boere en is die vergadering uiteen met die belofte om goeie kameraadskap te hou en die Afrikaners toe te staan om Afrikaners te wees.

Oom Robbie het 'n Afrikaanse taalkursus geopen en elke môre aan drie verskillende standersds klas gegee; aan die einde van 1941 het 42 kandidate sowel die Matriek- as die Hoër Taalbondeksamen afgelê. Hierdie eksamens is deur 'n kommissie wat deur die kampbestuur aangestel is, op behoorlike wyse opgestel en nagesien en behoort wetlike erkenning te verkry. In die geheel het omtrent 200 kamerade die Afrikaanse taalkursus geloop.

Verder het oom Robbie aan honderde belangstellendes deur 'n aantal lesings die „Geskiedenis van die Boere in Suid-Afrika” verduidelik en ook verskillende lesings oor die „Ontstaan en bestaan van die Boerekerk” gegee waarin veral die Duitse pastore en sendelinge in die kamp belanggestel het. Omdat die outoriteite beslis geweier het om vir ons Afrikaners 'n leraar vir eredienste in die kamp toe te laat, het ons gewoonlik die Duitse godsdienste elke Sondag bygewoon, maar soms het ons ook byeengekom en 'n Afrikaanse diens gehou. In Februarie 1942 het ons Afrikaners Majubadag gevier, wat deur 'n groot aantal belangstellendes bygewoon is. Kameraad Robt. Gerhardt het 'n lesing gehou oor die „Eerste Vryheidsoorlog,” en verder is 'n paslike program afgehandel.

In 1942 is kameraad Albertyn van Aus in Suidwes geïnterneer. Omtrent 'n maand later was hy een môre besig om sy pondok uit te vee, toe hy inmekaar sak en binne 'n paar minute gesterf het. Nog dieselfde middag het die begrafnis op die klein en treurige kerkhoffie buite die kamp plaasgevind. Omtrent 'n tiental kamerade is toegelaat om die teraardebestelling by te woon. Ons is per vragmotor soontoe gebring. Terwyl 'n kommando „Kakies” die kerkhof omsingel het, het ons kamerade die kis na sy laaste rusplaas gedra. Kameraad Probst Höflich van Windhoek het 'n kort diens in Duits by die graf gehou, en

daarna het kameraad Robt. Gerhardt 'n paar woorde in Afrikaans oor die oorledene uitgespreek en 'n gebed gedoen. Majoor Liebenberg was ook teenwoordig.

Dinge het nie altyd aangenaam verloop op Andalusia nie. Wanneer die elektriese kragopwekker soms geweier het om die kamp in die aand te verlig, was die bevel dat elke kampburger so gou moontlik in een van die pondokke toevlug moes soek. Maar daar was ou mans, kreupeles en mankoliekiges wat nie in staat was om vinnig te beweeg nie en baie keer, nog voor almal skuiling gevind het, het die wagte in die kamp begin inskiet, en hoewel volgens my wete niemand van ons beseer is nie, het talle van koeëls deur die sinkplate van ons „huise” getrek, en veral die eetsale het taamlik gate deur hul mure gekry. Veral erg was die skietery toe die „De la Rey”- en die kafferregimente op Andalusia gestasioneer was. Die behandeling van die geïnterneerdes was uiters laakbaar toe die Kleurling- en kafferregimente ons bewaak het.

Elke Saterdag moes ons ons pondokke leeg- en skoonmaak. Hierdie was op sigself 'n baie noodsaaklike reëling met die oog op die toenemende verspreiding van „ongediertes” soos kakkerlakke en weeluisse. Maar die hoofbedoeling van die kant van die bewaking was die deursoeking van ons huise. Dan wemel dit in die kamp van Kakies wat met ysterstokke bewapen, oral rondpeuter, die mure oopbreek en na verbode goed soek. Elke nou en dan wanneer ons in die môre op parade staan om getel te word, kom die hele regiment troepe die kamp binne. Ons word omsingel en dan in die „uitloop” gejaag soos skape. By die hek staan 'n aantal Kakies; hier en daar word van ons kamerade uitgegryp en gedwing om kaal uit te trek, en dan word hulle klere gevisenteer, en dit gewoonlik in teenwoordigheid van die kombuiskaffers, wat staan en aansien hoe ordentlike witmense verneder word. Terwyl ons dan ure lank in die brandende son in die uitlooptroep toegeesper is, ondersoek die troepe die pondokke. Hulle maak ons handkoffers oop en sommige besteele dit van enigiets wat vir hulle waarde het. Geld, horlosies, sakmesse en ander goedjies verdwyn en word nie weer gesien nie. Die mees gesogte artikel was natuurlik die „swaeltjie,” wat hulle nooit in hande gekry het nie, en „gungaa,” selfgebroude sterk drankies.

Dit was op die môre van Goeie Vrydag 1942, vir elke Christenmens een van die grootste kerklike feesdae. Die lug was betrokke, en dit het na reën gelyk. Ons het natuurlik verwag dat ons 'n vreedsame dag sal geniet. In een van die pondokke het die „swaeltjie,” wat iets makeer het, op die tafel gestaan om nagesien te word, toe die klokke lui vir telparade. Almal het op die plein aangetree met die vermoede om dadelik na die tellery weer terug te gaan kamer toe. Skielik hoor ons 'n geruis agter ons, en hier kom die hele regiment, omsingel ons, en 'n afdeling word afgesonder om die pondokke te

ondersoek; 'n radhja is weer aan die gang. Die verantwoordelike „swaeltjie-operateur” se hart sak in sy skoene en hy ondervind 'n bewerasie deur al sy ledemate, want vandag beteken dit 'n groot oorwinning vir die vyand. Maar die Here het dit anders beskik: die soldate het nog skaars hier by die eerste hutte begin, toe val daar 'n baie sterk stortreën en terwyl die troepe die aftog blaas, hardloop ons almal nog voor die tellery op 'n end is na ons huis toe . . . die „swaeltjie” is gered en is tot op die laaste dag behoue gebly.

Op 2 Desember 1942 is ek uit die kamp ontslaan, en ongelukkig het die Afrikanerkring daarmee in duie geval. Kameraad Rössner het darem gelukkig die Afrikaanse taalklasse voortgesit, en nog baie kamerade het die geleentheid gebruik om Afrikaans te leer, want dié wat nie gerepatrieer is nie maar in Suid-Afrika gebly het, weet vandag dat hulle sonder Afrikaans in ons sonnige land verlore is, want

„Die Afrikaanse taal, die is vir ons so soet”

Robt. Gerhardt (Oom Robbie).

HERAANPASSING EN REHABILITASIE

DIT spreek vanself dat dit onmoontlik is om hierdie onderwerp in die bestek van 'n paar bladsye volledig te behandel.

Die leser sal alreeds uit die voorafgaande deel van hierdie boek 'n indruk kan vorm van die algemene agtergrond van die kampelewe en in hoe 'n mate dit op die geïnterneerdes, solank hulle daar vertoef het, sielkundig sy spore nagelaat het. Dit is te begrype dat 'n normale persoon moeilik jare aaneen in 'n beperkte omgewing — en dan nog een waar bowendien spesiale gedragskodes, een deur die kampowerheid van buite en een deur ons eie kampleiding toegepas — kan verkeer sonder dat sy karakter en lewensbeskouing daardeur beïnvloed sal word. Vir die doel van hierdie kort oorsig is daar dan ook onder al die ongunstige omstandighede en vormende invloede van die kampelewe enkele wat genoem moet word. Hulle word sonder rangskikking van enige aard aangedui, want die mate waarin hulle op die individu kon inwerk, asook die mate waarin hierdie inwerking geblyk het blywend te wees, het van geval tot geval verskil.

Dit was opvallend hoe die Boer, sterk individualis en vryheidsmens, gereageer het as hy met honderde van sy soort op 'n ashoop van 'n paar honderd tree vierkant vir 'n onbepaalde tyd ingekerker word. Reeds na die heel eerste paar oomblikke van groet en kennismaking kom die beklemmende gevoel van inkerkering en gebrek aan ruimte. Enkele treë binne die doringdraadheining is die grond en as van die kamp dan ook weldra tot fyn stuifstof getrap deur tallose voete, waar ingehoktes in

hul gedagtes versenke op en af en af en op binne langs die draad in fisieke beweging uiting gesoek het vir besorgdheid oor geliefdes, toorn oor behandeling of heimwee en gevoel van verlatenheid. Jare hiervan, en dit word by menigeen 'n deel van sy lewe, wat latere geleenthede tot rehabilitasie bemoeilik, bv. deurdat onder andere die drang om so min moontlik in myn of werkswinkel, huis of kantoor toegesluit te wees en na uitvlugting te soek deel van hom geword het.

Gepaard met hierdie gevoel van opelug soek gaan die verlange om alleen of privaat te wees. In die kamp was hy nooit alleen nie, nooit een enkele oomblik dag of nag privaat nie. Waar hy gegaan of gestaan het, was dit in noue saam wees met honderde ander soos hy; was dit nie sy kampgenote nie, dan was dit die kakies om die kamp wat as wagne hul oë en ligte op hom gehou het sodat daar selfs snags nie eers 'n skadu was waar hy hom vir 'n oomblik kon afsonder nie. Hierdie teenstrydige drange verskerp die onrus en gevoel van onbestendigheid van later jare, wat heraanpassing bemoeilik.

Tiperend van hierdie gevoel is die geval van 'n kameraad wat toe hy eers weer tuis was, dit moeilik gevind het om die deur van 'n kamer toe te maak, omdat hom in die kamp daardie elementêre privaatheid soveel jare lank ontnem was. Mens moes eers weer leer om alleen te wees en onafhanklik te staan en te dink.

Gepaard hiermee was by baie kampmaats die afwesigheid van morele skuldgevoel i.v.m. hulle internering — een van die aspekte wat die kamp oorleef het om by hulle sy invloed in die daaropvolgende jare te laat geld. Daar was maar 'n baie klein persentasie van die geïnterneerdes wat ooit afdoende redes vir hul internering ontvang het. Dit was bepaald een ding om straf te verduur vir 'n bepaalde daad, in watter gees ookal gepleeg, as om vir 'n onbepaalde en onbekende tyd gestraf te word sonder om eens te weet waarom dit gaan.

Straf wat jy self moes verduur, kon nog verdra word, maar wat van die eidelose smart en ontbering van moeders en vaderlose kinders aan wie die broodwinner sonder skuldigbevinding ontnem word? Die gemoedswroeging hiervan kon jarelank in die kamp sy merk op die karakter en lewensbeskouing van die Boer inets. Ook het hy geweet dat daar buite die kamp tienduiseende geloop het wat net soos hy nasionaalbewus, vaderlandsliewend en teen die oorlog gekant is en dat sy internering sekerlik nie geregverdig was nie, al het hy vir sy beginsels en ideale moedig sy lot aanvaar.

Maar selfs in die kamp nog was dit vir hom duidelik dat sommige van sy eie volksgenote, sy eie vlees en bloed, hom as 'n ongewenste element beskou het en in sy afwesigheid sy vrou en kind (soms met venyn en haat) dienoooreenkomstig behandel het en dikwels sonder om die standaarde van reg en geregtigheid in ag te neem.

En toe word hy sogenaamd vrygelaat maar moet gou ondervind dat hy daarbuite op parool en nog nie vry was nie en as 'n geostraseerde uitgeworpene die naderende einde van die oorlog moes meemaak, waar selfs sommige wat hom andersins goedgesind sou wees, nog te bang was om hom openlik die hand te reik. Hy moes ondervind dat die vrees vir die interneringskamp, en veral in sy verfynde moderne vorm, meer as een verhinder het om nou openlik handreikend na vore te tree.

En tog was daar 'n sterk anker wat hom ten spyte van minagting, vermyding, verwaarlosing en gebrek aan meegevoel van sommiges pal by sy nasionale Boerevolk laat staan het, want lank nie almal het hul beginsels onder owerheidsdruk prysgegee of was bevrees om vir hul beginsels uit te kom nie. Hierdie anker was sy diepe erkentlikheidsgevoel en sy dank aan die klein bende wat daarin geslaag het om ten spyte van teëkanting op alle gebiede die lewensaar uit te soek, die gawes in te samel en in die vorm van die Noodhulpfonds die gebrek en ontbering van moeders en kinders tydens sy verblyf in die kamp te lenig.

Hy is nou egter sogenaamd vry, met ander woorde nie meer agter die doringdraad nie. Nou sak in sommige gevalle die wolwe op hom toe. Sy afhanklikes moes gedurende sy afwesigheid leef, en onvermydelik moes skulde aangegaan word. Nou kom die skuldeisers en ook die verantwoordelikheid om weer sy plek as hoof van die gesin vol te staan. Maar hoe anders is die omstandighede nou! In vreemde omgewing, verban uit sy eertydse vriendekring moet hy nou van nuuts af begin. Kan hy teruggaan na dieselfde tipe werk wat hy voor sy internering gehad het, dan ag hy hom gelukkig.

Baie oud-geïnterneerdes moes in 'n vreemde, deur die owerheid streng beperkte omgewing, as dagloners begin. Dit was nou dat die probleme van aanpassing en rehabilitasie gedreig het om hom te ondermyn en die staal van innerlike krag en karaktervastheid sy toets moes deurstaan. Al daardie invloede van die kampe het gedreig om inhibisies te word. Van oomblik tot oomblik is dit vir die oud-geïnterneerde nou 'n innerlike sowel as fisieke stryd om 'n vastrapplek te kry. Vir hom was daar geen regeringsmiljoene, organisasies, advies en hulp nie. Hy moet self uitspring en 'n nuwe bestaan maak.

Daar was sommige wat oor invloedryke vriende, geleenthede of 'n mate van kapitaal kon beskik; maar baie moes met niks begin nie, want selfs dit wat voor die oorlog gespaar was, het hulle teen daardie tyd verloor.

Die gewese posmeester met jarelange diens vir die Staat word weer in die poswese opgeneem maar as klerk onder diegene wat in hulle Britsgesindheid sy lewe vergal en dit vir hom bemoeilik het om selfs sy pligte na te kom. Die Kleremaker van beroep moet nou by 'n ander teen 'n hongerloon werk, want

nêrens kan hy die kapitaal kry om sy saak weer aan die gang te sit nie. Nie minder as drie kunsskilders het kwalik op die broodlyn geleef deurdat daar vir hul werk in simpatiekgesinde kringe 'n skrale afset was en hulle deur daardie gedeelte van die handel en nywerheid wat normaal van hul dienste sou gebruik maak, nou as ongewenste elemente beskou en gevolglik geen opening aangebied word nie.

Die gewese staatsamptenare kan ons onder twee hoofde behandel:

Daar is die van hulle wat nie meer in die staatsdiens opgeneem is nie en wat noodgedwonge selfs op gevorderde leeftyd van vooraf moes begin om 'n heenkome te vind. Van hulle het by boere gaan werk, en as gevolg van administratiewe ervaring en aanpassing kon hulle opgang en 'n lewensbestaan maak hoewel nie finansiëel onafhanklik of op dieselfde kerf waar hulle sou gestaan het as hulle nie geïnterneer was nie. Ander het 'n heenkome in die handelswêreld gesoek, waar hul staatsdienservaring en die feit dat die staatsamptenaar tog altyd student bly, hulle gehelp het om aan te pas en in enkele gevalle selfs 'n sukses van die nuwe werk te maak. Maar, en hier lê die knoop, hierdie manne leef van die hand tot die mond en vind dat as hulle eers al die agterstallige skulde en noodsaaklike aansprake vereffen het, daar gewoonlik baie min oorgebly het om vir die toekoms weg te sit. As hierdie manne hul poste in die staatsdiens kan terugkry, sal hulle daardie veiligheid en bestendigheid van bestaan verwerf wat hulle 'n gewaarborgde pensioen sal verseker.

Dan is daar die ander groep wat wel weer in die staatsdiens opgeneem is maar meestal as tydelike klerke en indien nie tydelik nie in elk geval sonder om die verlore diens en senioriteit terug te kry. Die gevolg is dat hulle ondergeskikte poste moes beklee, terwyl diegene wat hul juniors en in baie gevalle aan hul internering aandadig was, koning kraai, en 'n onreg wat gepleeg is, word toegelaat om voort te woeker.

Gewese staatsamptenare het hulle dus in 'n eienaardige posisie bevind. Manne wat nog jonk en nie veel diensvoorregte sou verloor nie en wat intussen 'n heenkome gevind het en alle vertroue verloor het in die onskendbaarheid van die dienskontrak van die staatsdiens as gevolg van hul onregmatige ontslag en internering, sal begrypikerwys verkies om liewers in 'n nuwe rigting deur te worstel as om na die diens terug te keer. Andere wat egter nie meer so jonk is nie en wat die voorregte van baie jare van getroue staatsdiens kon verbeur en uit die aard van die saak moeilik weer voor kan begin, al kan hulle die vereiste geleentheid en kapitaal kry, sal verkies om liewers na die Staatsdiens terug te keer. In die diens sal hul wel miskien minder verdien, maar as hul diens, pensioenvoorregte en normale verhogings herstel word, sal dit hulle op die lange duur wat

betref bestaansveiligheid en pensioenvoordele baat, al sou hulle om 'n verskeidenheid van redes in ander departemente opgeneem moet word.

Ruimte ontbreek om al die verskillende groepe individueel aan te stip, om van individuele gevalle nie eens te meld nie. Die saak is te groot in omvang en te ingewikkeld in al sy implikasies.

Baie oud-geïnterneerdes het weer op die been gekom en maak 'n bestaan en sommige 'n beter bestaan as voorheen, maar baie ander voer 'n opdraande stryd, terwyl etlikes reeds die onmoontlike stryd gewonne gegee en enkeles selfs selfmoord gepleeg het, terwyl enkeles 'n psigose ontwikkel het en vandag kwalik as normale lede van ons samelewing erken kan word.

Die vraag ontstaan of daar dan nie iets vir hierdie mense gedoen is nie.

Gedoen is daar wel op klein en ontoereikende skaal. Die Noodhulpfonds het gehelp solank hy kon; familieledes en vriende het in sekere gevalle gehelp; goedgesinde boere het hand bygesit in gevalle in hul onmiddellike omgewing; provinsiale administrasies (behalwe Natal) was die eerste om herindiensneming te vergemaklik; sekere staatsdepartemente het manne wat vir hulle van besondere waarde was, 'n geleentheid gegee om onder sekere voorwaardes terug te keer, en die Bond van Oud-geïnterneerdes en Politieke Gevangenes het deur middel van klein lenings die skrypendste nood probeer lenig, hoewel die Bond self oor feitlik geen finansies beskik nie. Oud-geïnterneerdes het mekaar die hand gereik sover hulle kon, maar uit die aard van die saak was dit alles maar tydelike lapwerk, wat die probleem van heraanpassing en rehabilitasie as sodanig nie eers kon aanraak nie, om van 'n oplossing nie te praat nie.

Ten slotte vra mens jou af wat dan gedoen kan word. Om aan 'n antwoord op hierdie vraag reg te laat geskied sal op sigself 'n boekdeel in beslag kan neem, maar vir ons doeleindes kan ons maar enkele gedagtes aanstip.

In al die gesprekke wat ek in die jongste tyd oor hierdie onderwerp met kampgenote gevoer het, was daar een grondliggende gedagte by almal. Dit is naamlik dat nie een ooit wil toelaat dat die internering of die bydrae tot 'n volksideaal gedoen, ooit in terme van geld of vergoeding verreken moet word nie. Maar daar word aan die een kant algemeen gevoel dat as die destydse landsowerheid sy politieke beloftes kon nakom in die sin dat daar 'n offisiële organisasie geskep is en miljoene ponde bestee is aan die herindiensneming en rehabilitasie van die wapenbroers van die kommunisme, daar wel ook iets vir die paar honderd oud-geïnterneerdes en politieke gevangenes gedoen kan word waardeur ons Eerste Minister en sy Ministers aan hul beloftes van gedurende die oorlog en veral voor 26 Mei

1948 uitvoering kan gee*. Aan die ander kant rus op ons algar wat ons volk en sy vryheid lief het, asook op ons volksorganisasies om te doen wat ons hand vind om te doen. Geen regering kan alle onreg herstel nie. En met waardering mag gemeld word van die beslistheid waarmee hulle wat nog onder die nawerking van veronregting ly, die hande uit die mou steek en hulself help.

J. Ackermann.

-
- * Sedert hierdie artikel geskryf is, het die Nasionale Regering wel sekere toegewings gedoen — altans wat sy amptenare betref — soos bv. herindiensneming; herstel van verlore senioriteit waar dit deur die Smuts-regering ontnem was; uitbetaling van opgespaarde verlofkrediete in die geval van amptenare wat summier ontslaan of weens politieke vervolging verplig was om te bedank. Dit het ook dadelik alle politieke gevangenes vrygestel sonder om egter hulle burgerregte te herstel, sodat daar tot vandag toe nog van hulle is wat geen stem in hulle vaderland het nie.

Wat deur die Regering alreeds gedoen is, word baie op prys gestel. Die Bond van Oud-geïnterneerdes en Politieke Gevangenes strewe egter o.a. ook na —

(1) die terugbetaling van agterweë gehoue salarisse en toelaes asook toekenning van verlofkrediete deur die Smuts-regering ontnem, en

(2) ex gratia hulp aan oud-geïnterneerdes wat nog nie gerehabiliteer is nie.

Aangesien die Bond van plan is om later 'n spesiale verslag oor sy onderhandelings met die Regering op te stel en besonderhede hier nie tuis hoort nie, word die leser wat belangstel na die verslag verwys.
